# BYLAE

by die

# AGENDA

van die

Suid-Transvaalse Sinode

in

Sitting te Pretoria

van

5 Junie 1968

en volgende dae

ACTA SIN
330

# Versameling van stukke

# insake

# APPÈL DS. M. J. P. OLIVIER

# teen Uitspraak

# Sinodale Kommissie

(Bl. 1 tot 126)

Posbus 167,
POTCHEFSTROOM.
13 Mei 1966.

Geagte broers,

Met hierdie skrywe wil ek net in my swakheid 'n saak aan u stel wat baie naby aan my hart lê nl.: My kerk en die taak van ons as kerkraad.

Graag wil ek deur 'n paar vrae aan u te stel die vrees wat daar in my hart is aan u openbaar. Daar sal van u wees wat van my sal verskil, dan vra ek u net beleefd dat ons in liefde sal verskil. Ek dank my Hemelse Vader dat ek nie hierdie brief skryf om gesien te word nie of om op die voorgrond te tree nie, maar om die taak wat ons as kerkraad moet volbring, by u te bepleit. Aan die begin van my brief het ek gesê dat ek 'n paar vrae wil stel en hoop om miskien daardeur meer lig op my probleme te werp:

Broers, wat is die roeping van ons as kerkraad? Is ons besig met liefdeswerk? Is ons besig om mense vir die Koninkryk van God te wen, of is ons besig om mensesiele van die kerk af weg te drywe na ander kerke, sektes of miskien nog meer — geheel en al van die kerk te vervreem?

In artikel 52 van ons Kerkorde staan dit duidelik: „Die kerk rig hulle tot diegene wat vervreemd van die Evangelie in ongeloof en bygeloof verstrik geraak het, om hulle sover moontlik deur evangelisasie terug te bring tot die gemeenskap met Christus en Sy kerk". Verder staan daar dat ons hulle wat verval het, geestelik moet ophef.

In artikel 57 word ons gewaarsku om die toon van burgerlike regspleging te vermy. Weer wil ek vra dat ons onsself waaragtig voor God hierdie vrae sal stel en met 'n reine gewete sal antwoord. Vervul ons as Kerkraad van Potchefstroom-Suid ons taak soos hierbo uiteengesit? Het u al die getalle nagegaan van hoeveel mense die afgelope tyd ons kerk verlaat het en oorgegaan het na die Hervormde Kerk en ander sektes? Kan ons getuig dat ons as kerkraad hier ons hande in onskuld kan was? Het ons waaragtig in liefde en toegeneentheid met dié persone gaan praat om hulle te probeer terug kry in ons kerk of het ons nie maar net die slegte in hulle gesien en as regters opgetree, gevonnis en besluit dat hulle nie 'n aanwins vir ons gemeente is nie en dan maar die maklikste metode gevolg, naamlik om vorm vier uit te reik en ontslae van hulle te wees. Ek voel dat vorm vier net by die uitsonderlikste gevalle van toepassing is en nie 'n gebruik moet word nie.

Is ons besig om in ons kerkraadsvergaderings die werk van die Here tot stigting van die Koninkryk van God uit te voer of is daar by

elke vergadering meer en meer slegte gevoelens? Hier wil ek graag die woorde van ds. Olivier aanhaal, toe hy 'n paar dae gelede gesê het: „In die verlede het ons nooit sulke onaangenaamhede ondervind nie — net in die laaste tyd is dit so." Verder het ds. Olivier gesê „Dat dit miskien in ds. Van Zyl se tyd so was, maar nie van dat hy hier is nie".

Graag wil ek vra waarom ds. Van Zyl in gedrang gebring word? Van u wat vandag nog dien, sal hierop kan antwoord en getuig dat daar in ds. Van Zyl se tyd 'n gees van liefde geheers het. Ds. Olivier het ook gesê dat die kerkraad sal moet besluit wat met die aanhitsers, opstokers en onrussaaiers gedoen moet word. As ek die onrussaaier is deur my optrede soms, wil ek dit baie duidelik stel dat as die saak van die Here skade gaan ly en ek as kerkraadslid nie beswaar maak nie, ek medepligtig is. Een ding is ek baie dankbaar voor, naamlik dat ek nie voor mense my moet verantwoord nie, maar voor my hemelse Vader. Vir Hom was daar nog nooit 'n sonde te groot om vergifnis voor te kry nie. Broers, waar kry ons die reg om mense te veroordeel en dit sonder om eers vir hulle te bid en hulle aan die genadetroon van God op te dra?

Ds. Olivier het aan my genoem dat die gemeente verwaarloos is en weer het hy ds. Van Zyl beskuldig. Dit was toe bykans vyf jaar dat ds. Van Zyl toe reeds uit die gemeente weg is. Waarom ds. Van Zyl beskuldig wat net twee jaar in die gemeente gedien het?

Geagte Kerkraadslede, hoe gereeld word daar na beproefdes, siekes, bejaardes, hulpbehoewendes en na dié wat afvallig word, in hierdie gemeente omgesien? Is een keer per jaar tydens huisbesoek, wanneer vyf minute aan geestelike werk gewy word voldoende? Wat word daar gedoen om om te sien na ons Sondagskole? Hier wil ek graag noem dat sedert ons Sondagskool op Wilgeboom aan die begin van 1965 begin het, ons tot nog toe geen predikant of superintendent daar gesien het nie — ten spyte van verskeie uitnodigings. Watter ondersteuning en bemoediging is dit vir onderwysers? Hoe sien ons om na die jongmense? Staan ons deure oop vir hulle wat probleme het en ontvang ons hulle met liefde? Broers, wat is die gesindheid van die pastorie teenoor die gemeente, waar 'n mens nie eers gegroet word nie? Broers, het u die vrymoedigheid om na die pastorie met u probleme te gaan? Tereg het 'n broer gesê dat as ons liefde saai, sal ons liefde maai. En nog 'n vraag: Voel ons nie soms meer bekommerd oor die finansies en stoflike dinge as oor sake waartoe ons geroep is nie?

Broers, ek wil dit baie duidelik stel aan u dat ek herhaalde kere met ds. Olivier oor hierdie sake gepraat het, maar helaas — die antwoord was: „Ek wat 'n toegewyde persoon is en twintig jaar in die bediening staan, vat hierdie dingetjies nie aan nie." My ouderling en ek wou op 'n ander geleentheid met ds. Olivier oor sake gaan praat het. Hy het geweier om ons te ontmoet. Ek het op nog 'n later geleentheid gevra of ons nie 'n spesiale kerkraadsvergadering kon hou waarop ons 'n broederlike onderhoud kan hê nie — tot nog toe kon dit nie plaasvind nie. Ek het ds. Olivier gevra om met dr. Eloff die konsulent van ons gemeente saam oor sake te praat en op hierdie wyse ons probleme op te los in liefde — selfs dit is óók geweier.

Om hierdie rede broers, rig ek dan hierdie brief aan u, want met sulke onrus in jou gemoed kan 'n mens nie seën op jou werk verwag nie. Ds. Olivier het aan my die vraag gestel: „Met watter predikante in die verlede het jy al ooit klaargekom?" Ek daag ds. Olivier en u as kerkraad uit om al die leraars in wie se gemeentes ons was en waar ek en my vrou hard gewerk het, te gaan vra wat die gesindheid was wat tussen ons geheers het. Ek sal dit waardeeer as u die moeite wou doen en selfs van die gemeentes wou kontak van plaaslike gemeentes en elders waar ons was. Ook hier in Potchefstroom-Suid het ons probeer om saam te werk, maar vergeefs!

Ek hoop dat u hierdie saak in 'n ernstige lig sal beskou. My bede is dat ons mekaar beter sal verstaan en 'n oplossing sal vind sodat dit nie nodig sal wees om hierdie saak verder te voer nie. My bede is dat Hy wat vrede op aarde gebring het, ook vrede in ons harte sal bring en die EK in ons lewens sal wegneem want dan alleen sal ons soos ware landbouers kan uitgaan op akkers om dit te bewerk vir die Koninkryk van God en dan alleen sal ons seën op ons werk kan verwag.

Met broederlike bede, die uwe,

(Get.) F. J. DIPPENAAR.

---

## UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N GEWONE KERKRAADSVERGADERING GEHOU OP 13 MEI 1966 OM 8.30 NM. IN DIE KERKSAAL

Nadat die Voorsitter feite gekonstateer het oor twee broeders se optrede in verband met die verkoping en die verhoging van die reistoelae, het hy gevra of die kerkraad die saak wil bespreek. Die kerkraad het besluit dat 'n bespreking gevoer word waaraan beide dié broeders en verskeie ander deelgeneem het. Die bespreking het op hierdie stadium ook na ander sake uitgebrei t.w. die Botes-, De Jager-, Raath-, Vermeulen-gevalle. 'n Brief wat br. Dippenaar aan die kerkraad gerig het, is ook voorgelees deur die voorsitter. Na 'n baie lang bespreking waarin broeders kerkraadslede hulle sterkste afkeuring uitgespreek het teenoor die handelswyse en optrede van die twee betrokke broeders, is op voorstel van br. Joubert gesekondeer deur br. Ebersohn afgestap van die saak tot 'n latere vergadering. Die Voorsitter bied aan om broer Weber dieselfde aand by die pastorie te ontmoet. Br. Weber het die aanbod aanvaar. Aan broer Dippenaar het die voorsitter aangebied om hom om 10 vm. Saterdagoggend te ontmoet. Br. Dippenaar het dit van die hand gewys.

AFSKRIF:

Ek die ondergetekende, notulerende skriba van die N.G. gemeente Potchefstroom-Suid, verklaar hiermee dat ek in die afneem van 'n notule nie kort tussenwerpsels notuleer nie. As 'n persoon met 'n langer tussengedeelte kom, het ek dit wel notuleer, maar met hakies aangedui dat dit met die res eintlik niks te make het nie. — A. du P. le Roux.

---

## UITTREKSEL UIT DIE KLADNOTULE VAN DIE KERKRAADSVERGADERING VAN 13 MEI 1966 — POTCHEFSTROOM-SUID

II. **Verkoping.** Moet reguit gepraat word, hoop nie iemand sal sy humeur verloor of ontsteld raak nie. Tyd gekom om te praat veral voor kerkraadsvergadering voor Nagmaal — Vadere het sensora morum noem net feite. Staan vry of wil bespreek of later. Inligting moet gegee word dinge wat miskien nie bekend is nie. Krd. dra kennis van vergadering. Gebeure na verg. word meegedeel. Brs. van plaaswyk vergader saam bees wat op lys van Smithfield voorkom. Behalwe vir paar alles in een handskrif. Brs. Dippenaar en Weber niks op lys nie. Vra of hulle nie gee nie br. Dippenaar sê volgende dag. Br. Saaiman se verslag — br. Dip. wil kerk verlaat vorm 4 vra.

Ds. doen nie werk nie, gaan ring toe. Twee gevalle genoem van mnre. De Jager en Botes. Geen van brs. D. en W. was hier in kerk nie. Br. Hooman rapporteer dat kerkraadslid van ander gemeente gesê het dat van ons kerkraadslede daar was omdat onaangenaamhede hier heers. Ds. en mev. self geneem. Kollekteer mev. Davel; by J. Roux (vark) mnr. v. Graan het gesê by hulle was niemand. In 5 mde. Geen besoek van oudl. of diaken. Woensdag. Donderdag br. Dippenaar gebel en weer daarna en gevra of hy br. Weber en (Dr. Eloff) konsulent kan kom besoek hieroor. Ds. meegedeel dat hy as konsulent niks te doen het hiermee nie as vriende kan kom. Belowe sal met dr. Eloff verb. getree het. Het nie daarna met hulle in verbinding getree nie. Wil boesem van Kerkraad sê. Vark lewendig afgelaai brs. nie by verkoping nie.

Woensdag Finansiële vergadering — gesê na verslag gelees wil nie praat nie. Verlaat. Donderdag na begrafnis van vriend was hulle by kol. Jacobs hieroor. Hom hewig ontstel. Verneem dat br. Dipp. by stadsraad om te met wie sé motor ry op afvaardigings — konstat. Was by Mooirivier M. om uit te vind hoeveel myl motor opgehad en nou het. Br. Dipp. was by dr. Eloff om aan te kla by ring. Vandag was hulle by mevr. Cronje om name uit vorm 4 boekie af te skryf. Konstateer slegs. As wil weet wat plaasgevind het na vergadering oor Vrydagaand se verg. kan meedeel. Dit is eienaardig na verkop. en vervoertoelae dit dieselfde broers is wat moeilikheid gemaak het. Wat wil u maak. Bespreek? Keur **bespreking goed.** Br. Dippenaar sê hy is bly dat kerkraad so besluit het. Was in ander kerke. Soos vir br. Saaiman gesê is so. In 6 jaar br. de Jager 2 keer en vrou 1 keer wat daaraan gedoen. Voorsitter dra kennis van Botes geval — nie ou koeie uit sloot. Slegs vark moes aflaai. Mevr. Davel sê „daardie vroumens" is so kwaad sal nie slag nie. Tweekeer by van Graan. Betwis feit dat daar nie oud. of diak. was nie. Vra of voorsitter of br. Esterhuizen gevra het om direk hier in te betaal. Begrafnisdag was nie in Potch. maar Jhb. Behalwe by Mooirivier was ook by A.A. en kol. Jacobs betwis nie. **(Ons** was daar.) Kol. Jacobs besoek omdat hy op kom. was. Notules kom haal en toe vorm 4 boekie gevra. Waarom vra voorsitter? Br. Dippenaar antwoord sê ant. is in brief. Kan maklik terugsit maar word gedryf. (Voorsitt. sê vorm 4 nie na sekte). Getal vorm 4's — 17 sedert Sept. 1964. Hoekom sit stil. Voorsitter sê nie stil nie samespreking met ds. Naude. (Br. Loubser sê op punt van orde hy kan nie sien dat hulle sal verlore gaan as na Herv. Kerk nie.) Br.

Dippenaar meld ds. het gesê hy beïnvloed br. Weber. Nie waar nie. Ook nie br. v. Niekerk beïnvloed nie. Gemeente verwaarloos in ds. v. Zyl se tyd. Aanhitsers en aanblasers sal mee gehandel word op kerkraadsvergadering — het voorsitter gesê. Br. voorsitter het gesê op elke kerkraad sulke mense.

**Br. Weber:** As daar nie vrede kom nie sal ek en ds. nie nagmaal vier nie. (Voorsitter sê hy sal hy het geen wrok nie ander wrok het, sy saak.)

**Bees** — hartseer oor houding wat mev. Olivier ingeneem het. Sal bees verkoop geld vir liefdadig. gee. Omstandighede gedryf — nie gegee. (Vrou het gesê).

**De Jagergeval** — Stryd teen drank. Afspraak met ds. gemaak volgens de J. om 4 uur. Toe hy om vieruur kom was ds. weg munisipale verg. Bespreek dit met Nasarener pred.

**Botesgeval** — Man tannie Joubert sendeling. Ongelukkig oor verhouding met Botes. Ds. het gaan praat — kind oneg — as Botes voorgestel word sou onder sensuur kom. Suster het uitgeloop, ds. teruggeroep — sy moet luister na haar sondes.

V Graan — pleit skuldig.

Begrafnis br. Coetzee — wou graag bygewoon het. Mev. Dippenaar gevra om by te woon.

**Reistoelae:** vorige vergadering gevra dat dit gefinaliseer word. Br. Geldenhuys besoek — Kerkkantoor bespreek. Br. Geldenhuys gesê dit is nie reg nie. By Mooirivier motors oor die status motor oor myle. Gevra na A.A. gaan — tabelle gegee. Op ou tarief met Volkswagen sou oor 6 jaar R1,800 gespaar word. Kom ons gaan spreek saak met kol. Jacobs — beskou hom as 'n nugterdenkende mens.

**Vorm 4 boekie:** Ontevredenheid in sy wyk oor ons kerk — voorsitter sê — ds. Olivier. Gaan op eie na Raath na afspraak. Vra: Wat is u beswaar teen Potch. Suid, dogter Sondagskool gehou.

**Verduidelik** Saterdagmiddag 'n diaken gekom, gesê attestate hier moet nou hier gee. Raath sê hy kan gee aan liefdadigheid. Diaken sê sal rapporteer aan ouderling. Ouderl. gepraat en saak aanhangig gemaak. Afspraak gereël. Telefoon een aand: Ds. sê deputasie op pad. R. — kan nie. Seun in hospitaal. Ds. — vra later? Nee sê R. Moet afspraak reël. Ds. sê hy laat hom nie reël nie —R. ook nie — Nietigheid lidmaat verloor.

**Br. Vermeulen** — Br. Dipp. was daar. Ds. hom gegroet as **Mr** — Kleurlingonderwyser. — Br. Voorsitter vra of al 17 vorm 4 gevalle behandel gaan word. Nee.

Met **Kerkraadsbesluit** was br. Weber tevrede (ds. meld Weber hom verwyt oor orde-mosie). Weet nie waarom opdiep nie. Ds. gesê: Julle het weer verloor vanaand. Gevra om ds. te spreek — drie. Ds. sê een-een. Br. Frikkie was daar. Ds. sê ouderlinge doen nie werk nie — hy moet tuggevalle haal. Skokkend om net tuggevalle te haal. Tug is liefde — terug te bring.

**Ds. antwoord:** Verkeer onder indruk dat daardie brs. iets teen my persoon het. 21 jaar pred. — ondervinding dat kerkraadslid iets teen my het by wykslede gaan moeilikhede vis, kan nie begryp waarom as klaar gepraat is weer die sake handel.

Na hulle by oom Saaiman gerapporteer dat hy nie werk doen — moet kerkraad besluit of dit so is en by ring aankla.

De J. besoek kerk gedoop in ou saaltjie, toe prof. Du Plooy gepreek en een aand toe ander pred. gepreek het. Hy teen vrymesselaar teen 57 en 62 se sinode besluit. Boodskap oorgedra aan Elize nie aan ds. Was nie by munisipale raad nie.

Br. Weber nooit saam omgegaan nie. 22 Des. gesprek brosjure oor vrymes. Was tevrede. Gegee vir verkoping en ook hier.

**Botesgeval:** Weet wanneer getroud. Kind gebore. Gesê hy kan kom Woensdae na biduur — bet nie gekom nie. Toe ds. en mev. daar was mev. Botes gesê sy wil weggaan — ds. gevra of sy dan bang is vir sensuur. Nie om weg te dryf nie — nader te trek. Brs. kan oordeel oor optrede soos hulle by was by huisbesoek.

Raath —

**Esterhuizen:** Nooit gesê hy moet by ds. inbetaal nie (my).

Gevra Br. Dipp. waar kaart. Hy teken nie register in konsistorie. Br. Coetzee se begrafnis — nie omdat hulle nie daar was nie.

Wie het opdrag gegee hulle moet uitvind? Hulle trek my in twyfel. Ek vertel leuens. Hoekom gaan hulle — besluit nie Kerkraad stuur kommissie.

Kontrakterende party kan weier om Volkswagen. Agteraf gewerk. Vermeulen en vrou uit oor my prediking.

**Vorm 4** — Te veel. Ds. sê hy kan verantwoord oor elke vorm 4.

**Raath.** Br. Botha besoek afgelê. Raath gesê gee nie vir kerk nie. Br. Stander gemeld hy (R.) wil kerkraad spreek. Gebel — nominasie/seun. Br. Weber aan br. Dreyer gesê ds. wil kerk se geld mors. Br. Weber sê hy vra om verskoning. Ek doen na beste van my vermoë werk. As ek nie my werk doen, gaan kla aan by ring. As ek die dinge sê, moet die brs. nie dink hier is 'n wrok in my hart teen hulle nie — tyd het gekom om reguit te praat.

**Brief word gelees. Br. Dippenaar.**

**Br. v.d. Colff:** Kerkraad het so besluit, moet optree teen kerkraad nie teen ds. Is ons enigste gemeente waar vorm 4 uitgereik word.

Ds. v. Zyl vrede en liefde — Hy het trane gestort. Was julle optrede Christelik?

**Br. Hooman:** Klipgooiery hier — kan nie vir onsinnighede hier sit nie.

**Br. v. Rensburg:** Kan woord met vrymoedigheid verkondig word? Wat dink 'n mens van predikant as hy vark lewendig aflaai. Was br. Dipp. bewus daarvan — Ja sê hy.

**Br. Dreyer:** Hoekom nie beswaar gemaak teen vorm 4. Hy sê hy het. Moet vra om in minderheid aangeteken te word — nie gedoen nie.

**Br. v. Niekerk:** Ons wil persoonlik raak — vete tussen brs. en ds. Moet uit weg geruim word moet bymekaar kom. Uit weg ruim. Br. Ebersohn sluit aan by br. v. Niekerk en vra dat gebid word oor die saak.

**Br. Boshoff** aantyging teen ons. Vra brs. om eie wyk deeglik te doen.

**Ds.** Twee sake — vervoertoelae en verkoping uitgedryf tot al die moeilikhede. Ons kan saam bid — maar alles nie opgelos nie. Het gepraat — maar daarna nog erger.

**v. Niekerk** nie teen ds. nie dalk maar teen stoel — ds. kan demp as vorm 4 uitgereik word.

Ds. gee verduideliking wat vorm 4 is attestaat en lidmaatskapsertifikaat. Alles nie pluis is nie dan **v. 4.** Nou word geïnsinueer dat ds. aandeel het en dit bevorder.

Beklemtoon weer geen wrok nie. Saamstem nie — geen kennis deur mosie.

**Br. Weber** — vra saak moet reggestel word voor Nagmaal oor vorige kerkraadsverg. en mevr. se optrede. Ds. wou nie.

**Ds.** sê saak niks te doen met konsulent nie geweier nie — besluit gaan na kerkraad. Wil nog 'n leraar by hê om onpartydige uitspraak te verkry.

Ds. stel voor — stel julle klagtes op handig dit by Ring in. Nou moet jy nie dink ek is kwaad nie, die kerkraad behoort nie sleg te voel — die enigste wat 'n regverdige oplossing sal gee. Br. Weber sal ek ontmoet in studeerkamer vanaand. Br. Dippenaar as hy wil môre 10 vm.

Br. Joubert stel voor stap af. Br. Ebersohn sekondeer.

Reeds laat stel res uit tot 25 Mei.

Sondagskoolpersoneel stel voor dat kaartjies vir kerkbywoning afgeskaf word. Kerkraad keur goed.

Bedank almal wat gehelp het met verkoping en die kerkraad wat reiskoste met R80 verhoog het.

Loubser sluit af.

---

AFSKRIF

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL

RING VAN POTCHEFSTROOM

Posbus 167,
POTCHEFSTROOM.
14.5.1966

Die Weleerw. Voorsitter,
Ring,
POTCHEFSTROOM.

Weleerw. Voorsitter,

Hiermee versoek ek en my gesin die eerw. Ring om vergunning te gee dat ons ons kerklike voorregte by Mooirivier Gemeente mag geniet. My vrou en ek is lidmate van Potchefstroom-Suid waar ek bykans twee jaar dien as diaken. Ek was ook lid van die finansiële kommissie, voorsitter van die eiendomskommissie en hoof van die Sondagskool te Wilgeboom waar my vrou behulpsaam was.

Hierdie versoek rig ons omdat ons nie langer kans sien om na die verkondiging van Gods Woord te luister deur 'n leraar vir wie ons nie meer die nodige agting het nie en wie te betwyfel is weens sy optrede tydens gebeure in die afgelope tyd. Ons het verskeie pogings aangewend om tot versoening te kom — maar helaas.

Ons Ouers en Groot Ouers aan beide kante is lidmate van die N.G. Kerk waarin ons dan ook opgegroei het en van jongsaf aktief deelgeneem het en selfs leiding gegee het in kerklike aktiwiteite. U kan dus verstaan waarom ons nie graag hierdie kerkverband sal

wil verbreek om na die Hervormde Kerk oor te gaan nie. Soos sake nou staan, sien ons nie ons weg oop om in ons gemeente te bly nie.

Ons hoop en vertrou dat hierdie saak u spoedige en ernstige aandag sal geniet.

Met dank en vertroue,

(Get.) F. J. DIPPENAAR.

Gesertifiseer as 'n ware afskrif. — M. J. P. Olivier. — 1/11/66.

---

AFSKRIF

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Haaskraal
Posbus 586
POTCHEFSTROOM
16-5-1966

Die Skriba,
Ring van Potchefstroom.

Waarde Broeder,

I.S. **Aansoek Lidmaatsvoorregte in Mooirivier N.G. Gemeente:**

Dis nou meer as 'n jaar dat ek as ouderling dien in die Potchefstroom-Suid Gemeente waarvan ek en my gesin lidmate is. Van tyd tot tyd het daar botsings tussen my en my leraar opgeduik waarvan die laaste vry ernstige afmetings kon aanneem. Derhalwe het die leraar en ek in 'n broederlike gesprek verskille duidelik vir mekaar gestel en tot 'n skikking gekom. Om egter te voorkom dat daar in die toekoms weer sulke onaangenaamhede kan opduik, het ek nou met die leraar ooreengekom dat ek liewer as ouderling sal bedank, wat hy ook so aanvaar het.

Ek sal my en my gesin egter graag met u goedkeuring natuurlik liewer in 'n ander gemeente opgeneem wil hê. Ek bedoel die Mooirivier-gemeente omdat dit vir my die naaste ander N.G. Gemeente is. Die rede hiervoor is dat daar oor en weer nou woorde en aantygings geuiter is, wat afbreuk doen aan my agting en respek vir my leraar as bedienaar van die Woord. Om nou Sondag vir Sondag na iemand se uitleg van die Woord te moet luister, oor wie se opregtheid jy bedenkinge het, kan tog tot geen stigting vir my en my huis wees nie.

Aangesien ek op die oomblik nie voel om uit die N.G. Kerk, waarvan beide my vrou en ek lewenslange lidmate is, te bedank nie, vra ek u om hierdie versoek u ernstige aandag te skenk.

Met broederlike groete,

(Get.) F. C. V. WEBER.

Gesertifiseer as 'n ware afskrif. — M. J. P. Olivier. — 1/11/66.

---

AFSKRIF

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Dwarsstraat 1
POTCHEFSTROOM
20 Mei 1966

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM

Weleerwaarde Heer en Broeder,

Die Ringskommissie is in ontvangs gestel van twee skriftelike aansoeke om die verkryging van kerklike voorregte in die N.G. Gemeente, Mooirivier, deur broeders F. J. Dippenaar en F. C. V. Weber. 'n Afskrif van elk van genoemde briewe word hierby ingesluit.

Soos duidelik uit die motivering blyk, is daar nadelige gerugte wat u amp as Bedienaar van die Woord raak. In die lig van Besluite 95(a), (b) en (c), asook 96(a), versoek ons sowel u as die betrokke twee broeders beleefd om 'n vergadering van die Ringskommissie by te woon ten einde die gerug te ondersoek met die oog op 'n moontlike skikking. Die vergadering sal gehou word op D.V. Donderdag 9 Junie 1966 om 7.00 nm. in die kerkkantoor van die N.G. Gemeente, Potchefstroom.

Ons vertrou dat dit vir u moontlik sal wees om die vergadering by te woon.

Heilbiddend, U broeder in X,

(Get.) J. D. J. STEYN (Ringskriba).

Gesertifiseer as 'n ware afskrif. — M. J. P. Olivier. — 1/11/1966.

---

AFSKRIF

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
23 Mei 1966.

Die Skriba,
Ring van Potchefstroom,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Broeder,

U skrywe van die 20.5.66 my ter hand, asook twee afskrifte van briewe aan u gerig deur Br. F. C. V. Weber, ouderling van Potchefstroom-Suid insake Aansoek Lidmaatvoorregte in Mooirivier N.G. Gemeente, en Br. F. J. Dippenaar, diaken van Potchefstroom-Suid wie se versoek dieselfde is.

Ek wil graag die volgende onder u aandag bring:

1. Hierdie broeders se versoeke met betrekking tot die genieting van lidmaatsvoorregte in 'n ander gemeente hoort in die eerste plek nie by u tuis nie. Dit hoort tuis by die betrokke kerkrade. Ek sal die twee versoeke aan die eerwaarde kerkraad voorlê.

2. Hulle motiveringe waarom hulle in Mooirivier kerklike voorregte wil geniet, hoort ook nie by u tuis nie, maar by die betrokke kerkrade.



FAKULTEIT TEOLOGIE
U. S.

3. Wat wel by u tuishoort is 'n klag of klagtes van die betrokke broeders teen my of lede van die kerkraad, of teen die eerwaarde kerkraad, of nadelige gerugte teen my of teen lede van die kerkraad.

4. U sê dat uit hulle motiveringe dit duidelik blyk dat daar nadelige gerugte is wat my amp as Bedienaar van die Woord raak. Ek deel nie u duidelikheid nie. Ek sal baie bly wees as u my op die duidelikheid kan wys.

5. Ek sou, sowel as my kerkraad onder wie se opsig en toesig ek in die eerste plek staan, baie graag, voordat daar sprake is van enige ontmoeting (en let wel net tussen die ringskommissie en die eerwaarde kerkraad waarvan ek voorsitter en lid is en die betrokke twee broeders ook lede) al die gerugte wil verneem, en u sal die gerugte asseblief moet spesifiseer.

Uwe in Sy diens,

(Get.) M. J. P. OLIVIER.

Gesertifiseer as 'n ware afskrif. — M. J. P. Olivier.

---

## AFSKRIF UIT NOTULE VAN 'N SPESIALE EN GEKOMBINEERDE KERKRAADSVERGADERING GEHOU IN DIE KERK OP WOENSDAG 25 MEI 1966 NET NA DIE PINKSTERBIDUUR

**C. BEDANKING BR. F. C. V. WEBER:**

Afskrifte van briewe van br. Weber en br. Dippenaar wat aan die Ringskommissie gerig is, word voorgelees. Daarna word br. Weber gevra om die vergadering tydelik te verlaat. 'n Bespreking volg waarna die Kerkraad twee voorstelle goedkeur. (1) Die versoek van beide br. Weber en br. Dippenaar om na Mooirivier Gemeente oor te gaan word geweier; (2) Die bedanking van br. Weber as ouderling word voorlopig geweier. Hierna dien br. F. C. J. van Rensburg 'n verdere voorstel in wat eenparig deur die Kerkraad goedgekeur is, nl. Die gedrag, die handelswyse en optrede van die twee broeders F. C. V. Weber, ouderling van Potchefstroom-Suid, en F. J. Dippenaar, diaken ook van Potchefstroom-Suid, het so 'n stadium bereik dat die Eerwaarde Kerkraad verplig is om hierdie broeders by die Ring aan te kla.

**Broer F. C. V. Weber:**

(1) Hy is 'n versteurder van die goeie orde in die gemeente.

(2) Hy maak van 'n Kerkraadsaangeleentheid 'n persoonlike kwessie teen die leraar.

(3) Hy wil hom nie onderwerp aan Kerkraadsbesluite nie.

**Broer F. J. Dippenaar:**

(1) Hy is 'n versteurder van die goeie orde in die gemeente.

(2) Hy maak van 'n Kerkraadsaangeleentheid 'n persoonlike kwessie teen die leraar.

(3) Hy wil hom nie onderwerp aan Kerkraadsbesluite nie en voer ook nie Kerkraadsbesluite uit nie.

Broer Weber keer terug en die Kerkraad se besluite dat sy bedanking as ouderling voorlopig geweier is en ook sy oorgaan na die Gemeente Mooirivier word meegedeel.

---

AFSKRIF

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
26 Mei 1966.

Die Voorsitter van die Ring,
Ring van Potchefstroom,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Broeder,

Die eerwaarde kerkraad het op 'n spesiale vergadering gehou op 25 Mei 1966 soos volg besluit:

„Die gedrag, die handelswyse en optrede van die twee broeders F. C. V. Weber, ouderling van Potchefstroom-Suid en F. J. Dippenaar, diaken ook van Potchefstroom-Suid, het so 'n stadium bereik dat die eerwaarde kerkraad verplig is om hierdie twee broeders by die ring aan te kla.

**Broer F. C. V. Weber:**

1. Hy is 'n versteurder van die goeie orde in die gemeente.
2. Hy maak van 'n kerkraadsaangeleentheid 'n persoonlike kwessie teen die leraar.
3. Hy wil hom nie onderwerp aan kerkraadsbesluite nie.

**Broer F. J. Dippenaar:**

1. Hy is 'n versteurder van die goeie orde in die gemeente.
2. Hy wil hom nie onderwerp aan kerkraadsbesluite nie en voer ook nie kerkraadsbesluite uit nie.

Die kerkraad versoek dat u hierdie klagtes sal ondersoek in die teenwoordigheid van die volle kerkraad."

Namens die kerkraad,

(Get. M. J. CRONJÉ (Saakgelastigde).

---

AFSKRIF

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Dwarsstraat 1,
Potchefstroom.
27 Mei 1966

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

Weleerwaarde Heer en Broeder,

Die Ringskommissie erken hiermee die ontvangs van u skrywe van 23 Mei. Wat u aanmerkings in punte 1 en 2 betref, wil die Ringskommissie u daarop wys dat die betrokke twee broeders (Dippenaar en Weber) — van die regte prosedure skriftelik verwittig is op 20 Mei.

M.b.t. punte 3 en 4 in u skrywe, volstaan die Ringskommissie by sy vorige skrywe. T.o.v. punt 5 wil ons u daarop wys dat die Ringskommissie alleen met 'n gerug te doen het wat ons geroepe is om te ondersoek kragtens Besluit 96(a). Daarom herhaal die Ringskommissie sy versoek nl. om teenwoordig te wees by die vergadering op Donderdag 9 Junie om 7 nm. in die kerkkantoor van die Potchef-

stroomse gemeente met die oog op 'n moontlike skikking. Die Ringskommissie wil graag beklemtoon dat hy met bogemelde vergadering veral versoening beoog. Hierdie gerug raak nie u Kerkraad nie. Daarom oordeel die Ringskommissie dat die Kerkraad se teenwoordigheid nie nodig is nie.

Met vriendelike groete, t.t. in X.,

(Get.) J. D. J. STEYN (Ringskriba):

Gesertifiseer as 'n ware afskrif. — M. J. P. Olivier. — 1/11/66.

---

AFSKRIF

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
3 Junie 1966.

Die Ringskriba,
Ring van Potchefstroom,
Dwarsstraat 1,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Broeder,

U skrywe van die 27ste Mei ll. my ter hand.

(a) U wil my laat verstaan dat die broeders Weber en Dippenaar „'n nadelige gerug" wat my in my amp as Bedienaar van die Woord raak, onder u aandag gebring het.

(b) Sal u nou asseblief ondersoek instel na daardie gerug sonder my, en my tog net laat weet wat die gerug is.

(c) Indien die gerug gegrond is, sal u dit asseblief deurstuur na die ring toe.

(d) In die lig van (b) hierbo genoem is dit vir my nutteloos en doelloos om op 'n vergadering van die 9de Junie teenwoordig te wees. Die tweede klag onder andere van die kerkraad teen hierdie broeders staan in direkte verband met hierdie aangeleentheid.

Hopende om spoedig 'n antwoord van u te ontvang. Uwe in die diens van die Meester,

(Get.) M. J. P. OLIVIER.

---

AFSKRIF

UITTREKSEL UIT AFSKRIF VAN RINGSKOMMISSIE
VERGADERING VAN 9 JUNIE 1966

AFSKRIF: Br. Dippenaar met betrekking tot klag 2.

„Br. Voorsitter, die feit dat ons vanaand hier is, is beslis nie vir my baie aangenaam nie. Dit was inderwaarheid nie nodig gewees om hier te gewees het nie. Die saak het ons probeer op mooiigheid oplos. Ons het dit op daardie manier probeer deurdat ons vir ds. Olivier genader het om met hom die saak te bespreek en ongelukkig wil ek dit, hierdie gerug wat daar is, wat ons daar gestel het, wil ek vanaand sê ek glo dat as ds. Olivier bereidwillig was om vir ons te ontmoet hierdie saak miskien nie eers vanaand hier ter sprake sou gewees het nie. U moet my maar korrigeer, Br. Voorsitter, as ek my miskien buite perke gaan in hierdie saak. Ds. Olivier was bereid om ons te ontvang maar ds. Olivier was nie bereid om meer as een

persoon op 'n slag te ontvang nie. Na herhaalde pogings wat ek aangewend het, het ds. Olivier geweier om vir ons te ontvang. Ds. Olivier het my gesê dat hy, waarom ons toe beswaard gevoel het, is die feit dat ds. Olivier gesê het dat in die verlede het hy nie so iets geken nie, dat daar in die kerkraad onrusstokers is, mense wat onrus aanblaas, dat op die volgende Kerkraadsvergadering daardie mense uitgewys sal word en daar besluit word wat met hulle gedoen sal word. Ons het, die hele saak was oorspronklik geen persoonlike saak gewees nie. My hele uitgangspunt was gewees dat die bearbeiding, die evangelisasie in die gemeente nie is nie wat dit moet wees nie en ek het dit ook vir ds. Olivier gesê: U kan nie hierdie gemeente behartig wat so groot is nie. Daarop het ds. Olivier gesê dit is so. Maar ek het toe vir ds. Olivier, ons het oor sake in my wyk, ek praat nie van ander wyke nie, verskil en ek het vir ds. Olivier gevra om dinge wat ds. Olivier gesê het van my wat hy toe ontken het. Op 'n later geleentheid het ek weer met ds. gepraat en hy het toe vir my gesê ek is besig om ou koeie uit die sloot te grawe en dat die saak nie aan hom as 'n toegewyde persoon wat 20 jaar in die bediening staan vat hierdie sake nie aan nie, en toe ek dit self gesien wat dit vir my baat om alleen na ds. Olivier te gaan en ek het toe vir ds. gevra dat ons 'n onpartydige persoon of selfs 'n Spesiale Kerkraadsvergadering belê om hierdie sake te bespreek, die gevoel wat daar is, wat daar in ons kerkraad is, wat daar in sommige van ons gemeentelede is. Ek kan ongelukkig nie slaag nie in daardie poging van my om ds. Olivier te spreek met nog iemand by nie. Ek het ds. Olivier gevra om sekere sake wat hy aan my sou gestel het wat hy toe ontken het, en Br. Voorsitter, daarom het ek gesê dat die optrede is vir my te betwyfel want die dinge wat daar gesê word en dan weer ontken word is my het doodeenvoudig laat voel dat hierdie optrede sien ek nie as 'n opregte optrede nie.

Br. Voorsitter, die meeste van my bewyse of uiteensetting hier is in die vorm van vrae maar nou in elk geval kan ek ongelukkig nie hierdie vrae stel nie.

Dr. Eloff — vra hom om die gerug te spesifiseer.

Dippenaar: Br. Voorsitter, nou sal dit moet gaan na sake wat in die kerkraad gebeur het. Ek het vir ds. Olivier gevra of hy sou gesê het dat daar aanhitsers en aanblasers is en dat die Kerkraad moet besluit oor hulle en dat daar besluit sou word wat met hulle gedoen sal word. Is ek reg, ds. Olivier?

Dr. Eloff—

Dippenaar: Br. Voorsitter, daardie antwoord wat Ds. Olivier my daar gegee het, het ek onder bedenking gehad. Ds. Olivier het dit absoluut ontken dat hy dit gesê het en die feit wat ek nie kan verstaan waarom ds. Olivier vir my, vir ons nie met 'n onpartydige persoon wil ontmoet nie is tot vanaand vir my nog duister. U weet ek het ook vir ds. Olivier gevra van mense wat sou gesê het ............

Dr. Eloff: Hoe bewys u nou dat hy dit wel gesê het?

Dippenaar: As ek u mag vra. Dit is so, definitief so — dit is definitief so?

Dr. Eloff: Het u u bewyse nou hier?

Dippenaar: Ek sou nie graag op hierdie stadium die bewyse voorbring nie, maar as ek moet dan moet ek.

Dr. Eloff:.................

Dippenaar ('n rukkie later): Br. Voorsitter op daardie eerste stelling wat ek gemaak het wat ds. Olivier ontken het, wil u hê dat ek my bewyse nou moet bring? Kyk dit was 'n telefoniese gesprek tussen my en ds. Olivier, ek kan dit vir u stel, en toe het ds. Olivier so vir my gesê en het ek ds. Olivier daarna in die kerkraad gevra toe het ds. Olivier dit ontken.

Dr. Eloff:.................

Dippenaar: Ek het my bewyse. Ongelukkig moet ek vanaand erken dat dit miskien nie die beste metode was wat ek gebruik van gemaak het nie.

Dr. Eloff: .................

Dippenaar: Kan ek die paar sake .................

Dr. Eloff: .................

Dippenaar: Ds. Olivier het vir my gesê, daardie selfde gesprek wat ons gevoer het, dat hy wil graag my kaart, my inbetaalkaart sien, en ek kan dit nie kry nie. Mnr. Scholtz het gesê ek het nie daardie kaart inbetaal nie, dit is waar, Br. Voorsitter, ek het nie daardie kaart inbetaal nie, en ds. Olivier het op daardie stadium gesê dat hy het daardie kaarte gereeld gevra voor die Finansiële Kommissie vergadering en daarom noem hy op die Finansiële Kommissievergadering van persone wat nie bygedra het nie. Br. Voorsitter, ek is op daardie F.K. bykans van ek gekies is op die kerkraad en op geen geleentheid was daar sprake gewees van persone, van lidmate wat nie inbetaal het nie. Ek het vir ds. Olivier gevra hoekom nou na 2 jaar ons moet daardie kaarte toon. Na twee jaar wat ek in daardie gemeente is.

(Weergawe van p.1 bl. 1 tot p.1 bl. 5).

---

AFSKRIF UIT NOTULE VAN 'N SPESIALE KERKRAADSVERGADERING GEHOU IN DIE KERK VAN DIE N.G. GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID OP 16 JUNIE 1966 om 6.45 nm.

**PROSEDURE VAN KERKRAAD AS KLAERS:**

Broers Dippenaar en Weber word gevra om die vergadering te verlaat. Na bespreking word besluit dat die Voorsitter die mondstuk van die vergadering sal wees. Elke lid sal reg hê om te praat, inligting te verskaf of mag as getuie opgeroep word. Verlof word gevra om eie bandopnemer te gebruik as daar meer bandopnemers is as die Ringskommissie s'n. Goedgekeur.

Terwyl gewag word op koms van Ringskommissie pleit br. Snyman vir skikking indien moontlik. Die Voorsitter meld dat een van die twee broers gesê het dat hy hom nie laat berispe deur die Kerkraad nie. Na bespreking word besluit dat die kerkraad konsekwent moet bly by die klagtes. Die Ringskommissie moet uitspraak gee. Dit word algemeen goedgekeur dat voortgegaan sal word met die saak.

Die Ringskommissie neem oor.

Na lang bespreking verdaag die Ringskommissie om die Kerkraad geleentheid te gee om hulle te besin oor 'n versoening met die

broers al dan nie. Na die pouse hervat die Kerkraadsvergadering en na 'n lang bespreking dien br. W. H. Wessels die volgende voorstel gesekondeer deur br. J. Joubert in: „Dat hierdie kerkraad in beginsel besluit dat hulle gronde wil vind vir versoening". 'n Amendement word hierop deur br. A. Keeve gesekondeer deur br. F. van Rensburg ingedien wat as volg lui: „Die Kerkraad is bereid om te versoen op die volgende voorwaardes:

(1) dat br. Weber skuld erken op al die klagtes;

(2) dat hy die Kerkraad om verskoning vra;

(3) dat hy hom sal onderwerp aan beslissing en tugmaatreëls wat die Ringskommissie mag oplê. Dieselfde geld vir br. Dippenaar.

Die amendement word goedgekeur met 41 stemme teenoor 5. Die Ringskommissie neem die vergadering oor vir die res van die vergadering.

---

AFSKRIF

## UITTREKSEL UIT AFSKRIF VAN RINGSKOMMISSIE VERGADERING VAN 16 JUNIE 1966

Ds. Olivier: . . . Hier is stellinge gemaak wat ek kan weerlê, sal ek 'n geleentheid kry? So bly dit maar eers, hoe reël jul?

Dr. Eloff: Br. ek wil net eers die ander mense wat nog nie hier kans gehad het nie kans gee om te praat om te sien hoe ver ons kom met die duidelikheid en dan kan ons weer terugkeer na die persone wat reeds gepraat het.

Br. ...............

Die Br. moet kom dat ons sy naam hier kry.

Br. Mike Dreyer.

Dr. Eloff: Br. noem tog u naam dan kan ons weet wie u is.

Br. Dreyer: Ek wil net 'n vraag aan Br. Weber vra. Hy het eers aangehaal dat hy gesê het hy kon daardie nagmaal nie nagmaal gebruik het nie omdat in sy hart ontevredenheid gewees het maar daarna het hy aangehaal dat hy het met 'n versoening met ds. gemaak en hulle het saam gebid, nou kan ek net nie verstaan hoe kan 'n mens tot jou God bid, Hom in ander woorde dank sê dat daardie probleme opgelos is en môre, 'n paar uur, 24 uur daarna kan jy nie nagmaal gebruik nie omdat jy in jou hart voel dat jy nie versoening gekry het nie. Baie dankie.

Dr. Eloff: Br. Weber?

Br. Weber: Br. Voorsitter, ek kan net noem ek het lekker uit ds. se huis uitgegaan en ek het na Br. Dippenaar gegaan om hom die verloop van my onderhoud mee te deel. Onder andere het ek en ds. in ons gesprek gepraat oor die aanmerking wat hy gemaak het dat hulle het vir hom in die begin gelag in die Sinode maar as dr. Verwoerd praat dan luister die volk en as ds. Olivier praat dan luister die N.G. Kerk. Onder andere het ons die aand ook, het ds. ontken in die vergadering dat hy sou gesê het dat die Kerkraad sou besluit . . .

Br. Dreyer: Op 'n punt van orde . . . my vraag . . .

Br. Weber: Ek wil net vir u verduidelik. Ds. het gesê dat hy sou nie gesê het die kerkraad sou besluit wat met die aanhitsers en rusverstoorders gedoen moet word nie. Hy het dit ontken hier in die kerkraad. Br. en toe ek by Br. Dippenaar kom en vir hom die

feite noem waar ds. gesê het dat waar dr. Verwoerd praat luister die volk en as ds. praat luister die N.G. Kerk, dat hy dit sou ontken het, toe het Br. Dippenaar vir my gesê: Dit is die reine waarheid, en sy vrou het ook vir my gesê: Daar het ons in die sitkamer gesit en ds. het dit so gesê. As oorlede ouderling Reynecke was ook as getuie. En dit was vir my 'n saak dat die waarheid nie gepraat word nie. Êrens is daar 'n fout en dit het my ontstel en daaroor het ek nie kerkraad toe, nagmaal kon gebruik as ek twyfel in my hart na die opregtheid van 'n persoon. Dankie.

(Weergawe van p. 5 van 11 tot p. 2 van bl. 12.)

Ds. Olivier:

Br. Voorsitter, ek moet by die twee kwessies kom van dr. Verwoerd en van myself. Dan moet ek by Br. Dippenaar uitkom. Br. Dippenaar het 8 maande in hierdie gemeente gewoon voordat hy na hierdie kerk toe gekom het. Ek het nie besoek by hom gaan aflê nie, nie voordat dit tyd was vir daardie wyk nie, en oom Jan Reynecke wat dood is wat ouderling in daardie wyk was, het saam met my gegaan en ek het lank by die broeder gesit om al die persoonlike kwessies wat die br. toe al daardie tyd teen my gehad het, op te los. Onder andere: Abraham Kriel sy vader, dat ek teen sy vader opgetree het of dat daar 'n wanverhouding tussen sy vader en my was, die mnr. Kruger wat hier Afdelingshoof was wat deur my toedoen was dat hy weggegaan het, dat ek in die Stadsraad is, dat ek toe ek predikant, net 'n jong predikant was, vir hom eendag gesê het toe hy by my gekom het en gesê het: Dag ds. of môre ds., ek gesê het: Nee dis nie môre nie dis middag my ou broer. Daaroor het hy dit ook teen my gehad.

Dr. Eloff: Br. Olivier, nou is u met Br. Dippenaar . . .

Ds. Olivier: Ja, maar ek antwoord nou Br. Weber se saak, naamlik die van dr. Verwoerd as hy praat dan luister die volk en as ds. Olivier praat dan luister die kerk. In die gesprek het ons oor dr. Verwoerd, en ek sal vir u nou die bewys lewer hoe dat die Br. dinge kombineer, ek wil vir u die bewys lewer, u moet my kans gee ek moet die bewys lewer, hoedat Br. Dippenaar dinge kombineer, ek wil vir u die bewys lewer, hoedat Br. Dippenaar dinge kombineer. Het ons oor dr. Verwoerd gepraat, wat ek oor dr. Verwoerd gepraat het kan ek nie meer onthou nie maar dit het niks te doen met wat ek sê. Ek het vir die Br. gesê daar was 'n tyd toe die Sinode, luister die Sinode, want ek is 'n sot en 'n dwaas as ek praat van die kerk, ek kan op 'n Sinode praat, dat hulle vir my gelag het, nou lag hulle nie meer nie, nou luister hulle na wat ek praat. Al roemende het ek dwaas geword. Die twee dinge is nou gekombineer. Toe Br. Dippenaar my kom spreek het, Br. Weber, die dag, die Sondag, toe het ek gesê nee dit is nie so nie. Toe Br. Dippenaar daarna na my toe kom het ek vir hom gesê nee dit is nie so nie. Nou wil ek vir u wys, en hy sê hy het toe die Saterdag weer daarna gaan hoor dis so, nou wil ek vir u wys en ek handig die brief by u in Br. Voorsitter, hier is nou 'n brief, die 13de Mei 1966, is 'n lange epistel, nè, dis wat Br. Dippenaar aan die kerkraad geskryf het waarvan die kerkraad kennis geneem het en afgestap het. Nou wil ek hê hy moet luister, hier by die einde: „Is ons besig om in ons kerkraadsvergaderinge die werk van die Here tot stigting van die Koninkryk van God uit te voer of

is daar by elke vergadering meer en meer slegte gevoelens. Hier wil ek graag die woorde van ds. Olivier aanhaal toe hy 'n paar dae gelede gesê het (dis toe hy my hebel het die Donderdag, die 22ste was die kerkraadsvergadering, 23ste, 24ste, 25ste, 26ste, 27ste, 28ste April het hy my gebel tussen 1 en 2 die middag, en het hy vir my gevra dat dr. Eloff as konsulent saam met hom hul twee moet kom na my toe. Dis die gesprek) „hier wil ek graag die woorde van ds. Olivier aanhaal toe hy 'n paar dae gelede gesê het. (Dis nou in aanhalingstekens) „in die verlede het ons nooit sulke onaangenaamhede ondervind nie, net in die laaste tyd is dit so" (dis in aanhalingstekens) „verder het ds. Olivier gesê: (dis ook weer in aanhalingstekens) „dat dit miskien in ds. Van Zyl se tyd so was maar nie vandat hy hier is nie." (dis aanhalings uit my gesprek) die telefoniese gesprek. „Graag wil ek vra waarom ds. Van Zyl in gedrang gebring word, aan u wat nog vandag hierop kan antwoord en getuig dat daar in ds. Van Zyl se tyd 'n gees van liefde geheers het". Br. Van der Colff het gesê dis nie so nie, u het mos geantwoord daarop, nè? Ds. Olivier het ook gesê dat die kerkraad sal moet besluit wat met die aanhitsers, opstokers en onrusssaaiers gedoen moet word. As ek die onrussaaier is deur my optrede soms, wil ek dit baie duidelik stel dat as die saak van die Here skade gaan ly en ek as kerkraadslid nie beswaar maak nie, ek medepligtig is. Een ding is ek baie dankbaar voor naamlik dat ek nie voor mense my moet verantwoord nie maar voor ons Hemelse Vader, voor Hom was daar nog nie 'n sonde te groot om voor vergiffenis voor te kry nie. Broeders waar kry ons die reg om mense te veroordeel en sonder om eers vir hulle te bid en vir hulle aan die genadetroon van God op te dra. Ds. Olivier het aan my genoem dat die gemeente verwaarloos is en weer het hy ds. Van Zyl beskuldig." Hierdie ding het niks te doen met die vorige, dis heeltemal twee aparte dinge. Ek het vir Br. Dippenaar gesê dat in die 2 jaar en 7 maande wat ds. Van Zyl hier was, het hy nie een keer sistematies die gemeente deurgegaan nie. Die kaarte is daar u kan die kaarte gaan haal en deurkyk, kontroleer. Verder het ek oor my kollega niks gesê nie. Nou broeders beweer ek dat ek dit nie gesê het nie.

Nou by die tweede bewering. Die kladnotule van Br. Anthonie le Roux van die vergadering van die 13de Mei. Die Br. het hier gepraat van aanhitsers en rusverstoorders. Br. Weber. Ds. Olivier het ook gesê dat die kerkraad sal moet besluit wat met die aanhitsers, opstokers en onrussaaiers gedoen moes word. Volgens die kladnotule van Br. Anthonie is daar van aanhitsers en nog 'n ander woord gepraat, wat is die ander woord? Aanhitsers en aanblasers. Ek het dit doelbewus ontken. Doelbewus. Dit was vir my baie snaaks dat daar sekere presiese woorde na vore gebring word in die gesprek. Toe ek hierdie brief vir u voorgelees het en die aanhalingstekens sien en aanhalings uit my gesprek, het ek nog meer suspisieus geword. Ek het 'n vermoede gehad en toe ek dit gelees het nog 'n groter vermoede en op grond van wat u nou die aand, dis op die band, gesê het in daardie kantoor van Potchefstroom, die metode wat u gebruik is 'n metode wat 'n mens nie sal goedkeur nie. Hulle kan dit naspeel om daardie presiese woorde te gebruik. Ek sal graag wil weet wat die metode is wat die broeder gebruik het om die gesprek vas te lê en as u vir my dit gesê het en vir die Ringskommissie, dan sal ek sê

of ek dit ontken of dit nie ontken nie. Br. Voorsitter, dis my antwoord op hierdie aangeleentheid. Ek sê ek het dit doelbewus ontken omdat ek 'n vermoede gehad het en dat ek vanaand nog 'n vermoede het dat daar 'n metode was van die opneem van hierdie gesprek. Op hierdie stadium sê ek dit.

(Weergawe van p.2 van bl. 24 tot p.2 van bl. 25.)

Br. Weber: Ja. Br. Voorsitter, Brs. kerkraadslede, ek dank u vir die mate van versoening maar ek wil net graag vir u vra, toe ons vroeër vanaand hier vergader het nog as kerkraad was aan my en br. Dippenaar gevra om die vergadering te verlaat tydelik totdat u sekere besluite geneem het, en ek het hier in die saal gestaan en dit het vir my voorgekom wat ek gehoor het dat ds. Olivier die kerkraad gevra het om nie te kapituleer nie. Met ander woorde, hy het hul probeer beïnvloed om nie toe te gee as om die klagtes teen my verder te voer nie. Ons is hier as christene om die saak in liefde op te los en ek glo nie dit is reg as die regter vooraf besluit wat sy uitspraak gaan wees nie.

(Weergawe van p. 1 van bl. 31.)

---

AFSKRIF

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Dwarsstraat 1
Potchefstroom
23 Junie 1966.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

Weleerwaarde Heer en Broeder,

Ek stuur hiermee aan u die klagte van die twee broeders Dippenaar en Weber wat hulle teen u by die Ringskommissie aanhangig gemaak het.

Met vriendelike groete, t.t. in X,

(Get.) J. D. J. STEYN, Ringskriba.

Gesertifiseer as 'n ware afskrif. — M. J. P. Olivier.

BR. F. C. V. WEBER SE GERUG

„Om nou Sondag vir Sondag na iemand se uitleg van die Woord te moet luister oor wie se opregtheid jy bedenkinge het, kan tog tot geen stigting vir my en my huis wees nie."

KLAG 1: In 'n telefoniese gesprek tussn my en ds. Olivier het ek „aan ds. Olivier gevra of dit nie moontlik is dat ek en die diaken die geleentheid gegun word om eers na br. Fourie te gaan en net eers te hoor wat die klag of probleem is nie. Ds. Olivier het ontken dat ek gevra het om die geleentheid gegun te word om saam met die diaken die persoon eers te ontmoet voordat ons (ek en ds. Olivier) na hom toe gaan."

KLAG 2: Die leraar moes meer aandag gegee het aan dié tipe gevalle as net eenkeer per jaar met huisbesoek (Br. De Jager die dranksugtige, wat na die Nasareners oorgegaan het, en br. Botes).
KLAG 3: Ds. Olivier het beweer dat br. Dippenaar br. Weber ten kwade beïnvloed.
KLAG 4: Ds. Olivier moes nie Nagmaal bedien het nie „tensy ons hierdie ontevredenheid of die gevoel wat daar tussen ons heers, uit die weggeruim het."
KLAG 5: Na aanleiding van 'n hewige privaat gesprek tussen br. Weber en ds. Olivier wat oor sy reistoelae gehandel het en waarby ds. Olivier se eggenote en twee dogters asook kol. Jacobs betrokke geraak het, „het 'n mens nie die vrymoedigheid om alleen na ds. Olivier te gaan om sake op te los nie."
KLAG 6: Ds. Olivier het op 13 Mei 1965 „'n vloek oor my en my huis uitgespreek deur te sê: ‚Ek is die gesalfde van die Here, moet jy onthou. Die Here sal hierdie dinge nie so laat nie en die maalstene van die Here maal stadig maar seker. Hierdie dinge sal op jou en jou kinders terugkom."
KLAG 7: Mense in die kerk is nie gelukkig onder die toedrag van sake nie deurdat die leraar aanstoot gee soos bv. teenoor br. De Jager (Skoolhoof).
Gesertifiseer as 'n ware afskrif — M. J. P. Olivier (1/1/66).

BR. F. J. DIPPENAAR SE GERUG

„Dat hy nie langer kans sien om na die verkondiging van Gods woord deur 'n leraar vir wie ons nie meer die nodige agting het nie en wie te betwyfel is weens sy optrede tydens gebeure in die afgelope tyd, te luister nie."

KLAG 1: Ds. Olivier was onwillig om oudl. F. C. V. Weber en diaken F. J. Dippenaar gelyktydig te ontmoet om gemeentelike probleme te bespreek.

KLAG 2: Ds. Olivier het 'n onwaarheid vertel deurdat hy by 'n sekere geleentheid gesê het dat daar aanhitsters en aanblasers in die kerk is en dat op die volgende kerkraadsvergadering daardie mense uitgewys sal word en dat daar besluit sal word wat met hulle gedoen moet word. By 'n later geleentheid het ds. Olivier bogenoemde ontken.

KLAG 3: Ds. Olivier het 'n onwaarheid vertel deur te beweer dat by elke vergadering van die finansiële kommissie van die kerkraad die bydraekaarte opgeëis word vir kontrole. Dit is nie so nie want vir die afgelope twee jaar is dit nie gedoen nie.

KLAG 4: Op 'n kerkraadsvergadering van 13 Mei 1966 het ds. Olivier gesê dat mnr. Van Graan sou gesê het dat hy (mnr. Van Graan) in Nov. 1965 in die gemeente ingetrek het en dat daar nog geen ouderling of diaken by hom was nie. Mnr. Van Graan ontken dat hy so iets vir ds. Olivier sou gesê het.

KLAG 5: Ds. Olivier het ouderling Weber en diaken Dippenaar op so 'n wyse bespreek dat sy dogter daarvan kennis geneem het waardeur sy die bewering gemaak het dat diaken Dippenaar en sy vader albei enigste kinders en albei bedorwe is.

KLAG 6: Ds. Olivier het ontken dat hy vir mev. Davel sou gesê het

dat br. Dippenaar kwaad is en die vark wat sy gegee het nie wou slag nie. Ds. Olivier het dit wel aan mev. Davel gesê.

KLAG 7: Ds. Olivier het buitestaanders onnodig in nadelige sin met gemeentelede bespreek:

(a) Br. F. J. Dippenaar en sy vader met mev. Davel waarin ds. Olivier gesê het dat albei van hulle (br. Dippenaar en sy vader) moeilike persone is om op die kerkraad mee klaar te kom.

(b) Ds. Van Zyl het nie sy werk gedoen nie en gevolglik is die gemeente verwaarloos.

KLAG 8: Ds. Olivier is vermetel deurdat hy:

(a) Na 'n sekere kerkraadsvergadering waartydens daar op die dagsverandering van vergaderings besluit is, gesê het: „Jy het weer vanaand verloor. Ek het nog nooit verloor nie."

(b) In 'n gesprek vir br. Dippenaar gesê het: „Fransie, ek het 'n sterk persoonlikheid en in die verlede is ek gespot. Maar vandag, as dr. Verwoerd praat, luister die Volk, en as ek praat, luister die N.G. Kerk."

KLAG 9: Ds. Olivier het vir mnr. De Witt van Veda Tiling tot leuenaar gemaak maar ontken dat hy dit gedoen het.

KLAG 10: Wanneer 'n persoon van ds. Olivier verskil, sien hy dit as 'n kwessie van vyandskap (bv. mnre. De Beer en Vermeulen).

KLAG 11: Ds. Olivier besoek nie die Sondagskool op Wilgeboom nie.

Gesertifiseer as 'n ware afskrif — M. J. P. Olivier (1/11/66).

---

AFSKRIF:

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
25 Julie 1966.

Die Ringscriba, Ring van Potchefstroom,
Dwarsstraat 1,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Broeder,

U skrywe van die 23ste Junie my ter hand.

Dit verbaas my dat 'n Ringskommissie die klagtes van klaers formuleer. So iets is haas ondenkbaar, en het ek in al die jare van my bediening nie teengekom nie. Maar wanneer u oordeelsfoute begaan oor wat 'n klag en wat 'n gerug is en u prosedure daarby verkeerd is dan beland u op die pad waarop u u nou bevind.

Sonder vrees vir enige teenspraak beweer ek dat die motivering in die aansoeke van Broeders Weber en Dippenaar om lidmaatsregte in Mooirivier-gemeente te mag geniet nie gerugte is nie maar klagtes teen my persoonlik. Daar is u eerste oordeelsfout. U prosedure moes dus die volgende gewees het: (i) Deur òf die aansoeke terug te gestuur het en die twee betrokke broeders laat weet het dat dit in die eerste plek nie by u tuishoort nie maar by die betrokke kerkrade; (ii) òf u moes die aansoeke teruggestuur het, en hulle versoek het om die klag(tes) teen my te formuleer en te spesifiseer.

Dit was die enigste twee regte en suiwere weë wat u kon volg, maar u het nie en u wou nie. Ek aanvaar dus nie die motivering

bokant elke klagstaat as 'n gerug nie maar as 'n klag en die aantal klagtes as motiveringe of spesifiseringe van die spesifieke klag.

Ek wil net voordat u die klag(tes) verhoor dat elke klaer sy klagstaat met klag(tes) sal onderteken asseblief. Dat ek hierop reg het en hierop aanspraak kan maak spreek vir sigself. Sodra ek sodanige stukke ontvang (of ware afskrifte van die stukke) wat hulle persoonlik onderteken het, kan u 'n datum bepaal vir die verhoor. Ek sal mondelings antwoord op al die klagtes.

Uwe in diens van die Meester,

(Get.) M. J. P. OLIVIER.

---

AFSKRIF:

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Potgieterstraat 119,
POTCHEFSTROOM,
26/6/66.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

I/s: **Klag: Weber — Dippenaar teen ds. Olivier.**

Geagte Broeder,

Meegaande 'n afskrif van die weleerwaarde Ring van Pochefstroom se bevinding en besluit oor bogenoemde saak.

1. Die Ring bevind ds. Olivier skuldig op klag 1a waar hy self erken dat hy doelbewus hierdie saak ontken het.

(b) Onskuldig op 1b en c.

(c) Skuldig op klag 2a en b omdat hy nie skriftuurlik korrek opgetree het nie.

(d) Onskuldig op klag 2c, d en e.

(e) Skuldig op klag 3(b) waar ds. Olivier volgens eie erkenning sy kerkraad beïnvloed het om nie te versoen nie.

(f) Onskuldig op klag 3a.

2. Die Ring besluit om ds. Olivier ten opsigte van die punte waarop hy skuldig bevind is, binne die ringsvergadering te vermaan.

3. Die Ring betreur die aanmatigende toon, houding en gesindheid wat ds. Olivier in sy hele verweer geopenbaar het.

4. Die Ring is van oordeel dat die hele aangeleentheid op wedersydse persoonlike antipatie berus.

5. Die Ring wil by beide partye ernstig aandring om hulle met mekaar te versoen, so nie sal hulle in hul ampswerk gestuit word.

6. Die Ring gee sy misnoeë te kenne oor die metode wat deur die klaers aangewend is om 'n gesprek op band vas te lê sonder die medewete van die ander party.

Met vriendelike groete,

(Get.) G. C. HATTINGH.
(Ringskriba.)

---

AFSKRIF:

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Dwarsstraat 1,
POTCHEFSTROOM,
29 Julie 1966.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

Weleerwaarde Heer en Broeder,

Die Ringskommissie het u skrywe van 23 Julie ontvang en het van die inhoud kennis geneem. Die Ringskommissie verwerp u bewering dat hy klagtes formuleer. Dit is u eie bewoording. Die Ringskommissie is besig om gerugte te ondersoek en handel volgens Besluit 95(b).

Met vriendelike groete, t.t. in X,

(Get.) J. D. J. STEYN.
(Ringscriba.)

BYLAE: Brief aan Kerkraad.

Gesertifiseer as 'n ware afskrif — M. J. P. Olivier — 1/11/66.

---

AFSKRIF:

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
4 Augustus 1966.

Die Ringscriba,
Dwarsstraat 1,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Broeder,

U skrywe van die 29ste laaslede my ter hand, waarvoor ek u dank.

Ek sal baie bly wees as u my die volgende vrae so spoedig moontlik sal beantwoord:

(1) Wat bedoel u met die uitdrukking: „Dit is u eie bewoording" in die brief van 29 Julie 1966.

(2) Staan u as kommissie nog by u bewering dat die motiveringe van broeders Weber en Dippenaar in hulle briewe gerig aan u as Ringskommissie waarom hulle lidmaatsregte in Mooirivier wil geniet, gerugte is wat my in my amp as bedienaar van die Woord raak?

(3) Beskou u as Ringskommissie die sewe klagtes van broer Weber en die elf klagtes van broer Dippenaar teen my as klagtes?

(4) Wanneer onderteken broers Weber en Dippenaar hulle klagtes?

Hoogagtend, Uwe in Sy diens,

(Get.) M. J. P. OLIVIER.

---

AFSKRIF:

POTCHEFSTROOM,
17 Augustus 1966.

Die Ringscriba,
Dwarsstraat 1,
POTCHEFSTROOM.

Geagte Broeder,

Met verwysing na u skrywe van 11 deser wens ons ons klagtes in te dien, aangesien ds. Olivier 'n onversoenbare houding openbaar.

KLAG 1

Oortreding van die negende gebod, naamlik leuentaal.

**Motivering:**

(a) Ontkenning van telefoongesprek.

(b) Bewering dat bydraekaarte gereeld deurgegaan word en by elke finansiële kommissievergadering bespreek word.

(c) Ander mense in 'n verkeerde lig stel deur die waarheid te verdraai.

KLAG 2

Artikel 59(b). Die gesindheid wat ds. Olivier openbaar is nie dié van 'n Evangeliedienaar waardig nie.

**Motivering:**

(a) Ds. Olivier was onwillig om ouderling F. Weber en diaken F. Dippenaar gelyktydig te ontmoet of saam met enige ander onpartydige persoon om gemeentelike probleme te bespreek.

(b) Ds. Olivier moes nie nagmaal bedien het nie, tensy ons hierdie ontevredenheid of die gevoel wat daar tussen ons heers, uit die weg geruim het nie.

(c) Ds. Olivier spreek 'n oordeel oor ouderling F. Weber in sy huis uit.

(d) Ds. Olivier gee aanstoot en tree beledigend op teenoor lidmate, wat onder dié toedrag van sake nie gelukkig voel nie.

(e) Ds. Olivier is vermetel deurdat hy 'n aanmatigende houding openbaar.

KLAG 3

Ds. Olivier maak van persoonlike kwessies gebruik om die kerkraad te beïnvloed.

**Motivering:**

(a) Wanneer lidmate tydens kerkraadsvergaderings bespreek word, maak ds. Olivier aanmerkings waardeur hy refleksie op sulke persone werp.

(b) Ds. Olivier beïnvloed die kerkraad om nie te versoen nie, deur sekere uitlatings te maak.

In die lig van die erns en gegrondheid van bogenoemde klagtes wil ons die eerwaarde Ringskommissie versoek om te verhoed dat ds. Olivier die naweek 27—28 Augustus 1966 nagmaal bedien.

Met agting en vriendelike groete, Die uwe,

(Get.) F. C. V. WEBER.
(Ouderling) F. C. V. WEBER.
(Get.) F. J. DIPPENAAR.
(Diaken) F. J. DIPPENAAR.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Dwarsstraat 1,
POTCHEFSTROOM,
23 Augustus 1966.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

Eerwaarde Broeder,

Die Ringskommissie is in besit gestel van drie klagtes wat deur br. F. C. V. Weber en br. F. J. Dippenaar teen u ingedien is. Aan die versoek in die laaste paragraaf het die Ringskommissie nie uitvoering gegee nie.

'n Afskrif van die klagtes van genoemde here word nou aan u besorg met die versoek om asb. op Dinsdag 30 Augustus 1966 om 7 nm. in die N.G. Kerk, Potchefstroom-Suid teenwoordig te wees. By daardie geleentheid sal die Ringskommissie sowel as die klaers met hulle getuies as die beklaagde (uself) met u getuies ontmoet ten einde die klagtes te ondersoek.

Met vriendelike groete, U broeder in Hom,

(Get.) J. D. J. STEYN.
(Ringscriba.)

Gesertifiseer as 'n ware afskrif — M. J. P. Olivier — 1/11/66.

---

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM,
26 Augustus 1966.

Die Ringscriba,
Dwarsstraat 1,
POTCHEFSTROOM,

Waarde Broeder,

U skrywe van die 23ste Augustus 1966 my ter hand, asook die nuwe reeks gesamentlike klagtes van broeders Weber en Dippenaar van 17 Augustus 1966.

1. Ek kan nie die 30ste Augustus 1966 voor die Ringskommissie verskyn nie. Ek het 7 uur die maandelikse Stadsraadsvergadering en om 9 uur 'n tweede vergadering.

2. Ek aanvaar nie die gesamentlike klagtes van broeders Weber en Dippenaar nie. Elkeen moet my individueel aankla. Hulle kan my nie gesamentlik aankla nie. Hulle verteenwoordig nie die kerkraad namens wie hulle kla nie. Al is hulle klagtes identies, en hulle getuies identies, en al is hulle oor en weer getuies, moet hulle klagtes heeltemal afsonderlik wees.

3. Ek wil nie motiveringe van elke klag hê nie maar spesifiseringe. Die motiveringe kan hulle lewer voor die ringskommissie. Ek wil weet wat klag (1) motivering (a) betref watter telefoongesprek dit is en presies wat ek ontken het. Ek weet wie die „ander mense" in 1(c) is. Ek wil weet wie die „lidmate" van 2(d) is. Ek wil weet wat

2(e) betref, waar en wanneer het ek 'n aanmatigende houding openbaar. Ek wil weet wie die „lidmate" van 3(a) is, en ek wil weet wat die „uitlatings" van 3(b) is.

4. Ons is vandag presies waar ons die 23ste Mei was. Meer as drie maande het verloop en geen uitspraak is nog gedoen nie. Die gerugte het nou geblyk klagtes te wees, soos ek u reeds herhaaldelik gesê het. U moet asseblief 'n tydsbeperking plaas in die beantwoording van briewe.

5. Indien u 'n tyd bepaal vir die verhoor van die klagtes moet u asseblief net met my in verbinding tree omdat ek die volgende weke ontsettend besig is.

6. Ek wil asseblief afskrifte hê van die briewe van mnr. Raath en broer Dippenaar wat ek aan die Ringskommissie oorhandig het en wat ek reeds van u gevra het.

Hoogagtend, Uwe in Sy diens,

(Get.) M. J. P. OLIVIER.

---

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Dwarsstraat 1,
POTCHEFSTROOM,
26 Augustus 1966.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

Geagte Broeder,

Met verwysing na ons telefoongesprek gister, het die Ringskommissie aan my opgedra om u vriendelik te versoek om die nodige reëlings te tref om die vergadering op Dinsdag 30 Augustus 1966 om 7 nm. by te woon. Dit is baie moeilik om 'n datum te vind wat almal pas. Die Ringskommissie wil vertrou dat dit vir u moontlik sal wees om u sake so te reël.

Met vriendelike groete, U vriend,

(Get.) J. D. J. STEYN.
(Ringskriba.)

Gesertifiseer as 'n ware afskrif — M. J. P. Olivier — 1/11/66.

---

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM,
2 September 1966.

Die Ringscriba,
Dwarsstraat 1,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Heer,

U skrywe van die 31ste Augustus 1966 wat ek vanoggend ontvang het, my ter hand.

Van die inhoud het ek kennis geneem.

Hoogagtend, Die uwe,

(Get.) M. J. P. OLIVIER.

---

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM,
2 September 1966.

Die Voorsitter,
Ring van Potchefstroom,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Heer,

Op hierdie stadium kan ek nie anders en is ek daartoe gedwing om die Ringskommissie by die Ring aan te kla:

1. Die Ringskommissie was en is onbekwaam en onbevoegd om die saak waarin die here Weber en Dippenaar my aangekla het te ondersoek en af te handel.
2. Die Ringskommissie is nie onbevooroordeeld nie.
3. Die Ringskommissie onbillik en onregverdig is teenoor my in die hantering van hierdie aangeleentheid.

Ek versoek u om 'n Ringsvergadering so spoedig moontlik te belê om hierdie klagtes aan te hoor.

Hoogagtend, Die uwe,

(Get.) M. J. P. OLIVIER.

---

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Presidentstraat 55,
POTCHEFSTROOM,
3 September 1966.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

Geagte Broeder,

Ten einde u klag teen die Ringskommissie te ondersoek, word u en u afgevaardigde ouderling na die vorige Ringsitting, opgeroep na 'n buitengewone vergadering van die Ring op Donderdag 8 September 1966 om 10 vm. in die kerkgebou van Mooirivier.

Met hoogagting, U broeder in Christus,

(Get.) S. J. ELOFF.
(Voorsitter van die Ring.)

Gesertifiseer as 'n ware afskrif — M. J. P. Olivier — 1/11/66.

---

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM,
12 September 1966.

Die Scriba,
Ring van Potchefstroom,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Heer,

Sal u tog asseblief so goed wees om my dadelik te bedien met 'n offisiële antwoord in verband met my klagtes teen die Ringskommissie.

Hoogagtend, Die uwe,

(Get.) M. J. P. OLIVIER.

---

Offisierslaan 7,
POTCHEFSTROOM.
14 September 1966.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

Wel Eerwaarde Broeder,

Is.: **U klag teen die Ringskommissie**

Met verwysing na u skrywe van 2 September 1966 moet ek u meedeel dat die Ring van Potchefstroom op 'n buitengewone vergadering gehou op 8 September 1966 in die kerkgebou van Mooirivier u klag teen die Ringskommissie in behandeling geneem het.

Die volgende besluit is geneem:

„Die klag van ds. M. J. P. Olivier teen die Ringskommissie is nie op die oomblik ontvanklik nie omdat die Ringskommissie se voorlopige ondersoek nog nie afgehandel is nie."

Met agting en groete,

(Get.) A. O. DE BEER
(Waarnemende Skriba.)

Gesertifiseer as 'n ware afskrif. M. J. P. Olivier. 1/11/66.

---

**TELEFOONGESPREK: DS. OLIVIER — MNR. DIPPENAAR**

Ds. O: Hallo, ja?
D: Middag ds.
O: Hallo, hallo Fransie, hoe gaan dit met jou.
D: Eersteklas, dankie en met u?
O: Nee, dit gaan goed, dankie.
D: Amper reën gehad, né?
O: Ja, ja.
D: Ek — dominee . . . (Ja?). Kyk oor hierdie saak van nou die dag. Sê vir my kan ons u miskien kom spreek met dr. Eloff as konsulent?
O: Nee, my ou broer, nee. Ons kan by die kerkraadsvergadering kom praat, volgende keer.
D: Ja, maar kyk ek sal u sê . . . Frans Weber en ek wil u graag kom spreek het en dr. E. as konsulent.
O: Nee, nee, ons praat offisieel by die kerkraad. Die dertiende.
D: Ek sien. Maar u is nie bereid om ons . . . as . . . saam met dr. E. eers te ontvang voor ons die saak nou K/R toe gaan neem nie.
O: Man, ek dink ons moet dit maar offisieel . . . dit het als offisieel geskied. Laat ons dit nou maar offisieel hou. As die K/R voel dat daar 'n spesiale vergadering gehou moet word waar dr. E. as konsulent teenwoordig kan wees dan kan die K/R daaroor besluit. Kyk, 'n konsulent beklee 'n amptelike funksie en amptelik alleen ten opsigte van die K/R. (Ja — ).
O: As dr. E. as vriend kom . . . dis totaal iets anders, maar . . .
D: Wel, as jy dan miskien in daardie voege . . . in daardie voege dat . . . as ons dit dan beskou as vriend . . . ek meen i.p.v. hoe kan 'n mens sê?
O: Ja, maar dan moet ons 'n tydjie kry . . . moet ons 'n tydjie probeer reël. (Ja.) Vandag kan ek nie en môre kan ek ook nie.

D: Nee, nee hierdie week is dit in elk geval buite die kwessie.

O: Ons kan dan probeer volgende week . . . (Ja).

O: As dit moontlik kan.

D: Nou maar goed.

O: Maar dan kom dr. E. bloot hiernatoe as 'n vriend, as 'n kollega. (Ja.). Hy vervul nie die funksie van konsulent nie.

D: Ek sien.

O: Maar wanneer hy . . . wanneer ons . . . wanneer mens as konsulent optree dan sal die K/R hom nader. En vir hom vra om die stoel te kom inneem as die K/R dit nodig ag.

D: Ek sien. Ek sien. Nou maar goed, dominee. Dan is dit in die haak. Dit is eintlik maar net . . . ek wou maar net gehoor het wat die posisie is.

O: Dan sal ons nou maar volgende week probeer om 'n tydjie te kry.

D: Ja, nou u moet . . .

O: . . . en dan kan hy teenwoordig wees. Ek het nie beswaar daarteen nie dat hy hier sal wees nie.

D: Ja . . .

O: . . . en dan kan julle twee, kan julle kom, sien.

D: Nou maar in die haak. Ek sal vir u sê . . . u moet maar net sê wanneer dit vir u geleë sal wees.

O: Ja. Wel ek, ek, het julle met hom gereël?

D: Nog nie 'n datum nie. Nog nie 'n datum nie. Ons het nog nie 'n datum met hom bespreek nie . . . watter datum ons nou sal . . . Ons het net gesê, gevra of ons u kan ontmoet en dat hy ook teenwoordig sal wees.

O: Ja.

D: Toe't hy gesê dit is in die haak as ons nou net met u kan 'n datum bepaal. Dan kan ons dit doen.

O: Ja, nou-ja, maar in elk geval, ek sal maar 'n bietjie met hom praat.

D: Nou maar goed.

O: En dan sal ek hoor, dan sal ek vir julle laat weet.

D: In die haak, dominee. Dan maak ons so.

O: Maar in elk geval dit sal, dit sal offisieel by die K/R vergadering, sal die saak behandel word.

D: Ja. Nee, dit is heeltemal in die haak. Dit is heeltemal reg.

O: Ek het nie beswaar daarteen dat julle kom nie, maar oor die . . . oor die . . . ons sal nie oor die materiële . . . oor die inhoud van die saak, sal ons nie gaan praat nie. Oor die inhoudelike van die saak sal ons nie gaan praat nie.

D: Hoe meen u nou? Watter?

O: Oor die inhoudelike van die saak, d.w.s oor . . . oor wat daar plaasgevind het die aand by die K/R vergadering . . . en oor die kwessie van die onaangenaamhede in ons K/R-vergaderinge wat al reeds plaasgevind het in die verlede oor sekere aangeleenthede en nou die aand weer. (Ja.) Daaroor . . . ek sê die meriete van die saak dit gaan ek nie bespreek nie. (O, ek sien). Dit laat ons vir die kerkraadsvergadering. Dit sal by die K/R-vergadering, sal ons dit bespreek. (Ek sien). Ek noem dit nou maar net (Ja) dat julle dit weet. Ek sal vir dr. E. dit ook sê, sien. Dat hy kennis dra daarvan.

D: Nee, ek verstaan, ek verstaan. Ek meen eintlik, dan . . . Kyk die groot ding waaroor ons eintlik wil kom praat, is die feit dat . . . oor die onaangenaamhede wat is en die toestande wat, wat . . . ek meen die gevoel wat daar is, wat 'n mens uit die weg uit moet ruim, nè.

O: Ja-nee, kyk, ek dink die K/R is die eerste, Frans, om kennis te dra van enige samesprekings. As ons samesprekings voer, voer ons samesprekings binne die K/R. (Ja). Die K/R dra kennis van elke onaangenaamheid wat daar plaasgevind het. (Ja). Dit is in die K/R plaasgevind. Daarvan dra dr. E. nie kennis nie.

(Ja). En ek dink die K/R moet as K/R bymekaar kom en hulle moet met mekaar uitpraat. (Ja). Oor die onaangenaamheid.

D: Ja, kyk dit het ek laas keer vir u gevra, dat ons 'n spesiale K/R vergadering hou wat ons nie ander sake bespreek as net die gevoel wat daar is . . .

O: Ja, nee, nee, nee . . . kyk laat ons mekaar nou goed verstaan. Ek is 21 jaar predikant. (Ja). Daar is altyd mense wat 'n gevoel veroorsaak, verstaan. (Ja). Daar is altyd mense wat onrus stook. (Ja). Daar is altyd mense wat 'n ding aanblaas. (Ja). Wie daardie mense is daaroor moet die K/R praat en besluit en aanwys en as daar dan iemand aangewys word of persone aangewys word, dan moet die K/R besluit oor wat hy gaan doen verder of daar is net twee weë: òf ons moet vir ons bekeer en ons gesindhede verander en ander mense word òf die K/R moet optree en sodaniges dan gaan aankla by die Ring. (Ja). Dis al weg. Maar ons kan nie verder voortgaan nie. Ons het nie hierdie soort dinge gehad in ons K/R nie. (Ja). Hierdie soort dinge — dis die laaste ruk dat hierdie soort dinge in die K/R gekom het. Ons het nie hierdie soort dinge gehad nie. Dit kan miskien in ds. Van Zyl se tyd gewees het. Maar ek wil net vir jou sê: Hierdie soort dinge het ons nie hier in die K/R gehad nie. En dit is onaangename dinge.

D: Nee, dit is bitter onaangenaam. Daar stem ek met u saam. Dit is bitter onaangenaam. 'n Mens . . .

O: Nou, ek . . . op die oomblik dink ek die ding moet offisieel aangepak word. En as die kerkraad voel dat dr. E. as konsulent hier na toe moet kom, dan kan die K/R so besluit en dan kan hy kom. En dan kan ons 'n spesiale K/R vergadering daarvoor belê. Ek glo nie . . . ek sal nou met hom praat en as ek nou

met hom klaar gepraat het en hy meen dat dit ook nodig is dat hy as vriend kom en ons 'n samespreking hier voer . . . dan sal ek vir julle laat weet.

D: Nou maar goed dan wag ons nou maar vir u.

O: Ek sal nou met hom praat en dan sal ek vir hom nou die ding uiteensit en dan sal ek vir hom sê ek dink ons moet dit by die offisiële hou. As hy graag wil hê dat daar 'n vriendskaplike gesprek moet plaasvind en hy teenwoordig wil wees, dan is ek tevrede. Maar ek wil nie hê ons moet ingaan op die meriete van die saak nie. Want dit kan ons nie doen nie. Ons is nie bevoeg daarvoor om daarop in te gaan nie. Daaroor moet die K/R voorlopig ingaan. En as dit dan nodig is dat ons verder moet gaan dan moet dit nou maar verder gaan. (Ja). Nou maar goed, dominee. Maar ek sal nou met hom praat en dan sal ek vir jou laat weet.

D: Nou maar in die haak, dan wag ons nou maar vir u. (Ja).

O: Kyk, terwyl jy nou met my praat . . . want eintlik moet ons met elke finansiële kommissie-vergadering moet ons daardie kaarte behandel.

---

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
Gemeente Potchefstroom-Suid

8 Oktober 1966.

Die Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
Standerton.

Waarde Broeder,

Indien my beswaar teen 'n besluit van die Ring van Potchefstroom van 8 September 1966 wat ek op die 16de September 1966 ontvang het (brief gedateer 14 September 1966), en my klag teen die Ring van Potchefstroom onder Besluit 100 van die Kerkorde ressorteer, dan gee ek nou kennis dat ek my beroep op die Sinode en sal ek my beswaar en klag teen die Ring van Potchefstroom binne vier weke van my kennisgewing in u hande besorg.

Hoogagtend,
Uwe in Sy diens,
M. J. P. Olivier.

---

Gemeente Potchefstroom-Suid

24 Oktober 1966.

Die Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
Standerton.

Waarde Broeder,

Op grond van besluit 100 van ons Kerkorde gee ek nou aan u kennis dat ek gaan appelleer teen die uitspraak (skuldigbevindinge) en ander bevindinge van die Ring van Potchefstroom m.b.t. die gesamentlike klagtes van brs. F. C. V. Weber en F. J. Dippenaar albei van hierdie gemeente teen my by die Ring van Potchefstroom aanhangig gemaak. Die verhoor het plaasgevind op die 22ste September, 1966. Die brief waarin die uitspraak vervat is, is gedateer die

26ste September 1966 en ek het dit ontvang op die 30ste September 1966. My appèl met al die vereiste stukke sal ek binne vier weke in u hande besorg.

Hoogagtend,
Uwe in Sy diens,
M. J. P. Olivier.

---

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL

1 November 1966.

Die Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
Standerton.

Waarde Broeder,

Hiermee maak ek beswaar teen die besluit van die Ring van Potchefstroom geneem op 'n buitengewone vergadering gehou op 8 September 1966 in die kerkgebou van Mooirivier i.v.m. my klagtes teen die Ringskommissie nl. „Die klag van ds. M. J. P. Olivier teen die Ringskommissie is nie op die oomblik ontvanklik nie omdat die Ringskommissie se voorlopige ondersoek nog nie afgehandel is nie" en kla ek die Ring van Potchefstroom aan dat hy teenstrydig met die Kerkorde, met alle beginsels van reg en geregtigheid, en teenstrydig met die Ringskommissie se eie besluit (31 Aug. 1966 — „Op grond van bogenoemde besluit die Ringskommissie om die saak na die Ring te verwys") my verhinder het om my klagtes voor die Ring te stel.

My klagtes teen die Ringskommissie is:

„1. Die Ringskommissie was en is onbekwaam en onbevoegd om die saak waarin die here Weber en Dippenaar my aangekla het te ondersoek en af te handel.

2. Die Ringskommissie is nie onbevooroordeeld nie.

3. Die Ringskommissie onbillik en onregverdig is teenoor my in die hantering van hierdie aangeleentheid."

Let wel: onder Ringskommissie verstaan ek hier die Ringskommissie wat vandat hierdie saak by hulle aanhangig gemaak is, hierdie saak hanteer het, hoewel die personeel gewissel het. Volgens die notule van die Ringskommissie is dr. S. J. Eloff op die 28ste Julie 1966 vervang met ds. B. J. Schutte.

Wat klag 1 betref die volgende: Op 20/5/66 ontvang ek 'n brief van die Ringskommissie om voor hulle te verskyn op die 9de Junie 1966, omdat die motiveringe van broeders Weber en Dippenaar waarom hulle aansoek doen om onder Mooirivier lidmaatsvoorregte te geniet, gerugte is wat my in my amp raak. Die Ringskommissie oordeel dat die motiveringe gerugte is. Ek is van oordeel dat dit implisiet klagtes is. (Sien korrespondensie).

Op die Ringskommissie se vergadering van die 9de Junie 1966 het brs. Weber en Dippenaar mondeling 'n rits klagtes teen my gelewer. Van die hele vergadering is 'n bandopname gemaak. Ek eis dat die klagtes op skrif gestel sal word. Op 23 Junie kry ek van die Ringskommissie die klagtes volgens die bandopname deur

die Ringskommissie self weergegee met die gerug bo-aan elke reeks klagtes. Dieselfde dag waarop ek die klagtes ontvang het, eis ek telefonies van die skriba dat die klagtes deur die klaers onderteken word. Op 25 Julie herhaal ek my eis skriftelik en beskuldig ek die Ringskommissie dat hulle klagtes formuleer. Hulle ontken dit op 29 Julie. Hierop volg 'n skrywe van my op 4 Aug. Op 20 Aug. om 7. 30 vm. tree die skriba telefonies met my in verbinding i.v.m. 'n onderhoud van die Ringskommissie met my op die 23ste Augustus 1966 wat ek weier. Ek doen dit om begryplike redes. Op 25 Augustus ontvang ek 'n skrywe van die Ringskommissie (gedateer 23 Augustus) met 'n nuwe reeks gesamentlike klagtes van brs. Weber en Dippenaar, en 'n versoek van die Ringskommissie om op 30 Augustus om 7 nm. teenwoordig te wees as die klagtes ondersoek word. Ek tree dadelik (25 Augustus) telefonies met die skriba in verbinding en wys hom daarop dat dit vir my onmoontlik is om die vergadering by te woon. Die redes waarom ek die vergadering nie kan bywoon nie bevestig ek skriftelik in 'n brief van die 26ste Augustus. In hierdie brief behandel ek ook my besware teen die klagstaat. Op 27 Augustus kry ek 'n brief dat ek die vergadering van die 30ste Augustus MOET bywoon. Ek woon die vergadering nie by nie vanweë ander verpligtinge wat ek moes nakom en wat ek nie kon kanselleer nie.

Op 2 September kry ek die besluit van die Ringskommissie gedateer 31 Augustus 1966. Die laaste deel van die Ringskommissie se besluit lui so: „Op grond van bogenoemde besluit die Ringskommissie om die saak na die Ring te verwys." Op 2 September kla ek die Ringskommissie by die Voorsitter van die Ring aan. Sien brief 2 September 1966. Hieruit blyk my klagtes duidelik, en by name klag 1.

Wat klag 2 betref was dr. Eloff van die begin van die aangeleentheid tot 28 Julie as lid van die Ringskommissie en Voorsitter van die Ringskommissie direk by die saak betrokke. Dr. Eloff het my Vrydag die 29ste April drie keer geskakel. Dit was nadat br. F. J. Dippenaar die 28ste April telefonies met my in verbinding getree het en gevra het of brs. Weber en Dippenaar en dr. Eloff as konsulent my kan kom spreek. Ek het dit geweier omdat ek kerkraadsaangeleenthede nie wou rangeer op sylyne nie en om ander begryplike redes. Brs. Weber en Dippenaar was ontevrede oor die aangeleenthede van die verkoping en my vervoertoelae wat op die Kerkraadsvergadering van die 22ste April bespreek is en waaroor besluite geneem is.

Ek het dr. Eloff die 29ste gebel nadat ek tuis gekom het maar kon hom nie kry nie. Maandag die 2de Mei het ek hom gebel en hom alles meegedeel. Sy antwoord aan my was dat hy sien hy het niks met die saak te doen nie. In dieselfde week het hy weer na my gekom en my gevra om brs. Weber en Dippenaar te ontmoet anders gaan hulle my aankla. Ek het hom gesê dat hulle dit kan doen. Hy het my meegedeel dat ek die saak kan verloor tot by die Sinode. My antwoord was dan bepaal ek my verhouding teenoor die N.G. Kerk. Ek beskik oor die informasie dat by die Ringskommissievergadering wat die aansoeke van Brs. Weber en Dippenaar behandel het dr. Eloff die motiveringe as gerugte bestempel het en

as gevolg daarvan die twee ander broeders saam met hom. Dr. Eloff kan nie ontken dat hy intens met hierdie saak gemoeid is nie.

Wat klag 3 betref is dit duidelik dat ek die aand van die 30ste Augustus nie die vergadering KON bywoon nie. Nie dat ek nie wou nie, maar ek KON net nie. Om te beweer dat kerklike aangeleenthede eerste kom, is belaglik. Die koninkryk van God is baie ruimer as die kerk. Twee take het ek daardie aand gehad wat ek onmoontlik nie kon kanselleer nie.

Ek beweer verder dat die Ring onwettig gekonstitueer saamgestel was. Die Ring het besluit dat dr. Eloff as Voorsitter mag optree (later het hy hom vrywillig onttrek as voorsitter) en die Ring het besluit dat hy sittingsreg op die Ring het. Hy het van sy sittingsreg gebruik gemaak. Dr. Eloff is intens gemoeid met die aangeleentheid.

Ek beweer verder dat hierdie besluit onwettig is omdat die voorlopige ondersoek van die Ringskommissie vanweë die besluit van 31 Augustus, (sien brief van hierdie datum) reeds afgehandel was.

Ek beweer sonder vrees vir teenspraak dat die Ring my hier 'n reg ontsê het wat onbillik en onregverdig is.

Ingeslote die stukke wat op die saak betrekking het.

Ek glo nie dit is nodig om 'n spesiale Sinodale Kommissievergadering te hou nie. Ek is tevrede as dit in behandeling geneem kan word by die volgende Sinodale Kommissievergadering.

Hoogagtend, uwe in Sy diens,

(Get.) M. J. P. OLIVIER.

---

Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.
15 November 1966.

Die Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
STANDERTON.

Waarde Broeder,

Hiermee beroep ek my op die sinode teen die uitspraak van die Ring van Potchefstroom tydens 'n gewone sitting van die Ring in die kerk te Mooirivier op 22 September 1966 waar die Ring my op vier klagtes uit die tien gesamentlike klagtes van brs. Weber en Dippenaar teen my skuldig bevind het, te wete klagtes 1a, 2a en b., en 3b. (Sien Klagstaat gedateer 17 Augustus 1966. Klagstaat onder die stukke wat reeds aan u gestuur is.) Ook maak ek beswaar teen bevindinge 2 — 5 van die Ring en versoek ek u om al die bevindinge ter syde te stel.

1. Eerstens die klagstaat as sodanig:

(a) U sal merk dat dit gesamentlike klagtes is. My beskeie mening is dat hulle my apart moet aankla. Al is hulle klagtes identies, en al is hulle getuies identies, en al is hulle oor en weer getuies dan moet hulle my nog apart aankla. Klag 2c lewer die bewys vir my stelling. Wat weet br. Dippenaar van die oordeel oor br. Weber uitgespreek? Ek is natuurlik op hierdie klag vrygespreek.

(b) Verder wil ek u wys op die uiters vae wyse waarop die

klagtes gestel is. Ek verwys u na my brief van die 26ste Augustus 1966 aan die Ringskriba par. 3 waar ek sekere vrae i.v.m. die klagstaat gestel het. Hierop het ek geen antwoord ontvang nie. Die ring het die gesamentlike klagtes in behandeling geneem soos hulle op die klagstaat verskyn.

2. Tweedens die klagtes waarop ek deur die Ring skuldig bevind is:

(a) Klag 1a: Klag 1 is „Oortreding van die negende gebod naamlik leuentaal:" „Motivering: (a) Ontkenning van 'n telefoongesprek."

Soos reeds vermeld het ek reeds op die 26ste Augustus aan die Ringskommissie gevra: watter telefoongesprek is dit en wat het ek presies ontken?

Ek beweer dat die Ring nie weet waaroor dit hier gaan nie, en in alle liefde wens ek om te weet hoeveel van die ouderlinge weet waarom dit hier gaan?

Op 28 April 1966 het br. Dippenaar my gebel om 'n afspraak met my te reël. Die afspraak het ingehou 'n ontmoeting tussen my, Brs. Weber en Dippenaar en dr. Eloff i.v.m. hierdie afspraak is 'n gesprek gevoer. Hierdie gesprek het Br. Dippenaar op 'n band vasgelê. Op daardie oomblik was ek nie daarvan bewus nie.

Op 'n gewone kerkraadsvergadering van die 13de Mei het Br. Dippenaar aan die begin van die vergadering 'n brief in 'n toekoevert voor my op die tafel kom neersit. Ek het dit nie oopgemaak nie. Die konstituering en opening is waargeneem, presensielys opgeneem en die notule van die vergadering van die 22ste April behandel. Toe sake voortvloeiende uit die notule behandel is het ek as voorsitter in aansluiting by punte 10 en 11(g) van die notule sekere feite aan die kerkraad meegedeel i.v.m. die optrede en handelswyse van brs. Weber en Dippenaar voor die vergadering van die 22ste April en daarna. Na hierdie feitemedeling (sien kladnotule van die vergadering) het ek as voossitter die kerkraad gevra of hulle die aangeleentheid wil bespreek. Die kerkraad het besluit om dit te bespreek. Br. Dippenaar was eerste aan die woord. Nadat hy 'n hele klomp dinge opgehaal het (sien kladnotule) het hy aan die einde die volgende gesê: **„Aanhitsers en aanblasers sal mee gehandel word op kerkraadsvergadering het Voorsitter gesê. Br. Voorsitter het gesê op elke kerkraad sulke mense"** (Kwotasie uit kladnotule). Mnr. A. F. le Roux onderwyser by die Hoër Volkskool en notulerende skriba van ons kerkraad het dit getuig voor die Ring dat dit die woorde is wat br. Dippenaar gesê het wat ek sou gesê het. Ek het dadelik vir br. Dippenaar gesê: „Dit het ek nie gesê nie". Br. Dippenaar het na hierdie vergadering probeer om die kladnotule in die hande te kry by die skriba, maar die skriba het hom dit geweier. **Waarom het ek dit ontken? Omdat ek dit nie gesê het nie, wat hy gesê het wat ek sou gesê het.** Waarde Broeder my geheue het vir my gesê dat hy my woorde verdraai het.

Hierna het Br. Weber aan die woord gekom en sy saak gestel. Ek het breedvoerig ingegaan op al die sake wat deur die broeders geopper is. Daarna is die koevert van br. Dippenaar oopgemaak en die brief deur my as voorsitter aan die kerkraad voorgelees. En terwyl ek hierdie brief lees het ek 'n vermoede gehad dat hierdie

gesprek op een of ander wyse vasgelê is of opgeneem is, want sekere gedeeltes in die brief word in aanhalingstekens gekwoteer. (Sien die brief in die stukke as bylae). Van hierdie brief het die kerkraad kennis geneem en wat hierin staan het ek niks erken of ontken nie.

Op die aand van die 9de Junie toe die Ringskommissie die sogenaamde gerugte (die motiveringe in die aansoeke van die betrokke broeders om onder Mooirivier lidmaatsvoorregte te mag geniet) ondersoek het, het br. Dippenaar op 'n vraag aan dr. Eloff of hy 'n bewys het van dit wat ek sou ontken het (let wel — ek het ook by hierdie geleentheid niks erken of ontken nie) geantwoord: „Ek het my bewyse. Ongelukkig moet ek vanaand erken dat dit miskien nie die beste metode was wat ek gebruik van gemaak het nie". (Weergawe van bandopname van 9 Junie 1966).

Dit het vir my daardie aand duidelik geword dat br. Dippenaar 'n bandopname gemaak het. En later het ek dit uit 'n ander oord ook verneem. Maar nog meer, hy het my woorde (die bandopname bewys dit) die aand van die 13de Mei gaan verdraai en hy wou gehad het ek moes gesê het dat die verdraaide woorde my woorde was.

Ek wou die bewys gehad het dat ek dit gesê het wat hy gesê het (op 13 Mei) wat ek sou gesê het (op 28 April). Daarom toe die Ringskommissie die klagtes van die kerkraad teen br. Weber verhoor het op die 16de Junie 1966 en 'n vraag aan br. Weber gestel is, waarom hy die aand van die 13de Mei met die leraar versoen was en die môre van die 14de Mei weer onversoend het br. Weber gesê: (Ek kwoteer)" Ds. het gesê dat hy sou nie gesê het dat die kerkraad sou besluit **wat met die aanhitsers en rusverstoorders** gedoen moet word nie. Hy het dit ook hier in die kerkraad . . . En dit was vir my 'n saak dat die waarheid nie gepraat word nie. Êrens is daar 'n fout en dit het my ontstel en daaroor het ek nie kerkraad toe, nagmaal kon gebruik as ek twyfel in my hart na die opregtheid van 'n persoon". (Kwotasie uit die verbatimverslag van die Ringskommissie van die 16de Junie).

Op die aand van die 16de Junie het ek hierop ingegaan en soos volg geantwoord: „Nou by die tweede bewering: die kladnotule van br. Anthonie le Roux van die vergadering van die 13de Mei. Die broeder het hier gepraat van **aanhitsers en rusverstoorders** br. Weber. „Ds. Olivier het ook gesê dat die kerkraad sal moet besluit wat met die **aanhitsers, opstokers en onrussaaiers gedoen moet word** „(Kwotasie uit Dippenaar se brief van die 13de Mei deur my voorgelees by die Ringskommissievergadering van die 16de Junie). „Volgens die kladnotule van br. Anthonie is daar van aanhitsers en nog 'n ander woord (ek het die kladnotule nie voor my gehad nie) gepraat. Wat is die ander woorde: **aanhitsers en aanblasers.** Ek het dit (wat in die kladnotule staan) **doelbewus ontken. Doelbewus.** Dit was vir my baie snaaks dat daar sekere presiese woorde na vore gebring word in die gesprek (in die brief). Toe ek hierdie brief vir u voorgelees het en die aanhalingstekens sien, en aanhalings uit my gesprek het ek nog meer suspisieus geword. Ek het 'n vermoede gehad en na ek dit gelees het nog 'n groter vermoede en op grond van wat u nou die aand, dit op die band gesê het, in daardie kantoor van Potchefstroom, die metode wat u gebruik het

is 'n metode wat 'n mens nie sal goedkeur nie, hulle kan dit naspeel om daardie presiese woorde te gebruik. Ek sal graag wil weet wat die metode is wat die br. gebruik het om die gesprek vas te lê en as u vir my dit gesê het en vir die Ringskommissie dan sal ek sê of ek dit ontken of dit nie ontken nie. Br. Voorsitter dit is my antwoord op hierdie aangeleentheid. Ek sê ek het dit **doelbewus ontken** omdat ek 'n vermoede gehad het en dat ek vanaand nog 'n vermoede het dat daar 'n metode was van die opneem van hierdie gesprek. Op hierdie stadium sê ek dit". (Kwotasie uit die verbatimverslag van die Ringskommissievergadering van die 16de Junie 1966).

Nou wat sê die bandopname wat het ek gesê? Die bandopname sê: (ek kwoteer) „Ja, nee, nee, nee, kyk, laat ons mekaar nou goed verstaan. Ek is 21 jaar predikant (ja). **Daar is altyd mense wat 'n gevoel veroorsaak, verstaan. (Ja). Daar is altyd mense wat onrus stook. (ja). Daar is altyd mense wat 'n ding aanblaas. (ja). Wie daardie mense is daaroor moet die kerkraad praat en besluit en aanwys, en as daar dan iemand aangewys word of persone aangewys word dan moet die kerkraad besluit oor wat hy gaan doen verder. Of daar is net twee weë: òf ons moet vir ons bekeer en ons gesindhede verander en ander mense word, òf die kerkraad moet optree en sodaniges gaan aankla by die Ring. (ja). Dis al weg. Maar ons kan nie verder voortgaan nie. Ons het nie hierdie soort dinge gehad in ons kerkraad nie. (ja).** „(kwotasie uit verbatimverslag van bandopname 28/4/66). Wat het Dippenaar gesê wat het ek gesê? Ek kwoteer uit die kladnotule: **„Aanhitsers en aanblasers sal mee gehandel word op kerkraadsvergadering. Op elke kerkraad sulke mense."**

Nou kan u sien hoe is my woorde verdraai. Hy verdraai my woorde en dan wil hy hê ek moet sê dat ek dit gesê het. Oor my dooie liggaam. En dit broeder skriba is die saak waarom dit gaan. Wat br. Dippenaar gesê het wat ek gesê het en wat ek gesê het is nie identies nie. Br. Dippenaar kon nie 'n fout maak in sy weergawe nie. Die weergawe was nie van hoorsê nie. Hy het die bandopname gemaak en hy moes my woorde sekuur en presies weergegee het, dan het ek dit nie ontken nie. Daar is nie net 'n verdraaiiing van woorde nie maar baie duidelik 'n verskil in strekking, en betekenis. Hy moet nie my woorde gaan verdraai en dan sê dat ek dit gesê het nie. Hulle kla my aan vir leuentaal, oortreding van die 9de gebod, maar sê die Kategismus dan nie uitdruklik en dit op grond van die Woord van God dat jy niemand se woorde mag verdraai nie, nie een woord moet verander of uitlaat nie?

Verdraai Br. Dippenaar 'n mens se woorde? Laat ek vir u die bewyse lewer: (i) Eerstens die brief van die 13de Mei 1966: Ek kwoteer: „Ds. Olivier het ook gesê **dat die kerkraad sal moet besluit wat met die aanhitsers, opstokers en onrussaaiers gedoen moet word".** Ek kwoteer uit die brief en let daarop dat dit nie in aanhalingstekens staan nie, soos ander gedeeltes van die gesprek in hierdie brief weergegee nie. (ii) Tweedens die aand van die 9de Junie voor die Ringskommissie: Ek kwoteer: **„dat daar in die kerkraad onrusstokers is, mense wat onrus aanblaas, dat op die volgende kerkraads-**

**vergadering daardie mense uitgewys sal word en daar besluit word wat met hulle gedoen sal word."**

(Aanhaling bandopname 9 Junie Ringskommissie).

(iii) Derdens klag 1b lui soos volg:

**„Bewering dat bydraekaarte gereeld deurgegaan word en by elke finansiële kommissievergadering bespreek word".**

Wat het ek gesê? Ek kwoteer die bandopname van br. Dippenaar: **„want eintlik moet ons met elke finansiële kommissievergadering moet ons daardie kaarte behandel."** U sien die verskil. Hy sê ek het gesê die bydraekaarte **word** behandel, ek het gesê **„eintlik moet hulle"** d.w.s. hulle **behoort** eintlik behandel te word by elke finansiële kommissievergadering. Op hierdie klag is ek vrygespreek. Wat dus vir klag 1b geld, geld ook vir klag 1a. Br. Dippenaar het net nie in sy klagstaat wat klag 1a betref die woorde wat hy op die kerkraadsvergadering van die 13de Mei gesê het wat ek sou gesê het weergegee nie. Maar die Here sy dank dat die notulerende skriba dit neergeskryf het. Die bandopname van br. Dippenaar van 29 April 1966 is my getuie en bewys in beide klagtes 1a en 1b.

Die Ring se uitspraak i.v.m. klag 1a is die volgende: „Die ring bevind ds. Olivier skuldig op klag 1a waar hy self erken dat hy doelbewus hierdie saak ontken het."

Die ring is net so vaag soos die klag. Hulle praat van 'n saak. Ek het nie 'n saak ontken nie. Ek het woorde ontken. Maar die Ring het dit baie oulik opsy geskuif. Hoekom? Omdat hulle bevooroordeeld was, vooringenome was, my tog wou skuldig vind. Die klaers sê nie wat die saak is nie en die Ring sê ook nie wat die saak is nie. Het u al ooit 'n Ring teengekom wat so verhoor?

Toe die bandopname teruggespeel is op die Ringsvergadering van die 22ste September is daar by my die indruk geskep dat 'n groot aantal van die Ringsafgevaardigdes hulle nie moeg maak wat die bandopname sê nie, want ek het mos gesê dat ek die woorde wat Dippenaar gesê het (13 Mei) wat ek sou gesê het (28 April) **doelbewus** ontken het (16 Junie).

Die Ring het van die standpunt uitgegaan dat wat br. Dippenaar gesê het (13 Mei) en ek gesê het (28 April) identies is. Toe ek op die 13de Mei die woorde wat Dippenaar gesê het ek sou gesê het ontken het, het ek dit ontken omdat dit nie is wat ek gesê het nie (vgl. bandopname 28 April). M.a.w. dit wat hy gesê het ek gesê het, en wat ek gesê het is nie identies nie. Die Ring het die doelbewustheid alleen op die ontkenning betrek, en dit kan op baie ander dinge slaan. In hierdie geval het ek dit betrek op die bewyslewering. Ek het daarmee die volgende bedoel: dit is nie die eerste keer in my lewe dat ek 'n bandopname uitdaag nie, kom jy nou met jou bandopname en kom bewys jy dat ek dit gesê het. Inteendeel met sy bandopname het hy die bewys gelewer dat ek reg was toe ek gesê het, dat ek nie gesê het wat hy sê dat ek sou gesê het nie.

Was die woorde wat hy gesê het wat ek sou gesê het (13 Mei) identies met my woorde (bandopname 28 April) dan het ek die aand van die 13de Mei geweet dat wat hy sê ek sou gesê het, dieself-

de is as wat die bandopname sê, en dan het ek 'n metodiese leuen vertel, terwyl ek dan tog weet dat ek dit gesê het. En dit is nie die geval nie. Ek het nie 'n metodiese leuen vertel soos die Ring beweer en waarop hulle my skuldig bevind het.

Hierdie uitspraak kan u nooit aanvaar nie en vertrou ek dat u my sal vryspreek.

(b) Klag 2a en 2b: Die klag lui soos volg: „Art. 59(b). Die gesindheid wat ds. Olivier openbaar is nie die van 'n evangeliedienaar waardig nie." „Motivering: (a) Ds. Olivier was onwillig om ouderling F. Weber en diaken F. Dippenaar gelyktydig te ontmoet of saam met enige ander onpartydige persoom om gemeentelike probleme te bespreek."

(b) Ds. Olivier moes nie nagmaal bedien het nie, tensy ons hierdie ontevredenheid of die gevoel wat daar tussen ons heers uit die weg geruim het nie."

Die uitspraak van die Ring was: „Skuldig op klag 2a en b omdat hy nie skriftuurlik reg opgetree het nie."

Ek versoek u om my vry te spreek van beide hierdie klagtes.

Waarom was ek onwillig om hulle gelyktydig te ontmoet? Eerstens het dit nie oor gemeentelike probleme gegaan nie maar kerkraadsaangeleenthede waarvan hulle persoonlike kwessies teen my gemaak het nl. die verkoping en my vervoertoelae. Tweedens kan ek nie sulke mense gelyktydig ontmoet wat bandopnames maak nie. Derdens ek het br. Weber alleen ontmoet die aand van die 13de Mei (Sien die kerkraadsnotule van die 13de Mei) en hy het versoend van my weggegaan. Die oggend van die 14de Mei was hy weer onversoend. Hierop het die Ring br. Weber op sy vergadering van die 27ste Oktober 1966 in die klag van die kerkraad teen hom skuldig bevind. Br. Dippenaar het ek genooi om Saterdag die 14de Mei om 10-uur vm. na my te kom. Hy het geweier. Sien notule van Kerkraadsvergadering van 13 Mei 1966.

'n Onpartydige persoon moes iemand buite die kerkraad gewees het. Aanvanklik volgens hulle versoeke moes dit 'n persoon buite die grense van ons gemeente gewees het. En dit wou ek nie toestaan nie. Eerstens omdat dit 'n suiwere kerkraadsaangeleentheid en daarby 'n huishoudelike saak was, en tweedens omdat ek nie 'n kerkraadsaangeleentheid wou laat rangeer op die sylyn van 'n persoonlike kwessie. Waar die „nie Skriftuurlik korrek opgetree het" hier aan die orde kom, begryp ek nie. My Bybel leer my: „wees so opreg soos die duif maar so versigtig soos die slang". Ek ken hierdie mense, en my kerkraad ken hierdie mense. Die Ring weet van hulle niks.

Wat die nagmaalbediening betref kan ek die uitspraak van die Ring ook nie begryp nie. Voor die vergadering van die 13de Mei het hier stories in die dorp rondgelê dat hulle my gaan belet om die nagmaal op die 15de Mei te bedien. Op die aand van die 13de Mei het br. Weber gesê: „As daar nie vrede kom nie sal ek en dominee nie nagmaal vier nie." Hierop het ek gesê: „ek sal nagmaal vier want ek het geen wrok nie, as ander 'n wrok het is dit sy saak". (Sien kladnotule van 13 Mei). Maar nou moet ek u daarop wys dat Br. Weber die nag van die 13de Mei met my versoen was. Br. Dippenaar wou nie alleen kom om hom met my te versoen nie. Die

een was versoen, die ander wou nie kom nie. Is hierdie optrede van my Skriftuurlik nie reg nie?

In hul gesamentlike klagtes van die 17de Augustus het hulle die Ringskommissie versoek om my te belet om nagmaal te bedien. Aan hierdie versoek het die Ringskommissie nie voldoen nie. En wie is die oorsaak daarvan dat hierdie saak toe nog nie afgehandel was nie. Niemand anders as die Ringskommissie nie. Vanaf die 18de Mei tot die 17de Augustus was hulle met hulle gerugstorie besig. Die saak kon lankal voor die tweede nagmaal afgehandel gewees het. Teen die tweede nagmaal kon die broeders al versoend gewees het (as hulle so graag wou versoen het) as die Ringskommissie nie so onbekwaam en onbevoeg was in die hantering van hierdie saak nie. En die ring keur hierdie optrede goed.

As ek die nagmaal nie mag bedien nie, dan mag ek die doop ook nie bedien nie, en dan mag ek die Woord ook nie bedien nie. Hulle is vir my kwaad, en omdat hulle vir my kwaad is mag ek nou die nagmaal nie bedien nie. Hulle is tog nie die enigste wat vir my kwaad is nie. Daar is seker ander ook. Maar ek het hulle hoegenaamd persoonlik geen leed aangedoen op die aand van die 22ste April nie, en ook nie die aand van die 13de Mei nie. Hoekom sê die ring dan nie wat is die Skriftuurlik korrek optree nie. Die Ring het hier 'n uitspraak gegee wat as dit toegepas moet word, daar weinig predikante sal wees wat die nagmaal sal mag bedien. Ek doen 'n beroep op u om my hierin vry te spreek.

(c) Klag 3b: Klag 3 lui soos volg: „Ds. Olivier maak van persoonlike kwessies gebruik om die kerkraad te beïnvloed." „Motivering: (b) Ds. Olivier beïnvloed die kerkraad om nie te versoen nie deur sekere uitlatings te maak." Die Ring se bevinding is: „Skuldig op klag 3b waar ds. Olivier volgens eie erkenning sy kerkraad beïnvloed het om nie te versoen nie."

Br. Skriba maar ek het nie erken dat ek my kerkraad beïnvloed het om nie te versoen nie. Wat ek wel gesê het is „broers julle moet nie nou ingee nie, julle moet nie nou kapituleer nie." Wie het dit gehoor wat ek gesê het? Dit is brs. Weber en Dippenaar. In plaas daarvan om uit te gaan en buite te staan soos deur my versoek, het hulle in die kerksaal (kerk-saal kombinasie) gaan staan om te hoor wat ek sê. Ek kwoteer p. 31 bo-aan verbatimverslag van die Ringskommissievergadering van 16 Junie: „Ja, Br. Voorsitter, Brs. Kerkraadslede ek dank u vir die mate van versoening maar ek wil net graag vir u vra toe ons vroeër vanaand hier vergader het nog as kerkraad was na my en br. Dippenaar gevra om die vergadering te verlaat tydelik totdat u sekere besluite geneem het en ek het hier in die saal gestaan en dit het vir my voorgekom wat ek gehoor het dat ds. Olivier die kerkraad gevra het om nie te kapituleer nie, **m.a.w. hy het hulle probeer beïnvloed om nie toe te gee as om die klagtes teen my verder te voer nie.**"

Maar ek het nie vir hulle gesê om nie te versoen nie, maar om nie te versoen sonder skulderkentenis nie. Met hierdie woorde het ek bedoel dat daar alleen 'n versoening kan wees op grond van skulderkenning, geen versoening deur toesmeerdery nie. Dit sal ons nie verder bring nie. Ons as kerkraad weet wat ons onder hierdie

broeders moes deurmaak. Ek kwoteer nou uit die notule van die spesiale kerkraadsvergadering van die 16de Junie 1966 p.1 punt 4: „Prosedure van Kerkraad as klaers:" „Broers Dippenaar en Weber word gevra om die vergadering te verlaat. Na bespreking word besluit dat die voorsitter die mondstuk van die vergadering sal wees. Elke lid sal reg hê om te praat, inligting te verskaf of mag as getuie opgeroep word. Verlof word gevra om eie bandopnemer te gebruik as daar meer bandopnemers is as die Ringskommissie s'n. Goedgekeur." Terwyl gewag word op koms van Ringskommissie pleit br. Snyman vir skikking indien moontlik. Die Voorsitter meld dat een van die twee broers gesê het dat hy hom nie laat berispe deur die kerkraad nie. Na bespreking word besluit dat die kerkraad konsekwent moet bly by die klagtes. Die Ringskommissie moet uitspraak gee. Dit word algemeen goedgekeur dat voortgegaan moet word met die saak". (Sien Kerkraadsnotule 16 Junie 1966).

Op die 25ste Mei 1966 het die Kerkraad Brs. Weber en Dippenaar apart aangekla. Sien brief gedateer 26 Mei 1966. Dit was klagtes wat verhoor moes word. Dit is 'n tughandeling. Die Ringskommissie het by monde van die voorsitter hulle oorkoms gesien in die lig van besluit 96(f). Volgens hulle was dit 'n kerklike geskil en dit was versoening voor en versoening agter, en daarop het hulle gehamer van die begin tot die eind. Een van my kerkraadslede het dan ook vir die voorsitter gevra hoe hy voorsitter kan wees terwyl hy met die saak gemoeid is.

Tydens en nadat ek die klagtes namens die kerkraad teen br. Weber gespesifiseer het en toegelig het en Br. Weber en ander kerkraadslede aan die gesprek deelgeneem het, het die voorsitter die aangeleentheid in die rigting van versoening gestuur. Ek was met die voorsitter in diskussie oor die aangeleentheid. Sien p.20 en volgende paginas van die verbatimverslag van die Ringskommissie van 16 Junie 1966.

Die Ringskommissie het verdaag om die kerkraad geleentheid te gee om te versoen. En die kerkraad het dan ook besluit om te versoen. En die kerkraad het dan ook besluit om te versoen mits Br. Weber en ook br. Dippenaar skuld erken. Ek kwoteer vir u uit die notule van die kerkraadsvergadering van die 16de Junie: „Na lang bespreking verdaag die Ringskommissie om die kerkraad geleentheid te gee om hulle te besin oor 'n versoening met die broers al dan nie. Na die pouse hervat die kerkraadsvergadering en na 'n lang bespreking dien br. W. H. Wessels die volgende voorstel gesekondeer deur br. J. Joubert in: „Dat hierdie kerkraad in beginsel besluit dat hulle gronde wil vind vir versoening". 'n Amendement word hierop deur br. A. Keeve gesekondeer deur br. F. van Rensburg ingedien wat as volg lui: „Die kerkraad is bereid om te versoen op die volgende voorwaardes: (1) dat br. Weber skuld erken op al die klagtes; (2) dat hy die kerkraad om verskoning sal vra; (3) dat hy hom sal onderwerp aan beslissing en tugmaatreëls wat die Ringskommissie mag oplê. Dieselfde geld vir br. Dippenaar."

„Die amendement word goedgekeur met 41 stemme teenoor 5. Die Ringskommissie neem die vergadering oor vir die res van die vergadering." (Sien Notule Spesiale Kerkraadsvergadering 16 Junie).

Waar het ek nou die kerkraad beïnvloed om nie te versoen nie. Ons wou versoen, ons moet versoen, maar daar is geen versoening sonder skulderkentenis nie. En dit is wat Br. Weber nie wou doen nie. Sien p. 30 — 32 van die verbatimverslag van die 16de Junie. Dit is nie ek wat hulle beïnvloed het om nie te versoen nie, maar br. Weber wat nie skuld wou erken nie.

Die Ringskommissie het egter van al hierdie dinge geweet. Waarom het hulle die Ring nie ingelig nie? Is dit nie 'n bewys van die vooringenomenheid van die Ringskommissie nie, en dr. Eloff wat sitting op die Ring gehad het en persoonlik so intens met die saak gemoeid is? Ek doen 'n beroep op u om my van hierdie skuldigbevinding vry te spreek.

3. Derdens Bevindinge 2, 3, 4 en 5: Ek maak ten sterkste beswaar teen bevindinge 2 tot 5.

Bevinding 2: Die tugtoepassing van vermaning binne die ringsvergadering het ek nie verdien nie. Ek is onskuldig op ses klagtes en op die ander vier is ek ook onskuldig. Ek versoek u om dit op te hef.

Bevinding 3: Ek het my sterk uitgespreek teen dinge wat ek as onreg en as verkeerd beskou het, selfs waar dit Ringsafgevaardigdes geraak het. Ek is nie aanmatigend nie, maar die Here het my nog deurgaans die krag gegee om te sê wat ek oortuig is dat ek dit moet sê. Ek versoek u om hierdie bevinding ter syde te stel.

Bevinding 4: Ek maak ten sterkste beswaar teen bevinding 4. Die brs. Weber en Dippenaar het 'n persoonlike agitasie teen my op tou gesit, en toe die kerkraad teen hulle begin optree het, het hulle dit oor die boeg gegooi dat ek 'n persoonlike kwessie teen hulle het. Lees die verbatimverslag van die 16de Junie dan sal u sien wat my kerkraadslede van hierdie broeders gesê het. Hiervan weet die Ring niks, en hiervan het die Ringskommissie niks aan die Ring vertel nie. Nee br. Skriba hierdie soort van verhoor strek ons kerk nie tot eer nie, en as dit die soort van tughandeling in ons kerk is kan ons maar ikabod daaroor skryf.

Bevinding 5: Hierdie bevinding is ook onbillik en versoek ek u om dit tersyde te stel. Albei die broeders het as kerkraadslede bedank. Die kerkraad het hulle bedankings teruggehou totdat die kerkraad se klagtes teen hulle deur die Ring afgehandel is. Op die oomblik is die een br. se bedanking afgehandel en aanvaar, en die ander br. se bedanking sal by die volgende vergadering behandel word. Buitendien is sy dienstyd verstryk en is iemand anders in sy plek verkies. En as daar dan nie versoening kom nie wie sal dan in sy amp gestuit word? Nie een van die broeders nie. Hulle is nie meer in die amp nie. Net ek alleen sal in my amp gestuit word. So 'n bevinding is onbillik en onregverdig en verdien ek nie.

Ingeslote ook die volgende stukke:

(1) 'n Brief van die Kerkraad aan die Voorsitter van die Ring 26 Mei 1966, behelsende die ongespesifiseerde klagtes teen brs. Weber en Dippenaar.

(2) Uitspraak van die Ring i.s. Klag Weber en Dippenaar teen ds. Olivier 26/6/66 (moet lees 26/9/66).

(3) Verbatimverslag (gedeelte) telefoongesprek ds. Olivier—Dippenaar, 28 April 1966. Volgens informasie waaroor ek beskik is dit

'n verbatim weergawe deur die skriba van die ring van 'n tweede bandopname wat br. Dippenaar van sy bandopname gemaak het. Ek het die verbatimverslag met hierdie bandopname gekontroleer maar nie met die oorspronklike opname nie.

(4) Brief van Br. Dippenaar aan die Kerkraad 13 Mei 1966.

(5) Kladnotule van die Kerkraadsvergadering van die 13de Mei in potlood op die agterkant van drie notules van 22/4/66.

(6) Notule van 'n gewone kerkraadsvergadering gehou op 13 Mei 1966.

(7) Notule van 'n spesiale en gekombineerde kerkraadsvergadering gehou in die kerk op Woesndag 25 Mei 1966.

(8) Notule van 'n spesiale kerkraadsvergadering gehou in die kerk van die N.G. Gemeente Potchefstroom-Suid op 16 Junie 1966.

(9) Afskrifte uit die verbatimverslag van die Ringskommissievergadering van die 9de Junie 1966.

(10) Afskrifte uit die verbatimverslag van die Ringskommissievergadering van die 16de Junie.

Ek versoek u vriendelik, maar tog baie dringend om die verbatimverslae van die Ringskommissievergaderings van die 9de en 16de Junie 1966 onderskeidelik van die skriba van die Ring te verkry wat u 'n duidelike agtergrond van die hele aangeleentheid sal gee. Die een van die 9de Junie is 18 getikte folios en die een van die 16de Junie 32 getikte folios. Dit is haas onmoontlik vir my om u afskrifte hiervan te voorsien.

Dit is nie nodig dat 'n spesiale Sinodale Kommissievergadering hiervoor gehou sal word nie. Dit kan oorstaan tot u volgende vergadering. Maar as u 'n spesiale vergadering moet hou dan kan u hierdie saak asseblief ook in behandeling neem.

Hoogagtend, uwe in Sy diens, (Get. M. J. P. Olivier.)

---

## UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 18 MEI 1966.

„**Artikel 4. Korrespondensie:** Die Voorsitter lees twee briewe voor, een van br. F. J. Dippenaar, diaken, en die ander van br. F. C. V. Weber, ouderling, beide van Potchefstroom-Suid.

Sowel die ontvanklikheid van die briewe as die prosedure wat gevolg moet word, word bespreek. Die Ringskommissie besluit soos volg:

1. Albei briewe bevat 'n aansoek om die genieting van lidmaatsvoorregte in Mooirivier. Die aansoeke as sodanig kan nie deur die R.K. in behandeling geneem word nie. Die weg wat gevolg moet word, is dié van Besluit 48(e).

2. Albei briewe bevat 'n motivering van die aansoeke om lidmaatsvoorregte. Die motivering is 'n nadelige gerug. Dit is die plig van die R.K. om die saak te ondersoek met die oog op 'n versoening tussen die klaers en ds. M. J. P. Olivier.

3. Die skriba sal skrywes rig aan die drie broeders. Aan brs. Dippenaar en Weber sal 'n brief gerig word waarin die standpunt van die R.K. op grond van Besluit 48(e) verduidelik word en waarin hulle n.a.v. hulle onderskeie motiverings versoek word om die R.K. te ontmoet op Don. 9 Junie om 7 nm. in die Kerkkantoor van Potchefstroom (Besluit 95(b) (c) en 96(a)).

Aan ds. Olivier sal afskrifte gestuur word van beide briewe van die klaers tesame met 'n skrywe waarin hy ook versoek word om op dieselfde tyd die vergadering by te woon met die oog op 'n moontlike skikking (Besluit 95 a,b,c en 96 a.)"

---

## UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN RINGSKOMMISSIE-VERGADERING GEHOU OP 27 MEI 1966.

„**Artikel 3. Sake uit die notule:** Die Voorsitter lees die brief voor wat aan ds. M. J. P. Olivier gerig is op 20 Mei 1966 asook die antwoord van ds. Olivier op genoemde brief. Die Ringskommissie is van opinie dat 'n gerug nie gespesifiseer kan word nie. So 'n gerug is immers 'n klag. Die Voorsitter deel die Kommissie ook mee dat hy 'n skrywe ontvang het van die Kerkraad van Potchefstroom-Suid waarin die twee broeders F. C. V. Weber en F. J. Dippenaar (ouderling en diaken onderskeidelik) by die Ring aangekla word. Die Ringskommissie besluit dat die gerugte m.b.t. ds. Olivier aan die eenkant en die klag van die Potchefstroom-Suidse kerkraad as twee afsonderlike sake behandel moet word. Aan die skriba word opdrag gegee om die volgende skrywes te rig:

(a) Aan ds. M. J. P. Olivier:

„Die Ringskommissie erken hiermee die ontvangs van u skrywe van 23 Mei. Wat u aanmerkings in punte 1 en 2 betref, wil die R.K. u daarop wys dat die betrokke twee broeders (Dippenaar en Weber) van die regte prosedure skriftelik verwittig is op 20 Mei. M.b.t. punte 3 en 4 in u skrywe, volstaan die R.K. by sy skrywe. T.o.v. punt 5 wil ons u daarop wys dat die Ringskommissie alleen met 'n gerug te doen het wat ons geroepe is om te ondersoek kragtens besluit 96 (a). Daarom herhaal die R.K. sy versoek nl. om teenwoordig te wees by die vergadering op Don. 9 Junie om 7 nm. in die Kerkkantoor van die Potchefstroomse gemeente met die oog op 'n moontlike skikking. Die R.K. wil graag beklemtoon dat hy met bogemelde vergadering veral versoening be-oog. Hierdie gerug raak nie u kerkraad nie. Daarom oordeel die R.K. dat die Kerkraad se teenwoordigheid nie nodig is nie."

(b) Aan die Kerkraad van Potchefstroom-Suid:

„Die R.K. is in ontvangs van u skrywe van 26 Mei 1966 waarin twee lede van die Kerkraad by die Ring aangekla word. Ons versoek u vriendelik om die R.K. te ontmoet op Donderdag 16 Junie in die Kerkgebou van Potchefstroom-Suid om 7 nm."

(c) Br. F. C. V. Weber en die br. F. J. Dippenaar waarin hulle van die vergadering op 16 Junie verwittig word. Die afspraak van 9 Junie bly van krag. 'n Afskrif van die klag sal by elke skrywe ingesluit word."

---

## VERBATUM VERSLAG RINGSKOMMISSIEVERGADERING VAN 9 JUNIE 1966.

Dr. Eloff:

Broeders, ons is bly dat u gekom het sodat ons 'n bietjie vanaand kan gesels oor die saak wat voor hande is. Ek wil dit graag duidelik vooraf stel en ek wil die vertroue uitspreek dat ons in die regte gesindheid verkeer om met mekaar te kan praat. Dit is tog

baie duidelik, broeders, dat ons almal, en ek dink ek kan dit sonder gevaar van teëspraak sê, dat ons almal probeer om die Koninkryk van die Here te dien, elkeen op sy verskillende plek soos die Here ons geroep het. Nouja, omdat ons nie sondelose mense is nie, het ons soms probleme, is daar soms persoonlike botsings ook tussen mense en in dié lig probeer ons dan vanaand saam met u kom om te kyk of ons nie enigsins vir u kan help in die situasie wat ontstaan het nie. Dit gaan oor menslike verhoudings, broeders, en dan is dit altyd maar 'n moeilike saak. Ek wil ook graag van ons kant af as Ringskommissie, ons allerbeste gesindheid aan u bied en ons wil ons beste probeer om so onpartydig hulp te bied as wat moontlik is. Ek dink dis min of meer die gesindheid waarmee ons vanaand byeen kom.

Ons kom vanaand saam in die lig van Besluit 95(b):

„Lede van die Ring is ampshalwe verplig om kennis te neem van verspreidende nadelige gerugte omtrent diegene wat onder die tug van die Ring val, en om dit onder die aandag van die vergadering te bring, ook al is daar geen bepaalde klag ingedien nie."

Ook Besluit 96(a):

„Wanneer die Ringskommissie 'n appèl teen die uitspraak van die Kerkraad of 'n klag of kennis van 'n nadelige gerug in verband met iemand wat onder die tug van die Ring val, ontvang, sal hy die Kerkraad versoek om die saak voorlopig te ondersoek, of self direk ondersoek instel."

Ons noem u net die belangrikste punte, daardie artikels wat in die eerste plek nou van belang is.

Ons wil graag vir u hiermee verwelkom by hierdie Ringskommissievergadering en ek wil sommer dadelik sê dat ons in ons gemoed en in ons gedagte het is om die saak van die Koninkryk te probeer dien. Ons wil werklik hier wees vanaand in die gesindheid van broederlikheid en ons probeer werklik hier wees in die gesindheid van die Christelike liefde en die Christelike gesindheid.

Ons wil ook vertrou dat sou daar vanaand verskil van opinie wees, en daar is verskil van opinie, daarom is ons hier, dat ons dit probeer in die allerbeste gees en gesindheid saam te trag te probeer oplos.

Ons het hier die bandopnamemasjien ook met die uitsluitlike doel om die Skriba daarmee te help. Ons het al ervaring in dié verband en daarom weet ons dat dit is eintlik die beste metode, dan kan hy later as daar oor enige saak twyfel is kan hy dit vir homself terugspeel en kan hy 'n deeglike verslag lewer van ons vergadering. Dit is eintlik al waarom ons hierdie instrument hier het.

Dit is die doel van ons samekoms. Ons het dit reeds in ons briewe aan u geskrywe. Ons noem dit net kortliks om dit duidelik te stel, dit is miskien nie heeltemal nodig nie want u het dit reeds gelees, maar die briewe aan broeders Dippenaar en Weber wat na die kommissie verwys is en wat ons aan hul teruggestuur het wat die versoek betref en vir hul gesê het dit is 'n versoek wat by die Kerkraad tuishoort, die vergunning van lidmaatsvoorregte in Mooirivier Gemeente. Dit is nie ter sake by ons nie.

En dan is daar die motivering wat u gestel het en waarin ons nou iets nadeligs teenoor die leraar bespeur het. Ek lees nie nou

weer die briewe nie, dis die oorspronklike briewe wat u gestuur het, en dit is die brief aan br. Weber en aan br. Dippenaar en aan ds. Olivier, aan u almal is geskrywe waaroor dit gaan en ons het u gevra om vanaand hier teenwoordig te wees.

„Met betrekking tot die motivering van u versoek naamlik dat u nie langer kans sien om na die verkondiging van Gods Woord deur 'n leraar vir wie u nie meer die nodige agting het nie en wie te betwyfel is weens sy optrede tydens gebeure in die afgelope tyd, te luister nie." Dit is die sinsnede uit br. Dippenaar se brief wat daaruit kom, en die ander uit br. Weber s'n: „Met betrekking tot die motivering van u versoek waarin u onder ander verwys na die feit dat u bedenkinge het oor die opregtheid van u leraar se optrede" versoek die Ringskommissie u om hom, die Kommissie, te ontmoet Donderdag die 9de Junie.

So, broeders, dit gaan in die een geval oor die kwessie van die bewoording is dat u nie langer kans sien om na die verkondiging van Gods Woord deur 'n leraar vir wie u nie meer die nodige agting het nie en wie te betwyfel is weens sy optrede tydens gebeure in die afgelope tyd, en hierdie een dat weens die feit dat u bedenkinge het oor die opregtheid van u leraar se optrede. Broeders ons het u gevra om vanaand hiernatoe te kom en ons het in ons briewe duidelik gestel dat ons doel eintlik is dat ons graag . . .

Al was ons eintlik na vore wil bring is die presiese bewoording van die saak. Nou het ons aan u geskrywe dat ons graag vanaand byeen wil kom met hierdie uitsluitlike doel om te kyk of ons nie as broeders hierdie probleem geval tussen u kan skik nie, of ons nie tot 'n bepaalde versoening kan kom nie. Nou dit is die doel van hierdie vergadering vanaand.

Hieruit is dit duidelik dat ons eers moet duidelikheid kry oor waaroor gaan die gerug presies want op hierdie stadium is dit 'n algemene ding, 'n algemene bewoording wat iets nadeligs mag impliseer of dit mag niks impliseer nie. Dis een van twee moontlikhede. Dus moet deur ons bespreking in broederlike gees tot duidelikheid kom wat eintlik daar so ongespesifiseerd gestel word. Nou br. Olivier het vir ons geskrywe hy sien nie kans en sal nie hier wees vanaand nie en toe het hy later die scriba geskakel om te sê hy sal wel kom.

Ds. Olivier: Hopende dat u my spoedig sal antwoord.

Dr. Eloff: Ons het u geantwoord om te sê dat ons hou vanaand hier vergadering en ons wil graag vir u hier hê om die saak te bespreek om te kyk of daar nie versoening is nie.

Ds. Olivier: Dan moet u my kans gee om op die meriete van die saak in te gaan. Ek wil graag duidelikheid hê wat aan die gang is vanaand hier en waarmee ons besig is. Ek wil nie in die newels verkeer nie, ek wil in die lig wandel. Ek wil graag van u verneem of ons hier is om 'n klag te behandel.

Dr. Eloff: Ek reeds gesê dis 'n gerug.

Ds. Olivier: Dan is dit duidelik dat dit nie 'n klag is nie.

Dr. Eloff: Dis 'n gerug. Ons het dit baie duidelik gestel in die brief.

Ds. Olivier: Ja toe maar, dis nie nodig nie. Ek wil maar net vra na die prosedure.

Dr. Eloff: Nou u hoef nie dinge te sê wat nie nodig is nie.

Ds. Olivier: Ek wil graag duidelikheid hê, br. Voorsitter, oor die gerug. 'n Gerug veronderstel, 'n gerug maak. Ek veronderstel dat die twee broers die gerug maak. Volgens u skrywe doen hulle aansoek by die Ringskommissie om hulle lidmaatsvoorregte na Mooirivier te neem, so het u in u brief wat u aan my geskrywe het gesê uit hul motivering blyk dat hulle, dat hierdie 'n gerug is wat my amp as bedienaar van die Woord raak. Ek het vir u geskrywe en nie antwoord daarop gekry nie. Ek wil graag weet wat die gerug is. Wat is die gerug wat die twee broeders in verband met my versprei.

Dr. Eloff: Ds. Olivier, daarom is ons mos hier . . . . .

Ds. Olivier: Maar ek wil die gerug hoor.

Dr. Eloff: Maar daarom is ons mos hier om die gerug te . . . . .

Ds. Olivier: Nou maar goed dan wil ek die gerug hoor, want ek dra nog nie kennis van die gerug nie. Op hierdie stadium, sonder om die meriete van die saak te bespreek . . . .

Dr. Eloff: Dis mos duidelik soos ons dit gestel het. Daar is 'n bepaalde gerug dat een of ander iets wat dit ook al mag wees, in verband met die leraar se optrede, die woorde soos ek dit netnou daar gestel het, te betwyfel is, en aan die opregtheid getwyfel word. Dis die woorde wat daar geskrywe staan. Nou kom ons bymekaar. Ons kon dus op geen stadium vir ds. Olivier antwoord op sy laaste brief nie. Ons sou ook nie geantwoord het voor hierdie vergadering nie, want wat moes ons antwoord? Ons moes eers duidelikheid kry wat is presies aan die gang en dan kan ons vir hom gesê het daar is iets of daar is nie iets nie. Nou is ek bly dat hy gekom het want langs hierdie weg kan mens meer tot duidelikheid kom. As hy nie gekom het nie dan was dit vir ons, en kon ons waarskynlik vanaand moeilik tot klaarheid kom en dan moet die Ring maar self tot klaarheid gekom het in hierdie verband, as dit sou nodig wees om soontoe te gaan.

Nou wil ek graag vir die broeders aan die woord stel, om daardie stellinge wat u gemaak het in u brief oorspronklik, en wat ek nou pas twee keer gelees het, wat u eintlik presies daarmee bedoel.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, voor . . . wil ek tog net graag duidelikheid kry as dit die gerug is die: Br. Weber skryf so . . .

Dr. Eloff: Ds. Olivier, ek het mos nou gesê . . . .

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, ek wil graag duidelikheid hê . . . .

Dr. Eloff: Ds. Olivier, u sal al die duidelikheid kry wat nodig is. Ek het mos vir u gesê hierdie is ons interpretasie van die gerug.

Ds. Olivier: Nou goed, laat ek net duidelikheid kry of dit so is, want ek verskil van u, dis nie 'n gerug nie, dis 'n klag.

Dr. Eloff: Nou ons interpretasie is dat dit 'n gerug is.

Ds. Olivier: Nou maar ek sê nou vir u ek verskil van u. 'n Gerug, br. Voorsitter, op my beskouing, moet gebonde wees aan 'n plek. ruimte en tyd, soos bv. dat ds. Olivier op Odendaalsrus of Bothaville in die openbaar gelaster het op 'n sekere dag. Dan kan u dit ondersoek, en u kan dit ondersoek sonder dat daardie predikant teenwoordig is. Ek sien nie die nodigheid waarom ek teenwoordig moet wees hier vanaand nie om die gerug wat hierdie broeders van my versprei het aangaande my, as dit 'n gerug is, om hier teenwoordig te wees

nie. Ek kan mos maar net so goed hier uitgaan dan kan hulle vir u vertel wat die gerug is en dan kan u die gerug ondersoek en die bewyse kry om die gerug te staaf.

Dr. Eloff: Ds. Olivier, u is nou besig om ons prosedure vanaand voor te skryf en die kan u nie doen nie, die gaan ons self doen. U het gesê u wil nie hier wees in u oorspronklike brief nie, en toe het ons gesê ons gaan die vergadering vanaand hou en nou sê u u het besluit om vanaand hier te wees. Nou is u hier, en ons waardeer dit. Nou weet ek nie wat u presies in pag . . .

Ds. Olivier: Laat ek tog net vir u sê, br. Voorsitter, waar is my brief . . . . .

Ek het nou nog nie van u 'n antwoord oor wat hierdie gerug is . . . .

Dr. Eloff: 'n Gerug hoef uitgemaak word deur die mense wat dit ter sake gebring het, en ons is nou besig om dit te doen. Dus ons kan nie vir u sê wat die gerug is en die besonderhede van die gerug, tensy ons daardie gerug ondersoek het nie, en daarmee is ons nou besig.

Ds. Olivier: Laat ek net my brief lees: 3 Junie, U skrywe van 27 Mei laaslede my ter hand. U wil my laat verstaan dat die broeders Weber en Dippenaar 'n nadelige gerug wat my in my ampsbediening van die Woord raak onder u aandag gebring het. Dit is so, nie waar nie? Hulle het dit onder u aandag gebring. Is ek reg of is ek verkeerd.

Dr. Eloff: Br. ons het mos geskrywe. Ons kan nie nou herhaal wat ons reeds gesê het nie.

Ds. Olivier: Sal u asb. laat ondersoek instel na daardie gerug sonder my en my tog net laat weet wat daardie gerug is. Indien die gerug gegrond is, sal u dit asb. deurstuur na die Ring toe. Tewens in die lig van (b) hierbo genoem is dit vir my nutteloos en doelloos om op die vergadering van die 9de Junie teenwoordig te wees. U het 'n klag onder andere van die Kerkraad teen hierdie broeders en dit staan in direkte verband met hierdie aangeleentheid. Hopende om spoedig antwoord van u te ontvang.

Ek wou net geweet het was dit nou nog nodig dat ek hier moet wees na ek my uiteensetting gegee het . . . . . gevra dat ek hier moet wees.

Ds. Burger: Mag ek iets sê, br. Voorsitter?

Dr. Eloff: Seker.

Ds. Burger: Die br. Voorsitter het tog gesê die doel van ons byeenkoms vanaand is om te kyk of ons nie waar hier uit hierdie motivering van die broeders waar hulle aansoek doen vir kerklike voorregte in Mooirivier, uit daardie motivering tot ons, dinge is wat nog ondersoek moet word, het ons gedink, kan ons nie . . . soos die broeder gesê het, om 'n oplossing te probeer vind, 'n versoening te bewerk. Indien daar wel verwydering tussen die broeders is wat blyk uit die brief, die broeder sê hy kan nie na u luister nie ens. Ons wil kyk of ons u nie tot 'n versoening kan bring nie.

Ds. Olivier: Nee kyk, dit gaan oor die tug. 'n Gerug, 'n nadelige gerug. Dit val onder Artikel wat u kwoteer het in u brief.

Dr. Eloff: Dis nie 'n tughandeling nie, dit kan ontwikkel in een.

Ds. Olivier: Dis 'n nadelige gerug myns insiens wat u kan ondersoek sonder my.

Dr. Eloff: Ds. Olivier, dit hang van u af of u teenwoordig wil wees, nee of ja.

Ds. Olivier: Ek het u gevra wat die gerug is.

Dr. Eloff: Ek het die broeders nou gestel, hulle is die mense wat die saak gestel het.

Ds. Olivier: As ek die gerug kan hoor en op skrif kan kry sal ek bly wees.

Dr. Eloff: U sou dit reeds al gehoor het as u nie onnodig gepraat het nie. Die broeders was aan die orde gestel.

Ds. Olivier: Dis nie onnodig nie, br. Voorsitter.

Dr. Eloff: U is nou net presies waar u gewees het. Ek het die broeders aan die orde gestel om vir ons te sê wat wil hul spesifiek met daardie twee stellinge wat hul gemaak het en daaruit word dit mos duidelik wat daardie gerug is. Dan kan ons u sê.

Ds. Olivier: Nou dis wat ek wil weet. Maar u het in u brief gesê dit blyk vir u as Ringskommissie duidelik uit die motivering dat hierdie 'n nadelige gerug is wat my in my amp raak. m.a.w. u het klaar aangehaal dat hulle motivering 'n gerug dra wat nadelig is vir my amp, dit staan so.

Dr. Eloff: Wat nadelig kan wees.

Ds. Olivier: Nie wat nadelig kan wees nie.

Dr. Eloff: Ons het niks aanvaar voor vanaand nie.

Ds. Olivier: . . Soos duidelik uit die motivering blyk is daar 'n gerug wat u amp as Bedienaar van die Woord raak. Dis klaar, dit raak u, dis nie sal raak of kan raak of moontlik nie. In die lig van Besluit 95 a, b en c en 96 a(tussen hakies 95 a, b en c het niks hiermee te doen nie), versoek ons u sowel as die betrokke twee broeders om die vergadering van die Ringskommissie by te woon ten einde die gerug te ondersoek met die oog op 'n moontlike skikking.

'n Gerug gaan nie om skikking nie, dit gaan om die grondigheid van die gerug en dan gaan dit oor tot 'n tughandeling en dan moet daardie persoon getugtig word of 'n vryspraak van die persoon oor hierdie gerug.

Dr. Eloff: Ja, ongelukkig stem ek glad nie met u saam nie.

Ds. Olivier: Dit maak nou nie saak nie, ons stem seker nie saam nie.

Dr. Eloff: Besluit 95 (b): (Lees die Besluit).

Dus voordat hulle die besonderhede wat daardie gerug uitmaak, al is daar geen bepaalde klag ingedien nie. Eers in 96 (b) „Die Ringskommissie . . . ens."

Dus daar is geen verklaging of veroordeling van geen kant nie.

Br. Dippenaar ek stel nou vir u aan die woord.

Br. Dippenaar: Br. Voorsitter, die feit dat ons vanaand hier is, is beslis nie vir my baie aangenaam nie. Dit was in der waarheid nie nodig gewees om hier te gewees het nie. Die saak het ons probeer op mooiigheid oplos. Ons het dit op daardie manier probeer deurdat ons vir Ds. Olivier genader het om met hom die saak te bespreek en ongelukkig wil ek dit, hierdie gerug wat daar is, wat ons daar gestel het, wil ek vanaand sê ek glo dat as Ds. Olivier bereidwillig was om vir ons te ontmoet hierdie saak miskien nie eers vanaand hier ter sprake sou gewees het nie. U moet my maar korrigeer,

Br. Voorsitter, as ek miskien buite perke gaan in hierdie saak. Ds. Olivier was bereid om ons te ontvang maar Ds. Olivier was nie bereid om meer as een persoon op 'n slag te ontvang nie. Na herhaalde pogings wat ek aangewend het, het Ds. Olivier geweier om vir ons te ontvang. Ds. Olivier het my gesê dat hy, waarom ons toe beswaar gevoel het is die feit dat Ds. Olivier gesê het dat in die verlede het hy nie so iets geken nie, dat daar in die Kerkraad onrusstokers is, mense wat onrus aanblaas, dat op die volgende kerkraadsvergadering daardie mense uitgewys sal word en daar besluit word wat met hul gedoen sal word. Ons het, die hele saak was oorspronklik geen persoonlike saak gewees nie. My hele uitgangspunt was gewees dat die bearbeiding, die evangelisasie in die gemeente is nie soos dit moet wees nie en ek het dit ook vir Ds. Olivier gesê: U kan nie hierdie gemeente behartig wat so groot is nie. Daarop het Ds. Olivier gesê dit is so. Maar ek het toe vir Ds. Olivier, ons het oor sake in my wyk, ek praat nie van ander wyke nie, verskil en ek het vir Ds. Olivier gevra om dinge wat Ds. Olivier gesê het van my wat hy toe ontken het. Op 'n later geleentheid het ek weer met Ds. Olivier gepraat en hy het toe vir my gesê ek is besig om ou koeie uit die sloot te grawe en dat die sake nie aan hom as 'n toegewyde persoon wat 20 jaar in die bediening staan vat hierdie sake nie aan nie, en toe het ek dit self gesien wat dit vir my baat om alleen na Ds. Olivier te gaan en ek het toe vir Ds. Olivier gevra dat ons 'n onpartydige persoon of self 'n spesiale kerkraadsvergadering belê om daardie sake te bespreek, die gevoel wat daar is, wat daar in ons Kerkraad is, wat daar in sommige van ons gemeentelede is. Ek kan ongelukkig nie slaag nie in daardie poging van my om Ds. Olivier te spreek met nog iemand by nie. Ek het Ds. Olivier gevra na sekere sake wat hy aan my sou gestel het wat hy toe ontken het, en Br. Voorsitter, daarom het ek gesê dat die optrede is vir my te betwyfel want die dinge wat daar gesê word en dan weer ontken word is my net dood eenvoudig laat voel dat hierdie optrede sien ek nie as opregte optrede nie.

Br. Voorsitter, die meeste van my bewyse of uiteensetting hier is in die vorm van vrae maar nou in elke geval kan ek ongelukkig nie hierdie vrae stel nie.

Dr. Eloff: Nee kyk u het nou dit algemeen gestel, Br. Dippenaar, wat ons nog net laat waar ons was in verband met die kwessie van die gerug. U moet dit spesifiek noem. Ons weet nie wat dit is nie.

Br. Dippenaar: Br. Voorsitter, nou sal dit moet gaan na sake wat in die Kerkraad gebeur het. Ek het vir Ds. Olivier gevra of hy sou gesê het dat daar aanhitsers en aanblasers is en dat die Kerkraad moet besluit oor hulle en dat daar besluit sou word wat met hulle gedoen sal word. Is ek reg Ds. Olivier?

Dr. Eloff: Gaan maar eers aan.

Br. Dippenaar: Br. Voorsitter, daardie antwoord wat Ds. Olivier my daar gesê het het ek onder bedenkinge gehad. Ds. Olivier het dit absoluut ontken dat hy dit gesê het en die feit wat ek nie kan verstaan waarom Ds. Olivier vir my, vir ons nie met 'n onpartydige persoon wil ontmoet nie is tot vanaand vir my nog duister. U weet, ek het ook vir Ds. Olivier gevra van mense wat hy sou gesê het . . . .

Dr. Eloff: Br. Dippenaar, u moet asb. die een saak eers klaar maak. Hieroor het ek nou nog nie duidelikheid nie. U het daar gesê

u het vir Ds. Olivier gevra of hy gesê het daar is sekere aanhitsers in die gemeente, toe het ds. Olivier dit ontken dat hy dit gesê het. Nou is dit mog 'n bewering. Hoe bewys u nou dat hy dit wel gesê het.

Br. Dippenaar: As ek mag vra, Dit is so, definitief so, dit is definitief so.

Dr. Eloff: Het u die bewyse nou hier?

Br. Dippenaar: Ek sou nie graag op hierdie stadium die bewyse voortbring nie, maar as ek moet dan moet ek.

Dr. Eloff: Kyk ek sal u sê, Br. Dippenaar, Ds. Olivier het hier 'n ding wat vir hom moontlik baie nadelig kan wees wat deur u hulle wel gestel word en dit is minstens sy reg om spesifiek te weet wat word gesê, en daar moet iets darem ernstigs gesê wees as 'n mens vir 'n man sê jy het sy agting verloor of hy is te betwyfel of jy twyfel aan sy opregtheid. Ek praat nou net van die een saak. Dié broer kan netnou oor syne praat.

Ek wil net heel eerste sê dat ons nie vir een van u gevra het om enige getuies te bring op hierdie stadium nie omdat dit 'n gerug was, ook ds. Olivier kon geen getuies bring nie, wat waaroor moes hy 'n getuie bring terwyl hy nie spesifiek weet waaroor hierdie ding gaan nie en ons het gehoop, en ons hoop dit nou nog, dat indien ons tot 'n skikking kon kom is die getuies onnodig. 'n Skikking of versoening wat ek persoonlik meen is vir Christenmense moontlik en waar ek nou waarskynlik anders verstaan vir Ds. Olivier dat 'n gerug glad nie noodwendig hoef uit te loop op 'n tugsaak nie. 'n Gerug kan bespreek word, dit kan beëindig word, dit kan broederlik afgehandel word, m.a.w. dit kan geskik word maar dan moet dit wedersyds werk, die gewilligheid. Maar ek wil net in hierdie stadium vir ds. Olivier vra of hy by sy standpunt staan dat, miskien het ek hom nie reg verstaan nie, daar geen sprake kan wees van versoening of skikking nie.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, ek het dit vir u gesê. Artikel 96 a of Besluit 96 a dit sê daar uitdruklik „wanneer die Ringskommissie 'n appèl teen die uitspraak van die Kerkraad of 'n klag of kennis van 'n nadelige gerug" . . .Dis 'n nadelige gerug . . . . „in verband met iemand wat onder die tug van die Ring val, ontvang, sal hy die Kerkraad versoek om die saak voorlopig te ondersoek" . . . . in hierdie geval het u dit nie gedoen nie . . . .

Dr. Eloff: Ofself . . .

Ds. Olivier: Nou ondersoek u die nadelige gerug. Nou moet die broeders maar die gerug stel want ek dra nou nie kennis daarvan nie.

Ds. Burger: Ons wil nou ook meer weet daarvan.

Dr. Eloff: Hoe meer mens praat, ons is almal mense, hoe verder dryf ons uitmekaar, dis maar eintlik wat ek in gedagte het. Aan die ander kant het die broeder werklik die reg om presies te weet waaroor dit gaan. Ek dink u moet die saak maar stel.

Ds. Burger: Kan die broeder nie maar bly sit nie.

Dr. Eloff: Ja u kan maar sit.

Br. Dippenaar: Br. Voorsitter, op daardie eerste stelling wat ek gemaak het wat ds. Olivier ontken het, wil u hê dat ek my bewyse nou moet bring. Kyk dit was 'n telefoniese gesprek tussen my en ds. Olivier, ek kan dit vir u stel, en toe het ds. Olivier so vir my gesê en

het ek ds. Olivier daarna in die kerkraad gevra toe het ds. Olivier dit ontken.

Dr. Eloff: Dan kry mens mos nie getuies nie, oor die telefoon nie.

Br. Dippenaar: Ek het my bewyse. Ongelukkig moet ek vanaand erken dat dit miskien nie die beste metode was wat ek gebruik van gemaak het nie.

Dr. Eloff: Ja, ek weet nie hoe voel die broeders nie, om op die oomblik die getuies te noem sonder dat hulle hier is nie, lyk my sal nie help nie. Miskien moet ons maar eers die sake kry.

Br. Dippenaar: Kan ek net die paar sake . . .

Dr. Eloff: Die spesifieke sake, dan kan ds. Olivier weet presies wat die sake is.

Br. Dippenaar: Ds. Olivier het vir my gesê, daardie selfde gesprek wat ons gevoer het, dat hy wil graag my kaart, my inbetaalkaart sien, en ek kon dit nie kry nie, mnr. Scholtz het gesê ek het nie daardie kaart inbetaal nie, dit is waar, Br. Voorsitter, ek het nie daardie kaart inbetaal nie, en ds. Olivier het op daardie stadium gesê dat hy het daardie kaarte gereeld gevra voor die Finansiëlekommissie vergadering en daarom noem hy op die Finansiëlekommissie vergadering van persone wat nie bygedra het nie. Br. Voorsitter, ek is op daardie Finansiële kommissie bykans van ek gekies is op die Kerkraad en op geen geleentheid was daar sprake gewees van persone, van lidmate wat nie inbetaal het nie. Ek het vir ds. Olivier gevra hoekom nou na twee jaar ons moet daardie kaarte toon. Na twee jaar wat ek in daardie gemeente is.

Ds. Olivier het vir die Kerkraadsvergadering gesê wat gehou was op die 13de Mei dat mnr. Van Graan sou gesê het dat vandat hy daar ingetrek het in November maand dat daar nog geen ouderling of diaken by hom gewees het nie. Toe het ek opgestaan en dit ontken. Br. Voorsitter, ek was by mnr. Van Graan en mnr. Van Graan ontken dat hy dit vir ds. Olivier gesê het. Hy sê daar was wel nie 'n ouderling nie, Br. Weber het dit die aand gesê hy was nie, maar ek was by mnr. Van Graan gewees.

Die aand van die 13de, hierdie brief het ek gerig aan die Ring na die vergadering van die 13de, die aand van die 13de is by die Pastorie aan my gesê dat ek kort 'n pak slae. Nie deur ds. Olivier nie maar wel deur sy dogter, waarop my antwoord gewees het, Br. Voorsitter, dit kos meer as een man om vir my 'n pak slae te gee. Daarop het ds. Olivier uitgekom en gevra wat sê ek en ek het my antwoord herhaal.

Ook daardie aand is daar gesê dat my Pa en ek altwee enigste kinders is en altwee bedorwe is.

Br. Voorsitter, die aand net voorafgaande daardie vergadering van die 13de het ds. Olivier by my en mev. Davel gekom, dis in verband met die funksie.

Dr. Eloff: Br. Dippenaar, ek wil net hoor, u sê dat ds. Olivier gesê het u is altwee enigste kinders en altwee bedorwe.

Br. Dippenaar: Nee, dit is nie deur ds. Olivier gesê nie, dit was deur sy dogter gesê. Dit was wat die aand onder bespreking was by die pastorie waar ds. Olivier teenwoordig gewees het en dit kom uit die pastorie uit.

Dr. Eloff: Ja maar dit het nou niks te doen met die saak nie.

Br. Dippenaar: Dit het nie, ek erken, maar die saak is daardie aand is dit aan my gestel maar dit is nie deur ds. Olivier nie maar sy dogter het dit gesê. Ek het by mev. Davel gekom . . .

Dr. Eloff: Dit is nie nou op ons tafel nie, enig iets teen ds. Olivier se dogter nie.

Br. Dippenaar: Ek noem dit maar net. Ek het my beslis gekrap gevoel oor die saak dat daar besprekings gevoer word oor ons want waar kom die dogter daaraan aan sulke uitlatings wat daar gemaak word.

Mev. Davel het, ek het gaan kollekteer in my wyk en mev. Olivier het in die kerkraad ingestap en gevra, dit kom netnou weer in my antwoord, sy het ons toe gevra of ons gekollekteer het, en ek het gesê ja, en ds. Olivier het toe 'n lys gevat en teruggegaan na mev. Davel toe en vir haar gesê ek het nie gekollekteer nie, en ook vir haar gesê ek is kwaad want ek het nie daardie vark wat mev. Davel my gegee het geslag nie, wou slag nie. Ek het vir ds. Olivier gevra in die Kerkraadsvergadering of hy dit wel gesê het dat ons kwaad was en die vark geslag het nie. Ds. Olivier het dit ontken. Ek het vir ds. Olivier gevra of daar aan mev. Davel gesê was dat ek kwaad is en nie die vark meer sal slag wat mev. Davel gegee het en ds. Olivier het dit ontken dat hy dit gesê het.

Ook het ds. Olivier vir mev. Davel gesê dat ek 'n moeilike persoon is om op die Kerkraad mee klaar te kom net soos my Pa. Toe het mev. Davel vir my vader opgekom waar ds. Olivier vir haar gevra het of mnr. Davel nie vir haar gesê het hoe 'n moeilike mens my Pa op die Kerkraad gewees het nie.

Dr. Eloff: Die laaste nou . . .

Br. Dippenaar: Mev. Davel het vir my Pa daar opgekom toe ds. Olivier die bewering gemaak het dat ek net so 'n moeilike persoon soos my vader is en ds. Olivier vir haar gesê het of mnr. Davel nie vir haar vertel het hoe 'n moeilike persoon my Pa was nie. Br. Voorsitter, ek weet nie hoekom my vader . . .

Dr. Eloff: Of mnr. Davel . . .

Br. Dippenaar: Mnr. Davel nie vir mev. Davel gesê het hoe 'n moeilike persoon my vader was nie. Br. Voorsitter, ek kan nie verstaan waarom my vader in hierdie saak moet ingetrek word nie, en nog minder kan ek verstaan op geleentheid wanneer ek met ds. Olivier gepraat het oor sake dat hy ds. Van Zyl in die saak intrek want toe ek hom gevra het, het ds. Olivier vir my gesê dat hy nie so probleme gehad het in sy Kerkraad voor, maar net in die afgelope tyd. Hy het gesê dat dit miskien in ds. Van Zyl se tyd miskien so gewees het. Op 'n ander geleentheid weer het ds. Olivier gesê die gemeente is verwaarloos, dis 'n paar maande terug, en dat ds. Van Zyl nie sy werk gedoen het nie. Ds. Olivier het genoem hy het die kaarte waaruit hy dit kan bewys. Br. Voorsitter, in die Kerkraadsvergadering waar ons gestem het oor die dagsverandering, is daar toe met 'n meerderheid besluit dat die dag sal bly soos dit is.

Dr. Eloff: Watter dag?

Br. Dippenaar: Die vergadering se dag, waarop ons die vergadering sal hou, Vrydae, dat dit so sal bly. Toe ons na die tafel stap

om ds. Olivier te groet het hy beweer, dit was sy woorde: Jy het weer vanaand verloor. Ek het nog nooit verloor nie.

Br. Voorsitter, by 'n ander geleentheid het ds. Olivier vir my gesê na ek vir ds. Olivier na ons vorige gesprek verwys het, ons probeer het die ding opgelos te kry, het ek vir ds. Olivier gesê: Ds. ek het nog nooit so 'n vermetelde persoon ontmoet soos u nie. Waarop ds. Olivier vir my gesê het: Fransie, ek het 'n strek persoonlikheid en in die verlede is daar met my gespot op die Sinode, maar vandag as dr. Verwoerd praat luister die volk en as ek praat dan luister die N.G. Kerk.

Daar is nog een sakie maar ongelukkig, soos ek in die begin reeds gesê het dat ek verwag dat ons hier die saak sal probeer, ek het my eintlik voorberei op vrae wat ek sou gestel het en die saak wat hier is kom eintlik neer op daardie vrae wat ek wou gestel het en ek voel op hierdie stadium dat dit beter . . . Miskien sal ek later 'n geleentheid kry om . . .

Dit was daardie optrede, Br. Voorsitter soos ek gesê het, wat vir my die agting, daarom het ek gesê dat die agting is nie meer daar nie en die sake wat ek daar genoem het wat ontken is, van daar af het ek gesê dis te betwyfel, oor die optrede.

Br. Voorsitter ek het nie 'n klag gelê nie, ek het versoek dat ons by Mooirivier ingeskakel word op grond daarvan soos ek dit daar gesê het.

Dr. Eloff: Soos ek laas gesê het moet dit bewys kan word dat dit 'n nadelige saak is.

Br. Dippenaar: Dit is nadelig. Dat dit vir my persoonlik kan ek nie opsien en ek sê dit weer met alle respek, sonder enige . . . kan ek nie opsien na 'n persoon wat op die een oomblik 'n ding sê en op die ander oomblik dit ontken nie.

Dr. Eloff: Br. Weber?

Br. Weber: Ek was op die besondere Sondag voorgestel as ouderling en in die daaropvolgende week het ek 'n foonoproep van ds. Olivier gehad waarin hy my vra om saam met hom na 'n sekere lidmaat in ons wyk, ene Deon Fourie, te gaan. Die Kerkraad sou besluit het op die vorige vergadering dat die ouderling saam met die leraar moet gaan as getuie, aangesien die broer uit ons Kerk vervreem, hy is vervreemd, het sy bande gebreek met die kerk. Hy moes 'n brief skrywe en hy weier om die brief te skrywe. Ek het toe aan ds. Olivier gevra of dit nie moontlik is of ek en die diaken die geleentheid gegun word om eers na Deon Fourie te kan gaan en net te hoor wat is die klag of die probleem. Toe het ds. aan my gesê: Ou broer, jy hoef nie te vrees nie, jy hoef nie te praat nie, jy gaan net as getuie, ek sal die praatwerk doen. Ek het toe saam met ds. na Deon gegaan en Deon het vir ons twee ontmoet en hy het verduidelik dat sy kinders in die Engelse skool is, sy vrou Engelssprekend is en dat dit vir die kinders moeilik is om die preke in Afrikaans te volg, daarom gaan hulle ter wille van die kinders na die Engelse Kerk toe. Ds. het vir Deon gevra om die brief te skrywe, die brief het hy toe nooit geskrywe nie. Maar toe ons bymekaar weer kom toe ds. afdraai dorp se kant toe en ek huis se kant toe, sê ds. nog: Wat 'n gawe man is die Fourie. Toe sê ek: Ja ds., dis jammer om so 'n man uit ons Kerk te verloor. Ek sou daardie saak

nou net daar laat. Daardie saak word ontken deur ds. Olivier dat ek gevra het om die geleentheid gegun te word om saam met die diaken die persoon eers te ontmoet voor ons na hom toe gaan. Op 'n geleentheid daarna het ek na ds. gegaan en met hom gaan gesels oor die probleme van my wyk saam met die diaken wat ons ondervind. Toe het ek gevalle genoem, die geval van De Jager, 'n dranksugtige. Die De Jager maak beswaar, hy sê hy het ds. geskakel toe hy in 'n sielestryd was en 'n bestelling met ds. gemaak en ds. het die bestelling nie kon nakom nie, of toe De Jager daar kom was ds. nie daar nie. Toe het De Jager na die Naserener predikant gegaan en met hom die saak bespreek en nou gaan hy na die Naserener Kerk toe. Toe het ek die geval van Botes genoem.

Toe sê ek vir hom ds. Fransie Dippenaar voel ongelukkig oor die mense. Hy wil hê dat, hy voel dat die leraar meer aandag aan die tipe gevalle moes gee as net een maal 'n jaar met huisbesoek. Toe sê ek vir hom ek voel ook so. Dis Br. Fransie se groot klag en probleem. Toe het ds. aan my gesê dat Br. Fransie beïnvloed my ten kwade — dit was sy woorde. En ek het dit toe vir Br. Fransie gesê wat ds. gesê het want ek meen dis 'n saak wat ons twee as ouderling en diaken raak.

'n Ander geval was die een van die 13de Mei toe ons Kerkraadsvergadering gehad het en daar was klagtes gewees waarop ek beswaar gemaak het dat ds. kan nie Nagmaal bedien nie tensy ons nie hierdie ontevredenheid of die gevoel wat daar tussen ons heers uit die weg ruim nie. Toe het ds. gesê hy dra geen gevoel teenoor my en teenoor Br. Dippenaar nie. Toe sê ek ds. maar ds. kan nogtans nie Nagmaal bedien as u weet dat ek en Br. Fransie ontevrede is nie teenoor u optrede nie. Toe het ds. gesê hy gaan Nagmaal bedien. Toe het ek na die kerkraadsvergadering na ds. se huis gegaan waar ons toe die sakies reggestel het. Ek het geleentheid gekry om ds. alleen te ontmoet. Hy wil nie 'n onpartydige persoon saam laat kom nie. Ek het gevra dat ons 'n leraar of twee kry om onpartydig op te tree en ds. het dit geweier. Toe het ek ingewillig om alleen na sy huis te gaan en die saak met hom te gaan bespreek. Ek en ds. het toe begin. Ek het vir ds. gesê ek het met die laaste huisbesoek die Handleiding van ds. Els gebruik en ek verstaan nie mooi die plig van die ouderling daarin uiteengesit nie. Dit kom my voor dit is die selfde plig as die van die leraar. Toe sê ds. vir my Ja, die een is lering en die ander een is lering en regering. Toe verstaan ek daardie sakie nou baie beter.

Toe praat ek met ds. oor die geval toe ons sy reistoelae bespreek het, waaroor ons ontevrede was want die aand toe die reistoelae bespreek was het Br. Dippenaar hom gevra om asb. die Kerkraadsvergadering te verlaat, die stoel, waarop ds. Olivier geantwoord het hy weier om die stoel van die kerkraadsvergadering te verlaat want hy wil hoor wat Br. Dippenaar sê. Toe het ds. Olivier gesê hy sal die stoel verlaat maar hy weier om die Kerkraadsvergadering te verlaat. Toe het ek vir ds. Olivier gesê ek voel dat hy sy Kerkraad gewantrou het want by 'n vorige geleentheid, ek dink dit was in in Februarie 1965, het ons ook die reistoelae bespreek en toe dit bespreek was het ds. Olivier die Kerkraadsvergadering verlaat. Toe sê ek vir hom ds. dis een van die punte waaroor ek ontevrede voel. Hy sê toe hy is kontrakterende party en hy het reg om te weet wat

daar gesê word. Toe sê ek ds. Ja, dit is nie reg nie in my oogpunt nie, ons as kerkraad het die saak ondersoek en ons sou u sekerlik nie benadeel het nie. As ek en Br. Fransie nie vir jou reistoelae was nie, of daarteen, kon die Kerkraad daaroor besluit het. Dis nie ons twee wat daaroor moet besluit nie. Hy kom daarop neer oor die myle. Ds. het gesê hy ry 13,000 myl 'n jaar waarvan 8,000 myl vir die gemeente is en hy het toe daar 'n paar sommetjies gemaak om vir ons te probeer bewys waaroor ons verskil het oor die 8,000 myl as hy 13,000 ry, net om duidelikheid te kry op ons betwyfeling, toe sê ds. toe ek vir hom sê hy het Kaaptoe gery, 'n 1,000 myl soontoe en 1,000 myl terug, hieroor en daaroor, sê ds. vir my „ek weier om verder met die saak aan te gaan, ek is nie onder kruisverhoor nie."

Ek kan net hier noem ek het toe al die klagtes gestipuleer.

Toe ons saamgekom het en aangaan sê ds. vir my m.a.w. toe ons gepraat het oor die myle, toe sê ek dit kan nie 8,000 myl wees nie want die privaat ryery is nie . . . toe sê ds. vir my „m.a.w. ek lieg". Toe sê ek . . . Ds. sê „m.a.w. jy sê ek lieg". Toe sê ek: Ds. dan lieg jy as dit nie so is nie, en met die toe kom mev. Olivier daar in en dit was 'n hele gedoente, sy vlie my toe in die hare, en met dié het die twee dogters daar ingekom en dit was 'n geraas, hard gepratery en o.a. was Kol. Jacobs geroep wat al in die bed was. Hy het gedink ek en ds. het handgemeen geraak, het hy my op 'n later geleentheid gesê toe die geraas oor is, en ek voel dat waar ons twee gegaan het om die saak tussen ons twee reg te kry, dit heeltemal verkeerd was dat ek deur sy huisgesin daar moes in die hare gevlieg word. Ds. het ook toe daar vir my gesê dat hy as 'n gesalfde . . .

Dr. Eloff: Laat ek tog net sê, ek sê weer dieselfde, kyk ook wat mev. Olivier en die dogters betref . . .

Br. Weber: Ja, dit het niks daarmee te doen nie. Ek noem net vir u die situasie waarin ek verkeer het. Ek gaan daar om die saak in liefde op te los. Nou kan u self sien waaroor 'n mens nie die vrymoedigheid het om alleen te gaan om sake op te los nie. Ds. het daar vir my gesê ek moet onthou ek het op 'n vorige geleentheid vir ds. gesê hy moet onthou ek het die vrees in my hart om op te tree teenoor 'n leraar want die teks in die Bybel toe Moses en Aäron die Israeliete uit Egipte gelei het en sy susters ontevrede met hom geraak het, die Here hul gestraf het omdat Moses die gesalfde van die Here was.

Daardie aand met ons onderhoud die 13de toe sê ds. vir my: Ek die gesalfde van die Here, moet onthou die Here sal hierdie dinge nie so laat nie en die maalstene van die Here maal stadig maar seker, en hierdie dinge sal op my kinders terugkom. Br. Voorsitter, ek vra net was dit dan nodig om 'n vloek op my en my huis uit te spreek? Dit laat my bedenkinge waaroor ek nie Kerktoe kan gaan nie.

Dr. Eloff: U het nou hierdie dinge genoem wat nou 'n eintlike nadere aanduiding is van u stellinge in u oorspronklike brief. Wat Br. Dippenaar betref „sien u nie langer kans om na die verkondiging van die Woord te luister deur 'n leraar vir wie ons nie meer die nodige agtting het nie, wie te betwyfel is weens sy optrede

tydens gebeure in die afgelope tyd". Dit is nou die beskrywing van die saak, daar is die besonderhede soos u dit genoem het.

Wat Br. Weber betref verwys na die feit dat ek bedenkinge het na die opregtheid van u leraar, sy optrede.

Nou broeders, ek weet nie hou duidelik dit vir Br. Olivier nou is nie. Ek dink as hy vrae het vir meer duidelikheid oor die dinge, wat nou eintlik die ding is wat hy wil weet, dan moet hy dit nou stel.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, dit is nou duidelik dis nie 'n gerug nie, dis sommer 'n hele klomp gerugte. My bedenkinge. Ek sê dit nou vir u as Ringskommissie vir u oordeel, dis nie net gerugte nie maar dis klagtes en sommer baie klagtes, teen my. Nou wil ek baie graag, dis op 'n bandmasjien, daardie gerugte en daardie klagtes, as die persoon oor wie die gerugte gaan, as die aangeklaagde, op skrif wil hê.

Dr. Eloff: Dit is reg. Maar as daar vrae is wat u wil vra oor 'n saak wat nie heeltemal duidelik is nie, wat u graag duidelikheid oor wil hê . . .

Ds. Olivier: Ek wil niks sê nie en ook niks antwoord op hierdie stadium nie.

Dr. Eloff: Br. Olivier, ons wil graag hierdie ding so duidelik as moontlik hê vir ons almal. Dus as u enige vrae het, ek noem dit net weer, vrae op hierdie stadium, want dit is net so 'n belangrike stadium as enige ander een ook. U kompromiteer u met niks nie, u stel 'n duidelike vraag. As daar niks is nie dan stel u nie vrae nie.

Ds. Olivier: Op hierdie stadium wil ek geen, nie dat ek nie vrae het nie, maar wil ek geen vrae stel nie, en op hierdie stadium wil ek ook geen antwoord gee nie.

Dr. Eloff: Dus ons skrywe dit maar so neer, die broer wil op hierdie stadium nie vrae stel nie.

Ons moet nou ons bevindinge en konsiderasies voor die Ring lê as dit nodig is, en nou ja, en as u sou vrae stel sou dit die saak waarskynlik affekteer of verduidelik of wysig of hoe ook al maar u kan . . . dis seker nie verpligtend nie.

Broeders, is daar enigiets wat u wil vra?

Ja, Br. Dippenaar?

Br. Dippenaar: Aan die Ringskommissie self wil ek nie bra vrae vra nie, en volgens wat ek nou kan aflei blykbaar . . . ek weet nie of ek mag vrae stel aan ds. Olivier nie. Die saak waarin ek, ek sê maar net weer, die feit is dat my motivering van daardie brief, daardie spesifieke dinge wat ek hier genoem het en wat ek gesê het sou plaasgevind het, maar ongelukkig het ek my voorberei vir vrae en dit sou definitief vrae wees wat ek aan ds. Olivier wou gestel het.

Br. Voorsitter, dis die saak daardie, en ek kan net hier noem, dat ds. Olivier op 'n sekere geleentheid gesê het dat hy vir mnr. Schoeman, dat mnr. Schoeman hom voor die Ring gehad het en daar het mnr. Schoeman . . .

Ek hoop nie dit sal weer gebeur nie. Dis nie die doel waarvoor ons vanaand hier is nie om mekaar uitmekaar te skeur nie dis ook waaroor ek vir ds. Olivier geskakel het in die begin om vir hom te vra kan ons nie hierdie saak in liefde oplos met 'n onpartydige

persoon, waarop ds. Olivier geweier het. Ek het vir hom gevra dat ons u, Br. Voorsitter, kan vra om teenwoordig te wees as ons bymekaar kom, toe het ds. Olivier my gesê hy is nie daarvoor bereid nie. U kan kom as vriend maar dan kan ons ook nie die meriete van die saak bespreek nie.

Dr. Eloff: Wat van die Kerkraad?

Br. Dippenaar: Toe het ek nie die nodigheid gesien nie. Wat gaan ons daar maak? Op grond daarvan en volgens hierdie ander saak is hierdie brief aan die scriba van die Ring gerig. Ons voel om na Mooirivier te gaan omdat dit die naaste gemeente, N.G. gemeente is. Br. Voorsitter, ons wil nie graag soos ek dit in ons brief gestel het aan die Ring, die Kerk waarin ons opgevoed is, groot geword het, my vader en my vrou se ouers, aan beide kante my en my vrou se ouers, waarin ons opgegroei het, groot geword, gedoop en aangeneem is, op hierdie stadium die band breek en oor te gaan na die Hervormde Kerk wat al alternatief is aangesien daar ook so vele mense in ons gemeente is wat oorgegaan het na die Hervormde Kerk. Dit is my beswaar waarom ons nie daardie mense nie probeer behou word vir ons kerk nie. Daar is 'n klomp mense, ek het maar gedink . . . Dit sou vir my geen aangename taak gewees het nie en daarom het ek my dus tot die Ringskommissie gerig.

Dr. Eloff: Broeders, alhoewel ons nou graag as dit enigsins moontlik sou wees, soos hier geskrywe staan „ten einde alle lig op 'n saak te ontvang" sou ons baie graag die saak wou uitredeneer maar ek wil op hierdie stadium weer dieselfde stel wat ek in die begin gestel het maar toe het ons maar gemeen dat hierdie dinge maar eers na vore moes kom dan kry ds. Olivier min of meer die saak wat hy nie gehad het nie, wat nie een van ons geweet het nie en wat nou hier gestel is en wat ons op geskikte tyd sou behandel, wil ons net vra, broeders, ten spyte van hierdie dinge (ek praat nou na u toe omdat u eerste gepraat het) ten spyte van hierdie dinge wat u nou hier genoem het, 'n hele lange lys, sien u kans om met ds. Olivier te versoen oor die dinge.

Br. Dippenaar: Br. Voorsitter, die vraag wat u aan my stel . . .

Dr. Eloff: Ek wil dit graag aan u almal stel want ek voel dit is ons eerste plig wat ons opgelê word in ons Kerkorde, maar veral ook as Christenmense teenoor mekaar, dit is in elk geval hoe ek die Skrif begryp „as daar 'n ding tussen u is gaan eers alleen en sê dit dan vir u broer, en sê dit dan vir die gemeente" en so verder aan, om op elke stadium te probeer om die ding wat verkeerd is uit die weg te ruim. 'n Mens kan 'n ding in der minne skik. Ek is seker dat dit nooit 'n saak hoef te word wat op die offisiële wyse voor die Ring te dien, al die onaangenaamheid wat daarmee gepaard gaan. Na alles dryf dit ons mense verder uitmekaar na al hierdie prosedure, en dit, broeders, ek wil dit weer vir u vra vanaand. Ek is heeltemal opreg en ernstig daarmee omdat ek glo dit sal die saak van die Here die grootste diens lewer.

Br. Dippenaar: Br. Voorsitter as ek mag antwoord, ek het dit ook in die begin gesê, dit was glad en geheel nie my plan en ek het dit ook vir ds. Olivier gesê, soos ek sê nie my bedoeling om hierdie saak tot hier te dryf nie en net sowel dit my doel gewees het om

die saak daar te skik, moontlik sou gebeur het in ds. Olivier se studeerkamer wat my eintlike poging was waar ek hom geskakel het en hom gesê het om 'n onpartydige persoon, sou ek nou hy gewees het en is ek nou hy om die saak daar te skik.

Ek was, en ek is nou bereid om die saak hier te skik maar na hierdie versoek van ons, Br. Voorsitter het ons ook 'n brief gekry van die Ring dat daar teen ons 'n klag gelê is.

Ds. Burger: Deur die Ring?

Br. Dippenaar: Deur die Ringskommissie. Deur die Kerkraad.

Ds. Burger: Deur die Ringskommissie 'n klag gelê teen u?

Br. Dippenaar: Nee, nee deur die kerkraad. Die Ringskommissie het die brief aan ons gerig dat daar deur die Kerkraad van Potchefstroom-Suid 'n klag gelê is teen ons. Nou ons, Br. Voorsitter, is heeltemal bereid, wat my persoonlik aanbetref, is ek bereid om die saak hier te skik mits daar van ds. Olivier se kant dieselfde gevoel is en as ek, wil ek nie eise stel nie, Br. Voorsitter, om die saak te skik nie, maar ek voel tog dat die laaste twee vergaderings Br. Weber en ek in 'n baie slegte lig gestel is. Dis is al hierdie dingetjies wat 'n mens krap maar om die vrede te bewaar is ek bereid as ons die saak skik. Br. Voorsitter, nou wil ek vir u vra as ons die saak hier skik, ds. Olivier sê hy het niks teen ons nie, m.a.w. ons het dit teen hom, maar uit sy optrede lyk dit tog nie altyd so nie, maar wat gaan die gevolge wees as ons dit vanaand hier vra, as ons bereid is om die saak te skik, gaan daardie verhoudinge wat daar die afgelope tyd was, gaan dit heeltemal, ek belowe om dit van my kant af te vergeet, dis al wat ek voor vrees, kyk ek het die vrees in my hart

Dr. Eloff: Ja, ek verstaan maar ons het nou die woord „skik" gebruik maar as ons die woord „versoen" gebruik. „Skik" meen miskien nou op die oomblik maar ek meen „versoen" meen dat daar 'n herstelde verhouding is tussen Christenmense en u sê dat u van u kant af gewillig is om dit te doen. Dit impliseer vanselfsprekend dat dit 'n wederkerige saak moet wees. Dit kan nie net van een kant af kom nie, maar ons moet tog begin.

Br. Weber?

Br. Weber: Ek is ook gewillig om die saak te skik mits, ek het op 'n vorige geleentheid toe ek met ds. gepraat het vir ds. gesê 'n mens moet reguit wees en ds. roem daarop hy is reguit, wat hy vir 'n mens wil sê sê hy. Toe het ek vir hom gesê: Ds. ja, ek stem volkome saam met u as u vir jou 'n ding wil sê, sê u dit vir jou maar daar is 'n manier om 'n ding te sê, jy moet taktvol wees en nie mense wil verdryf nie maar wen. En dit het ek vir ds. gesê op 'n vorige keer. Hy is te vol van homself. Hy moet bietjie van daardie leertjie wat hy daar bokant ons wil beweeg afklim en beweeg tussen ons as 'n mens. As 'n kind van die Here gaan jy jou nie bokant ander skaar en net jy is altyd reg en nie in liefde wil lewe nie. Want die gevalle waar ons met ds. kom praat het het ons geen liefde ontvang nie. As ons kan die sekerheid hê, die sekerheid kan ontvang dat hierdie geval sal wees, dat hierdie saak nie weer sal opduik nie, is ek gewillig om dit te doen. Ek het die aand in ds. se studeerkamer 'n gebed gedoen en ek was bly dat ons die saak opgelos het maar uit daardie aand se geval wat ek daar genoem het, het ds. twee dinge ontken het toe ek dit aan Br. Dippenaar kom vertel wat hy daar gesê het, die een geval was dat die Kerkraad

sal besluit wat met die aanhitsers en onrussaaiers gedoen sal word. Ds. het dit ontken.

Ds. het ontken dat hy gesê het dat as dr. Verwoerd praat luister die volk en as hy praat luister die N.G. Kerk. Toe ek dit vir Br. Dippenaar kom vertel ds. sê dit is nie so nie, het hy my verseker dat dit so is. Verstaan dit het my weer dadelik die geval teruggebring waar die een geval wat gepraat word die volgende keer word die teenoorgestelde gesê. Dit is vir my 'n moeilike ding. Ek wil net graag hê, of my sekerheid kry omtrent my standpunt wanneer 'n man reguit wil wees moet hy reguit bly. Br. Dippenaar het aan my gerapporteer dat hy was by ds. in sy studeerkamer om met hom te gaan praat oor sekere dinge, toe het daar 'n telefoonoproep gekom. Dit was die nuwe hoof van die Vierde Afrikaanse Laer Medium Skool, mnr. De Jager. Mnr. De Jager het ds. geskakel as voorsitter van die Skoolkomitee om te sê dat hy die aanstelling gekry het. Ds. was heeltemal onvriendelik teenoor die man oor die telefoon en hom gesê dat die Departement het ons bedrieg want hy was nie ons keuse nie, hy was derde op die ranglys, en nouja, ek voel weer daar is nog 'n openbaring dat 'n mens moet reguit wees maar jy hoef tog nie altyd aanstoot te gee deur reguit te wees nie. Dit is wat ons ondervind in ons wyk dat mense is nie meer gelukkig met die toedrag van ons kerk nie. Nou as ons net daardie dinge kan reggestel kry, ds. asseblief, ek sal dit aanvaar maar vir my bowe een is my kerk.

Dr. Eloff: Ek verstaan, broeder, soos ek vir Br. Dippenaar ook gesê het, as daar 'n ooreenkoms is is die ding van twee kante, dis nie 'n eensydige saak nie en dat daar gegee en geneem moet word is vir my baie duidelik want dis onmoontlik om te dink ek het alle reg aan my kant en ek wil alles sê en ek wil alleen sê.

Br. Olivier help nou vir ons in dié saak.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter en broeders, ek dink die Ringskommissie moet daardie hele prentjie suiwer voor hulle kan kry. Al moet dit maande duur en jare dan is dit nodig dat u moet deurdring tot die wortel soos deur grond. Dis gerugte hierdie, dis klagtes, ek is geregtig daarop om daardie gerugte, daardie klagtes, een vir een te ontvang en ek moet daarop antwoord en ek sal daarop antwoord. Ek beskou dit as nutteloos soos ek dit in my brief gestel het, en vrugteloos om die vergadering by te woon omdat ek nie die gerugte gehad het nie, ek wou dit gehad het, nou het ek die gerugte wat ek as klagtes beskou en ek is die aangeklaagde en dis vir my nou futiel om dit nou te beantwoord. Indien die Ringskommissie dit às noodsaaklik beskou na die 16de kan dit weer in behandeling neem. Hoekom sal ek die twee dinge uitmekaar uit hou. Die een is die klag van die Kerkraad van Potchefstroom-Suid, as voorsitter van daardie Kerkraad, en daardie Kerkraad het klagtes teen hierdie twee broeders. Dis nie hier ter sprake nie, ons praat nie daaroor nie en ook nie die meriete van die saak nie. Ek is hier in my hoedanigheid as predikant van Potchefstroom-Suid. U het in u brief gesê dit raak my in my ampshoedanigheid as bedienaar van die Goddelike Woord. Die twee sake het niks met mekaar te doen nie want ek dink die Ringskommissie moet die hele prentjie kry. Dis daarom dat ek eintlik gevoel het dat ek nie hier teenwoor-

dig moet wees nie as u die gerugte ondersoek sonder my teenwoordigheid. Ek kan maar net gebly het en dan kan die twee broeders alles so vir u hier genoem het wat hulle genoem het. Op die bandopnamemasjien, dan kan u dit vir my gespeel het, en dan kan u weer 'n vergadering belê het.

Dr. Eloff: Broeder u praat nou weer oor prosedure. Dit gaan nie daaroor nie.

Ds. Olivier: Nee, broeder, ek wil nou duidelik sê wat my betref, die broeders het hul versoen met my, nie ek met hulle nie, so as hulle hulle wil versoen met my sal ek tog te dankbaar wees maar wat die gerugte betref, daardie klagtes, dit moet sy loop hê, die reg moet altyd sy loop hê. Kom wat wil, gebeur wat wil. So op hierdie stadium het ek niks te sê nie. Nie dat ek nie kan sê nie, ek het baie te sê, maar op hierdie stadium wil ek niks sê nie.

Dr. Eloff: Br. Olivier, mag ek u iets vra? Ek wil dit baie duidelik stel, asb. want ek het u teenoor niemand beskuldig nie, maar as ek dink aan die saak van die Here en die diens wat u daar gelewer het, en dis waar dat die reg sy loop moet hê maar ek dink die liefde moet ook sy loop hê. Die goed sluit nie mekaar noodwendig uit nie maar is dit moontlik dat u hulle mekaar kan vind, en sowel as u sekere dinge gedoen het of gesê het, of 'n sekere houding ingeneem het wat die broeders in aanstoot geneem het, gegrond of ongegrond, want daaroor praat ons nie, en broeder, die broeders voel dat hulle bereid is om die dinge te laat vaar en te laat asof dit nie daar is nie en te probeer dat julle saamlewe in daardie gemeente, en saam werk, dat julle mekaar konsidereer oor en weer mekaar se gevoelens en mekaar respekteer en weet dat die man het dit in gedagte en weet waarom en daardie man dit, maar dat hulle ook aan die ander kant weet die predikant is iemand wat — dis is sy geaardheid, dis sy persoonlikheid, dis sy manier van optrede en mens moet mekaar leer ken en begryp en so aan, en ek kan nie sien dat dit nie 'n moontlikheid kan wees nie en dat hierdie goed dan nie daar is nie.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, ek het gesê.

Dr. Eloff: Nou broeders, miskien moet u vir ons as Ringskommissie net so 'n oomblikkie kans gee om net ons koppe so 'n bietjie bymekaar te sit dat ons darem die saak . . . dan sal ons u oor so 'n klein rukkie weer roep.

Dr. Eloff: Ons het so 'n bietjie oor die saak gepraat en in die lig wat ons daarvan het is die situasie nou so dat die doel wat ons vir ons voor oë gestel het met die beste hoop dat ons miskien 'n versoening sou kon bewerk, nou nie geslaag het nie. Omdat ons dit in die eerste plek in gedagte gehad het, het ons u nie gevra om getuies te bring nie en in die tweede plek omdat dit vir ons — daar kon geen getuies wees omdat daat nie 'n spesifieke aanduiding van die saak was nie, maar uit die bespreking nou en soos ds. Olivier dit ook nou daar gestel het is dit duidelik dat daar 'n klag of klagtes in hierdie saak is. Die dinge sal ons op skrif stel en vir ds. Olivier gee, laat kry so gou as dit vir ons moontlik is. Ons wil dit graag sekuur afkry van die band af. En dan belê ons 'n vergadering van die Ringskommissie van dieselfde aard in die lig van Besluit 96(d) waarin klaer en beklaagde met hulle getuies sal wees ten einde

alle lig op die saak te werp. Dus by ons volgende Ringskommissie-vergadering wat hierdie saak betref wil ons u vra om u getuies as daar is, te bring om die saak verder te behandel.

Br. Weber: Br. Voorsitter, mag ek net vra. Hier is nou wel sake geopper waarvoor daar nie getuies gebring kan word nie maar daar is wel getuies oor sake wat hier nie geopper is nie maar wat in dieselfde lig beskou kan word. Is dit moontlik, kan hulle dan ook kom. Kyk, ons het nie al die klagtes of besware genoem nie.

Dr. Eloff: Nee ek begryp. U het die tweede keer toe u weer gepraat het 'n paar dinge genoem wat u die eerste keer nie genoem het nie.

Br. Weber: Ja en ek kan nou nog noem maar 'n mens wil nie 'n kettery aan sit nie.

Dr. Eloff: Ek wil die broers vra dat as daar iets is, terwyl ons nou eigentlik nie die gedagte van versoening deurgekry het nie en dit dus na 'n klag ontwikkel, dat as daar iets is wat u wil noem in die verband dat u die saak vooruit moet stel.

Br. Weber: Ek wil net graag weet of volgens die Kerkorde moes die Potchefstroom-Suid Kerkraad hierdie ontevredenheid ondersoek het en probeer regstel het. Dis nie gedoen nie. Hoekom daardie Kerkraad dit nie gedoen het nie.

Ds. Burger: Vir wie vra u hierdie vraag?

Br. Weber: Ek vra dit aan ds. Olivier.

Dr. Eloff: Maar dis nou nie Kerkraad en die is nie hier nie.

Br. Weber: Nou maar dan stel ek die vraag aan ds. Olivier as Voorsitter van die Kerkraad. Waarom is hierdie probleme van ons dan nie ondersoek en reggestel nie soos dit bepaal word deur die Kerkorde nie. Kyk ons kan verskil, enige twee mense kan verskil, maar dis nie te sê as hulle verskil hulle moet vir mekaar kwaad wees nie. Daar is tog bewyse, ons het gevra vir bemiddeling.

Ek is klaar.

En kan ek nog, ekskuus tog dit val my nou net by, die aand van die 13de toe ek daar by ds. was het ds. se een dogter gesê sy weet nie wat met my aangaan nie. Haar Pa het hel gehad toe hy op Delmas was, en haar Pa het hel gehad op Pretoria, en nou het hy al weer hel onder my. Ek probeer nie vir ds. hel op aarde gee nie. Die sake waaroor ek en ds. verskil is kerksake in belang van die Kerk. Dankie Br. Voorsitter.

Dr. Eloff: U het aan die begin gesê u wil enkele dinge noem.

Br. Dippenaar: Daar is een geval wat ek nie genoem het nie waarvoor ek ook bewyse of getuies het en dit is die geval wat ds. Olivier vir mnr. De Witt van Veda Tiling tot leuenaar gemaak het hoewel hy dit ontken dat hy so gedoen het. Ek het nie na mnr. De Witt gegaan en vir hom gevra of hy enigiets teen ds. het nie, maar die saak het gekom toe daar 'n reparasie aan die kerk moes gewees het. Toe Br. Stander, een van ons Eiendomskommissielede, vir my sê of ek dan nie weet dat ds. nie vir mnr. De Witt wil hê om die teëls reg te maak daar in die kombuis nie, toe sê ek vir hom hoekom nie. Toe het hy my die insident vertel wat gebeur het tussen ds. en mnr. De Witt, altans dit was mev. op daardie stadium. Ek het nie geweet wie anders om te kontak nie. Mnr. De Witt hulle is die enigste mense in Potchefstroom sover ek weet wat teëls insit. Ek

het vir mnr. De Witt gevra om daardie teëls te kom regmaak en mnr. De Witt het toe aan my gesê dat hy en ds. verstaan mekaar nie goed nie en hy het toe vir my die insident vertel waar ds. hom tot leuenaar gemaak het of dinge sou beweer het wat nie so is nie, maar eintlik in werklikheid volgens mnr. de Witt net andersom gewees het.

Die ander sakie wat ek net hier wil noem is dat ds. Olivier ongelukkig as 'n persoon met hom verskil hy die verskil in die lig van sy vyande lees. Dit het ek nou al herhaalde kere agtergekom as ek met ds. Olivier praat. Ons het onder andere toe ds. my gevra het met watter predikante het jy al klaargekom, toe sê ek vir hom ds. noem hulle. Hy het met ds. Naudé begin en daar het hy opgehou. Ek wil gehad het hy moes almal noem want hy het gesê predikante.

Ds. Burger: Watter ds. Naudé?

Br. Dippenaar: Ds. Beyers Naudé. Ek het vir ds. gesê toe hy ds. Naudé se naam noem, toe sê ek vir hom ds. Beyers Naudé was vir my 'n dierbare vriend maar as u verwag dat ek met sy sienswyse nou moet saamstem dan verwag u te veel van my. Ds. Olivier het toe vir my gesê: Fransie, sien tog iets goeds in my. Toe sê ek: Ds. dis nie dat ek u altyd in 'n slegte lig sien nie. My woorde was gewees: Ek wil nog 'n prediker hoor wat 'n preek kan preek soos u hom kan preek. Ek het ook vir ds. Olivier gesê: Wie het vir u daardie dag met die huis se aanbou gepleit dat daardie pastorie aangebou word. Hy het vir my gesê: Jy, en daarom is ek jou dank verskuldig. Toe sê ek vir hom: Ds. ek het dit nie gedoen om in u goeie boekies te kom nie, maar omdat ek gevoel het dit was nodig. En dis waarom ek sê, Br. Voorsitter, dat as 'n mens met ds. Olivier verskil moet hy dit nie sien in die kwessie van vyande wees nie. En dit is nie wat u as ons verskil, 'n mens kan op 'n mooi manier verskil, 'n mens kan verskil in 'n goeie gees, maar mev. Olivier het my, ek weet sy is nie ter sake nie maar ek noem dit maar net hier, omdat mev. Olivier my persoonlik aangeval het in die kerkraad en daarna het ons die saak . . . die eintlike breekpunt het gekom die aand van die 18de April, of die 22ste, maar van daardie aand af het ek gevoel ek is nie meer tuis nie want dit is die gevoel wat daar teen my is.

Ek mag ook een geleentheid noem toe ons moes 'n ouderling kies vir my wyk en mnr. De Beer se naam op die groslys gekom het en ds. Olivier daar sê, ek het so pas op die Kerkraad gekom, die broers moet net onthou die brief wat mnr. De Beer geskryf het, hy is 'n moeilike persoon en die brief wat hy geskryf het moet hulle net in gedagte hou, en op grond daarvan is hy, ek glo nie eers hy het 'n paar stemme gekry nie.

Op 'n ander geleentheid wat ek ook vir ds. Olivier kwalik geneem het is dat 'n sekere mnr. Vermeulen sy attestaat aangevra het om oor te gaan na die Hervormde Kerk toe. Toe het mnr. Vermeulen blykbaar iets gesê vir die ouderling waaroor hy nie sal aanneem nie of die persoon wat hom op die groslys gesit het, hy het 'n skelwoord gebruik. Ds. Olivier het aangedring dat oudl. Bezuidenhout daardie woord moet herhaal in die Kerkraad. Oudl. Bezuidenhout was eers nie gewillig nie maar ds. Olivier het daarop aangedring en toe het oudl. Bezuidenhout dit genoem en direk daarna is die besluit geneem die man is 'n moeilike man en ons gee hom sy vorm. Nou hoekom

mens nou in 'n verkeerde lig, ek sal nie sê in 'n verkeerde lig nie, maar met daardie een enkele puntjie genoem gee ook vir die wat hom nie ken nie genoegsaam iets om te dink dit is werklik 'n verkeerde man, 'n mens wat sulke dinge kan sê is nie 'n man wat hier tuishoort nie.

'n Ander ding waarop ek vir ds. Olivier beswaar maak is die feit dat hy in die Kerkraad van die Kerkraad se mense toelaat om dinge te sê wat persoonlik is en hy hulle nie tot orde roep nie. Die feit dat ons hierdie saak in 'n brief aan die kerkraad geskryf het, die brief is vinnig deurgelees en ek het aan ds. Olivier kommentaar gelewer op die brief.

So ook die feit dat ek verlede jaar vir ds. Olivier gevra het ds. kom besoek ons net een maal en dis een van my grootste besware, net eenmaal by daardie Sondagskool op Wilgeboom, wat ons daar gestig het. My vrou en ek hou daardie Sondagskool. Ds. ek sê net een maal, ons voel soos wese daar. Br. Voorsitter, dis 18 maande en nog nie een maal was ds. Olivier daar nie. As daar mense navraag doen van Wilgeboom waar hulle kinders, in verband met die Sondagskool op Wilgeboom, het ds. Olivier gesê hy weet daar is 'n Sondagskool op Wilgeboom maar hulle moet my kontak hy weet nie waar dit is nie, terwyl ds. daardie plek van die sondagskool afgekondig het van die kansel af.

'n Ander beswaar is die feit dat ds. Olivier op 'n sekere aand die wederkoms gebruik het as 'n tydsbestek. Sy woorde was: Ons sal hier sit tot die wederkoms. Ek het by ds. Olivier gaan beswaar maak en gesê ds. die wederkoms is vir my meer as 'n tydsbestek. Toe het hy vir my gesê dit is maar sy geaardheid. En op die vergadering van die 13de het ds. Olivier weer daardie woorde herhaal: Ons sal hier sit tot die wederkoms. Ek voel dit hoort nie by 'n leraar tuis nie.

Dr. Eloff: Is u nou klaar, broeder?

Br. Dippenaar: Ja ek is klaar, Br. Voorsitter.

Dr. Eloff: Br. Scriba, het u iets op die hart?

Ds. Steyn: Nee Br. Voorsitter.

Dr. Eloff: Br. Alwyn, sal jy vir ons afsluit met gebed.

Ds. Burger sluit met gebed.

---

## UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 16 JUNIE 1966

„Die Voorsitter open met gebed, verwelkom die twee lede van die Kommissie en stel die getikte notule van die vergadering van 9 Junie aan die orde. Daar word besluit dat die koste aan die tikwerk verbonde aan die tikster wat dit van die bandopname af versorg het behoorlik vergoed sal word.

Aangesien ds. Olivier die gerugte wat teen hom aanhangig gemaak is as „klagte" op skrif gestel wil hê, maak die ringskommissie 'n opsomming daarvan en besluit dat die skriba afskrifte aan al drie persone sal stuur."

## OPSOMMING:

### BR. F. C. V. WEBER SE GERUG

„Om nou Sondag vir Sondag na iemand se uitleg van die Woord te moet luister oor wie se opregtheid jy bedenkings het, kan tog tot geen stigting vir my en my huis wees nie."

KLAG 1: In 'n telefoniese gesprek tussen my en ds. Olivier het ek „aan ds. Olivier gevra of dit nie moontlik is dat ek en die diaken die geleentheid gegun word om eers na Br. Fourie te gaan en net eers te hoor wat die klag of probleem is nie. Ds. Olivier het ontken dat ek gevra het om die geleentheid gegun te word om saam met die diaken die persoon eers te ontmoet voordat ons (ek en ds. Olivier) na hom toe gaan."

KLAG 2: Die leraar moes meer aandag gegee het aan dié tipe gevalle as net eenkeer per jaar met huisbesoek (br. De Jager die dranksugtige, wat na die Nasereners oorgegaan het, en br. Botes).

KLAG 3: Ds. Olivier het beweer dat br. Dippenaar br. Weber ten kwade beïnvloed.

KLAG 4: Ds. Olivier moes nie Nagmaal bedien het nie „tensy ons hierdie ontevredenheid of die gevoel wat daar tussen ons heers, uit die weg geruim het."

KLAG 5: Na aanleiding van 'n hewige privaat gesprek tussen br. Weber en ds. Olivier wat oor sy reistoelae gehandel het en waarby ds. Olivier se eggenote en twee dogters, asook kol. Jacobs betrokke geraak het, „het 'n mens nie die vrymoedigheid om alleen na ds. Olivier te gaan om sake op te los nie".

KLAG 6: Ds. Olivier het op 13 Mei 1965 „'n vloek oor my en my huis uitgespreek deur te sê: ‚Ek is die gesalfde van die Here, moet jy onthou. Die Here sal hierdie dinge nie so laat nie en die maalstene van die Here maal stadig maar seker. Hierdie dinge sal op jou en jou kinders terugkom.' "

KLAG 7: Mense in die kerk is nie gelukkig onder die toedrag van sake nie deurdat die leraar aanstoot gee soos bv. teenoor mnr. De Jager (skoolhoof).

### BR. F. J. DIPPENAAR SE GERUG

„Dat hy nie langer kans sien om na die verkondiging van Gods Woord deur 'n leraar vir wie ons nie meer die nodige agting het nie en wie te betwyfel is weens sy optrede tydens gebeure in die afgelope tyd, te luister nie."

KLAG 1: Ds. Olivier was onwillig om oudl. F. C. V. Weber en diaken F. J. Dippenaar gelyktydig te ontmoet om gemeentelike probleme te bespreek.

KLAG 2: Ds. Olivier het 'n onwaarheid vertel deurdat hy by 'n sekere geleentheid gesê het dat daar aanhitsers en aanblasers in die kerk is en dat op die volgende kerkraadsvergadering daardie mense uitgewys sal word en dat daar besluit sal word wat met hulle gedoen moet word. By 'n latere geleentheid het ds. Olivier bogenoemde ontken.

KLAG 3: Ds. Olivier het 'n onwaarheid vertel deur te beweer dat by elke vergadering van die finansiële kommissie van die kerkraad die bydraekaarte opgeëis word vir kontrole. Dit is nie so nie want vir die afgelope twee jaar is dit nie gedoen nie.

KLAG 4: Op 'n kerkraadsvergadering van 13 Mei 1966 het ds. Olivier gesê dat mnr. Van Graan sou gesê het dat hy (mnr. Van Graan) in Nov. 1965 in die gemeente ingetrek het en dat daar nog geen ouderling of diaken by hom was nie. Mnr. Van Graan ontken dat hy so iets vir ds. Olivier sou gesê het.

KLAG 5: Ds. Olivier het oudl. Weber en diaken Dippenaar op so 'n wyse bespreek dat sy dogter daarvan kennis geneem het waardeur sy die bewering gemaak het dat diaken Dippenaar en sy vader albei enigste kinders en albei bedorwe is.

KLAG 6: Ds. Olivier het ontken dat hy vir mev. Davel sou gesê het dat br. Dippenaar kwaad is en die vark wat sy gegee het nie wou slag nie. Ds. Olivier het dit wel aan mev. Davel gesê.

KLAG 7: Ds. Olivier het buitestaanders onnodig in nadelige sin met gemeentelede bespreek:

(a) Br. F. J. Dippenaar en sy vader met mev. Davel waarin ds. Olivier gesê het dat albei van hulle (br. Dippenaar en sy vader) moeilike persone is om op die kerkraad mee klaar te kom.

(b) Ds. Van Zyl het nie wy werk gedoen nie en gevolglik is die gemeente verwaarloos.

KLAG 8: Ds. Olivier is vermetel deurdat hy:

(a) Na 'n sekere kerkraadsvergadering waartydens daar op die dagsverandering van vergaderings besluit is, gesê het: „Jy het weer vanaand verloor. Ek het nog nooit verloor nie."

(b) In 'n gesprek vir br. Dippenaar gesê het: „Fransie, ek het 'n sterk persoonlikheid en in die verlede is ek gespot. Maar vandag, as dr. Verwoerd praat, luister die volk, en as ek praat, luister die N.G. Kerk."

KLAG 9: Ds. Olivier het vir mnr. De Witt van Veda Tiling tot leuenaar gemaak maar ontken dat hy dit gedoen het.

KLAG 10: Wanneer 'n persoon van ds. Olivier verskil, sien hy dit as 'n kwessie van vyandskap (bv. mnre. De Beer en Vermeulen).

KLAG 11: Ds. Olivier besoek nie die Sondagskool op Wilgeboom nie.

---

## UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 28 JULIE 1966

ARTIKEL 2:

„'n Brief van ds. Olivier word voorgelees waarin hy o.a. beswaar aanteken teen die prosedure van die kommissie. Die volgende besluit word geneem:

1. 'n Brief sal gerig word aan ds. Olivier waarin die Ringskommissie die broeder se bewering as sou die R.K. klagtes formuleer, verwerp. Die R.K. is besig om gerugte te ondersoek en sal daarmee voortgaan na luid van Besluit 95(b).

2. 'n Brief sal gerig word aan die Kerkraad van Potchefstroom-Suid waarin hy versoek word om die klagtes teen br. F. J. Dippenaar so spoedig moontlik te spesifiseer en aan die R.K. te besorg."

---

## UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 9 AUG. 1966

„(c) 'n Brief sal aan die Kerkraad van Potchefstroom-Suid gerig word indien daar voor 16 Aug. niks van hom verneem word nie. Hulle sal gevra word waarom die saak vertraag word."

---

## UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 19 AUG. 1966

„Die R.K. neem kennis van die skrywe van ds. Olivier van 4 Augustus.

Nadat die hele aangeleentheid i.v.m. die klagtes teen brs. Dippenaar en Weber en hulle klagtes teen ds. Olivier bespreek is, besluit die R.K. om die skriba opdrag te gee om met ds. Olivier te skakel i.v.m. 'n broederlike onderhoud."

---

## UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 23 AUG. 1966

ARTIKEL 3. „Ter Sake:

Die Kommissie neem met spyt kennis van ds. Olivier se weiering van 'n broederlike onderhoud met die Ringskommissie. Dit blyk nou duidelik dat daar geen versoening moontlik is tussen brs. Dippenaar en Weber aan die eenkant en ds. Olivier aan die anderkant nie. Die onaangename weg moet nou gevolg word nl. die ondersoek van klagtes.

Die volgende besluite word geneem:

A. Die skriba sal die betrokke partye oproep na 'n vergadering in die Potchefstroom-Suid Kerk op Dinsdag 30 Augustus om 7 nm. en die beklaagde in besit stel van 'n afskrif van die klagtes.

B. Aan die versoek van die klaers nl. dat ds. Olivier verhinder word om die Heilige Nagmaal te bedien, kan die R.K. nie voldoen nie aangesien daar nie genoegsame redes voor bestaan nie."

---

## UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 30 AUG. 1966

ARTIKEL 3: „Ter Sake:

Die vergadering neem kennis van ds. Olivier se afwesigheid asook die feit dat hy die skriba telefonies verwittig het dat hy nie teenwoordig kan wees nie aangesien hy twee vergaderings moet bywoon. Hy het ook 'n skrywe in dié verband gerig.

Nadat die kommissie die hele aangeleentheid bespreek het, besluit hy soos volg:

1. Die skriba sal 'n skrywe rig aan ds. Olivier wat soos volg lui en waarvan 'n afskrif aan elk van die klaers gestuur sal word:

„Die Ringskommissie kon die rede van die beklaagde vir sy afwesigheid by die vergadering van 30 Aug. 1966 in die kerkgebou van Potchefstroom-Suid nie aanvaar nie, omdat:

(i) Die beklaagde betyds kennis gegee is om hom voor te berei en sy sake te reël;

(ii) Werksaamhede van nie-kerklike aard voorgeskuif word as rede waarom hy die vergadering nie kon bywoon nie.

Gevolglik vertraag die beklaagde die werksaamhede van die Ringskommissie en verhinder hy die kommissie om daarmee voort te gaan. Op grond van bogenoemde besluit die Ringskommissie om die saak na die Ring te verwys."

Nadat die twee klaers ingeroep is en van die besluit verwittig is, sluit ds. Schutte met gebed en die vergadering verdaag."

---

## UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 17 SEPT. 1966

ARTIKEL 3 (c):

„Die Ringskommissie se verslag word gefinaliseer. Daar word besluit dat die Ringskommissie aan die Ring sal rapporteer dat hy nie 'n bevinding insake die ondersoek van die klagtes van die Kerkraad van Potchefstroom-Suid teen br. F. J. Dippenaar kan voorlê nie. Getuies wat in die saak genoem is is nie voor die kommissie gebring nie. Gevolglik word die Ring versoek om dit aan die nuwe Ringskommissie op te dra om die saak verder te ondersoek.

(d) Die Skriba sal 'n brief rig aan die Kerkraad van Potchefstroom-Suid waarin versoek word dat die Kerkraad die klagtes teen br. F. C. V. Weber sal spesifiseer."

---

## VERBATUM VERSLAG VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 16 JUNIE 1966 OM 7 NM. IN DIE N.G. KERK, POTCHEFSTROOM-SUID SAAM MET DIE KERKRAAD VAN POTCH-SUID

Die Voorsitter van die Ringskommissie, dr. S. J. Eloff, laat sing van Ps. 25 en nadat hy uit 1 Joh. 4:7 gelees het, vra hy ds. A. P. Burger en oudl. Snyman om voor te gaan in gebed.

Vervolgens bedank die Voorsitter die Kerkraad vir sy teenwoordigheid en verduidelik die doel van die bandopnemer. Dit is nl. om die werk van die skriba te vergemaklik. Op hierdie wyse het ons 'n getroue wergawe van die besprekings. Die doel van die vergadering is betreklik duidelik. Ons staan in 'n besondere amp. Gevolglik is ons mense wat die eer van God soek en nie hulle self handhaaf nie. Almal van ons maak dikwels foute. Daarom is daar dikwels broedertwis in die boesem van die gemeente. Die Voorsitter sê dat hy enigiets sou wou doen behalwe om vanaand hier te wees. Hy lees besluit 96(f) en sê dat as ons met God versoen is, ons ook met mekaar kan versoen.

Die drie punte wat in die klagte van die Kerkraad teen br. F. C. V. Weber en br. F. J. Dippenaar behels is, is nie gespesifiseer nie. Die Kerkraad moet dit nou spesifiseer. Daarop kom ds. Olivier aan die woord en verduidelik dat die Kerkraad besluit het dat die Voorsitter namens hom sal optree.

BR. WEBER: Ds. Olivier lees Art. 74 van die ou Kerkwet en lig soos volg die punte toe:

1.1 As ouderling wil br. Weber onder Mooirivier ressorteer. Dit is die ergste vorm van onordelikheid.

1.2 Hy besoek en voer samesprekings met persone wat Vorm 4 ontvang het.

1.3 Hy doen dinge sonder opdrag van die Kerkraad soos bv. die navraag by motorhawens i.v.m. die myle wat ds. Olivier gery het. Hy was by kol. Jacobs saam met br. Dippenaar.

1.4 Hierdie punt geld slegs vir br. Dippenaar.

Opm. Aangesien die bandopnemer a.g.v. 'n tegniese fout die eerste deel van die verrigtinge nie opgeneem het nie, is hierdie uit die aantekeninge van die skriba opgestel nie is dus nie 'n woordelikse weergawe van die verrigtinge nie.

Ds. Olivier: . . . ons bymekaar moet kom om iemand in die plek van Br. Van Schalkwyk te kies om te organiseer want br. Van Schalkwyk voel dat hy nog te onbekend is. Brs. W. S. en J. G. Marais sal help. Baie min produkte is nog gekollekteer volgens 'n verslag deur mev. Olivier en daar word gevoel dat gepoog moet word om beeste te kry sodat daar genoeg vleis sal wees. Hierdie punt wil ek graag beklemtoon, Punt 10.

Dan Punt 11 A(g): Reistoelae Leraar: Die aanbeveling deur die F.K. is deur die Voorsitter voorgelees naamlik dat die koste van 9½c per myl verhoog word tot 10c per myl. Volgens die huidige skaal van 8,000 myl per jaar in diens van die kerk sal die reistoelae R800 per jaar beloop in plaas van die huidige R720. Aan die einde van elke finansiële jaar sal die aantal myle in hersiening geneem word. Indien die myle dan meer is as 10,000 per jaar sal dit weer terug verwys word na die F.K. Mnr. F. J. Dippenaar het gevra dat die leraar die vergadering verlaat solank die saak bespreek word. Die Voorsitter het egter gesê dat hy teenwoordig wil wees al sou iemand anders die stoel tydens die bespreking inneem. Die Voorsitter het hierop gevra dat daar van die saak afgestap moet word, soos hy reeds voorheen versoek het, daar hy nie verskil van opinie oor die saak wil hê nie. Die bespreking is egter gevoer en 'n finale voorstel deur br. W. H. Wessels wat deur br. W. H. J. Saaiman gesekondeer is dat die reistoelae na R800 per jaar verhoog word is met 33 stemme teen 8 goedgekeur. Dit het die voorstel dat die F.K. se aanbeveling aanvaar word vervang. Op eie versoek het br. F. J. Dippenaar en br. F. C. V. Weber versoek dat genotuleer word dat hulle in die minderheid gestem het. Verder is op voorstel van br. M. Dreyer besluit dat die verhoging betaal moet word vanaf die datum waarop die saak onder bespreking gekom het.

Ek lees vir u hierdie besluit, Br. Voorsitter, omdat wat op hierdie kerkraadsvergadering plaasgevind het, dié van die 22ste April, die saak van die verkoping en die saak van die vervoertoelae, dat uit hierdie twee sake het alles voorgekom wat van daardie oomblik af gebeur het soos verder vir u toegelig sal word.

Ek moet vir u vertel wat plaasgevind het daardie aand. Die broeder was ontevrede oor wat my vrou sou gesê het soos u dit hier veneem het, oor die min goed by die verkoping. Die Kerkraad het besluit dat die afkondiging gedoen moet word van die kansel af dat op die aand van 22ste April alle lyste ingehandig moes word, die lyste vir die verkoping sodat die susters kan kontroleer. Hier is die lys, broeders, hierdie lys is nie ingelewer nie, nie by die begin van die vergadering nie, later wel. Ek sal netnou aandui dat beide

die broeders op hierdie lys nie 'n sent bygedra het vir die verkoping nie. Wat wel ingelewer is, is hierdie lysie: een speenvark, een groot vark, vier hoenders, verder net kontant, wyk Smithfield.

Br. Voorsitter, Br. Weber het aanvanklik geëis dat my vrou moes terugkom om verskoning te vra vir wat sy gedoen het in die kerkraad. Dis geweier. Die Kerkraad het ten regte gesê en ek stem met hulle saam, dat my vrou niemand beledig het nie, inteendeel die waarheid gepraat het. Aanvanklik het br. Weber toe my vrou gepraat het, baie gelag vir br. Dippenaar. Hy het eintlik sy kop weggesteek agter die stoel soos wat hy vir hom gelag het, maar toe my vrou vir hom gevra het: „Waar is jou skaap?" toe het hy opgeskrik, toe het br. ontevrede gevoel omdat my vrou dan vir br. Dippenaar sou beledig het.

Hy het 'n voorstel ingedien wat nie gesekondeer is nie, later het hy die voorstel teruggetrek en ek het vir hom uit die stoel dankie gesê.

Br. Voorstitter, toe die vervoertoelae aan die orde kom toe is dit weer die br. wat oor hierdie vervoertoelae te kere gaan, toe is dit weer die br. wat vir hom, wat sy naam betref, aan die minderheid laat aanteken het, soos die notule sê. Hierdie twee sake, altwee dieselfde broeders, en dan spesifiek br. Weber, onvergenoegd oor die een saak, onvergenoegd oor die ander saak. Dit is die Kerkraadsaangeleentheid en let wel, dis 'n brief wat gekom het van die Ring i.v.m. my vervoertoelae. Dit kom nie van my nie, ek het dit nie versoek nie en u sien in die notule ek het twee keer gevra asseblief stap van die saak af. Wat is nou die persoonlike kwessie wat die broeder teen my het. Hy is ontevrede, dis die eerste, hy is ontevrede oor die toelae. Hy het die aand gesê vir br. . . . het ek gehoor, jy is ook een van hulle wat die kerkraad se geld wil mors, daar sit die broeder. Hy is ontevrede en laat sy naam aan die minderheid aanteken, hy het die reg daartoe volgens die reglemente van orde, maar dit spreek sy onvergenoegdheid uit.

Ek het die br., hy het in die vergadering gesê hy weet nie waarvoor mev. Olivier so ontsteld is nie, hy sou 'n bees gegee het, hy sal 'n bees gee. Na die vergadering, soos u gemerk het is die vergadering gehou van die broeders van die buitewyke, het ek vir die br. gevra: Wat gee jy, hoe groot is jou bees? Toe sê die br. hy gee nie meer 'n bees nie. Toe sê ek vir hom dis goed. Ons hou nou vergadering jy kan sit as jy wil en as jy nie wil nie kan jy maar loop. Hy dra nie by vir hierdie verkoping nie. My intensie, Br. Voorsitter, is hy is kwaad vir die dominee nou dra hy nie by vir die kerk nie.

Derdens, hy woon nie die eredienste by nie. Hy het ook nie die Nagmaal bygewoon nie. Hy het van die 22ste April geen enkele diens hier bygewoon nie. Hy het die Sondagmôre van die 15de, het hy sy bedanking gaan oorhandig aan br. Koos Snyman, die môre van die Nagmaal.

Die vyfde persoonlike kwessie, in hoe verre hy vir hom hieraan skuldig gemaak het weet ek nie, die broeder kan self daaroor praat, hy besoek of bel die meeste predikante dat hy predikante besoek het dit lei geen nie in die minste twyfel nie, en met daardie predikante het hy hierdie aangeleentheid bespreek, persoonlike kwessie teen my. Ek weet nie in hoe verre hy meegewerk het om my te belet om die Nagmaal te hou nie, maar in die spreekkamers van dr. Blig-

naut het dit die Vrydagmiddag rondgelê: Vir julle dominee wag daar 'n surprise vanaand, dis die Vrydagaand voor die Kerkraadsvergadering van die 13de Mei. Ek sê nie dit kom van die br. af nie. In die volgende plek het ek verneem of die br. daarmee te doen het of nie.

Dr. Eloff: Br. Olivier, ek wil graag vra dat u presies met br. Weber u sal besig hou nie met ander dinge nie, want ons is nou met br. Weber besig en met hierdie spesifieke persoonlike saak van br. Weber. Nou moet u nie ander goed byhaal nie want dis nie ter sake nie, nie waar nie, ek vra tog maar net.

Ds. Olivier: Wel maar my Br., ek moet vir u sê dat sonder dat dit vir my gespesifiseer is dra ek kennis dat ek gedreig is dat ek aangekla sal word. As u die bewys wil hê kan ek dit gee. As ek die twee broeders nie ontmoet nie dan sal die broeders, br. Weber, my aankla. Ek het gesê laat hom my aankla. Hulle wil my persoonlik spreek, br. Weber wil my persoonlik spreek, want die verkoping en die vervoertoelae het veroorsaak 'n persoonlike kwessie nou teen my Br. Weber het my gespreek die aand van die 13de Mei. Ek het vir hom gesê u kan my spreek na die Kerkraadsvergadering. Wil die Br. Voorsitter weet wat plaasgevind het, wil u die besonderhede hê? Moet ek dit vir u stel?

Dr. Eloff: Br. Olivier, u moet sê wat u dink is nodig om die saak toe te lig.

Ds. Olivier: Nou maar dan moet ek dit doen, Br. Voorsitter, dan moet ek dit doen.

Die broeder, ek weet nie of hy sy aantekeninge hier by hom het nie, hy het aantekeninge gemaak daarvan, hy kan maar kontroleer. Die broeder het die aand vir my kom spreek in my studeerkamer. Die broeder het aanvanklik begin deur vir my te sê dat hy het nooit geweet dat die ouderling ook verantwoordelikheid dra vir die geestelike heil van die gemeentelede wat onder sy toesig val nie. Hy het 'n boekie van ds. Els gelees. Nadat hy daardie boekie gelees het, het hy daarin gesien dat die ouderling ook verantwoordelikheid dra. Toe het ek vir hom gesê: My broeder, daar is geen verskil tussen die predikant en die ouderling nie. Die een is lering en regering, die ander is regering, albei is herders, die een is 'n leraar.

Die tweede punt waaroor dit gaan was oor die De Jager kwessie wat in die notule is. Hy het my uitgevra, ek het hom geantwoord en die broeder het neergeskryf.

Die derde aangeleentheid was die Botes kwessie. Hy het my uitgevra en ek het hom geantwoord en hy het neergeskryf.

Toe kom die kwessie van die vervoertoelae. Soos hy dit uitgedruk het: Hier verskil ek van ds. Dit gaan oor die verhoging van my vervoertoelae. Eers het hy vir my gesê: U het Kaaptoe gery. Ek sê Ja. Hy sê vir my: Dis 'n 1,000 myl na Kaapstad toe, toe sê ek: Ja, jy kan dit so noem, dis minder hiervandaan. Hy sê toe: Duisend soontoe en duisend terug, dis tweeduisend. Ek sê Ja. Hy sê: U het seker 500 myl daar rondgery. Ek sê: Ja, ek het 500 myl gery. Hy sê: Dis 2,500. Hy sê: U ry drie maal 'n week na u vader se plaas toe. Ek sê: Wie sê vir jou so. Ja, maar hy aanvaar dit so. Ek sê: Dit gebeur dat ek van 3 na 4 weke ek glad nie op my vader se plaas kom nie. Hy het vir my gesê: Drie keer per week is 100 myl per jaar. Toe het ek vir die br. gesê: Ek sê br., hoe lyk dit vir my jy

vertrou my nie. „Nee ds." Ek sê: Jy vertrou my nie. Hy sê: Nee ds. Ek sê: Jy dink ek lieg. Toe sê hy vir my: Nee ds. Ek sê: Br. sê vir my ds. Olivier jy lieg!, en toe het die broer dit uitgeskree: Ek sê vir jou jy lieg! Toe sê ek vir hom: Br., nou laat ek nie meer vir my onder kruisverhoor plaas nie. As ek gelieg het alles wat ek tot dusver gesê het, lieg ek wat ek verder gaan sê, en ek wonder hoe jy die moed en die oortuiging sal hê om in hierdie kerk te kom sit en te luister na 'n predikant wat lieg. En op daardie oomblik brs., het my vrou ingekom en het my twee dogters ingekom en my vrou het met hom gepraat en my dogters het met hom gepraat en dit was geweldig gewees. En my oudste dogter het vir kol. Jacobs gaan roep en kol. Jacobs het daar ingekom, en kol. Jacobs het dit toe alles gehoor wat verder plaasgevind het. Die br. het gekalmeer en die br. het verder met my gepraat oor die vervoertoelae. Hy het vir my gesê ek ry tweemaal 'n maand na Johannesburg vir die Abr. Kriel Kinderhuis. Toe sê ek drie-vier maal per jaar vir die hoofbestuurs-vergadering. Ek sê: Wat wil jy met hierdie dinge maak? Hy sê: Ek wil dit weet want ek wil vir br. Frans Dippenaar gaan sê: Man ons is verkeerd en ons moet nou hierdie dinge laat staan. Die br. het met my gepraat oor die gevalle van Vorm 14 en ek het die boekie voor my gehad en ek het elke geval van Vorm 14 genoem en ek het vir hom verduidelik elke geval van Vorm 14. Ag, Vorm 4, ekskuus tog, brs., Vorm 4. En uiteindelik het ons mekaar toe gevind en hy het, kol. Jacobs het gebid, en ek het gebid en hy het gebid en die Saterdag-môre die 14de, skryf hy sy bedanking uit wat voor die vergadering is, hierso, die brs. kan dit sien, Br. Voorsitter, en die 15de handig hy hom in en die 16de skryf hy sy brief aan die Ringskommissie, vra hy vir die Ringskommissie omdat hy nie vertroue in my het nie of dat hy my opregtheid betwyfel. Hoe lyk dit nou, of ons kan dit naslaan, my opregtheid as leraar betwyfel wil hy sy lidmaatsvoorreg-te gaan geniet. Nou vra ek vir u: Bly dit nog 'n persoonlike kwessie? Ons het met mekaar, nie ek met hom nie, hy met my, vrede gemaak. Die versoek van die br. aan die Ringskommissie, alles teen my persoonlik, daarop wil ek nie ingaan nie want die gerug wat aan hulle bekend gemaak is as Ringskommissie, het geblyk klagtes te wees teen my persoonlik.

In die tweede plek, Br. Voorsitter, moet ek teruggaan na 7 September 1965. Dis 'n kerkraadsvergadering. U moet my net 'n oomblikkie kans gee dat ek net daardie kerkraadsvergadering se notule kry. Dit is 'n mosie wat voorgestel is deur br. J. H. van Niekerk, die broeder wat daar sit met die blou trui, dat die kerkraadsvergaderings in die toekoms op Dinsdag, Woensdag of Donderdagaande gehou word i.p.v. Vrydagaande. Br. J. H. van Niekerk het sy redes volledig genoem waarom 'n vroeër aand van die week as Vrydag-aand verkies word. Nadat dit bespreek is deur lede van die kerkraad en ook deur die Voorsitter, is deur die indiening van 'n ordemosie besluit om van die bespreking af te stap. U sien br. Voorsitter, hierdie besluit is 'n besluit van die Kerkraad en die ordemosie is 'n ordemosie ingedien deur br. Van Rensburg toe hierdie saak aan die orde was en ons al lank daarmee besig was, het hy gevra is daar, kan ons nie van hierdie saak afstap nie, toe het ek uit die stoel as leraar en voorsitter volgens die reglement van orde gesê: Ons kan

van hierdie saak nie afstap nie behalwe deur 'n ordemosie, toe het die br. gesê (want 'n ordemosie het voorkeur en voorrang by 'n gewone mosie) het hy gesê: Dan dien ek die ordemosie in. Toe sê ek: Brs. dan moet ons stem nadat dit gesekondeer is, nou moet ons stem oor die ordemosie, toe is dit afgestem. Toe wou die br. weet is die saak nou af, toe sê ek: Nee, hy is nie af nie, u kan weer kennis gee van 'n mosie en ek sal netnou vir u aandui dat hy kennis gegee het van 'n mosie, maar ek het bygevoeg, dit kan wees deur 'n ordemosie afgestem word. Nou my br. Voorsitter, daardie Sondag na die Kerkraadsvergadering het br. Weber en br. Dippenaar en br. Van Niekerk hier by die pomp gestaan en hulle het met mekaar gesels. Na hul uitmekaar gegaan het, het die br. omgery na my huis toe om die Sondag, en hy het met 'n versoek na my toe gekom: Hulle drie wil my spreek. Toe het ek gesê: Julle kan my elkeen individueel spreek, maar jy is nou hier, jy kan maar praat en toe het die br. my dit kwalik geneem dat daardie ordemosie van my dan afkomstig sou wees, ek het die br. die ordemosie in die mond gelê. Br. Voorsitter, daardie dag het hy en ek gepraat, en ons het baie gepraat. As dit nodig is en u wil dit graag hê kan ek daardie gesprek volgens my geheue weergee en die br. kan volgens sy geheue die gesprek weergee, maar wat ek wel vir hom gesê het daardie dag is dat hy staan onder die invloed van Br. Dippenaar en jy hoef dit nie vir hom te gaan sê nie, en hy het dit vir hom gesê, ek sal dit vir homself sê en ek het dit vir hom gesê die dag toe br. Dippenaar na my toe gekom het.

Ek sal vir u daarop wys dat daar die br. wat aanvanklik die mosie ingedien het en daar is ander brs. wat vir die mosie gestem het en br. Van Niekerk, al die broeders was tevrede. Ek het met br. Van Niekerk hier by die pomp gestaan en hulle het met mekaar gesels. Na het die saak, as daar 'n saak was, uitgemaak. Die broeder, sover ek weet, dra geen wrok in sy hart teenoor my nie, sover ek weet. Ek dra geen wrok teenoor die br. nie. Die ander broeders wat ook daarvoor gestem het, nie een van hulle nie.

Ek moet nou gaan, br. Voorsitter na die mosie van br. Weber. Dit is die Kerkraadsvergadering van die 19de Nov., dat Kerkraadsvergaderinge verskuif sal word na Dinsdag, Woensdag of Donderdagaand. Dit is die 19de Nov. se notule. Br. F. C. V. Weber het die mosie bespreek en verwys na wat br. Van Niekerk genoem het naamlik (i) gesinsaand, (ii) se bywoning (iii) Vyfdaagse werksweek se invloed. Br. Weber voel dat mense Vrydae moeg is en dat 'n vergadering wat vroeër in die week gehou word miskien meer effektief sal wees dat die Kerkraad meer uitgerus sal wees. Heelwat bespreking is gevoer in verband met die saak. Die volgende twee voorstelle is gesekondeer: (i) Dat die kerkraadsvergaderings op Vrydagaande gehou word, (ii) dat die kerkraadsvergaderings op Woensdagaande gehou word. Na alle praktiese probleme genoem is, is gestem en is besluit dat die kerkraadsvergaderings op Vrydagaande gehou word maar op die vergadernng van die Desember, die 10de Desember, is dit gewysig. Dit lui so: Na alle praktiese probleme genoem is, is gestem en met 35 teen 10 is besluit dat die kerkraadsvergaderings op Vrydagaande gehou word. Die voorsitter het buite stemming gebly.

Aanvanklik was die br. tevrede, aanvanklik, want die eerste geval het hy vir my gesê ons het soos papbroeke opgetree, ons was nie mans genoeg om die ding uit te veg nie. Op die tweede een het hy gesê hy is nou tevrede. Ek glo dat die broer nie tevrede was nie wat die broeder het die aand van die 13de Mei gesê hy het beswaar teen my as Voorsitter en hy gaan bedank omdat hy nie van my hou as Voorsitter nie. Ek het vir die br. gesê: Dis jou saak. Ek is 'n Voorsitter soos ek is, net soos ek is is ek 'n voorsitter. Die persoonlike gevoel teen my het toegeneem.

In die vierde plek wil ek graag vir u daarop wys dat wat vorm 4 betref waaroor ek reeds gepraat het, Br. Voorsitter, dat daardie vorm 4 wat deur hierdie kerkraad uitgereik is met goedkeuring en toestemming van die kerkraad, wil die broeder dit herlei na my persoon toe. Daarom het hy die aand van die 13de Mei ook weer met my daaroor gepraat. Al die kerkraadsaangeleenthede dus, persoonlike kwessies teen my. As hierdie . . .

Dr. Eloff: Broeders ek wil net graag daarop wys, ons wil graag vir elkeen geleentheid gee om die saak so deeglik moontlik toe te lig. Ons is nou met die tweede punt besig. Hier is 6 punte. Ons is reeds omtrent 'n uur besig. As ons op hierdie spoed vorder sal ons ten minste 6 uur besig wees sonder dat ander broeders praat. Ek wys maar net daarop, ek dink dis my plig. Dan sal ons, dit sal betreklik vroeg word as ons nie bietjie vinniger spoed nie, maar nou as dit goed is, ons kan vannag deur sit of ons kan môreaand weer sit, ek noem dit net dat ons maar so ter sake as moontlik sal wees met die stelling. Ek dink ons gee br. Olivier nou kans vir die derde punt van br. Weber.

Een van die kerkraadslede praat?

Dr. Eloff: Ja br., ek het gewonder as dit dieselfde is, dan is dit mos eintlik dieselfde. Die broeder is nie 'n getuie nie, 'n getuie sou nie hier mag gewees het nie, maar sover ek kan sien is die broeder nie 'n getuie in hierdie saak nie. Hulle is twee mense wat aangekla is.

Een van die kerkraadslede . . .

Dr. Eloff: Hinder dit die kerkraad? Broeders ek stel dit aan u as kerkraad: Hinder dit vir u as die broeder hier is? Sal u die hande opsteek wat tevrede is dat die broeder hier is, asb.

Die broeders wat dan anders voel?

Broeders dan voel ek dat die Kerkraad tevrede is dat die broeder hier teenwoordig sal wees. Dit hinder ons as Ringskommissie ook nie. Dankie br., ek waardeer u opmerking. Dis net 'n . . . Ja ek waardeer dit.

Ds. Olivier: Die derde punt is dat br. Weber onderwerp hom nie aan kerkraadsbesluite nie. Ek sal nie lank hieroor besig wees nie. Ek sê in die eerste plek sit was die geval met die kerkraadsvergadering van die 17de Sept. 1965 toe daardie kerkraadsbesluit gevra het dat hy geval, en die br. moes nie met my kom lol het oor 'n kerkraadsbesluit nie. As hy lojaal is teenoor die kerkraadsbesluit dan moet hy lojaal wees. Dis klaar, finaal, afgehandel. Hy onderwerp hom nie aan 'n kerkraadsbesluit nie daarom wou die br. my weer kom sien en hy het my kom sien en hy het met my gepraat en ek het hom die saak verduidelik maar die br. het nie genoeë geneem daarmee nie.

Die tweede geval is die van die 19de Nov. 1966, daardie kerkraadsbesluit, '65, die 19de Nov. 1965, hy het aanvanklik het hy dit sogenaamd aanvaar maar die br. het dit in sy hart en in sy niere en in sy siel dit nie aanvaar nie.

En die derde een is die besluit van die 22ste April en dit spesifiek wat die vervoertoelae betref. Daarom het die br. my dit voorgehou en daarom het die 13de Mei, wou hy met my 'n samespreking voer en het hy met my 'n samespreking gevoer en het die ding tussen hom en my amper skipbreuk gely, oor die vervoertoelae. Maar nou moet ek vir u Br. Voorsitter, oor die kwessie van die vervoertoelae net inlig dis dat op die vergadering van Februariemaand hierdie jaar, het die kerkraad besluit om 8,000 myl te aanvaar, dis die notule van die 19de Febr. 1966: Na 'n lang bespreking word besluit dat die regeringstarief per myl betaal sal word en die reistoelae gebaseer op 8,000 myl per jaar. Dit tree in werking vanaf 1 Februarie 1965. Die minimum sal nie laer as R50 per maand wees nie, die volgende rapport het gekom R60 per maand R720.

Toe het br. Weber nie beswaar gemaak teen hierdie aanbeveling wat besluit geword het van die kerkraadsvergadering nie. Hier is sy naam in die presensielys. Maar op die vergadering van die 22ste April met die broeder vir hom nie onderwerp aan die kerkraadsbesluit nie. Wat die punt betref is ek baie kort.

Dr. Eloff: . . . een of ander aspek van die saak wil toelig of 'n vraag in die verband om meer lig te kry, broeders, want dit wil ons graag sien.

Iemand: Br. Voorsitter, as ek mag vra . . .

Dr. Eloff: Kom net 'n bietjie hier praat.

Iemand: Die aand na die kerkraadsvergadering toe ds. Olivier vir br. Weber genooi het om na hom te kom, hoe laat wil ek van ds. weet, hoe laat is die broeder die nag by hom weg? Dit was 'n Nagmaalsnaweek. Ek vra net 'n vraag.

Ds. Olivier: Wie moet daarop antwoord, broeder?

Iemand: Ek vra vir ds. Olivier.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, ek is nie nou presies nie maar ek dink dis daar om en by 3 uur, om en by 3 uur die nag, die Saterdagmôre.

Dr. Eloff: Broeders 'n ander vraag miskien?

Iemand: Ek wil darem net graag, ek is nou baie jammer dat ds. Olivier my naam genoem het hierso, dit het nou hoegenaamd nie betrekking op mnr. Weber nie. Die mosie wat ek sou ingedien het, ek is jammer daaroor maar dit maak nie saak nie, en ek wil tog net een dingetjie sê in alle eerlikheid en opregtheid, en dit is in verband met die ordemosie van br. Van Rensburg. Kyk, die werklike woorde van ds. Olivier wat toe as voorsitter van die vergadering opgetree het, was naamlik: Broeder ons kan nie hierdie bespreking staak nie tensy dat 'n ordemosie nie ingestel word nie, en toe het die voorsitter vir br. Van Rensburg gesê: Tensy jy nie 'n ordemosie instel nie kan ons nie die bespreking eindig nie. Toe het hy opgestaan en gesê: Wel, broeders, dan stel ek so 'n ordemosie in. Persoonlik het ek self ook so gevoel dat die eerwaarde voorsitter die woorde in sy mond gelê het. Dit is maar ter verduideliking omdat u kon maklik ds. Olivier netnou misverstaan het en ek het nou nie presies die

woorde wat ds. Olivier netnou gebruik het nie maar dit het vir my geklink dit is nie heeltemal presies die woorde wat hy die aand daar gebruik het nie. Die woorde wat ek nou vir u hier gegee het is die presiese woorde soos ek dit kan onthou.

Dr. Eloff: Ander broeders?

Ds. Steyn: Die broeder se van?

Ds. Burger: Wie is die broeder wat nou hier gepraat het?

Iemand: Br. Van Niekerk.

Dr. Eloff: Is daar nog broeders wat 'n vraag wil stel ter verduideliking? Br. Weber?

Br. Weber: Br. Voorsitter, die klag wat ds. genoem het as ouderling doen ek aansoek om kerklike voorregte by die Mooirivier kerk. Hy wil weet wat is my redes. Brs., die Vorm 4's wat uitgegee is in hierdie kerk is mense wat ontevrede was en toe oorgegaan het na die Hervormde Kerk. Die N.G. Kerk is my kerk, en ek gaan nie na die Herv. Kerk oorhardloop as ek ontevrede is nie. Ek wil die saak reggestel hê. Ek bly by my N.G. Kerk. Dit was die rede waaroor ek gevra het vir kerklike voorregte by 'n N.G. Kerk. Die Mooiriver Kerk is my naaste N.G. Kerk.

Die tweede een: Gesoek en voer samesprekings met persone wat Vorm 4 ontvang het, Vermeulen en Raath. Brs., u weet in die Kerkraadsvergadering het ek gepraat en gevra dat daar baie Vorm 4's uitgereik word. Ons moet asb. hierdie mense probeer behou vir ons kerk. Die geval Raath o.a. was 'n lang proses. 'n Brief is deur br. Raath geskrywe uiteindelik aan hierdie kerkraad waarin hy aantygings gemaak het. Daar is net besluit: Ons gee Vorm 4. Ek wil gehad het ons met in hierdie sake ingaan, waaroor is die br. ontevrede, daaroor het ek na br. Raath gegaan en gaan hoor waaroor was hy ontevrede want ds. het gesê hy het hom die dag gesien sweet hier in die kerk toe ons gebid het om reën. Dit is al wat hy hom in die kerk gesien het. Br. Raath het toe aan my en br. Dippenaar verduidelik waarom hy ontevrede was, soos ek in 'n latere vergadering gerapporteer het in die kerkraad. Dit was g'n hierom of daarom nie dat ek agteraf na br. Raath gegaan het, maar ons kry nie in die Kerkraad die ware toedrag waarom die mense ontevrede is nie.

Die geval Vermeulen: Hier in die kerkraadsvergadering was genoem dat die br. ontevrede was. Ds. het aan br. Bezuidenhout gevra, die ouderling van br. Vermeulen, hy moet sê wat die br. gesê het waarom hy nie aangeneem het of sal aanneem as ouderling nie. Br. Bezuidenhout wou die woorde nie besig wat die man gesê het nie maar ds. het daarop aangedring dat hy daardie woorde moes gebruik en toe het ek na br. Vermeulen toe gegaan maar hy was nie te vinde gewees nie, hy was nie tuis nie en ek het hom daar gelaat, ek het hom nie geskakel of probeer in die hande kry nie.

Derde: Hy doen dinge wat hy nie deur die kerkraad gevra is om te doen nie. Dit was die reistoelae. Brs., ek is lid van hierdie kerkraad en al word daar 'n kommissie benoem het ek seker ook die reg as kerkraadslid om informasie in te win en om nie net hier te kom sit en te aanvaar wat gesê word nie. Ek kan mos vir myself ook dink. Ek het ook al met reistoelae van baie mense te doen gehad toe ek sekretaris van die Munisipale Werknemersvereniging was daar in Randfontein. Ek was by Mooirivier Motors, ek pleit nie onskuldig daaraan nie. Stadsraad oor vervoer: Onskuldig, ek was nie daar

nie. Kol. Jacobs: ek was by hom gewees omdat hy lid was van die kommissie van ondersoek oor die reistoelae, en ek het met hom gaan praat. Ek het nie vir kol. Jacobs gevra asseblief moet dit nie aan ds. noem of aan die kerkraad noem dat ek hier was nie. Ek het openlik na hom gegaan, ek dink dis die tweede huis van ds. af, waaroor sal ek dit wegsteek?

Ds. se volgende klag is: Kerkraadsaangeleenthede 'n persoonlike saak teen die leraar. Die vergadering van die 22ste April 1966: Verkoping: brs., u weet wat het daar gebeur. Mev. het ingekom en was ontevrede oor die min vleis en goedere wat op die lyste was. Ek het daar geen beswaar teen gehad nie maar toe mev. persoonlik raak teen br. Dippenaar, u weet dit het ek gevra en gesê dit is onregverdig om persoonlik te raak. Hy is nie al een wat nie gekollektéer het of reg gekollekteer het of wat min op die lys gebring het nie, en my voorstel dat mev. moet om verskoning vra daar sy nie reg opgetree het nie, was wel gesekondeer, en nie soos ds. sê nie gesekondeer nie. Br. Wentzel as ek reg onthou . . .

Iemand: . . . Ebersohn.

Br. Weber: Br. Ebersohn.

Iemand: Ja, hy het gesekondeer.

Br. Weber: Br. Ebersohn het vir my gevra: asseblief, broeder, toe ons tee gedrink het, kom ons stap af van die saak dat ons die ding in liefde oplos. Ek het teruggekom na ek met br. Dippenaar gepraat het en gesê: Brs. ek trek my voorstel terug ter wille van die saak en dit was so aanvaar. Ds. het my daarvoor bedank. U weet self dat ds. gesê het hy is 23 jaar met sy vrou getroud en as sy 'n ding vir 'n man wil sê, dan sê sy dit. Hy kan haar nie forseer om om verskoning te vra nie.

Die reistoelae: Ds. het gesê hy weier om die vergadering te verlaat daar hy wil hoor wat br. Dippenaar sê. Brs., ek het aan ds. gesê dat etiketshalwe dit reg sou gewees het as hy die vergadering sou verlaat want hy het dit verlede jaar gedoen toe ons sy reistoelae bespreek het. Maar sy woorde was hy wil hoor wat br. Dippenaar sê. Toe sê ek vir hom: Ds. met ander woorde jy wantrou jou kerkraad want as hulle nie reg besluit nie dan sou jy hulle nou nie glo nie as hulle vir jou agterna sê wat gebeur het nie.

Woon nie dienste by nie, ook nie Nagmaal nie. Brs. ek weet nie watter dienste ds. nou na verwys nie maar die tydperk voor hierdie onenigheid, voor die nagmaal, het ek my skoonouers hier gehad en ek moes hulle rondvat weens fasilitiete wat hulle wou sien en was ek baie naweke nie hier nie. Dit was die rede waaroor ek nie in die kerk was nie, geen ander rede. Waaroor ek nie Nagmaal bywoon nie, brs., hoe kan ek die nagmaal bywoon as ek in my siel nie reg voel teenoor my leraar nie, oor sake wat my ongelukkig stem?

Besoek of bel meeste predikante en bespreek: Daar pleit ek onskuldig. Ek het met ds. Schutte gaan vra of ek kan lidmaatsvoorregte in sy kerk gaan geniet omdat dit sy kerk is, die Mooirivier kerk, waarnatoe ek gaan. Verder het hy vir my gesê wat is die rede en toe het ek vir hom gesê ons het met ds. probeer versoen. Ons was na dr. Eloff toe, vir dr. Eloff vertel wat aangaan, as konsulent van ons Ring, van ons kerk. Ds. wou ons nie ontmoet as dr. Eloff optree as konsulent nie. Hy sal hom ontmoet as vriend dan kan ons praat maar

nie oor die meriete van hierdie saak, hierdie kwessie nie. Wat was die nodigheid dan dat ons na ds. gaan, ons mors dan net sy tyd. Toe het ds. Schutte vir ons gevra: Brs., maar hierdie saak moet reggestel word. Toe sê ek ds. ek sal bly wees as ons hierdie saak kan regstel. Dis wat ek met ds. gepraat het en hy het vir my gesê hy sal kyk wat hy kan doen om hierdie saak reg te stel. Hy het vir ons, vir my en br. Dippenaar, gevra: In liefde broeders en ons was in liefde, ons het nie kwaad geword en iets gesê wat nie reg is nie.

Die aantyging was ds. gemaak het: die kerkraad se geld wil mors toe ons die reistoelae bespreek het. Brs. u weet br. Mike het dit genoem en ek was onbewus daarvan en ek het om verskoning gevra as ek dit sou gesê het. Ek dink daardie saak is afgehandel, ek dra nie kennis daarvan nie maar as ek dit gesê het dan het ek klaar om verskoning gevra in die vorige kerkraadsvergadering en ek vra weer vanaand verskoning, want dit was seker nie wat ek bedoel het nie dat die kerk se geld gemors word nie vir 'n leraar wat sy werk doen.

My versoek die aand na die Kerkraadsvergadering die 13de toe ek en ds. in sy studeerkamer kom het ek aan ds. gesê: Ds. ek wil met u praat oor die punte waaroor ons met u verskil. Eerstens het ek vir ds. gesê; dit was nie 'n punt van verskil nie, dit was met my huisbesoek. Hierdie keer het ek die handleiding van ds. J. J. Els gebruik om by die huise skriflesing en gebed te doen. Toe het ek net vir ds. genoem ds. ek was nie so bewus daarvan dat die werk van die kerkraad, van 'n ouderling en van die leraar dieselfde is nie. Toe sê hy vir my dit is dieselfde, die een is lering en die ander is lering en regering, die een is regering en lering en die ander is regering. Toe het ek verstaan.

Toe het ons die saak behandel van De Jager. U is bewus van die saak De Jager, broers. Hy sê hy was in die laaste ses jaar omtrent twee of drie keer in hierdie kerk. Daaroor het ek daardie saak genoem — hy moet met die man gaan praat en hom vra waaroor is hy dan ontevrede, kom hy nie na ons kerk toe nie. Dit was 'n geval gewees, hy is 'n dranksugtige en hy het 'n sielestryd gehad en soos hy sê, hy het sy predikant gesoek om te praat en gereken hy sal verligting kry, het toe 'n bestelling gehad met Ds. Toe hy by Ds. kom die middag toe was Ds. nie daar nie, toe was gesê hy is na 'n Raadsvergadering. Toe was die man baie ontevrede. Toe is hy later na die Naserener predikant en hy het toe met hom gepraat en het 'n paar van sy dienste bygewoon maar later het hy besef dat dit nie sy N.G. Kerk is nie. Hy kan nie na die Naserener predikant toe gaan nie, hy wil by die N.G. Kerk bly waar hy groot geword het en waar hy nog altyd lidmaat was maar hy voel nie om kerktoe te kom na hy in 'n stryd was en die leraar hom in die steek gelaat het nie. Dit was sy woorde broeders.

Die geval Botes: „is bewus, ons het al hierdie geval genoem. Br. Botes en mev. Joubert se dogter het 'n onegte baba gehad, m.a.w. hulle het oortree, en die ou moeder was baie ongelukkig oor die saak. Botes behoort aan die Wederdopers maar die dogter aan die N.G., Kerk en toe ek en Br. Dippenaar daar huisbesoek gedoen het verlede jaar, toe ons nog daardie wyk ook bygehad het, het die ou moeder ons gevra ons moet tog kyk, ekskuus, of ons nie kan vir Botes oorkry na die N.G. Kerk toe nie. Maar hy moes toe nog katkiseer. Br. Dippenaar het gegaan en 'n katkisasieboek gekoop,

die ou tannie gegee, en Br. Botes sou toe nou begin katkiseer. Maar hy werk. Hy sê toe het hy na Ds. gekom en vir Ds. gesê die Katkisasietye wat hy moet bywoon is hy nog in diens. Is dit nie moontlik dat hy na ure na Ds. toe kan kom vir katkisasie nie. Ds. het net gesê dis onmoontlik. Daar is hy, toe kon hy die katkisasie nie bywoon nie en kon hy toe nie aangeneem word as lid van die N.G. Kerk nie. Dis sy woorde, broeders, nie myne nie.

Die Reistoelae: Hierdie puntjies wat ek nou noem was om vir Ds. te sê waaroor ons ontevrede was, ek en br. Dippenaar. Die reistoelae was genoem. Ek het vir Ds. gesê die 13,000 myl wat u in 'n jaar ry waarvan hy sê 8,000 myl ry hy in die kerk se diens. Toe het ek vir hom gesê: Ds. laaste jaar, as jy reg onthou, kon jy ook nie spesifiek sê u ry 8,000 myl nie, ons het dit toe so aanvaar op jou aanbeveling. Ek sê: maar dis 'n jaar verder. Ons wil graag iets konkreets hê, ware syfers. Daaroor is ek en br. Dippenaar toe ons sommetjies maak sien dat as jy 13,000 myl ry, jy nie kan 8,000 myl ry in die kerk se diens nie want Kaaptoe is omtrent 1,000 myl, terug is omtrent 'n 1,000 myl, u het familiebetrekkinge onder by die Kaap, ons vat omtrent 500 myl — dis 2,500 myl. Ds. het saamgestem. Dit laat ons toe 2,500 myl. Ek sê: U vader en moeder woon hier buite, u besoek hulle seker 2 of 3 keer 'n week darem. Toe sê Ds. Nee, partykeer 2 of 3 weke gaan verby voor hy hulle sien. Toe sê ek Ds. dis jammer, dan het ons daar fouteer, dan is dit 'n puntjie waar ons verkeerd gegaan het. Toe het Ds. gevra, toe ek hom vra oor die kommissies waarop hy dien, dit was net om ons saak lig te gee, toe sê Ds. vir my: Br. ek is nie onder kruisverhoor nie, ek weier om aan te gaan. Toe sê ek vir Ds. dan laat ons dit daar. Toe sê Ds. vir my, toe ons weer hervat, Br. dit is soos Ds. netnou hier gesê het, toe het hy my forseer om te sê hy lieg. Ek het nie na Ds. gegaan toe ons verskil, en gesê „Ds. jy lieg" nie. Hy het vir my gelei en gesê „met ander woorde ek lieg". Toe sê ek: „As dit so is Ds. dan lieg jy." Dis of waar of verkeerd.

Vorm 4's wat behandel is: Ds., ons het die Vorm 4's behandel. Hy het 'n verklaring van elkeen gegee en ek het nie met hom daaroor geargumenteer nie. Ek het dit so aanvaar. Ons het mekaar gevind. Ons het saam 'n gebed gedoen. Toe Kol. Jacobs inkom het ek vir hom gesê: Dankie Kol. ek is bly dat jy ingekom het. Dit was my woorde aan hom.

Ds. het netnou gesê ek het met hom verskil, ek het met hom versoen, nie hy met my nie. Die Kerkraadsvergadering van die 17de September 1966, die mosie toe br. . . . 1965 ekskuus tog, ek het na Ds. gegaan na ek en Br. van Niekerk gepraat het omdat ons ongelukkig gevoel het oor die verloop van die voorafgaande kerkraadsvergadering oor daardie mosie. Toe het ek vir Oudl. Van Niekerk gesê ek gaan vir Ds. vra of ons hom die Maandag kan ontmoet dat ons die saak uitpraat. Toe het ek so gemaak. Ek het na Ds. se huis omgery, toe ek daar kom het Ds. ongelukkig mense gehad, Br. Frikkie van Rensburg was daar. Toe sê Ds. vir my wat kan hy vir my doen, het ek vir hom gesê. Ons is na sy studeerkamer en ek het toe vir hom gesê ek wil graag 'n bestelling hê dat ek en br. Dippenaar en Br. Frikkie, ekskuus tog, Br. Van Niekerk. Jammer.

Toe het Ds. vir my gesê: Julle kan een-een kom maar ek sal julle nie saam ontvang nie. Terwyl jy nou hier is, kan ons maar praat. Dit was nie ek wat vir Ds. gesê het, Brs., ek wil op Sondag met Ds. oor hierdie saak praat nie, Ds. het vir my gevra, gesê: Jy is nou hier, ons twee kan maar oor die saak praat. Dis wat gebeur het, brs., ons het toe gepraat oor die mosie waaroor ons ontevrede was daardie aand na die mosie bespreek was. Ons het dit so aanvaar. Toe kom ons uit om Ds. te groet na die Kerkraadsvergadering. Toe Ds. naand sê aan Br. Dippenaar toe sê Ds. aan ons: Julle het weer verloor vanaand. Brs. dis 'n uitdaging daardie; ek is net 'n mens.

Die kerkraadsvergadering van die 19de November 1965: Ek het die mosie gestel aangesien Br. Van Niekerk ongelukkig was en nie tevrede was oor die verloop van die vergadering vroeër oor die mosie nie. Ek het my daarby berus na daardie vergadering. Ek het ook nooit weer daaroor gepraat nie. U kan my reghelp.

Die Voorsitter: Ds. sê ek het gesê ek bedank as voorsitter, omdat hy as voorsitter nie reg optree nie. Ek het die aand vir Ds. in sy huis gesê om hierdie onaangenaamhede te voorkom sal ek bedank as ouderling. Toe het Ds. gesê maar dan is dit goed so. Toe sê ek vir Ds. die wyse waarop Ds. as voorsitter probeer om die kerkraad in hulle monde te wil lê hoe om te besluit is nie reg nie. Ons kan self besluit, daarvoor is ons hierso om die sake te bespreek. Toe sê Ds. aan my hy is nou maar so. Selfs al in die Sinode het hulle vir hom met briefies gevra om stil te bly daar hy die mense beïnvloed. Dit was sy woorde aan my.

Ds. het netnou gesê hy het dit in sy hart, siel en niere nie aanvaar nie, die kerkraadsbesluit. Brs. ek weet nie hoe kan jy vir 'n man so iets sê nie. Ek het my daarby berus. Ek het vir na Ds. of die kerkraad gegaan en gesê julle het so en so en so besluit en dis verkeerd nie. As jy vir 'n man wil sê sy hart, sy niere en sy siel, dan weet ek nie. Ek laat dit maar by u.

Die reistoelae van die 8,000 myl van verlede jaar waar oor ek dit aanvaar het, brs., is omdat ons dit as 'n kerkraad aanvaar het. Ds. het gesê hy veronderstel dis 8,000 myl, hy kon nie presies sê nie en ons daarby berus. Daar het 'n jaar verloop en ek wou maar net van Ds. gehad het 'n spesifieke syfer as hy dit kon gee want in sy studeerkamer het Ds. vir my gesê die aand hy kan nou vir my 'n syfer gee presies wat hy uitgewerk het. Het hy dit daardie aand aan die kerkraad voorgelê dan was hierdie onaangenaamhede miskien nie daar gewees nie. Dankie Br. Voorsitter.

Dr. Eloff: As u wil 'n vraag vra kan u dit hier kom doen asseblief. U kan kom.

Br . . . : Mnr., die Voorsitter, ek wil net graag iets weet in verband met die reistoelae. Ek is jare op die kerkraad, oor die 30 jaar, en ek het nog nooit soiets gehoor dat daar oor reistoelae gekla word nie omrede ek was nog altyd onder die verstandhouding omdat dit dikwels ons . . . was. 'n Predikant kry nie reis toelae dat hy dit moet opry nie maar hy kry reistoelae dat hy uit daardie reistoelae geld kan besuining om 'n volgende kar te koop. 'n Kar hou nie vir ewig nie en die gemeentes gee nie vir die predi-

kante karre nie en daarom moet sy reistoelae so ruim wees dat hulle daaruit kan besuinig vir 'n volgende kar. So ek sien nie waarvoor dat daar so 'n groot oragie moes opgeskop word en dit oor reistoelae nie om te gaan navrae doen en dergelike dinge nie om die predikant te wantrou en te sê hy lieg en al daardie soort van dinge nie. Dis vir my 'n verregaande iets. Ek het niks teen die broers nie maar ek weet net dis 'n verkeerde gees wat hier heers. Dis nie 'n gees van Christus nie, definitief nie. Ek meen ek is 'n kind van die Here vir die laaste 60 jaar dat ek 'n wedergeboorte ondergaan het, ek kan nie so 'n gees aanvaar nie. Dis vir my 'n swaar ding vanaand dat hier sulke dinge en aanmerkings gemaak word en dit deur 'n ouderling van ons kerk. Baie verregaande. Dit is jammer.

Dr. Eloff: Dankie broeder.

Ds. Olivier: . . . Hier is stellinge gemaak wat ek kan weerlê, sal ek 'n geleentheid kry? Of bly dit maar eers, hoe reël julle?

Dr. Eloff: Br. ek wil net eers die ander mense wat nog nie hier kans gehad het nie, kans gee om te praat om te sien hoe ver ons kom met die duidelikheid en dan kan ons weer terugkeer na die persone wat reeds gepraat het.

Br.? Die br. moet kom dat ons sy naam hier kry.

Br. Mike Dreyer.

Br. noem tog u naam dan kan ons weet wie u is.

Br. Dreyer: Ek wil net 'n vraag aan br. Weber vra. Hy het eers aangehaal dat hy gesê het hy kon daardie nagmaal nie nagmaal gebruik het nie omdat in sy hart ontevredenheid gewees het maar daarna het hy aangehaal dat hy het met 'n versoening met Ds. gemaak en hulle het saam gebid, nou kan ek net nie verstaan hoe kan 'n mens tot jou God bid, Hom in ander woorde dank sê dat daardie probleme opgelos is en môre, 'n paar uur, 24 uur daarna kan jy nie nagmaal gebruik nie omdat jy in jou hart voel dat jy nie versoening gekry het nie. Baie dankie.

Dr. Eloff: Br. Weber?

Br. Weber: Br. Voorsitter, ek kan net noem ek het lekker uit Ds. se huis uitgegaan en ek het na br. Dippenaar gegaan om hom die verloop van my onderhoud mee te deel. Onder andere het ek en Ds. in ons gesprek gepraat oor die aanmerking wat hy gemaak het dat hulle het vir hom in die begin gelag in die Sinode maar as Dr. Verwoerd praat dan luister die volk en as Ds. Olivier praat dan luister die N.G. Kerk. Onder andere het ons die aand ook, het Ds. ontken in die vergadering dat hy sou gesê het dat die kerkraad sou besluit . . .

Br. Dreyer: Op 'n punt van orde . . . my vraag . . .

Br. Weber: Ek wil net vir u verduidelik. Ds. het gesê dat hy sou nie gesê het dat die kerkraad sou besluit wat met die aanhitsers en rusverstoorders gedoen moet word nie. Hy het dit ontken hier in die kerkraad. Br. en toe ek by br. Dippenaar kom en vir hom die feite noem waar ds. gesê het dat waar Dr. Verwoerd praat luister die volk en as Ds. praat luister die N.G. Kerk, dat hy dit sou ontken het, toe het br. Dippenaar vir my gesê: Dit is die reine waarheid, en sy vrou het ook vir my gesê: Daar het ons in die sitkamer gesit en Ds. het dit so gesê. As oorlede Ouderling Reynecke was ook as getuie. En dit was vir my 'n saak dat die waarheid nie

gepraat word nie. Erens is daar 'n fout en dit het my ontstel en daaroor het ek nie kerkraad toe, nagmaal kon gebruik as ek twyfel in my hart oor die opregtheid van 'n persoon. Dankie.

Dr. Eloff:. . . Br. Weber wil stel aan Br. Olivier of die kerkraadslede?

Broeders is daar nog broeders wat wil praat?

Br. Boshoff?

Br. Boshoff: Br. Voorsitter, Broeders, dit lyk en dit lyk nie net nie, dit is die kern van die saak hier, dis twee dinge: Dit is die reistoelae en dit is die verkoping. Nou wanneer ons by die reistoelae kom, die rukkie wat ek op die kerkraad gedien het was dit nog altyd vir my 'n saak dat myle maar net 'n basis is en dit by die vasstelling van reistoelae in aanmerking geneem word hoeveel lidmate het daardie leraar en hoe uitgestrek is sy gemeente. Soos in hierdie geval waar Ds. tot by New Machavie gaan en tot 'n deel in die Vrystaat en hierdie hele dorpsgebied. Nou hier was al gefluister hoekom nie vir hom 'n Mercedes kry nie. Vir my maak dit nie saak of hy 'n kruiwa ry of 'n vliegtuig nie. As hy soveel toelae kry is dit sy saak hoe hy daar kom solank hy sy werk doen en ek kan nie sien waarom ons so baie oor hierdie reistoelae wil lawaai nie. Daar is niks in die hele ding nie. Die saak is net eenvoudig dit. Ek weet nie, mnr. Die Voorsitter, maar 'n leraar wat net in die dorp is en wat net hier 'n dorpsgemeente het, kan tog onmoontlik dieselfde reistoelae kry as 'n leraar wat plaaswyke het nie. Nou weet ek nie wat die reistoelae van ander leraars is nie, ek weet wat is my leraar s'n ek ek kan glad nie sien dat sy toelae uit proporsie is nie en ons was juis deur die Ring aangemaan omdat ons hom nie genoeg betaal nie, nie voldoende betaal nie.

Nou wat die verkoping aanbetref, die verkoping, daardie aand was die lyste, die aand toe mev. Olivier die kerkraad toegespreek het, toe was die lyste in so 'n chaotiese toestand dat jy nie 'n basaar kon hou nie want daar was omtrent niks op gewees nie. In my opinie was dit die verkeerde aand, ons moes eers, ons het hier 'n stelsel waar vier-vier groepe bymekaar kom en daardie vier, dis vier diakens met hulle ouderlinge, nouja daar besluit ons dan; nouja ons het bymekaar gekom na dit. Ek glo nie een van die ouderlinge of diakens het weer na dit gaan kollekteer nie maar ons het sommer net daar op die moment het ons besluit, nou kyk, toe ons klaar is het ons meer goed as wat ons kon verwerk, ons het die ander na die pastorie gestuur om weer by die ander uit te deel. Waarom ek voel die verkoping, daar het net ietsie verkeerd geloop dit was net te gou . . . maar op die ander kant glo ek ook dat die bietjie wat mev. Olivier daar kon sê dit miskien vir ons en vir myself ook wakkergeskud het. Dankie.

Dr. Eloff: Mnr. Boshoff kan ek net vir u iets vra. U sê al die lyste was nie soos dit behoort te wees nie.

Mnr. Boshoff: Die posisie was dit het so min opgebring . . .

Dr. Eloff: Al die lyste . . .

Br. Boshoff: Al die lyste volgens mev. Olivier, al die lyste het so min opgebring dat sy self gevra het sal ons aangaan met hierdie basaar. Ek weet nie of ek reg praat nie maar dit is onder die indruk wat ek gekom het dat sy gevoel het dit is beter om die basaar dan maar uit te stel.

Dr. Eloff: Dankie br.

Ag broeders, ek is persoonlik baie bly dat mnr. Boshoff hier gepraat het. Ek weet br. Olivier het nog iets op die hart en miskien een en ander broeder ook, ons sal vir hulle geleentheid gee. Maar ek wil net dit graag vooraf sê as 'n mens van buite af die saak duidelik, eerlik, so objektief menslik moontlik probeer beluister het ek presies die dinge wat br. Boshoff nou hier gesê het, hier neergeskrywe. Ek skryf dit neer dat al die gesprekke herlei kan word na reistoelae, kollektelyste en ek het bygevoeg Vorm 4 en 'n mosie. Dit lyk vir my, broeders, dit is, daar is nou ander dinge wat daaruit voortvloei, baie ander dinge, dit gaan nou verder daarvandaan uit. Nou wil ek net vir u vra, broeders, ek mag verkeerd wees in hierdie aanvoeling wat ek het, maar kan dit broeders uitmekaar hou, so 'n saak, vir my voel dit dat 'n kerkraad so 'n saak moet kan oorkom en dat broeders in Christus moet kan versoen as dit die dinge is wat vanaand hier genoem word. Ek wil vir u vra, broeders, met al die erns van my siel dat ons die houding moet inneem òns wil wen, of òns wil wen en daardie een op sy plek sit of die kerkraad verleë laat opkyk nie. Brs. het ons die saak gewen as die Ring sou vind die broeders is skuldig? Het ons die saak gewen as die Ring sou vind die kerkraad het nie 'n saak nie? Dan het ons die saak van die Here wel gedien na die beste van die middele wat ons ook het maar broeders die werklike saak het ons nie opgelos nie. Want dit mag 'n persoonlike kwessie wees in die hart van mense teenoor mekaar, 'n moeilike saak brs., maar as ons dit daar reg kry dan loop die hele ding reg, wat u gemeente skade doen, wie ook al die skuldige is, is nie nou ter sake nie, maar dit doen die gemeente skade. Dit doen die Koninkryk van die Hemele skade. Sê ek te veel as ek meen dat dit moontlik is. Ek sou graag dat die ouer broeders ouderlinge vir ons bietjie hier sal help, ons het respek vir wit hare en wysheid, en wat hierdie broeders se opinie in hierdie opsig is. Ek wil vra dat van die ouer broeders ouderlinge vir ons bietjie ook help in hierdie saak.

Br. Van der Colff?

Br. Van der Colff: Br. Voorsitter ek dien baie jare in die kerkraad. Ek is maar 'n swak persoon maar dit was altyd vir my 'n vreugde gewees om in die diens van die Here te staan, maar ek wil vir u sê wat vir my hier hinder in hierdie saak is dit dat al hierdie sake wat hier geopper is en wat u nou daar neergeskrywe het, is sake waaroor die kerkraad besluit het. Die kerkraad het besluit oor die mosie, die kerkraad het besluit oor die reistoelae, die kerkraad het besluit oor Vorm 4, dis kerkraadsbesluite. Die twee broers wil hulle nie neerlê by wat die kerkraad besluit het nie. Hulle gaan anderkant om, hulle gaan soek moeilikheid, hulle maak moeilikheid daaruit. Dit is my ondervinding, dit is my ondervinding. Die kerkraad het daaroor besluit, oor daardie sake maar hulle het buite omgegaan, hulle lê hulle nie daarby neer nie, hulle gaan soek moeilikheid. Soos die mense wat Vorm 4 gekry het, hulle gaan soek moeilikheid deur mense te gaan soek by Mooirivier en by die garage orals om informasie te gaan kry in verband met ds. Olivier se reistoelae.

Die kerkraad het mos besluit ons gee vir hom daardie geld vir sy werk. Ek het opgestaan en gesê hy doen twee predikante se

werk en hy kry een predikant se salaris. Nou sien hulle nog nie kans om vir hom daardie reistoelae te gee nie. Ek is bly dat daardie broeder netnou gesê het die predikant het nie daardie geld opgery nie, wat van sy kar, waar moet hy geld kry om vir hom 'n kar te koop. Hy gebruik daardie kar in diens van die Here, van die gemeente. Dis my opinie, br. Voorsitter. Die kerkraad het oor daardie sake besluit en die broeders lê hulle nie daarby neer nie, hulle gaan anderkant om en buitekant om en kry van elders af inligting, hulle soek moeilikheid, hulle wil moeilikheid hê, hulle wil moeilikheid maak. Hulle lê hulle nie neer by die besluite van die kerkraad nie. Hulle gaan buitekant die kerkraad.

Dr. Eloff: Dankie broeder. Nog een van die ouer broeders miskien? Koppe bymekaar om meer wysheid te kry. Wil iemand nog miskien 'n saak stel wat nou nog nie gestel is nie, vraenderwys? Br. Odendaal?

Br. Odendaal: Eerw. Voorsitter, br. Weber mag miskien begin dink ek het 'n persoonlike kwessie teen hom maar dit is nie so nie. Ek wil hom graag hierdie vraag stel net om die posisie vir myself 'n bietjie helderder te maak. Hy het die geval Botes genoem en ek meen ek het gehoor dat hy sê hy voel ongelukkig, die geval Botes, omdat die leraar nie Botes tegemoet gekom het nie. Is dit so broer?

Br. Weber: Ja.

Br. Odendaal: Nou maar dan verstaan ek nie die br. se gesindheid nie. Verwag u dat die leraar in elke so 'n geval die persoon tegemoet kom want as hy dit doen ten opsigte van Botes dan moet hy dit sekerlik doen ten opsigte van mnr. So-en-so, mnr. So-en-so, mnr. So-en-so.

Br. Weber: Br. Voorsitter, daardie is 'n uitsonderlike geval, waar die persoon sy moeilikheid genoem het, hy kan nie die tyd die katkisasieklasse bywoon nie. Nou waarheen moet daardie man. Is daar dan nie opoffering nie. Hoekom is daar nie voorgestel dat 'n ouderling hom kan katkiseer nie. Dis mos in die hande van die leraar. Die leraar kan mos vir hom sê doen dit of doen dat.

Br. Odendaal: Br. Voorsitter, die posisie sal darem chaoties raak as die leraar elke so 'n geval tegemoetkom. Dis hoe ek maar die posisie sien. Maar baie dankie u het vir my die vraag beantwoord.

Dr. Eloff: Wat bedoel u met tegemoetkom broeder? Ek wil net graag weet.

Br. Odendaal: In sulke uitsonderlike gevalle. Br. Weber voel ongelukkig omdat die leraar nie br. Botes nie met sy probleme tegemoet gekom het nie.

Dr. Eloff: Ek wil net vra wat bedoel u hulle met tegemoet kom?

Br. Odendaal: In dié oprsig dat die leraar soos ek die ding verstaan het, nie 'n later, op 'n later uur vir br. Botes ingeneem het vir katkisasie nie. So het ek die posisie verstaan, br Weber?

Br. Weber: Ja, op 'n ander tyd of . . .

Dr. Eloff: Dié broeder het nog nie gepraat nie.

Br. Roux: Mnr. die Voorsitter, ek sê nie graag iets nie in 'n kerkraadsvergadering nie en hier allermins. Ek praat byna nooit in 'n kerkraadsvergadering nie wat wel daar is ander wat dit kan doen en dit seker beter kan doen. Ek wil net egter dit stel, dis 'n saak wat nog nooit genoem is nie en dit is die afwesigheid van die teenwoordigheid van die Liewe Heer soos ons dit aangevoel het

vandat hierdie dinge begin het. Ek was op die kerkraad lank voordat hierdie dinge begin het, en die eerste tyd wat ek hier in die gemeente was was ons kerkraadsvergaderings nie van so 'n aard nie. Toe het hierdie moeilikheid ontstaan en daar is seker genoeg getuies hier in die kerkraad wat kan sê dat vandat daardie moeilikhede ontstaan het kon 'n mens so duidelik aanvoel dat die Gees van die Here as't ware van ons gewyk het en Hy was nie daar teenwoordig nie. Dit het die laaste klompie kerkraadsvergaderings vir my baie onaangenaam gemaak. Ek het feitlik nooit 'n kerkraadsvergadering gemis nie, as ek reg onthou is dit meer as 'n jaar wat ek laas nie by 'n kerkraadsvergadering was nie en nou as dit een of twee keer gebeur kan 'n mens miskien verstaan en verskoon maar die ding wat vir my baie gehinder het en vandag nog steeds hinder is nie so seer wie is reg en wie is nie reg nie, maar die ding is dit dat waar daar besluite geneem is, ek is jammer ek moet nou die broers noem, dan het hulle keer op keer teruggekom en herhaaldelik teruggekom en verskriklik baie onaangenaamheid veroorsaak. Terwyl die kerkraad gewillig was, ek sê gewillig, die kerkraad het besluit om van dinge af te stap, om dinge te aanvaar, die voorstel of liewer die aanbeveling van die Ring te aanvaar aangaande toelae, reistoelae, en al daardie tipe van ding maar daardie broers wou net niks aanvaar nie. Hulle het elke keer teruggekom en in so 'n gees teruggekom daarmee dat dit bitter baie onaangenaamheid veroorsaak het en 'n gesindheid geskep het wat waarlik nie tuisgehoort het in vergaderings van daardie aard nie. En dit is dan my gevoel aangaan die saak, nie soseer wie is reg en wie is nie reg nie maar watter gesindheid was deur-en-tyd geopenbaar deur wie, en hier moet ek as my persoonlike oortuiging dit gee, en ek is oortuig daarvan dat dit die oortuiging van die grootste meerderheid van die kerkraad is dat dit daardie twee broeders was wat willens en wetens onvergenoegd was en moeilikheid en twis gesoek het, herhaaldelik, keer op keer en nog steeds daarmee voortgegaan het. Dit is die gesindheid wat hulle geopenbaar het meer as die dinge wat hulle gesê en gedoen het, dit is nie so . . . . . dankie br. Voorsitter.

Dr. Eloff: Br. Marais?

Br. Marais: Brs. ek wil net iets sê, hier is nou iets wat br. Roux nou gesê het wat my hinder. Kyk ek voel so, as ons in 'n kerkraad is en 'n man verskil van iemand anders, dan moet hy sy verskil sê anders is dit nie 'n kerkraad nie en is ons nie die moeite werd om 'n kerkraad te wees nie. As ek vandag verskillend voel teenoor Ds. dan gaan ek dit sê en so dink ek is dit enigeen se reg om te sê as hy 'n verskil het teenoor iemand anders. Dankie.

Dr. Eloff: Ja broeder? Br. Dippenaar steek u hand op?

Br. Dippenaar: ?

Dr. Eloff: Ek dink nie. Br. Boshoff u het netnou u hand opgesteek. Daar is nog 'n broeder wat nie gepraat het nie. Ons wil eers die broeders wat nog nie gepraat het nie 'n kans gee.

Br. Homan: Mnr. de Voorsitter, Broers, kyk daar is net een ding wat hierdie ding oor gekom het en dit is die verkoping. Volgens wat die ding gebeur het is br. Fransie daarop gewys dat hy nie gekollekteer het nie. Toe word br Fransie kwaad. Al hierdie ander dinge wat hulle opgebring het van reistoelae en al daardie dinge, dis onnodige dinge daardie. Dis persoonlike kwessies. Ek sien nie die nodigheid

waarvoor dat die mense daardie dinge gaan uitkrap het nie. Dit is net om die kerkraad in oproer te bring, om teen die kerkraad te gaan en teen die predikant te gaan. Ek meen ons kom hierso om kerkraad te hou om die Here te dien, om die gemeente se belange te behartig, nie om die een die ander se foute te kom soek nie. Ons het algar foute, al die predikante wat hier is, al die kerkraadslede, ek maak 99 uit 'n 100 uit, maar ek erken my foute. Ek en my ds. het baie verskille gehad, ek dien nou vier jaar op die kerkraad, maar ek het nie na die kerkraad toe gekom daarmee nie, ek gaan persoonlik na hom toe en dan sê ek vir hom: Ds. jy het so gemaak, hoekom maak jy so, en dan praat ons die ding uit maar ek het nie na die kerkraad gehardloop nie. Ek sal daardie twee broers aanraai, br. Fransie, br. Weber het niks gehad om te gaan nie, hy het gedoen wat br. Fransie vir hom voorgesê het en br. Fransie het die ding teen die ds. dat wat hy sê in die kerkraad reg is. Baie kerkraadsvergaderinge as hy nie saam met die kerkraad stem nie dan hou hy aan met praat en hy is nie tevrede oor die voorstelle van die kerkraad nie. So ek dink daardie twee kêrels moet hulle net 'n bietjie vereenselwig en vra om verskoning vir wat hulle gedoen het. Dankie.

Br. Eloff: Dankie br. Br. Jacobs?

Br. Jacobs: Br. Voorsitter, broeders, u weet ek wil nie sentimenteel raak nie. Ek het hierdie jaar moeilike tye deurgemaak, maar ek wil vir u sê dat agter hierdie hele saak venyn sit, agter hierdie hele saak sit vervolgsug. Ek noem hierdie twee woorde omdat ek in my siel ongelukkig voel en ek sien nie kans dat dinge so aangaan nie, dan moet ek 'n uitlaat, 'n ooplaat, 'n klep kry om uit te vlug êrens. Ek is nie gewoond om in 'n kerkraad, wat vir my 'n genot was dwars deur my hele lewe oor die laaste 19 jaar was dit vir my 'n voorreg om op my kerkraadsvergaderings te gaan sit waar daar gewerk en gepraat word in verband met die uitbreiding van Gods koninkryk, wat ek môre, oormôre, in die oë moet kyk, met my hart oop. Dit sal nie vir my help om te sê ek het so en so gevoel of ek het dit en dat gesê hier in belang van die kerk. Hy weet en as Hy in my oë kyk sal ek weet dat Hy weet en nou wil ek vir u sê ek is baie te doen met klagtes en aanklagtes en 'n aangeklaagde en met hofprosedure en wat dies meer. Ek het nou hierdie week gelees wat 'n regter gesê het hoeveel foute dat die beste van ons regters self maak. Ek beny vir u glad nie om hier te sit en 'n oordeel te vel nie, maar ek wil vir u sê wat vir my in my siel seermaak is dat ons gesindheid of 'n gesindheid wat hier geopenbaar word absoluut nie reg is nie. Ek sê nie die twee broeders, of br. Weber of wie dit my vriende of sover as wat ek van my kant af weet, moet stilbly as dinge hulle krap nie, maar daar is maniere om 'n saak te noem, om 'n saak te opper, daar is maniere om 'n mens aan te kla en te vervolg. Daar is 'n manier van liefde, waar liefde soos 'n goue draad deurloop. Ek het baie mense voor my gehad, ek het baie mense verhoor, en ek het baie mense die voordeel van twyfel gegee. Dit was nie daarmee klaar nie. Eerwaarde voorsitter, ek het baie mooi gesê daar heel in die begin, dit gaan moontlik nie die oplossing wees nie, die bevinding van hierdie kommissie nie en wat die kommissie ook al voel. Ek wil nie hier as prokureur optree nie, ek wil van geen mens goed of sleg praat nie, ek wil net sê dat ek hoop dat wanneer daar 'n beslissing gekom het van die Ring

of die Ringskommissie dan, dat ons een en almal vir ons daarby gaan neerlê, want as ons dit ook nie doen nie dan sal ons ons monde ook nie sluit nie as die Here praat nie. Ek praat sterk taal, mnr. die Voorsitter, maar ek voel so, dat as ons vir die liggame waaronder ons moet werk en die kerkrade waarin ons moet dien nie respek het, nie vertroue in jou medebroers of die komitees of sub-komitees het nie, dan is ons mos vol wantroue en dit is mos nie reg nie, dan kan daar die gesindheid mos nie reg wees nie en die geur wat ons versprei onder ons mense en onder ons broers die is mos dan ook nie reg nie. Ek noem dit net as 'n persoonlike sake, br. Voorsitter.

Dr. Eloff: Dankie broer. Br. Greyling?

Br. Greyling: Br. Voorsitter, en broers, ek is nou 'n paar jaar ouer. Die paar jaar het ek darem nog nooit sulke dinge beleef en ondervind nie as hier nie. Dis ses jaar dat ek in hierdie gemeente dien as ouderling en die ds. was vir my, die Here weet wat ek sê, 'n hulp op my lewenspad en in my afdeling elke jaar met huisbesoek as ek een nodig kry en ek kan hom nie beskuldig dat hy iets verkeerd gepraat het of met 'n persoon. Ek noem net hier iets. Ek het 'n netelige saak in my afdeling gehad wat ek nie van praat nou nie. Ek glo in ons gemeente het ons nog nie 'n leliker saak gehad as dit nie en met sy medewerking en raad het ons die saak laat deurgaan en die beste daarvan gemaak. Ons het daardie broer of daardie suster nie veroordeel nie, nie sleg gemaak nie maar ons het belanggestel in hulle. Dit het tyd gevat, 'n paar jaar, maar nou voel ek iets wat baie seer in my hart is as die twee broers wat ons nou so behandel het . . . daar is genoeg gepraat en gesê, dis verkeerd, maar as die broers se sake dan nou so reg was dan kan hulle mos darem Nagmaal toe gekom het. As ons saak of die dominee se saak so sleg is, dan hoef hulle mos nie na Ds. te luister nie, hulle luister na die evangelie. Ons maak 'n fout dat ons na mense toe hardloop, ons gaan nie na die Here toe nie dat die Here dit vir ons regmaak nie. En as hulle saak so reg was, waarom nie by die Nagmaal nie, ons het 10 dae Pinkster gehad en waar was hulle. As hulle saak so reg is, ek wonder, nee, ons het met die Here te doen, ons het nie met mense te doen nie. Ons kan nie vir Ds. die skuld gee nie of ons kan nie vir jul twee die skuld gee nie maar elkeen moet maar hier in die hart regmaak. Ek meen na 'n ander een s'n gaan soek, ek moet hier huisbesoek doen en as dinge nie reg is nie moet ek na die Here gaan en ek staan en ek val sover as ek weet vanaand, dis my dominee. Ek sê nie hy het nie fuote nie, hy is ook 'n mens, maar ons kan tog nie wil hê hy moet 'n engel wees nie. Hy kan ook iets verkeerd sê dalk, ons neem dit aan maar daardie broers moet ook erken hulle kan verkeerd sê en verkeerd doen en verkeerd gaan, en wat moet ons maak. Hierdie ding moet doodgemaak word hierso. As hierdie saak nie regkom nie dan weet ek nie wat gaan gebeur hier nie maar dit glo ek die Here sal Sy kinders lei en Hy sal ons by die hande vat dat ons net sal vra: Here, wat moet ek doen en hoe moet ek handel. Dankie.

Dr. Eloff: Dankie Oom Greyling. Br. Boshoff ek sien u hand lankal maar ek wil net die broeders wat nog nie gepraat het nie . . . Br. van Schalkwyk?

Br. van Schalkwyk: Mnr. de Voorsitter, ek is nou maar plusminus sewe maande in hierdie gemeente en die 7 maande, my vrou

bly toevallig omtrent 'n jaar en sewe maande in die gemeente, en in die sewe maande is dit die enigste predikant, en die enigste predikant wat ek in my lewe teëgekom het wat twee keer huisbesoek gedoen het by my. Daarvoor moet ek vanaand aan ds. Olivier al die eer gee dat hy is 'n man wat huisbesoek doen. In my jong lewe, ek is nou nog maar betreklik jonk, dien ek baie jare in kerkrade. Ek is een van die persone wat een van die eerste persone wat begin het in die Vrystaatse goudvelde. Ons het baie probleme daar gehad, baie moeilikhede, ons het in plekke kerk gehou waar dit onder baie moeilike omstandighede gegaan het maar dit is die eerste keer waar ek in 'n kerkraad kom waar daar oor en oor en oor oor dieselfde ding geredekawel word. Dit is die eerste keer in my hele lewe dat 'n mens na die pastorie toe gaan en 'n pastoriemoeder in trane kry en vra vir die predikant, vir haar man om te bedank as predikant oor die onaangenaamhede wat in die gemeente aangaan. Dit is 'n treurige toestand as 'n mens by die pastorie kom en jy kry die pastoriemoeder in trane oor dinge wat gesê word oor haar man wat eerlikwaar volgens my mening nie die waarheid is nie. Ek is toevallig in die wyk waarvan gepraat word. Die klagtes wat die twee broers aangehaal het was nie vir my genoem nie, was vir my hier in die kerkraad genoem. Ek was daar saam met my diaken. Die mense het nie die klagtes geopper teenoor my wat die broers aanhaal nie. Daarom sê ek vanaand ek voel baie baie diep ongelukkig om te reken ons gaan van die standpunt af uit dat ons is Christene en ons handel so, ons dade getuig nie van wat ons bely nie. As ek dink aan ons verkoping. Ek neem Mev. Olivier glad nie kwalik omdat sy opgewonde geraak het oor die verkoping nie. Enige persoon wat die verantwoordelikheid dra wat Ds. Olivier dra en wat Mev. dra, daar word nie in die gemeente gesê br. Van Schalkwyk se gemeente of Ouderling van Schalkwyk se gemeente of ouderling So-en-so se gemeente behaal daardie moeilikhede nie, dit word gesê ds. Olivier en mev. Olivier en Potchefstraam-Suid se gemeente, dis hulle sukses wat hulle behaal het. Dit word nie van die ouderlinge of die diakens gepraat nie. Daarom voel ek vanaand baie baie hartseer om te dink dat ons as Christene kom hier bymekaar om mekaar te kom aankla oor die saak van die Here. Baie dankie.

Dr. Eloff: Dankie broer.

Broeders ek wonder nou, as daar nie nuwe lig kom nie dan moet u nie nou meer dieselfde saak herhaal nie. Dis die eerste saak.

Die tweede is u hoef nie ds. Olivier te verdedig nie. Die saak gaan nie teen hom nie. Dis 'n saak wat u hulle aangehaal het teen daardie broeders. Ek noem dit nou net.

Nou daardie broeder wil nog praat. Br. Wessels.

Br. Wessels: Eerwaarde Voorsitter, die hele situasie wat my betref, en wat ek dink die meeste van ons kerkraadslede betref is 'n saak van meer persoonlike aard. Dat hierdie aksie wat hier op die oomblik aangaan waarby die kerkraad betrekking het, meer 'n saak is waarby die twee broeders teenoor dinge wat gedoen is deur en op grond daarvan wil ek graag voorstel dat u eerwaarde kommissie dit oorweeg om die vergadering vir 'n paar minute te verdaag en die drie persone, die twee broeders, kerkraadslede en ds. Olivier, 'n gesprek, 'n broederlike gesprek in . . . . . kan hou om te kyk

of die saak wat m.i. persoonlik is, nie uit die wêreld geruim kan word nie. Dankie.

Dr. Eloff: Dankie broeder. Die br. het 'n wenk gegee, ons het dit hier. Nou gee ons br. Boshoff 'n kans maar dan dink ek sal u saamstem ons was billik om die broeders 'n wye kans te gee om te praat, nie waar nie, m.a.w. anders word dit darem baie laat vanaand. Behalwe as 'n broer voel hy kan 'n nuwe ding sê wat lig werp op 'n saak wat nog nie gesê is nie, maar br. Boshoff het lankal sy hand opgesteek. Ons wil graag weer vir hom 'n kans gee.

Br. Boshoff: Dis net 'n paar woorde wat ek gaan sê. Ek wil net hierdie saak bietjie uit die weg ruim. Br. Weber het hier 'n geval genoem waar Ds. sou geweier het om 'n persoon op 'n later tyd te katkiseer. Ek het laasjaar 'n geval in my wyk gehad waar ek 'n volwasse man gehad het, ek sal sy naam nie noem nie. Hy het nog nie belydenis van geloof afgelê nie en hy het ook nie gewillig gewees om te kom katkiseer saam met die jonger mense nie en ek het toe gekom en vir Ds. dit kom sê en hy was dadelik bereid en het vir my gesê: Sê vir hom hy kom Woensdagaande biduur toe en na biduur sal ek kom katkiseer. Dit het gebeur en hy is toe aangeneem. Dankie.

Dr. Eloff: Ja, die saak gaan nou nog net oor br Weber se saak. Die Kerkraad vra hulle is die liggaam wat die klag gelê het, hoe u oor die saak voel? Wil u probeer die saak vanaand in u eie midde beredder of wil u dit nie doen nie dat dit na die Ring toe moet gaan? Gestel dit was vir u moontlik om dit te doen. Ek wil graag die kerkraad se opinie hieroor vra. Is u gewillig om indien dit moontlik is om vanaand hierdie saak te beredder, of wil u dit nie doen nie, u wil dit deur die Ring laat doen? Ek vra.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter . . .

Dr. Eloff: Nee, Br. voorsitter, ek kan nie nou vir u . . .

Ds. Olivier: Ja ons het besluit . . .

Dr. Eloff: Br. Snyman?

Ds. Olivier: . . . . . ek is lid van die kerkraad en ek . . . .

Dr. Eloff: Ek reël br. Snyman is aan die woord.

Ds. Olivier: Maar ons het 'n kerkraadsbesluit daaroor . . . Br. Snyman . . . . oor die kerkraadsbesluit.

Dr. Eloff: Die Kerkraad kan nie vir ons Ring sê hoe ons hierdie orde kan volg nie, broeders, ons was billik en het die broeder omtrent 'n uur en 'n half laat praat. As ek nou reël dat die ander broeder ook 'n saak stel en ek stel hier die vraag om duidelikheid ten opsigte van die doel van ons vergadering vanaand: Versoening — soos dit in die Reglement daar staan, Besluit 96(f) dan voel ek ons het die volle reg, ons is werklik billik en ons kan onmoontlik toelaat dat een persoon die situasie beheer, dit kan ek nie doen nie.

Ek wil graag vir br. Snyman die geleentheid gee.

Ds. Olivier: Ek maak beswaar . . . .

Dr. Eloff: Dit is in orde as u beswaar maak, maar ek laat nou br. Snyman aan die woord. Br. Snyman moet hier voor kom praat.

Br. Snyman: Geagte br. Voorsitter, en broeders, ek sê nou maar net weer wat ek reeds gesê het en dit is as dit moontlik is, as dit moontlik is, sonder dat daar skade aan die hele saak gedaan word moet ons dit hier oplos, net hier vanaand moet ons dit oplos. Die argumente en al die beskuldigings oor en weer daar kan geen goed uit gebore word nie behalwe net bitterheid, verdere bitterheid, en

ek kan nie sien waarom dat verstandige mense, groot mense, nie hier, nouja, dit is, ek sal nie sê hoe erg ek daaroor voel nie, hierdie saak nie kan oplos nie. Almal mense wat redelike ryp ondervinding het, kan hierdie saak oplos hierso en dit kan uit die weg geruim word en dit is, ek sê nog as dit moontlik is, om dit op te los sonder skade aan die hele saak.

Dr. Eloff: Kan ek vir u vra watter besluit die Kerkraad geneem het?

Ds. Olivier: Daar is die skriba, u het dit aangeteken.

Dr. Eloff: Sal die skriba dit asseblief voor kom lees maar by die mikrofoon, dan het ons dit.

Skriba: Br. Voorsitter, wat staan ons te doen. Eintlik in 'n punt hieronder. Ons wil konsekwent bly by klagtes. Die Ringskommissie moet uitspraak gee, dan moet hulle, dis die aangeklaagdes, borge gee van verandering of sensuur toegemoet word. Dis algemeen goedgekeur dat klagtes behandel sal word. Ek weet nie of dit die gedeelte is nie en of dit die vorige gedeelte is nie . . . .

Ds. Olivier: Ek dink die besluit is . . . . .

Oor die spesifieke saak het ons gepraat. Br. Voorsitter, br. Snyman het dit geopper en br. Snyman het gesê dat as daardie twee broeders sou sê hulle jammer is oor wat hulle gedoen het, of ons die saak nie kan oplos nie en die kerkraad het gesê die saak moet verhoor word en as die broeders dan daarna sê hulle is jammer dan kan die kerkraad daaroor besluit self. Dit was die gevoel van die kerkraad. Die broeders moet sê of dit so is of nie so is nie.

Dr. Eloff: Broeders, dan is dit duidelik dat ons is besig om hierdie saak te verhoor. En op hierdie stadium is dit ons gevoel, myne persoonlik, dat indien, net dieselfde as die kerkraad gevoel het, indien dit hier opgelos kan word (ek sê nie dit kan nie), indien dit hier opgelos kan word dan sal dit waarskynlik die Koninkryk van die Hemele dien dat 'n saak nie verder gaan, moeilikheid verder gaan nie, maar daarom wil ek aan u as Kerkraad vra: Wil u dit hier opgelos hê indien dit kan gebeur? Dis al vraag wat ek gestel het op daardie tydstip. Dieselfde gedagte as br. Snyman, indien dit kan gebeur, maar ek wil graag gehoor het hoe die kerkraad voel. Nou lyk dit vir my uit daardie wat voorgelees is dat die kerkraad reeds besluit het dat indien die saak verhoor word, ek dink nie die kerkraad het gemeen verhoor is by die Ring en daarna dan eers nie. Dus dan dink ek op hierdie stadium wil ek graag vir u vra of u gewillig is om die saak hier in der minne te skik op bepaalde voorwaardes. Dit is duidelik, brs., 'n saak kan nie onvoorwaardelik geskik word nie en die spesifieke dinge wat na vore gekom het, daaroor sal heen en weer gegee en geneem moet word of dan net geneem of net gegee moet word. Oor die meriete kan ek nie uitspraak gee nie. Maar dis net 'n kwessie van prosedure of u gewillig is om die saak vanaand hier af te handel indien dit in u vermoë is.

Iemand: ????

Dr. Eloff: Ja broeder, ek mag nou vir u sê . . . .

Iemand: ? ? ? ? ?

Dr. Eloff: Ek moet vir u sê waarvoor ek bang is. Die kerkraad kan nie vooraf 'n besluit neem, broeders, hoe die saak hanteer moet word deur die Ringskommissie nie. Dit kan u nie doen nie. Ons probeer dit op die allerbeste wyse doen so onpartydig moontlik en nou

is dit ons standpunt dat indien daar 'n moontlikheid is om versoening te kry, hier nou en u niks besluit het wat daarteen gaan nie, moet ons die versoening die geleentheid gee. Ek weet nie waarom moet die kerkraad weer vergader om weer 'n ander standpunt in te neem nie, broeders, moet ons dan twee magte teen mekaar stel? Ek dink nie dis die broederlike gees nie. Laat ons mekaar vertrou, openlik met mekaar praat as broeders.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, u moet my toelaat dat ek vrae . . .

Dr. Eloff: Seker broeder.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, ons het nie hier te doen met 'n geskil nie. Dis nie 'n geskil nie, dis 'n leraar en daardie twee broeders. Dis nie 'n geskil tussen die kerkraad en daardie twee broeders nie, dis 'n klag en 'n klag moet verhoor word en die skuldige moet skuldig bevind word en die onskuldige onskuldig bevind word. Dis waarmee ons besig is. En die kerkraad het sy klagtes geformuleer en vir u voorgelê, en u het geluister na daardie klagtes om dit te staaf. Dit gaan nou oor daardie kwessie van die stawing van die klagtes al dan nie. Ek het vir u gesê in die geval van my persoonlik, dat wat die reg betref moet die reg sy loop hê. U as liggaam moet kan sê die kerkraad is skuldig of is onskuldig of daardie twee persone wat aangekla is het skuld of is onskuldig. Dis hoe die reg sy loop moet hê. Daar is nie nou sprake van versoening nie want dit is nie 'n geskil nie. U moet kan vasstel is die klagtes wat die kerkraad teen die broeders het, is dit gegrond of is dit nie gegrond nie.

Dr. Eloff: Broeders, die broeder lê nou baie klem op die woord „skuld". Die artikel wat hieroor hierdie saak handel, oor die tugsaak, Artikel 96 . . . Ekskuus Besluit 96, die optrede van die Ringskommissie by tugsake, onder daardie artikel staan hierdie wat ek netnou vir u genoem het wat die eerste taak van 'n Ringskommissie is, nie om te probeer die weg van die reg volg sover as moontlik nie, maar om te probeer broederlik so gou as moontlik dinge, geskille tussen broeders wat in 'n tug ontwikkel op te los en daarom sê punt (f): geskille wat in 'n kerkraadsvergadering of tussen kerkraadslede of 'n kommissie . . . ekskuus tog ek het nou verkeerd gelees . . . . . geskille wat in die kerkraadsvergadering of tussen kerkraadslede of tussen die kerkraad en gemeentelede ontstaan, word deur die Ringsmissie ondersoek en waar geen versoening bewerk kan word nie word die saak na die Ring verwys. Daarom is ons op hierdie tydstip op die standpunt ons probeer versoening bewerk en slaag ons nie daarin nie gaan die saak na die Ring toe maar op hierdie stadium broeders is ons nog nie daar nie en daarom meen ek dat die geleentheid daar is dat u kan versoen op bepaalde voorwaardes as die broeders sekere dinge erken of verduidelik. U het die geleentheid om dit te doen. Dit is ons prosedure en ek dink ons is 100 persent reg. As u ander inligting gehad het dan kan ek ongelukkig my daarmee nie vereenselwig nie.

Ds. Olivier: Maar br. Voorsitter, wat van br. Dippenaar?

Dr. Eloff: Br. Dippenaar . . . . dit gaan nou net oor die ding tussen die kerkraad en br. Weber.

Ds. Olivier: Maar u moet my die geleentheid gee om te antwoord op wat hierdie broeder gesê het. Daar is insinuasies gemaak dat ek nie die waarheid praat en u moet my die geleentheid gee.

Dr. Eloff: Ja broeders, kyk as 'n saak versoen is dan is daar

sekere dinge tog wat verval sonder om te erken dat daardie dinge nie bestaan nie of skuldig is nie, nie waar nie, want anders impliseer dit dat ons eers alles moet uitwys wie skuldig is of nie skuldig is nie en dan kan 'n versoening kom en ek sê 'n versoening kan kom voordat die reg presies uitgewys het wat is die posisie.

As br. Olivier werklik voel dat hy veronreg sal word indien hy nie op daardie dinge antwoord nie wil ek voor ek weer die ding aan die kerkraad stel, vir hom 'n kans gee op daardie spesifieke saak te antwoord.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, ons moet asseblief by die klagtes bly en by die bewyslewering vir die klagtes. Ek het na die beste van my vermoë die bewyslewering gelewer. Ek moet, ek is verplig br. Voorsitter, om op grond van wat br. Weber gesê het sekere dinge reg te stel. Die klag dat hy die orde in die gemeente versteur en wat ek bewys het dat hy terwyl hy N.G. Kerk lidmaat is en ouderling na Mooirivier wil gaan sê ek is onordelik. Hy gaan nie in 'n ander kerk gaan lidmaat word nie omdat hy voor sy siel weet hy kan dit nie doen nie. As hy in hierdie kerk tuis voel nie dan moet hy sy verband met hierdie kerk verbreek. Maar terwyl hy lidmaat is stel hy die voorbeeld as hy iets teen die dominee het en die klagtes is daar teen die dominee, hierdie kommissie is besig om dit te ondersoek en ek wag vir daardie klagtes wat hulle vir my op skrif moet stel, en as hulle vind dat dit gegrond is dan het die broeder geleentheid.

Dr. Eloff: Br. Olivier, ek moet ongelukkig vir u hier in die rede val. U het gesê u wil spesifieke dinge teen br. Weber antwoord op sekere sake. Nou is u besig om weer 'n saak . . . .

Ds. Olivier: As dit nie ter sake is nie dan moet ek antwoord. Hy sê in verband met Vorm 4 wat br. Raath betref, hy sê ons kry nie die verduideliking hier in die kerkraad nie. Nou br. Voorsitter, handig ek hier by u in, daar is br. Raath se brief en daar is die brief van die kerkraad aan hom. Daardie brief is gelees. Die kerkraad het dit aangehoor. Nou moet ek vir u verduidelik wat nie in die brief staan nie. Hier bly br. Raath, hier op die hoek. Hy is 'n eiendomsagent. Die eerstemaal het ek hom ontmoet Aug. 1964, die dag waarop Groepsgebiede geproklameer is, ek onthou dit so goed. Ek het huisbesoek gedoen in die wyk Vaal-Haaskraal en ek het teruggekom en toe ek by my ouers aangekom het, toe het die man daar gekom met 'n ander persoon om my vader se plaas te koop. Hy is 'n eiendomsagent. Dis die eerste maal dat ek die man ontmoet. Ek dink dit was 'n Donderdag gewees en ek het die Saterdag hom weer gaan spreek hier by sy huis en toe ek in sy huis kom het hy gesit en whisky of gin of watter bottel het daar gestaan voor hom. Die bandopnemer neem dit op en hy het vir my gevra of ek 'n drankie maak en ek het gesê nee ek maak nie 'n drankie nie. Ek het met hom oor die besigheid gepraat, en 'n ruk daarna, ons kan die kaart gaan uithaal, die datum waarop ek huisbesoek gedoen het by hom. Hy was nie tuis nie, sy vrou was alleen daar. Ek het daar klaar huisbesoek gedoen en op ons kerkraadsvergaderings, u kan die notules naslaan, die notules is tot u beskikking, u kan al die notules kry, het br. Hennie Stander se ouderling, waar is br. Hennie Stander, die ouderling wat saam met hom voor Kol. Jacobs ouderling was, br. Stander het gesê dat daardie broeder wil die kerkraad ontmoet, die br. Raath, en toe

het ek uit die stoel gesê: Maar enige tyd, ons kan hom laat weet om die kerkraad te kom ontmoet en toe is besluit op 'n kommissie, waarvan ds. Visser wat weg is ook lid was, u kan dit in die notule kry, om hom te gaan spreek. Br. A. Botha wat diaken was in die wyk, wyk 5, het vir my kom sê dat die broeder het gesê hy dra nie by vir die kerk nie, toe het ek gesê ek wil dit net weet, dan hoef ek nie weer te gaan nie. Die kommissie wat hom toe moes gaan spreek, het ek probeer as Voorsitter van die kommissie, sameroeper, om met hom 'n bestelling te maak en ek het toe 'n bestelling gemaak terwyl hy die nominasie stryd geveg het in Carletonville vir die Nasionale Party, toe sê sy vrou vir my hy is nie daar nie. Ek het toe huisbesoek gedoen in Wyk 5. So het ek aan die lede gerapporteer nadat ek hulle kennis gegee het van die vergadering dat die vergadering nie meer sal gehou word nie. Ek het toe weer daarna hier by Februariemaand, het ek weer met hom in verbinding getree en het ek vir hom gevra of ons nie vanaand, dit was so om en by half-ses, vanaand na hom toe kan kom nie. Toe sê hy nee, hy gaan hospitaal toe want sy kind is in die hospitaal. Toe sê ek maar as u teruggekom het van die hospitaal af, kan ons dan nie kom nie. Toe sê hy maar het u nie my boodskap gekry nie. Watter boodskap? Dat u moet my drie dae voor die tyd laat weet wanneer u na my toe kom nie. Toe het ek vir hom gesê ek dra nie kennis daarvan nie en u moet vir my of vir ons op skrif stel wat u klagtes dan is. Toe sê hy dit kan hy nie doen nie. Toe het ek vir hom gesê: Kyk, ek laat my nie voorskryf wat ek moet maak nie. Ek sal gaan rapporteer aan hierdie kerkraad en as die kerkraad 'n kommissie wil stuur na u toe, dan kan die kerkraad dit doen maar wat my betref, ek laat my nie voorskryf dat oor drie dae moet daardie kommissie u kom spreek nie. So het ek aan u gerapporteer, broeders, het ek so gerapporteer of het ek nie so gerapporteer nie? En toe het daardie brief gekom van die broeder en u het kennis geneem van die brief en u het 'n brief aan hom geskryf waarop hy daardie brief, hier is die brief, geskryf het waarin hy Vorm 4, ten minste hy het sy lidmaatsertifikaat gevra. En ek het toe vir hom Vorm 4 gegee en ek het met daardie geleentheid gesê: broeders as u 'n kommissie wil stuur kan u nog 'n kommissie stuur na hom toe wat hom drie dae voor die tyd kennis gee dat hulle kom. Dis die geval van br. Raath.

Wat die geval van br. Vermeulen betref: die broer was 'n ouderling, is dit nie so nie? Goed. Die broeder is weer een aand op die nominasielys geplaas deur iemand in die kerkraad en hy is gekies as ouderling en sy naam is afgekondig. Br. Bezuidenhout het huisbesoek gedoen in die wyk waarin hy val en toe het hy gevra: Wie de d . . . het my weer op die groslys gesit en die br. het dit vir my kom sê en die aand toe sy bedanking behandel is het ek vir die broer gevra: Sê broeder (ek weet br. Dippenaar neem my kwalik en daardie broeder neem my kwalik) het ek gesê: Sê dat ons weet en hoor hoe het hierdie man gesê. Dit is wat hy gesê het, br. Vermeulen. Daarna het hy met 'n versoek gekom, die brief is in die lêer ons kan dit vir die Ringskommissie gee, het hy gevra vir sy lidmaatsertifikaat sonder kommentaar, hy wil nie kommentaar hê nie, onthou u dit is sy brief, die inhoud van sy brief, ons het toe vir hom vorm 4 gegee.

Maar die klag van die kerkraad teen die broeders is dat hulle

by br. Raath agteraf gaan praat het sonder verlof van hierdie kerkraad. Hulle het my bespreek by br. Raath, hulle het die kerkraad bespreek by br. Raath, en hulle het dit by br. Vermeulen gedoen want br. Vermeulen het vir hulle gesê omdat ek vir hom Mister noem daarom is hy uit hierdie kerk want 'n „mister" is 'n Kaapse Hotnot, kleurling in die onderwys, en ek het vir u geantwoord en vir u gesê, nie waar nie broeders? Met ander woorde ek het vir u die feite gegee, daar word gesê die feite is nie genoem nie.

Daar is 'n ander geval, liewe broeders, waaroor ek graag wil praat. Dis die De Jager geval. Die een broeder het hier gesê ons kou en ons kou en ons kou en ons kou en ons hou aan met kou oor dinge wat klaar afgehandel is in die kerkraad, maar ek sê nou vir u wat vanaand hier plaasvind sal weer oor gekou word. Wat is die geval in verband met br. De Jager. Die br. de Jager woon daarbo by Shamrock. Ek kan vir u die datum aandui waarop al die huisbesoeke plaasgevind het, by die broeder. Die broeder is 'n Vrymesselaar. Die br. het met my argumente gehad oor die Vrymesselary. Ek het dit vir br. Weber gesê. Ek het dit in die kerkraad gesê, ek het dit die aand weer vir hom daar gesê, dat die broeder het gebel na die pastorie en met een van my kinders gepraat en soos 'n kind maak het die kind dit nie aangeteken nie, 'n bestelling sê vir 4 uur die middag, en toe die persoon daarkom toe was ek nie daar nie, toe was ek weg. Nou word gesê ek was by die Stadsraad gewees. Ons hou nie Stadsraadsvergaderinge in die middag nie, broeders. Hierdie man is 'n man wat huisbesoek doen en wat werk, afgesien dat ek in die Stadsraad is. Daarna Desember, 2 of 3 of 24, 1964, toe ek huisbesoek in daardie wyk doen, br. Weber het nie saamgery nie, hy . . . . saam ry. Die middag toe dit so baie gereën het. Ek het 2 uur by hom deurgebring, br. de Jager, en ek het vir hom die ding verduidelik en ek het met hom lank oor die Vrymesselary gesels en ek het vir hom 'n brosjure oor die Vrymesselary gegee en hy het dit aanvaar en hy was tevrede. Oktober 1965 het br. Frans Dippenaar se vrou en my vrou gaan kollekteer daar by die broeder en hy het bygedra en my vrou het hom uitgenooi en hy was die môre nog hier, hier by die verkoping van die susters. En ek het daarna Des. 65 weer by die broeder gaan huisbesoek doen. Dit was, die môre toe my vrou en ek daar gekom het, toe was hy besig met sy plantjies, sy blomme, angeliere, en hy het vir ons ingenooi in die huis . . Ek kan nie verstaan dat die broeder nou nog daaroor kan hamer en hamer nie.

Die Botes geval. Mev. Joubert se dogter is geskei van haar eerste man, ek het al die besonderhede op 'n kaart. Sy is met die Botes getroud en die heel eerste huisbesoek toe ek daar gekom het het ek gesien sy verwag. Ek het hul gevra wanneer hul getroud is en dié het ek aangeteken. Maar oor die baba wat gebore sou word het ek niks gepraat nie. By die geleentheid het die moeder vir my gesê dat die mnr. Botes, toe was hy daar, 'n Apostolie, wil graag lidmaat word van ons kerk. Toe het ek vir hom gesê hy moet 'n boek kry, 'n katkisasieboek, hier by die kantoor. Ek hou Woensdagaande na biduur spesiale katkisasie. Broeders luister nou mooi wat ek vir u sê. Ek het nooit gesê dis vir my onmoontlik nie. Dis die aanbod wat ek hom gemaak het. Die Ringskommissie kan dit aanvaar of hulle kan dit verwerp. Hulle kan daarmee maak wat hulle wil. Br. Dippenaar het vir hom 'n boek gekoop en vir hom gaan gee. Hy het nooit opge-

daag nie. September 65 toe ons gaan huisbesoek doen daar, dit was die middag se kant, my vrou en ek. Toe hy ons sien kom het hy weggejaag. Toe het die vrou vir my gesê sy wil ook nie meer aan ons kerk behoort nie, sy gaan na haar man se kerk toe. Toe het ek vir haar gesê: Mevrou is jy bevrees vir die komende sensuur, is dit die geval? Nee, dit is nie so nie, sy gaan om ander redes. Toe sê ek: Onthou die sensuur is sodanig dat dit nadertrek en nie afstoot nie. Dis die geval van daardie Mev. Botes soos ek dit aan u vertel.

Br. Voorsitter, oor die kwessie van die weergawe van die broeder op die stadium waarop ek vir hom gesê het: Sê die dominee lieg, is nie in ooreenstemming met my weergawe nie. Ek het vir u die weergawe gegee soos wat ek dit beleef en ondervind het.

Oor die kwessie na die vergadering van die 17de Sept.: Julle het weer verloor, né. Soos wat ek vir iemand sal sê: Dag ou Ladytjie, of Dag Mister, so maak ek somtyds maar 'n ou grappie. As ek in hierdie grappie dan iemand seergemaak het of die broeder dan gedink het dat ek dit doelbewus gedoen het, dan is ek jammer en dan trek ek dit terug. Maar so is ek. Die mense wat my ken weet ek is so. Ek het niks daarby bedoel nie.

Br. Voorsitter, ek moet by die twee kwessies kom van Dr. Verwoerd en van myself. Dan moet ek by br. Dippenaar uitkom. Br. Dippenaar het 8 maande in hierdie gemeente gewoon voordat hy na hierdie kerk toe gekom het. Ek het nie besoek by hom gaan aflê nie, nie voordat dit tyd was vir daardie wyk nie, en oom Jan Reynecke wat dood is wat ouderling in daardie wyk was, het saam met my gegaan en ek het lank by die broeder gesit om al die persoonlike kwessies wat die broeder toe al daardie tyd teen my gehad het, op te los. Onder andere: Abraham Kriel, sy vader, dat ek teen sy vader opgetree het of dat daar 'n wanverhouding tussen sy vader en my was, die mnr. Kruger wat hier Afdelingshoof was wat deur my toedoen was dat hy weggegaan het, dat ek in die Stadsraad is, dat ek toe ek predikant, net 'n jong predikant was, vir hom eendag gesê het toe hy by my gekom het en gesê het: Dag Ds. of Môre Ds., ek gesê het: Nee dis nie môre nie, dis middag my ou broer. Daaroor het hy dit ook teen my gehad.

Dr. Eloff: Br. Olivier, nou is u met br. Dippenaar . . . .

Ds. Olivier: Ja, maar ek antwoord nou br. Weber se saak, naamlik die van dr. Verwoerd as hy praat dan luister die volk, en as ds. Olivier praat dan luister die kerk. In die gesprek het ons oor dr. Verwoerd, en ek sal vir u nou bewys lewer hoe dat die broeder dinge kombineer, ek wil vir u die bewys lewer, u moet my kans gee ek moet die bewys lewer, hoedat br. Dippenaar dinge kombineer. Het ons oor dr. Verwoerd gepraat, wat ek oor dr. Verwoerd gepraat het kan ek nie meer onthou nie, maar dit het niks te doen met wat ek sê. Ek het vir die br. gesê daar was 'n tyd toe die Sinode, luister die Sinode, want ek is 'n sot en 'n dwaas as ek praat van die kerk, ek kan op 'n Sinode praat, dat hulle vir my gelag het, nou lag hulle nie meer nie, nou luister hulle na wat ek praat. Al roemende het ek dwaas geword. Die twee dinge is nou gekombineer. Toe br. Dippenaar daarna na my toe kom het ek vir hom gesê dit is nie so nie. Nou wil ek vir u wys, en hy sê hy toe die Saterdag weer daarna gaan hoor dis so, nou wil ek vir u wys en ek handig die brief by u in, br. Voor-

sitter, hier is nou 'n brief, die 13de Mei 1966, dis 'n lange epistel, né, dis wat br. Dippenaar aan die kerkraad geskryf het waarvan die kerkraad kennis geneem het en afgestap het. Nou wil ek sê hy moet luister, hier by die einde: „Is ons besig om in ons kerkraadsvergaderinge die werk van die Here tot stigting van die Koninkryk van God uit te voer of is daar by elke vergadering meer en meer slegte gevoelens. Hier wil ek graag die woorde van ds. Olivier aanhaal toe hy 'n paar dae gelede gesê het" (dis toe hy my gebel het die Donderdag, die 22ste was die kerkraadsvergadering, 23ste, 24ste, 25ste, 26ste, 27ste, 28ste April het hy my gebel tussen 1 en 2 die middag, en het hy vir my gevra dat dr. Eloff as konsulent saam met hom, hul twee moet kom na my toe. Dis die gesprek) „hier wil ek graag die woorde van ds. Olivier aanhaal toe hy 'n paar dae gelede gesê het" (dis nou in aanhalingstekens ,in die verlede het ons nooit sulke onaangenaamhede ondervind nie, net in die laaste tyd is dit so' dis in aanhalingstekens) „verder het ds. Olivier gesê (dis ook weer in aanhalingstekens) „Dat dit miskien in ds. van Zyl se tyd so was maar nie vandat hy hier is nie" (dis aanhalings uit my gesprek, die telefoniese gesprek) „Graag wil ek vra waarom ds. van Zyl in gedrang gebring word aan u wat vandag nog hierop kan antwoord en getuig dat daar in ds. van Zyl se tyd 'n gees van liefde geheers het." Br. van der Colff het gesê dis nie so nie, u het mos geantwoord daarop, nê? „Ds. Olivier het ook gesê dat die kerkraad sal moet besluit wat met die aanhitsers, opstokers en onrussaaiers gedoen moet word. As ek die onrussaaier is deur my optrede soms, wil ek dit baie duidelik stel dat as die saak van die Here skade gaan ly en ek as kerkraadslid nie beswaar maak nie, ek medepligtig is. Een ding is ek baie dankbaar voor naamlik dat ek nie voor mense my moet verantwoord nie maar voor ons Hemelse Vader, voor Hom was daar nog nie 'n sonde te groot om voor vergiffenis voor te kry nie. Broeders, waar kry ons die reg om mense te veroordeel en sonder om eers vir hulle te bid en vir hulle aan die genadetroon van God op te dra. Ds. Olivier het aan my genoem dat die gemeente verwaarloos is en weer het hy ds. van Zyl beskuldig." Hierdie ding het niks te doen met die vorige, dis heeltemal twee aparte dinge. Ek het vir br. Dippenaar gesê dat in die 2 jaar en 7 maande van D. van Zyl hier was, het hy nie een keer sistematies die gemeente deurgegaan nie. Die kaarte is daar, u kan die kaarte gaan haal en deurkyk, kontroleer. Verder het ek oor my kollega niks gesê nie. Nou broeders, beweer ek dat ek dit nie gesê het nie.

Nou by die tweede bewering, Die kladnotule van br. Antonie le Roux van die vergadering van die 13de Mei. Die br. het hier gepraat van aanhitsers en tusverstoorders. Br. Weber. Ds. Olivier het ook gesê dat die kerkraad sal moet besluit wat met die aanhitsers, opstokers en onrussaaiers gedoen moes word. Volgens die kladnotule van br. Antonie is daar van aanhitsers en nog 'n ander woord gepraat, wat is die ander woord? Aanhitsers en aanblasers. Ek het dit doelbewus ontken. Doelbewus. Dit was vir my baie snaaks dat daar sekere presiese woorde na vore gebring word in die gesprek. Toe ek hierdie brief vir u voorgelees het en die aanhalingstekens sien en aanhalings uit my gesprek, het ek nog meer suspisieus geword. Ek het 'n vermoede gehad en toe ek dit gelees het nog 'n groter vermoede en op grond van wat u nou die aand, dis op die band, gesê het in daar-

die kantoor van Potchefstroom, die metode wat u gebruik is 'n metode wat 'n mens nie sal goedkeur nie, hulle kan dit naspeel om daardie presiese woorde te gebruik. Ek sal dit graag wil weet wat die metode is wat die broeder gebruik het om die gesprek vas te lê en as u vir my dit gesê het en vir die Ringskommissie, dan sal ek sê of ek dit ontken of dit nie ontken nie. Br. Voorsitter, dis my antwoord op hierdie aangeleentheid. Ek sê ek het dit doelbewus ontken omdat ek 'n vermoede gehad het en dat ek vanaand nog 'n vermoede het dat daar 'n metode was van die opneem van hierdie gesprek. Op hierdie stadium sê ek dit.

Dr. Eloff: Dankie broeder. Broeders, kan ek nou weer vra . . . Kan ek nou weer vra, ek dink tog dat ons betreklik duidelikheid oor die saak het en oor die meriete nou het, dis 'n kwessie van prosedure verder, kan ek nou die kerkraad se gevoelens toets. As die meerderheid van u nie daarvoor voel nie dan het dit nou nie eintlik sin om apart te gaan oor die saak te bespreek nie. As u daarvoor voel dan kan dit waarskynlik in een of ander ontmoeting ontwikkel wat moontlik tot versoening kan lei. Ek vra nou vir u as broeders kerkraad wie van u voel dat indien dit moontlik is dat u vanaand hier die sakie hier wil probeer versoen.

Iemand: ????

Dr. Eloff: Is dit met die saak te doen?

Iemand: ?????

Dr. Eloff: Broeders, dit hang af van die betrokkenes, u sien. As die broeders nie wil versoen nie ek kan hul nie laat versoen nie, maar as die broeders wil versoen, die weg is altyd oop en dis vir my die christelike weg.

Br. Saaiman

Br. Saaiman: . . . . Praatjies maak stories. Toe die dinge begin het het Ds. vir my gesê br. Weber en br. Fransie wil ds. spreek, met ds. Eloff se teenwoordigheid. En toe wou Ds. nie. Hulle sê hulle het gebel en toe het ds. Eloff gebel vir ds. Olivier. Nouja, wat hulle vir ds. Eloff gesê het dit weet ek nie. Maar as hulle ds. Eloff gebel het of gesê het ds. Eloff het ds. Olivier gebel of met ds. Olivier gepraat, ek is nie meer so baie seker nie, ds. Eloff het vir ds. Olivier gesê: Julle moet die dinge regmaak en om verskoning vra want as jy verder gaan, jy sal tog maar verloor, jy kan gaan waarheen jy wil.

Dr. Eloff: Is dit nou 'n reguit vraag vir my?

Br. Saaiman: Ja.

Dr. Eloff: Ek wil dit nou graag reguit antwoord, broeders, ek het nog nooit gesê jy moet die saak regmaak want jy gaan verloor al gaan jy waar jy wil. Ek het met br. Olivier as my vriend vir 25 jaar, langer as enige ander mens wat ek hier ken, persoonlik na hom gegaan en gesê: Br., daar is ontevredenheid by daardie twee broeders. Probeer om dit te versoen. My selfde houding van vanaand. Dis al.

Ds. Olivier: Br. Frans Dippenaar het my gebel die Donderdag en vir my gevra of dr. Eloff as konsulent en hulle twee my kan kom spreek en hy weet presies wat gesê is want ek het my vermoede en as ons sy klagtes behandel gaan ek dit sê, hy weet presies wat gesê is en hy kan die presiese weergawe ook gee, van daardie gesprek. Toe het ek vir hom gesê die konsulent het niks hiermee te doen nie.

Die konsulent se pligte is omskryf in die Kerkorde, en julle moet dra wat daarop volg. Dr. Eloff is my vriend en julle kan as vriende kom maar wat wil julle met my spreek want ek sal die meriete van die saak nie bespreek nie. Dit was die Donderdag. Ek het hom gesê ek sal met dr. Eloff in verbinding tree, en dan sal ek vir julle laat weet. Vrydag het dr. Eloff, die môre toe ek die Saadmieliekwekersvereniging moes gaan open met skriflesing en gebed, het hy gebel. Hy het drie keer gebel en toe ek terugkom het ek gebel maar kon hom nie kry nie. Die Saterdag en Sondag het verbygegaan en Maandag het ek hom gebel en toe het ek 'n lang gesprek met br. Eloff gehad en ek het aan u gerapporteer en aan u dat ek dit nie laat weet het nie, reg, ek het nie gebel nie, maar in daardie week het br. Eloff na my toe gekom en br. Eloff het met my kom praat en gesê dat ek vir u moet ontmoet. Hy het my meegedeel dat hy nie gesê het dat hy as konsulent sou kom nie. Dit het hy nooit gesê nie. Hy het nie gesê dat hy as konsulent sou kom nie. Hy het gesê dat met my toestemming sal hy kom maar sonder my toestemming sal hy nooit kom nie. Maar br. Eloff het vir my gesê dat die broeders gaan 'n klag teen my maak. Toe het ek vir hom gesê dat die klag kan kom. En toe het die broeder vir my gesê ek kan by die Ringskommissie dit verloor, toe sê ek dan verloor ek dit en dan gaan ons Ring toe. En toe het die broeder gesê en as ek dit by die Ring verloor, toe sê ek dan gaan ons Sinodalekommissie toe en toe het Br. gesê ek kan dit daar verloor, toe sê ek dan gaan ons Sinode toe. Toe sê die Br. en as ek dit daar verloor, toe sê ek dan bepaal ek my verhouding teenoor die N.G Kerk. Dis wat ek gesê het.

Dr. Eloff: Broeders, ek weet nou nie as u wil hê ek moet hier op antwoord. As dit enige lig in die saak bring dan kan ek dit doen maar ek stem saam met ds. Olivier dat ons daardie gesprek gevoer het behalwe nou net die laaste het my bietjie ontgaan. 'n Mens onthou nie die goed so baie goed nie. Die laaste gedeelte het hy met br. Steyn oor die telefoon gespreek en gesê dan sal ek my verhouding met die N.G. Kerk bepaal en so meer. Ek het dit nie vir hom gesê, en let daarop hy het dit ook erken, jy sal dit verloor nie, dit kan ek tog nie sê nie, hoe kan ek dit sê? Maar: broeder jy kan dit verloor en dan gaan die ding altyd verder en verder, jou huis word daarby ingetrek, jyself, jou vrou en jou dogters en 'n mens moet dit keer as dit enigsins moontlik is. Ek dink dit was ons gesprek gewees broeders.

Ds. Olivier: Ja.

Dr. Eloff: Ja, dit is die hoofsaak gewees. Ek weet nie of u nog iets op die hart het nie broeder?

Br. Saaiman: Br. Voorsitter, dit is wat my so effentjies hinder. Ek is ook al lank op die kerkraad en ek het in Potchefstroom by ds. Worst gewees, by ds. Bey Naudé, ds. Smit, ds. van Zyl, en selfs by ds. Prinsloo. Daar was nog, ds. Eloff het 'n kerkraadsvergadering gehou waar ek nie by was nie, en ds. van Zyl en ds. Olivier. Ek het baie gegaan en daar was woelige en woelige tye gewees, maar so woelig soos die laaste twee kerkraadsvergaderings het ek nog nie beleef nie, en ek wil nou nie vir ds. Olivier party trek nie en ook nie vir die twee broers nie, maar ek moet net sê as 'n mens daarop uit is om

iets te soek en hulle sê as jy 'n hond wil gooi kan jy orals 'n klip optel. Die twee broeders is nou daarop uit om iets te soek en dit is glad nie goed nie maar wat my hinder, daarom wil ek ds. Eloff as voorsitter vra om reg te handel want as daar vooraf 'n gesprek gewees het met 'n man persoonlik teenoor 'n ander, weet ek nie of daardie man wat dit gedoen het, kan dien as voorsitter nie.

Dr. Eloff: Ja.

Br. Saaiman: Ek praat nie, ek betwyfel my, dit is iets wat my hinder. Dit kan nou na 'n kant toe gaan maar dan sal dit my nog hinder wat daardie man . . .

Ek is maar 'n slegte een om te praat. My suster het my nou die dag gesê . . . . Ek weet nie of jy vir my wil sê nie en of . . . .
dié sê Potch.-Suid se mense moet darem nou bietjie kerkraadsledekies wat geleerdheid het, want hierdie ou klomp dommes wat hier is belemmer alles. Nou is ek maar een van die dommes maar so iets as wat nou die dag gebeur het het ek nog nie beleef nie, en ek praat nou nie . . .

Dr. Eloff: Br. Saaiman u het 'n belangrike saak aangeraak. As die kerkraad voel dat ek bevooroordeeld is sal ek my onmiddellik onttrek. Ek het aan die begin my woord van eer gegee dat ek onbevooroordeeld sal staan sover as 'n mens dit kan wees. Ek het gesê daardie man is 25 jaar lank my vriend. Ek het geen behae van geen aar om hom te benadeel nie maar dis nie sy saak nie, dis mos die kerkraad se saak, nie waar nie, of daardie twee broeders, maar as die kerkraad voel dat ek bevooroordeeld is is ek gewillig om my onmiddellik te onttrek. Ek vra die kerkraad se uitspraak oor hierdie saak.

Net u van sê broeder, Bezuidenhout.

Br. Bezuidenhout: Br. Voorsitter, mede-broeders, ouderlinge en diakens, in hierdie opsig van wat br. Saaiman nou hier aan gehaal het moet ons ingaan in die prosedure in die Magistraatshowe. As 'n Magistraat kennis dra van daardie saak dan kan hy die saak nie verhoor nie. In hierdie opsig om tot 'n regverdige konklusie te kom sal ek vra of 'n voorstel indien dat die leraars wat dien op hierdie kommissie hulle moet onttrek van hierdie kommissie.

Dr. Eloff: Ons het nou nie mooi gehoor nie, broeders. Die laaste asseblief.

Dr. Bezuidenhout: Die leraars wat op hierdie kommissie dien wat met die vorige saak betrokke was en wat gesprekke gevoer het in verband hiermee moet hulle onttrek van die kommissie.

Ds. Burger: Gesprekke met wie?

Br. Bezuidenhout: Met ds. Olivier en die ander.

Dr. Eloff: Broeders, daar het ons, die broeder voel . . .

Ek het netnou gesê wat ons gedoen het. Ek het ter goeder trou, omdat dit my vriend is, en ek graag wil keer dat 'n saak verder loop as dit vroegtydig gekeer kan word, het ek met hom gaan gesels as broeder. As dit vir my partydig sou maak dan sou ek my onmiddellik onttrek want dit sal heeltemal verkeerd wees as ek hier voor staan en ek hou my lyf onpartydig en ek is dit in my hart nie. Dit is ook voor die Here nie reg nie. Hoewel ek graag die bewering wil maak dat die Here wat ons harte ken weet dat ek waarlik probeer het vanaand om onpartydig te wees en hierdie saak

vir die voordeel van Sy Koninkryk op te los. Ek kan nie met u saamstem daarin dat 'n mens niks van 'n saak af mag weet wanneer jy 'n saak moet verhoor nie. Dit sal u ook vir my dadelik moet toegee. Die kwessie is of 'n mens bevooroordeeld gaan optree of iets van die aard. U sien, broeders, ek wil net die kerkraad se gevoel vra.

Ds. Olivier: Kan ek net iets sê? Kyk broeders. Laat ek nou vir u vra. Ek ken dr. Eloff en hy ken my en wat ek vir hom wil sê sê ek vir hom. Laat hom aanbly as voorsitter, asseblief.

Ek wil vir hom vanaand hier sê dat dit was vir my hartseer dat hy vir my kom sê het dat daardie broeders gaan my aankla want ek was nog nooit bang nie. Ek vrees geen mens nie, net God. En ek vra u broeders, dat die broeder aanbly, asseblief.

Iemand: ???

Dr. Eloff: Broeders ek wil graag honderd persent 'n stemming in hierdie opsig hê. Ek vra u om te stem dat ek onbevooroordeeld in die saak oordeel en u moet baie eerlik wees met uself ook. Ek wil graag u stemming hê dat ek as voorsitter onbevooroordeeld is. U beskou my nie as bevooroordeeld nie.

Ds. Burger: Br. Voorsitter, voordat u tot stemming gaan wil u dan nie liewers die broeders die geleentheid gee om per geslote stembriefie te laat stem nie. Dit lyk nou vir my darem as u nou hier staan, dit sal nou tyd in beslag neem, is u tevrede.

Dr. Eloff: Ek sal my oë toemaak dan kan dié broeder tel.

Ds. Olivier: Die broeder sê hy sal sy oë toehou.

Dr. Eloff: Nee, al trek u nou terug broeders, is daar 'n gevoel in die vergadering en ek gaan vir my nooit as geprejudiseerd as bevooroordeeld laat beskou nie. Nimmer. U stem daaroor en ek vra die broeder om te tel.

Ds. Burger: Broeders u stem daarvoor of u vir dr. Eloff wil laat aanbly as voorsitter van hierdie kommissie.

Die wat daarvoor is?

Nee, br. Dippenaar en br. Weber kan nie stem nie.

Die broeders wat daarteen is, laat ons liewer so vra. Broeders, eenparig dat dr. Eloff hier sal aanbly.

Dr. Eloff: Dankie broeders, ek was gewillig ter wille van die saak om my onmiddellik te onttrek, dit kan later ander weg, daar is ander broeders wat dit kan doen, dis nie net ek nie. Maar ek wil u goeie trou aanvaar en ek wil graag my waardering uitspreek teenoor Br. Saaiman wat reguit praat dat dinge duidelik word, anders praat ons môre weer so en ons glo nie aan daardie . . . Mag ek nou weer vir u vra, ons is nou weer waar ons so 'n kwartiertjie gelede gewees het. U moet vir my 'n aanduiding gee of u vanaand wil probeer versoen, ja of nee, dan weet ons nou hier voor hoe om te maak. Sal u u hande opsteek wat wil probeer wat meen dat u vanaand wil dit probeer doen as dit moontlik is. Verstaan u wat ek gestel het? Broeders die meerderheid voel so.

Ek dink dat ons nou op hierdie stadium vir die kerkraad as offisiële vergadering wat 'n klag gelê het moet vra om as offisiële vergadering dit nou te oorweeg of hulle nouja, ook langs dieselfde weg gewillig is om 'n versoening te aanvaar vanaand soos dit na samespreking met daardie broeders moontlik kan word. B. Olivier is duidedik wat ek sê, né?

Ds. Olivier: Ja, maar ek is daarteen.

Dr. Eloff: Ja, maar dit kan gebeur. Maar u verstaan die posisie né, broeders, dat ek vra dat u nou op 'n bepaalde wyse moet besluit offisieel ook as kerkraadsvergadering hoe u met die broeders ooreen wil kom, wat u van hulle verwag ook vir die toekoms want kyk daar is spesifieke dinge genoem en ons kan nie maak asof daardie dinge nie bestaan nie, u kan dit ook nie doen nie. Maar deur wedersydse gesprek na u ooreengekom het, broeders, kan 'n mens tog 'n weg vind waarlangs 'n mens dit aan hulle kan stel of hulle gewillig is, ja of nee.

Br. Weber, dit gaan oor hom in die eerste plek. Ons sal ons nou vir 'n rukkie onttrek. Ek weet nie, br. Olivier sê hy wil nie die vergadering lei nie, dan behoort dit die oudste dienende ouderling te wees wat die vergadering lei. Br. Greyling of 'n broer dan wat . . .

Iemand: Het hierdie betrekking net op br. Weber?

Dr. Eloff: Dis eintlik nog al saak wat ons behandel het.

Iemand: ???

Dr. Eloff: Dit het op die oomblik nog nie betrekking nie.

Ds. Olivier: Nou wie moet nou besluit? Net br. Weber?

Dr. Eloff: Br., dis al wat ons op die oomblik nog ondersoek het, waarvan ons lig het. As die kerkraad voel dat die ander saak presies dieselfde is, is dit vir die kerkraad om te besluit, daaroor kan ons nog nie besluit nie. Ons het dit nog nie gehoor nie. U ken die besonderhede van br. Dippenaar, ons ken dit nog nie.

Iemand: Br. Voorsitter . . . is die klag van br. Dippenaar . . .

Dr. Eloff: Broeders, ek wil net vir u sê dis nou half-elf. 7, 8, 9, 10, half-elf. Dis 3½ ure. Dit gaan moontlik 3½ ure ook weer word en dan gaan sommige van u . . .

Iemand: . . . As die kerkraad voel dat die klag van br. Dippenaar dieselfde is as die . . .

Dr. Eloff: Dit kan die kerkraad oor besluit, ek dink dat dit moontlik is maar dit kan die kerkraad oor besluit, hulle ken die meriete van sy saak, ek nie.

Iemand:???

Dr. Eloff: As die Kerkraad, of die Ringskommissie, nie nou nie. Nadat die kerkraad weer bymekaar gekom het.

Dr. Eloff: Ons het dit nou aan u gestel, broeders, om self bietjie te gesels oor die saak. U het waarskynlik deeglik gedoen, u was taamlik lank besig gewees, en om tot 'n versoening te kom waarvan u gesê het dat u gewillig is. Nou wil ons maar graag hoor wat is die broeders se bevinding.

Ds. Olivier: . . . Sal ek nie maar vir u lees nie?

Dr. Eloff: Broeder, nee ek kan lees, nie al die skrif nie, maar hierdie is mooi.

„Ons stel voor dat die Ringskommissie terugkeer, dat die aangeklaagde br. Weber sal verskyn, dat aan genoemde broeder gestel sal word dat hierdie kerkraad sal versoen as die broeder hom sal onderwerp aan die volgende voorwaardes:

(i) Hy sal skuld erken op al die klagtes,

(ii) Hy bereid is om verskoning te vra,

(iii) Hom te onderwerp aan die besluite en maatreëls wat die Ringskommissie mag oplê."

Iemand: ???

Dr. Eloff: Het ek verkeerd gelees?

Ds. Olivier: . . . Dis tog maatreëls daar, dis nie besluite nie.

Dr. Eloff: „Hom te onderwerp aan die beslissing en tugmaatreëls wat die Ringskommissie mag oplê."

Ds. Olivier: Hy bereid is om die Kerkraad om verskoning te vra.

Dr. Eloff: O ja, hierdie het ek uitgelaat. Net die kerkraad. „Hy bereid is om die Kerkraad om verskoning te vra"

Ek lees dit weer dat die broeder dit kan hoor. Die voorwaardes vir versoening:

(i) Hy skuld sal erken op al die klagtes,

(ii) Hy bereid is om die kerkraad om verskoning te vra,

(iii) Hom te onderwerp aan die beslissing en tugmaatreëls wat die Ringskommissie mag oplê.

Ds. Olivier: . . . daar onder, dit geld ook vir br. Dippenaar.

Dr. Eloff: Dit geld ook vir br. Dippenaar, ekskuus, ek het dit nie gesien nie.

Nou, dit is nou eers br. Weber wat aan die woord kom. Ons wil net vir ons eie duidelikheid graag dit weet broeders, wat dit nou impliseer, m.a.w. die broeder moet skuld erken op alles wat teen hom gesê is. Dit is so, né?

En die hele uiteensetting van die klagtes en al die besonderhede. Hy bereid is om die kerkraad om verskoning te vra oor die dinge natuurlik wat hy dan daar verkeerd gedoen het wat hy erken en dan te onderwerp aan die beslissing en maatreëls wat van die Ringskommissie mag kom. Dit geld ook vir br. Dippenaar.

Broeders, ons moet so bietjie nou oor die saak redeneer hier.

Mag ek net vra vir duidelikheid vir my persoonlik, kyk as daar nou versoening kom watter tugmaatreëls moet die Ringskommissie of die Ring dan nou toepas as daar nou versoening kom. Is die gedagte nie dat die versoening tugmaatreëls uitskakel nie? Ek vra nou want dit is nou vir my op die oomblik 'n probleem.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, ek dink ek kan maar antwoord.

Dis tog baie duidelik daar dat as die broeder nou sê hy erken sy skuld op daardie klagtes en hy vra verskoning, dan kan u nog besluit as Ringskommissie, daarom staan daar „mag", mag oplê, of u wil iets oplê of u wil niks oplê nie, nie waar nie, dit staan u vry. Ons kan nie vir u as kerkraad sê wat u kan doen nie, u moet oordeel of die klagtes so ernstig is al dan nie of 'n versoening voldoende is om 'n versoening te bewerkstellig om hierdie saak uit die weg uit te ruim. Maar dit kan ons nie vir u sê nie, dit kan die kerkraad nie besluit nie want ons het nie die bevoegdheid daarvoor nie.

Dr. Eloff: Ja, die Ringskommissie kan natuurlik ook nie 'n uitspraak gee nie, ons is net met 'n voorlopige saak hier besig, dit is die Ring alleen wat dit doen. Dit sal natuurlik neerkom op die konsiderasies wat ons voor die Ring sal lê. Nou goed, verstaan br. Weber hierdie saak?

Br. Weber: Ja, Br. Voorsitter, Brs. kerkraadslede, ek dank u vir die mate van versoening maar ek wil net graag vir u vra, toe ons vroeër vanaand hier vergader het nog as kerkraad was aan my en br. Dippenaar gevra om die vergadering te verlaat tydelik totdat u sekere besluite geneem het, en ek het hier in die saal gestaan en dit het vir my voorgekom wat ek gehoor het dat ds. Olivier die kerkraad gevra het om nie te kapituleer nie, met ander woorde, hy het hul probeer beïnvloed om nie toe te gee as om die klagtes teen my verder te voer nie. Ons is hier as christene om die saak in liefde op te los en ek glo nie dit is reg as die regter vooraf besluit wat sy uitspraak gaan wees nie.

Broeders, ek is jammer ek sal nie skuld erken op al hierdie klagtes nie. Ek weet nie hoekom moet ek om verskoning vra aan die kerkraad nie. Hulle het teen my 'n klag gelê en as ek hulle te na gekom het dan vra ek die kerkraad om verskoning. Ek is bereid om my te onderwerp aan die Ringskommissie of aan die Ring of hoër magte indien dit verder gaan. Dankie.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, ek weet nie of dit nodig is om te antwoord nou nie.

Dr. Eloff: Ja broeders, ek wil tog nou net vra, kyk die broeder voldoen aan u vereistes 2 en 3, verskoning en verklaar hom bereid om te aanvaar wat die Ring sou sê daaromtrent. Maar hy is nie gewillig om op al die klagtes skuld te erken nie. Dis heeltemal duidelik. Staan die kerkraad by die eerste stelling sonder meer?

Nou broeders, ek kan nie vir u sê wat u moet sê nie. Ek wil natuurlik graag hê dat as dit moontlik is daar moet 'n redelike versoening op 'n gesonde grond kom. Nie grondloos nie, dit kan nie wees nie, maar ek wil tog sê dat die eerste punt geweldig baie impliseer. Ek sê dit met versigtigheid, maar dit impliseer geweldig baie as al die klagtes en al die uiteensettinge wat vanaand, alles, punt vir punt, erken word en dit vra die eerste punt. Hier sê die broeder dit is verskriklik baie wat u vra. As 'n mens gesê het sommige, voel ons, en sommige weer nie, dan het 'n mens miskien 'n middelweg kon kry, maar ek pleit nou nie, as u vasstaan op punt 1 dan is die saak afgehandel.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter kan ek tog verduidelik.

Dr. Eloff: Seker.

Ds. Olivier: Kyk die klag is net dit dat die broeder die rus in die gemeente versteur, die goeie orde in die gemeente versteur, maar dit kan tog broeders, impliseer dat wat elke broeder ouderling gesê het en alles wat hier gesê is, dat dit daardie alles erken moet word want u het as regter nog nie eers gesê daardie is nie gegrond nie en daardie is wel gegrond, dit wat Ds. Olivier gesê het, daardie is gegrond en daardie is nie gegrond nie en wat daardie broeder gesê het dit is gegrond en dit is nie gegrond nie. Dit gaan net om daardie klag nie alles wat gesê is nie, dit spreek tog vir sigself. Anders moet u elke saak, elke klag, en wat elke persoon gesê het ter stawing van die klag of dit gegrond is al dan nie, of anders gestel, u moet die getuienis nou opweeg as reg. Dit het die klaer gesê, dit het die aangeklaagde gesê, daardie getuienis verwerp ons, daardie getuienis is in orde.

Dr. Eloff: Nou broeders, ons meen dat ons sal kan doen wat van ons verwag word as ons 'n oordeel moet gee maar ons is nog nie

daar nie. Ons is op 'n stadium van versoening en loop dit dood dan loop dit dood, dan het ons eerlik ons bes probeer. Ek dink daarmee kan u saamstem. Nou wil ek dit positief vra: Wat sê punt 1 dan presies? Want die klag is drie punte en afgesien van die toeligting is hierdie klag gespesifiseer, sluit die klag punt 1 ook in soos hy daar staan met sy spesifikasies. Dit moet duidelik wees anders weet ons mos niks, praat ons mos deurmekaar. Maar ek weet nie wat staan daar nie. Ek vra nou aan u: Impliseer dit ook die spesifikasies van hierdie punt? Hy is gespesifiseer hier vanaand voor die vergadering en moet die broeders al daardie spesifikasies erken? Dis vir my bietjie onduidelik nou omdat dit vir u ook onduidelik is wat u presies met punt 1 sê.

Ds. Olivier: Br. Voorsitter, ek kan vir u duidelik maak.

Dr. Eloff: Maar sê die kerkraad dit ook?

Ds. Olivier: Ek kan net sê hier is vier, ek praat namens die kerkraad, die kerkraad het 'n opdrag aan my gegee om ons saak te stel, ek het gesê dat as hy as ouderling, terwyl hy dit is, doen hy aansoek by Mooirivier om daar te ressorteer. Dit gaan om die orde, versteuring van die orde. (2) Hy besoek en voer samespreking met pesrone wat vorm 4 ontvang het agteraf. Vermeulen en Raath. (3) Hy doen dinge waarvoor hy van die kerkraad geen opdrag ontvang het nie en vierdens . . .

Dr. Eloff: Br. Weber sien u kans, u begryp nou hoe die gedagte is, wat dit impliseer. Ek wil net dat dit duidelik is dat mens nie sê dit het ek nie gesê of dit het ek bedoel of iets van die aard nie. As ons klaar gepraat het moet dit vir ons almal duidelik wees. Ek vertrou dis vir u duidelik of is daar nog 'n vraag wat u wil stel, met die oog op duidelikheid. Nie meer nie. Aanvaar u dus, staan u by u standpunt wat u netnou gesê het.

Br. Weber: Ja.

Dr. Eloff: Nou dankie broeders, dan is dit duidelik dat ons nie versoening kan kry met hierdie vergadering vanaand nie. Ek wil u baie dankie sê vir u gewilligheid en u geduld ook, dis taamlik laat, dat ons so kon praat. Nou sal ons 'n volgende vergadering belê wat 'n vergadering sal wees waar ons u vra om u getuies te bring om die dinge wat vanaand genoem is te staaf. Wat dan nie 'n versoeningsvergadering sal wees nie maar 'n direkte aanhoring van die saak waarvan ons dan konsiderasies aan die Ring sal voorlê. Dit geld br. Weber.

Nou wat br. Dippenaar betref weet ek nie, as u wil sy saak nou aangaan van voor af dan neem ons dit. As u wil hê ons moet 'n vergadering by 'n volgende geleentheid belê vir hom, dan doen ons dit. Dis nogal moeilik om 'n datum te kry, dis 'n hele kwessie, maar ek dink tog ons sal 'n datum kry. Môreaand is onmoontlik.

Ds. Olivier: Volgende week wil ek vir u sê wat my betref kan dit Maandag wees, of dit kan die Dinsdag, of Woensdag of Donderdag ook wees.

Dr. Eloff: Ja, hoeveelste is dan volgende . . . ek het ongelukkig my boekie nie hier nie . . .

Iemand: ???

Dr. Eloff: Dankie broeders, dan sal ons so gou as moontlik in die tussentyd, daar verloop nou 'n maand of meer, kom ons probeer die saak van die Here dien, u al twee kante. 'n Mens kan 'n vreeslike

ding aanjaag, u weet, laat ons altyd hieraan dink wat ons ook al doen of sê, uiteindelik ly die saak van die Here en die Kerk daaronder. Kom ons probeer dit so min moontlik dat die saak van die Here sal ly onder dinge wat ons in die tussentyd nou gaan sê of gaan doen afgesien van wat die uitspraak nou gaan wees. Ek vra dit maar net in die Naam van die Here.

Baie dankie, broeders.

---

UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU 26 SEPTEMBER 1966

**Artikel 3(i):** „Brief i.s. klagtes teen br. F. C. V. Weber. Daar sal onmiddellik geskryf word vir hierdie besonderhede.

**Artikel 4: Saak:** Klag Potchefstroom-Suid teen br. F. J. Dippenaar: Die Kommissie ondersoek die gegewens van vergadering 15 September 1966 gehou.

Die Ringskommisie besluit: Die Ringskommissie kan tot geen bevinding kom gesien al die getuies in hierdie saak nie by die ondersoek teenwoordig was nie. Die Ringskommissie besluit dat hierdie saak na die Ring verwys word om behandel te word so gou as moontlik."

---

UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 12 OKTOBER 1966

„SAKE: Die klagtes van die Kerkraad van Potchefstroom-Suid teen die br. F. C. V. Weber word bespreek en die Ringskommissie besluit dat die klag onverwyld na die Ring verwys word om behandel te word op die 27ste Oktober 1966, gesien die klagtes grotendeels identies is as die reeds behandelde klagtes teen br. F. J. Dippenaar en omdat dit op die Ringsvergadering van 11 Oktober 1966 so versoek is."

---

UITTREKSEL UIT NOTULE VAN RINGSKOMMISSIEVERGADERING GEHOU OP 4 NOVEMBER 1966

„SAKE: 2. Brief Br. F. J. Dippenaar en F. C. V. Weber i.s. versoeningspoging.

Die broeders berig dat 'n versoeningspoging tussen hulle en ds. Olivier nie suksesvol was nie. Hulle vra die Ringskommissie se advies.

Die vergadering besluit soos volg: Die Ringskommissie versoek dat die betrokke partye weer 'n poging tot versoening sal aanwend, desverkiesend kan getuies saam geneem word.

Ds. M. J. P. Olivier sal so kennis ontvang."

---

UITTREKSEL UIT NOTULE VAN VOORTGESETTE VERGADERING VAN DIE RING OP 22 SEPTEMBER 1966

„**Artikel 4: 8(iii): Verslag: Ringskommissie** — Punt 5:

Daar word oorgegaan tot hierdie saak op die agenda. Ds. M. J. P. Olivier versoek dat aangesien die vergadering geen kennis dra

van die aangeleentheid nie, (a) die klagtes van die leraar van Potchefstroom-Suid behandel word of dat die Ringskommissie 'n uiteensetting gee van sy werksaamheid sedert 18 Mei 1966 — 27 Augustus 1966.

Dr. S. J. Eloff wys op hierdie stadium daarop dat die resultaat van 'n regterlike ondersoek nooit vrede bring nie. Alleen maar kan daar vrede kom as die gesindheid van Christus die saak beheers. Hy vra die betrokke partye om indien enigsins moontlik, met wedersydse inskiklikheid en gewilligheid te versoen.

Ds. H. M. Viljoen meen dat die vergadering sekere feite moet kry omdat dit volgens sy mening om wesentlike sake gaan.

Ds. H. J. Schutte wys daarop dat dit by 'n stryd in die kerk altyd en ten eerste gaan om versoening. Ds. A. O. de Beer sluit hom hierby aan. Dr. S. J. Eloff stel voor dat die vergadering verdaag vir tee en dat die betrokke partye kans gegun word tot versoening. Dit word goedgekeur en die vergadering verdaag.

Na die hervatting gee ds. Olivier te kenne dat s.i. die saak behandel moet word. Brs. Dippenaar en Weber stem hiermee saam.

Op hierdie stadium gee Ventersdorp kennis dat die sekundus-ouderling sitting neem. Die ring neem kennis daarvan dat Potchefstroom-Noord se sekundus-ouderling nie teenwoordig is nie.

5. **Suiwering van die Vergadering:**

(a) Oudl. Dippenaar: Potchefstroom-Noord onttrek hom van die vergadering.

(b) Getuies van klaers en beklaagde word nie toegelaat nie.

Ds. H. J. Schutte stel voor dat dit 'n geslote vergadering sal wees met die voorwaarde dat die klaers en beklaagde teenwoordig mag wees. Dit word goedgekeur.

Br. Dippenaar en Weber mag teenwoordig wees as gesamentlike klaers maar nie as getuies oor en weer nie.

Die Ring versoek die klaers en die beklaagde om hulle gebonde te hou aan die geslotenheid van die vergadering.

Die Voorsitter reël nou dat die Ringskommissie 'n duidelike beeld sal gee van hulle in hierdie saak. Ds. A. P. Burger, voorsitter van die Ringskommissie, lê die geformuleerde klag van brs. F. J. Dippenaar en F. C. V. Weber teen ds. M. J. P. Olivier voor die Ring: Dit lui: „Klag 1: Oortreding van die negende gebod, naamlik leuentaal.

**Motivering:**

(a) Ontkenning van 'n telefoongesprek.

(b) Bewering dat bydraekaarte gereeld deurgegaan word en by elke finansiële kommissievergadering bespreek word.

(c) Ander mense in die verkeerde lig stel deur die waarheid te verdraai.

**Klag 2: Art. 59(b):**

Die gesindheid wat ds. Olivier openbaar is nie die van 'n evangeliedienaar waardig nie.

**Motivering:**

(a) Ds. Olivier was onwillig om Oudl. Weber en diaken Dippenaar gelyktydig te ontmoet of saam met enige ander onpartydige persoon om gemeentelike probleme te bespreek.

(b) Ds. Olivier moes nie nagmaal bedien het nie, tensy ons hierdie ontevredenheid of die gevoel wat daar tussen ons heers, uit die weg geruim het nie.

(c) Ds. Olivier spreek 'n oordeel oor Oudl. Weber in sy huis uit.

(d) Ds. Olivier gee aanstoot en tree beledigend op teenoor lidmate wat onder die toedrag van sake nie gelukkig voel nie.

(e) Ds. Olivier is vermetel deurdat hy 'n aanmatigende houding openbaar.

**Klag 3:**

Ds. Olivier maak van persoonlike kwessies gebruik om die kerkraad te beïnvloed.

**Motivering:**

(a) Wanneer lidmate tydens kerkraadsvergaderinge bespreek word, maak ds. Olivier aanmerkings waardeur hy refleksie op sulke persone werp.

(b) Ds. Olivier beïnvloed die kerkraad om nie te versoen nie deur sekere uitlatings te maak.

Ds. A. P. Burger lees besluit 92, 95b en 96 a en b in die K.O. en gee die volgende besonderhede van die Ringskommissie se optrede:

(i) Noem briewe van brs. Weber en Dippenaar ontvang. Lees notule van Ringskommissie gehou op 18/5/66.

(ii) Briewe van Ringskommissie aan brs. Weber, Dippenaar en Olivier word gelees. Die partye word opgeroep tot 'n vergadering op 9/6/66.

(iii) Op 'n vergadering gehou 27/5/66 laat Ringskommissie afskrifte maak van die klagtes van die kerkraad van Potchefstroom-Suid teen brs. Weber en Dippenaar. Word aan die betrokke partye gestuur.

(iv) Ringskommissie vergader op 9/6/66 saam met die betrokke partye. Poog tot versoening te bring.

(v) Skrywe aan partye vir oproep tot 'n verdere vergadering op 16/6/66.

(vi) Ringskommissie vergader op 23/6/66. Klagtes van brs. Weber en Dippenaar word aan ds. Olivier gestuur. Ook aan die klaers.

(vii) Op 30/6/66 — Spesiale Ringsitting op Ventersdorp i.v.m. 'n ander saak.

(viii) Op 28/6/66 word ds. B. J. Schutte opgeroep in die plek van dr. S. J. Eloff wat siek geword het.

(ix) Op 25/7/66 ontvang Ringskommissie brief van ds. Olivier i.s. prosedure van optrede.

(x) Ringskommissie vergader 9/8/66. Notule van daardie vergadering word gelees.

(xi) Ringskommissie rig brief aan brs. Weber en Dippenaar met die versoek om hulle klagtes op skrif te stel.

(xii) Ringskommissie vergader 19/8/66.

(xiii) Klagtes van kerkraad: Potchefstroom-Suid word ontvang op 22/8/66.

(xiv) Ringskommissie vergader op 23/8/66. Notule van daardie vergadering word gelees.

(xv) Ringskommissie vergader op 30/8/66 saam met die partye uitgeslote ds. Olivier wat nie teenwoordig is nie.

Die Ring neem kennis van die optrede van die Ringskommissie.

Vergadering besluit voorts om die punte van die aanklag te behandel soos dit die klaers pas. Die Ring meen ook dat die gees van Besluit 92f vereis dat die getuies teenwoordig moet wees en die skriftelike verklarings van die klaers is daarom nie ontvanklik nie.

**Klag 3(a)** — word eerste behandel. Br. F. J. Dippenaar en F. C. V. Weber getuig albei in hierdie verband. Mnr. C. de Beer word as getuie ingeroep en getuig. Vrae word aan hom gestel. Op 'n punt van orde stel ds. H. M. Viljoen voor dat ondervraging oor hierdie saak beëindig word. Voorsitter reël dat voort gegaan mag word met die vrae.

Die vergadering besluit om te verdaag vir ete om 1.45 nm. Ds. A. P. Burger en oudl. A. Z. Stoffberg vra verlof vir 'n deel van die middagsitting. Vergadering sal om 2 nm. hervat.

Na die hervatting van die vergadering vra oudl. W. J. de Wet ook verskoning. Albei ouderlinge se verlof word goedgekeur maar die voorsitter versoek die broeders om in die lig van Besluit 99(a) liefs te bly. Die ouderlinge besluit om te bly.

Die beklaagde vra nou 'n aantal vrae.

**Klag 2(d):** kom vervolgens aan die beurt omdat die teenwoordige getuie, mnr. C. de Beer, ook in die verband kan getuig. Hy getuig i.s. die ongelukkigheid en ontevredenheid van sy huisgesin in die gemeente. Mnr. C. de Beer verlaat die vergadering.

Ds. A. O. de Beer stel voor dat 'n mondelinge waarheidsbelofte van elke getuie gevorder sal word. Dit word goedgekeur.

**Klag 1(c):** Mnr. H. de Wit maak sy verskyning, lê waarheidsbelofte af en getuig i.s. teëllegging in die pastorie. Enkele vrae word gevra. Mnr. De Wit verlaat die vergadering.

**Klag 2(c):** Hierna in behandeling. Mev. Olivier verskyn en lê getuienis af ter verweer van die beklaagde. Mev. Olivier verlaat die vergadering. Verskeie broeders vra vrae aan br. Weber.

**Klag 1(b):** Br. F. Dippenaar getuig i.s. offergawe-kaarte. Mnr. J. F. Scholtz verskyn, lê waarheidsbelofte af en getuig i.v.m. die kaarte. Enkele vrae word gestel. Mnr. Scholtz verlaat die vergadering.

**Klag 1(a):** Br. Dippenaar getuig. Ds. Olivier vra 'n vraag i.s. die metode van die vaslegging van 'n telefoongesprek wat gevoer is. Br. Dippenaar getuig dat dit op band vasgelê is. Dit word voorgespeel vir die vergadering. Daar word gevra dat die volgende woorde genotuleer word. Br. Dippenaar vra op die kerkraadsvergadering: „of hy (ds. Olivier) sou gesê het dat daar altyd mense is wat 'n saak aanblaas, aanhits en onrus stook — en dat die kerkraad sal moet besluit wie dit is en as die mense aangewys is of die kerkraad sal optree of nie. Ds. ontken u dit definitief? Ja, ek ontken dit."

**Klag 2(a):** Br. Dippenaar getuig. Die vergadering verdaag vir tee. Na die hervatting word —

**Klag 2(d):** weer aan die orde gestel omdat 'n getuie in hierdie verband opgedaag het. Mnr. E. J. Vermeulen verskyn, gee die waarheidsbelofte en getuig i.s. kerkverlating.

Ds. A. P. Burger verskyn weer. Ds. Olivier stel vrae. Ringsleraars stel enige vrae. Mnr. Vermeulen verlaat die vergadering.

**Klag 2(b):** Brs. Weber en Dippenaar getuig.

**Klag 2(e):** Br. Dippenaar getuig.

**Klag 3(b):** Br. Dippenaar getuig.

Daar word hierna weereens teruggekom op klag 1(a) en verder getuienis gelewer deur die klaers.

Die saak van die klaers word afgesluit. Ds. Olivier kry geleentheid om as beklaagde sy verweer te lewer. Hy neem elke punt in behandeling.

Voordat die vergadering om 5.30 verdaag word besluit dat hierdie sitting tydens die aandsitting afgehandel sal word ongeag die tydsduur daarvan.

Na die aand-ete hervat ds. Olivier sy verweer. Kol. S. J. L. Jacobs verskyn, gee die waarheidsbelofte en lewer getuienis t.o.v. Klag 2(a). Kol. Jacobs verlaat die vergadering. Mnr. A. F. le Roux verskyn, gee die waarheidsbelofte en getuig. Br. Dippenaar stel 'n enkele vraag. Br. Le Roux verlaat die vergadering.

Ds. Olivier roep geen verdere getuienis nie. Hy sluit sy verweer af. Vrae word deur die ringsleraars gestel. Brs. Weber en Dippenaar gee elkeen verdere kort verduidelikinge. Die bandopname i.s. klag 1(a) word weer gespeel.

Die vergadering verdaag vir enkele minute om 10.30 nm. Klaers en beklaagde verlaat die vergadering na die hervatting. Die Ring neem die saak in beoordeling. Handel oor die punte afsonderlik en kom tot die volgende bevinding en besluite:

I. Die Ring bevind ds. Olivier:

(a) Skuldig op klag 1(a) waar hy self erken dat hy doelbewus hierdie saak ontken het.

(b) Onskuldig op 1(b) en (c).

(c) Skuldig op klag 2(a) en (b) omdat hy nie skriftuurlik korrek opgetree het nie.

(d) Onskuldig op klag 2(c), (d) en (e).

(e) Skuldig op klag 3(b) waar ds. Olivier volgens eie erkenning sy kerkraad beïnvloed het om nie te versoen nie.

(f) Onskuldig op klag 3(a).

II. Die Ring besluit om ds. Olivier t.o.v. die punte waarop hy skuldig bevind is, binne die ringsvergadering te vermaan.

III. Die Ring betreur die aanmatigende toon, houding en gesindheid wat ds. Olivier in sy hele verweer geopenbaar het.

IV. Die Ring is van oordeel dat die hele aangeleentheid op wedersydse persoonlike antipatie berus.

V. Die Ring wil by beide partye ernstig aandring om hulle met mekaar te versoen, so nie sal hulle in hulle ampswerk gestuit word.

VI. Die Ring gee sy misnoeë te kenne oor die metode wat deur die klaers aangewend is om 'n gesprek op band vas te lê sonder die medewete van die ander party.

Die partye word ingeroep om die besluit aan te hoor. Die klaers word hierna gevra om die vergadering te verlaat. Die bevinding sal skriftelik aan die betrokke partye gestuur word.

Die voorsitter gaan nou daartoe oor om ds. Olivier binne die vergadering met erns maar met groot liefde te vermaan op die klagtes waarop hy skuldig gevind is."

## VERSLAG VAN DIE AD HOC KOMMISSIE VAN DIE SINODALE KOMMISSIE I/S DIE BESWAAR EN APPÈL VAN DS. M. J. P. OLIVIER TEEN DIE RINGSBESLUITE VAN 8-9-1966 en 22-9-66

Weleerwaarde heer en broeders,

Die Ad Hoc-kommissie het die saak na hom verwys, in behandeling geneem en soos volg besluit:

**1. Beswaar teen Ringsbesluit van 8-9-66**

Die Ad Hoc Kommissie is van oordeel dat die klag van 2-9-66 van ds. Olivier teen die Ringskommissie van die Ring van Potchefstroom wel ontvanklik was en in behandeling moet geneem gewees het voordat die Ring op 22-9-66 oor die klag teen ds. Olivier uitspraak gegee het.

**2. Appèl teen Ringsbesluit van 22-9-66**

Dit blyk volgens die stukke voor die vergadering van die Ad Hoc Kommissie dat die appellant nie volgens besluit 100 gehandel het nie, naamlik dat hy nie binne 4 weke kennis van appèl gegee het nie en dat die appèl daarom nie ontvanklik is nie.

Vertrouende dat u kommissie hiermee sy opdrag afgehandel het word die Sinodale Kommissie die wysheid van die Here toegebid.

NICO VAN LOGGERENBERG,
Scriba Ad Hoc Kommissie.

N.S. Die Ad Hoc Kommissie wil dit baie sterk by die Sinodale Kommissie aanbeveel dat die saak in vertroue behandel sal word.

— N. v. L.

---

## NOTULE VAN DIE AD HOC KOMMISSIE DEUR DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE I/S DIE APPÈL VAN DS. M. J. P. OLIVIER M. T. TEEN DIE BESLUITE VAN DIE NED. GEREF. RING VAN POTCHEFSTROOM OP 8/9/1966 EN 22/9/1966, WAT OP 28 MAART 1967 TE BRAAMFONTEIN VERGADER HET

Die Ad Hoc Kommissie bestaande uit di. I. F. Retief (sameroeper), D. P. M. Beukes, J. L. Coetzee, N. van Loggerenberg en prof. H. Swanepoel, is op 28 Maart 1967 deur eersgenoemde te Braamfontein byeen geroep.

KONSTITUERING

Nadat ds. I. Retief die lede teenwoordig welkom geheet het en in gebed voorgegaan het, is ds. Retief eenparig tot voorsitter verkies en ds. N. van Loggerenberg is as scriba aangewys.

Hierna het die vergadering die stukke, nl. die beswaar van ds. M. J. P. Olivier en die appèl van dieselfde broeder teen die ringsbesluite onderskeidelik geneem op 8/9/66 en 22/9/66, in ontvangs geneem en tot die bespreking daarvan oorgegaan, en die vergadering het kennis geneem van die brief aan die Ring gerig.

A. **Die beswaar, 1/11/66, teen Ringsbesluit 8/9/66**

Nadat daar op sekere onduidelikhede, nl. of dit 'n blote beswaar of bedoelde appèl is en dat dit 'n beswaar sowel as 'n klag teen die Ring van Potchefstroom is, gelet is, het daar 'n deeglike bespreking gevolg. Na bespreking het die vergadering op voorstel van die scriba en gesekondeer deur ds. J. L. Coetzee besluit: Die Ad Hoc Kommissie is van oordeel dat die klag, 2/9/66, van ds. M. J. P. Olivier teen

die Ringskommissie wel ontvanklik was en in behandeling moes geneem gewees het voordat die Ring op 22/9/66 oor die klag teen ds. Olivier uitspraak gegee het.

**B. Die appèl, 15/11/66, teen Ringsbesluit van 22/9/66**

By die aanvang van bespreking van genoemde appèl is die vraag deur ds. D. P. M. Beukes gestel of die appellant wel volgens besluit 100 gehandel het. Na bespreking van die vraag het die vergadering verdaag en die voorsitter het die opdrag ontvang om eers met die Scriba van die Sinodale Kommissie te skakel i.v.m. met die ontbrekende kennisgewing volgens besluit 100.

By die terugkeer van die voorsitter het die vergadering hervat en het die voorsitter die vergadering meegedeel dat die Scriba geen kennis dra van sodanige kennisgewing nie en dat hy alle ontvange stukke aan die voorsitter van die Ad Hoc Kommissie oorhandig het.

Na verdere bespreking van die appèl het die vergadering op voorstel van ds. Beukes en gesekondeur deur ds. Coetzee besluit: Dit blyk volgens die stukke voor die vergadering van die Ad Hoc Kommissie dat die appellant nie volgens besluit 100 gehandel het nie, nl. dat hy nie binne 4 weke kennis van appèl gegee het nie, en dat die appèl daarom nie ontvanklik is nie.

In die bespreking is daarop gelet dat die Ringskommissie op 30/8/66 self besluit het dat die voorlopige ondersoek volgens besluit 96 nie afgehandel is nie. Hierdie standpunt is ook deur die Ring op 8/9/66 gehandhaaf en op 17/9/66 handel die Ringskommissie oor ander sake en tog word die tugsaak teen ds. Olivier op 22/9/66 aan die Ring voorgelê en afgehandel.

**Reiskostes:**

Die volgende reiskostes, prof. Swanepoel R13.50, di. I. Retief, R7, Van Loggerenberg R4.50, Beukes R2.25 en Coetzee R1.50 is goedgekeur.

**Vertroulikheid**

Na bespreking het die vergadering besluit om by die Sinodale Kommissie aan te beveel dat die behandelinge van die appèl geslote sal wees.

Hierna het die vergadering met gebed gesluit.

Vrs. (Get.) I. F. RETIEF.
Scr. (Get.) NICO VAN LOGGERENBERG.

Datum 28 Maart 1967.

DIE SUID-TRANSVAALSE SINODE VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Kantoor van die Scriba,
Die Pastorie,
Posbus 203,
STANDERTON.
18/4/67.

Ds. M. J. P. Olivier,
Die Pastorie,
POTCHEFSTROOM.

Weleerw. Heer en Br.,

**U appèl teen die uitspraak van die Ring van Potchefstroom**

Die bevinding lui soos volg:

„Die Sinodale Kommissie is van oordeel dat die klag van 2.9.66 van ds. M. J. P. Olivier teen die Ringskommissie van die Ring van Potchefstroom wel ontvanklik was en in behandeling moes geneem gewees het voordat die Ring op 22.9.66 oor die klag teen ds. Olivier uitspraak gegee het."

Die aangeleentheid moet dus de novo behandel word en al die stukke word hiermee dan terugverwys na die Ring van Potchefstroom.

Heilbiddend, u br. in Christus,

F. H. J. KRIEL,
Scriba van die Sinod. Kommissie.

---

GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

26 April 1967

Die Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
STANDERTON.

Waarde Broeder,

U skrywe van die 18.4.67 met datumstempel 21.4.67 het ek gister die 25.4.67 ontvang. Baie dankie daarvoor. Van die inhoud het ek kennis geneem.

Aangesien dit die eerste skriftelike antwoord is sedert ek die betrokke kennisgewings en die appèlle aan u gestuur het sal ek bly wees as u asseblief skriftelik sal bevestig wat u reeds mondelings aan my meegedeel het:

(i) Kennisgewing van appèl gedateer 8 Oktober 1966 teen Ringsbesluit van Potchefstroom van 8 September 1966.

(ii) My eerste appèl gedateer 1 November 1966.

(iii) Kennisgewing van 'n tweede appèl gedateer 24 Oktober 1966 teen die uitspraak van die Ring van Potchefstroom op 22.9.66.

(iv) My tweede appèl gedateer 15 November 1966.

Verder: U skrywe behels net 'n besluit in verband met een appèl, nl. die eerste. Wat het van die tweede appèl geword? Het die sinodale kommissie daaroor 'n besluit geneem en wat is die besluit? Ek vra hierdie vraag omdat die opskrif van u brief soos

volg lui: „U APPÈL TEEN DIE UITSPRAAK VAN DIE RING VAN POTCHEFSTROOM". Het die Ad hoc-kommissie al die vereiste stukke voor hulle gehad en het hulle oor albei my appèlle besluite geneem met aanbevelings aan die sinodale kommissie? Was albei my appèlle ontvanklik? Mag ek al die stukke ontvang wat op hierdie saak betrekking het en wat voor die sinodale kommissie gedien het? Lede van die sinodale kommissie en betrokke by hierdie saak is nou in besit van al hierdie stukke en ek nie.

Hopende om spoedig 'n antwoord van u te ontvang.

Hoogagtend, uwe in Christus,
M. J. P. OLIVIER.

---

DIE SUID-TRANSVAALSE SINODE VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Kantoor van die Scriba,
Die Pastorie,
Posbus 203,
Standerton.
6/5/67.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

L/B. Ek stuur nou na aanleiding van u **middernagtelike** gesprek die volgende stukke— almal is afskrifte behalwe u brief van 24 Oktober wat die oorspronklike is:

1. Brief F. J. Dippenaar 13 Mei 1966.
2. Notule gewone Kerkraadsvergadering 13 Mei 1966.
3. Kladnotule Kerkraadsvergadering 13 Mei 1966.
4. Versoek F. J. Dippenaar aan Ring re Kerkl. voorregte 14.5.66.
5. Versoek F. C. V. Weber aan Ring re Kerkl. voorregte 16.5.66.
6. Brief Ringscriba aan ds. M. J. P. Olivier — nadelige gerugte, 20.5.66.
7. Brief aan Ringscriba deur ds. Olivier 23.5.66.
8. Afskrif Gekombineerde Kerkraadsvergadering 25.5.66.
9. Kennisg. deur Saakgelastigde aanklagte teen br. Weber, 26.5.66.
10. Brief erkenning Ringscriba 27.5.66.
11. Brief M. J. P. Olivier—kapsie teen **nadelige** gerug 3.6.66.
12. Uittreksel uit Ringskommissie Vergadering 9.6.66.
13. Spesiale Kerkraadsvergadering Notule 16.6.66.
14. Uittreksel Ringskommissie Vergadering 16.6.66.
15. Brief Ringscriba re Klagtes Dippenaar en Weber en M.J.P.O. 23.6.66.
16. Afskrif en uitspraak van die Ring (nuwe scriba Hatting) 26.6.66.
17. Brief van verbasing M.J.P.O. 25.7.66.
18. Verwerping bogenoemde van Ringskommissie 29.7.66
19. Brief M.J.P.O. aan Ringscriba 4.8.66.
20. Gesamentlike klag van Weber en Dippenaar 17.8.66.
21. Kennisgewing van verg. van die Ringskomm. (Ondersoek) 23.8.66.
22. M.J.P.O. brief aan Ringscriba (kan nie verg. bywoon nie), 26.8.66.
23. Ringskriba sê hulle kan nie ander datum vind nie 26.8.66.
24. Erkenning van ontvangs voorafgaande M.J.P.O. 2.9.66.

25. Aanklag van Ringskommissie by Ring deur M.J.P.O. 2.9.66.
26. Kennisgewing van verg. om Klag teen Ringskomm. te behandel 3.9.66.
27. M.J.P.O. eis offisiële antwoord re sy klagtes 12.9.66.
28. Scriba A. O. de Beer antwoord: nie ontvanklik nie. 14.9.66.
29. Telefoon gespr. ds. O. en mnr. Dippenaar (ongedateerd).
30 Brief M.J.P.O. aan Scriba Synodi maak beswaar oor besluit v.d. Ringskom. en gee kennis van beswaar en **klag teen Ring** 8.10.66.
31. Brief M.J.P.O. aan Scriba Synodi waarin hy kennis gee van appèl teen skuldigbevinding **deur Ring** 24.10.66.
32. Brief M.J.P.O. aan Scriba Synodi beswaar teen besluit van onontvanklikheid van sy klag teen die Ringskommissie, en vermelding van Klagtes teen die Ringskommissie. 1.11.66.
33. 15 November M.J.P.O. se appèl teen Ring waarvan onder 31 kennis gegee is, met 10 bewysstukke wat tesame met verweer 59 paginas beslaan.
34. Uittreksel uit not. verg. Ring 22 Sept. 66.
35. Die uitspraak van die Sinodale Kommissie het u reeds van my ontvang.

(Get.) F. H. J. KRIEL.
Scriba van die Sinodale Kommissie.

---

DIE SUID-TRANSVAALSE SINODE VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Kantoor van die Scriba,
Die Pastorie,
Posbus 203,
Standerton.
3 Mei 1967.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
Potchefstroom.

**U brief 26 Apr. j.l.**

Liewe Br.,

Ek bevestig hiermee die ontvangs van die stukke wat u in u brief onder punte (i) tot (iv) in u brief noem. Ek is jammer dat ek nie maar toe ek destyds van die sitting van die Alg. Sinode in Bloemfontein teruggekom het nie, die ontvangs skriftelik erken het nie. Ek het tot onlangs gedink dis nie nodig om elke brief skriftelik te beantwoord voordat ek dit voor die betrokke liggaam gelê het nie — veral vanweë die magdom van korrespondensie wat dit afgee — hier sit ek 3 uur in die nag en tik halfdood van die vaak — maar nou het ek maar 'n aantal vorms laat afrol waarin net die ontvangs van die stuk erken word.

In die onderhawige sake wat u aanhangig gemaak het by die Sin. Komm. het daar juis as gevolg hiervan 'n lelike fout ingesluip wat die ad hoc kommissie tot 'n geheel en al verkeerde gevolgtrekking laat kom het. Ek het by die Dagbestuur soos ek gedink het die hele lêer aan die Actuarius oorhandig — u weet wat 'n magdom dit was met die bandopnames daarby — die goed is in Pretoria afgerol en saam met die agenda uitgestuur. Die opdrag was aan die

kerkkantoor om op die allerlaaste die agenda voor 1 April uit te stuur. Ek het my agenda eers die Maandag voor ons vergadering toe ek al op pad was Bloemfontein toe vir die Alg. Jeugkomm. se verg. gekry. Die kerkkantoor se verklaring is dat daar sekretarisse was wat nog diep in April nie klaar was met hulle kommissieverslae nie. Ek kon nie vasstel dat in die stukke u eerste brief ontbreek nie nl. van 8/10/66 en dit was vir my 'n hele skok toe ek die tweede punt van die ad hoc komm. se verslag daar lees dat hulle dit beskou het dat u appèl teen die Ring van Potchefstroom nie ontvanklik sou wees omdat nie voldoen is aan besluit 100 nie. Ek het onmiddellik die saak reggestel maar toe was die advies van die ad hoc-kommissie al op die tafel. Ek herinner my goed dat br. Retief my op 'n dag gebel het om te verneem of ek hulle al die stukke oorhandig het. Ek het nie kans gehad om my lêer op daardie oomblik deur te gaan nie en ek mag gesê het sover ek weet is dit alles **maar ek onthou baie goed dat ek verklaar het: Br. Olivier se appèlkennisgewing was in my besit voor die aanvang van die Alg. Sinode.** Ek het nooit kon dink dat hulle van so 'n tegniese puntjie soos besl. 100 sou gebruik maak om die appèl onontvanklik te verklaar nie en veral aangesien die Ring tog **sekerlik kennis gedra het daarvan nie.** Ek voel egter jammer br. dat ek deel het aan die skuld deurdat ek u brief van 8 Okt. nie by die stukke vir die ad hoc komm. geplaas het nie — hy het al so diep onder in die lêer gelê — en vra beleefd verskoning daarvoor.

Nou het ons die posisie dat die ad hoc komm. klaarblyklik weens hulle verkeerde gevolgtrekking i.v.m. besl. 100 die appèl teen die Ring heeltemal nie behandel het nie. Toe die eerste punt aanvaar is — die besluit wat ek u in my laaste brief aangestuur het — het ek gevra wat van die res van hulle advies en dit is gesê: **Dit verval dan.**

Dit is die scriba se taak om besluite neer te skryf — nie te interpreteer nie, maar my persoonlike gedagte is dat met die handhawing van u appèl teen die Ringskommissie se besluit, moet die hele saak de novo aanhangig gemaak word. Die Ring moet eers die klag van u teen die Ringskommissie afhandel. As u slaag daarin, veronderstel ek sal die Ring self die hele aangeleentheid hersien en de novo daarvolgens die tugmaatreëls herroep of bevestig. Ek persoonlik dink dat die Sin. Kom. 'n stap verder moes gegaan het en die tugmaatreëls moes opgeskort het of nietig verklaar het hangende die behandeling van die appèl teen die Ringskomm. en daarna die Ring — maar dis maar my persoonlike opinie. Dit is soos ek dit sien waar ons nou staan.

Dat ek die stuk aan u so betitel het volg maar net uit die ad hoc komm. se betiteling waarin daar net van die Ringsbesluite gemeld word maar die inhoud behandel tog die Ringskommissie klag.

Daar was dus geen aanbeveling vanweë die ad hoc komm. oor die appèl teen die Ring van Potchefstroom nie — ek weet nie of hulle dit geheelenal nie behandel het nie. U kan die inligting by br. I. F. Retief kry wat voorsitter van die Komm. was.

Ek gee nie om om u die stukke wat in my besit nog is te laat kry nie — maar u moet my tog maar kans gee om die dagbestuur hieroor te raadpleeg. Ek sal hulle i.e.g. weer aan die einde van

die proses a.u.b. moet terugkry. Ek sien die Dagbestuur in vergadering eers 15 deser.

Heilbiddend, u br. in Christus,

(Get.) F. H. J. KRIEL,
Scriba van die Sin. Komm.

---

DIE SUID-TRANSVAALSE SINODE VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Kantoor van die Scriba,
Die Pastorie,
Posbus 203,
Standerton.
10/5/67.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

L.Br.,

**Verdere Stukke**

Eintlik was daar net twee stukke van die ad hoc komm. by my ingehandig nl. die notule van hulle verg. en die verslag soos hulle dit betitel wat eintlik meer korrek 'n bevinding behoort genoem te word. Ek stuur hulle hiermee soos versoek vur jou aan. Die notule is die oorspronklike en is al kopie — ek moet dit a.u.b. weer terugkry vir die argief.

Slegs hulle eerste punt is aanvaar. Daar is omtrent die tweede punt slegs genotuleer: Dit verval, die rede is nie aangegee nie. Dit kon in elk geval nie so bly staan nadat die scriba die brief van 8 Okt. ingelewer het nie.

My interpretasie was: Die Ring moet eers die klag teen die Ringskommissie nou behoorlik ontvang (wat hulle bevind het: Dis nie ontvanklik nie. Vind die Ring die Ringskommissie onskuldig dan sal hulle rapport re die brs. W. en D. weer moet dien al is dit dan net pro forma. Vind hulle die Ringskomm. skuldig dan verval hulle rapport voor die Ring en sal 'n ander Ringskomm. die ondersoek moet uitoefen en met rapport kom na die Ring. Dit is wat ek bedoel het met **de novo.** Al wat gehandel is na ontvangs van jou klag deur die Ring moet beskou word as nie geskied nie. Om die rede was die tweede punt van die ad hoc komm. eintlik nie nodig nie — en het dit dus verval.

Uit die notule blyk dit dat ek reg gehad het in my afleiding dat die klag teen jou by die ring en hulle uitspraak glad nie behandel is deur die ad hoc komm. nie. Dis geheelenal nie uitgesluit dat jy weer sal kan appelleer by die Sin. Komm. indien jy voel dat jy nie reg behandel is deur die Ring wanneer hulle soos hulle nou moet doen die saak hersien. Jy het dus nie nodig om nou al by die Sinode te appelleer nie. Ek weet net natuurlik nie of daar weer 'n gewone Sin. Komm. verg. sal kan plaasvind voor die Sinode nie. As jy baie seker is dat jou appèl sal slaag (indien jy nie nou die saak regkry by die Ring nie) kan jy die koste van die verg. waarborg en ek sal hulle oproep. Wen jy die appèl betaal die Ring (soos hulle nou sal moet doen) wen hulle betaal jy.

My br. jy het 'n sekere status in die kerk — die hele aangeleentheid sal net sulke manne soos W. en D. laat lekker kry omdat die

rugbaarheid aan sulke nietigheidjies wat maar in elke gemeente voor kom — veral as die predikant se sal. en reiskoste bietjie verbeter word — gegee word. Dink maar net watter vervreemding dit meebring onder broers. Partykeer is die grootste oorwinning vir 'n man soos jy, om onreg maar te dra en te vergeet en jou uit te strek vorentoe. As iemand se weë die Here behaag sal Hy ook sy vyande met hom bevredig.

So my ou broer, dit was maar uit my hart en nie omdat ek nie diep met jou meevoel of jou veroordeel nie. Hartlikste groete en voorbidding vir jou br.,

(Get.) F. H. J. KRIEL.

---

Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.
13 Mei 1967.

Die Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
STANDERTON.

Waarde Broeder,

U skrywe van die 3/5/67 as antwoord op my skrywe van die 26/4/67 sê ek u dank. Hartlik dank ook vir u skrywe van 6/5/67 met die lys van 34 stukke wat op die saak betrekking het. Die 35ste stuk die uitspraak van die Sinodale Kommissie (18/4/67 ontvang 25/4/67) het ek reeds ontvang. Dank ook vir u brief van die 10/5/67 wat ek vanmôre ontvang het (13/5/67) tesame met die Verslag van die Ad-hoc kommissie aan die Sinodale kommissie i.v.m. my Beswaar teen die Ringsbesluit van 8/9/66 en my appèl teen die Ringsbesluit van 22/9/66 en die notule van die Ad hoc-kommissie gedateer 28/3/67.

Met hierdie skrywe gee ek kennis van appèl kragtens besluit 101 van die Kerkorde teen die besluite van die Sinodale Kommissie i.v.m. my beswaar teen die Ringsbesluit van 8/9/66 en my appèl teen die Ringsbesluit van 22/9/66 en beroep ek my hiermee op die sinode. Dit is nie nodig dat 'n spesiale Sinodale Vergadering belê hoef te word nie. Ek is bereid dat my appèlle sal oorstaan tot die sinode van volgende jaar (April 1968).

Waarde Broeder ek het gedink dat dit nie vir my nodig sou wees om verder te gaan as die Sinodale Kommissie nie. Maar die Sinodale Kommissie dwing my daartoe. Tussen die Ring van Potchefstroom en myself staan die reg, en dit sal daar bly staan totdat die onreg herstel is. Tussen die Sinodale Kommissie en myself staan die reg en dit sal daar bly staan totdat die onreg verwyder is. Ek appelleer nou na die Sinode en as die Sinode nie hierdie onreg verwyder nie sal die reg tussen my en die sinode staan. Die reg sal sy vrye loop hê, en die reg moet sy vrye loop hê, al moet die wêreld vergaan.

1. **Eerstens „Die beswaar teen die Ringsbesluit van 8/9/66:"**

(a) Die opskrif van u brief van die 18/4/67 luit soos volg: **„U Appèl teen die uitspraak van die Ring van Potchefstroom".** Nêrens het ek in my korrespondensie oor die onderhawige saak die woord appèl gebruik nie, behalwe in my brief van die 26/4/67 nadat ek u skrywe van die 18/4/67 ontvang het, waarin u van 'n „appèl" praat. In my brief van die 8/10/66 en in my brief van

1/11/66 het ek die woorde „beswaar" en „klag" gebruik. Die opskrif hier is baie misleidend. Die skriba skrywe: „Dat ek die stuk van u so betitel het volg maar net uit die ad hoc-kommissie se betiteling waarin daar net van die Ringsbesluite gemeld word, maar die inhoud behandel tog die Ringskommissie-klag". Maar die Ad hoc-kommissie in hulle verslag betitel nie my beswaar teen die Ringsbesluit van 8/9/66 so nie (in die opskrif van die notule praat die Ad hoc-kommissie van „appèl", maar nadat hulle die sake bespreek het en voorstelle aangeneem het praat hulle van „beswaar" en „appèl". Die opskrif van die verslag is: „Verslag van die Ad hoc-kommissie van die Sinodale Kommissie i.s. die Beswaar en Appèl van ds. M. J. P. Olivier teen die Ringsbesluite van 8/9/66 en 22/9/66". En dan lui die verslag soos volg: „Weleerwaarde heer en broeders,

Die Ad hoc-kommissie het die saak na hom verwys in behandeling geneem en soos volg besluit:

1. Beswaar teen Ringsbesluit van 8/9/66 ..........
2. Appèl teen Ringsbesluit van 22/9/66 .........."

Daarom my brief aan die skriba met al die vrae en die versoeke. Ek is jammer dat ek van hom moet verskil maar sy antwoord so ewe gekwoteer stel nie die sake duidelik en helder nie, gesien in die lig van die feit dat in hierdie brief van 18/4/67 nie 'n woord gerep word oor die besluit van die Sinodale Kommissie i.v.m. my appèl teen die Ringsbesluit van 22/9/66 nie, en gesien in die lig van die feit dat daar geen datum is by die opskrif by die besluit in hierdie brief nie, terwyl die Ad hoc-kommissie se verslag 'n datum by elke saak het. (Die skriba se brief van 10/5/67 is 'n antwoord op vrae i.v m. sy brief van 18/4/67 wat ek op 9/5/67 telefonies van hom verneem het).

(b) Ek het geen beswaar teen die bevinding van die Sinodale Kommissie nl. „Die Sinodale Kommissie is van oordeel dat die klag van 2/9/66 van ds. M. J. P. Olivier teen die Ringskommissie van die Ring van Potchefstroom wel ontvanklik was en in behandeling moes geneem gewees het voordat die Ring op 22/9/66 oor die klag teen ds. Olivier uitspraak gegee het". Volgens die brief van die skriba staan dit in aanhalingstekens. Dit lui presies net soos die aanbeveling van die Ad hoc-kommissie, die verskil is net dat waar in die verslag van die Ad hoc-kommissie staan „die Ad hoc-kommissie is van oordeel . . . " staan daar nou „die Sinodale kommissie is van oordeel." Ek het egter ten sterkste beswaar teen die interpretasies waartoe hierdie besluit hom leen (sien die briewe die scriba van 18/4/67 en 10/5/67 i.v.m. sy interpretasie).

Dat die Sinodale Kommissie se besluit vatbaar is vir verskillende interpretasies is m.i. eerstens te wyte aan die onvolledigheid van die Sinodale Kommissie se besluite. Hierdie besluite moes die volgende behels het en dit m.b.t. albei hierdie sake: (a) Sy bevinding; (b) Die interpretasie van daardie bevinding; (c) die modus operandi (indien enige) wat uit hierdie bevinding en die interpretasie van hierdie bevinding volg.

Ek stem hoegenaamd nie saam met die volgende in die brief van die 18/4/67 nie: „Die aangeleentheid moet dus de novo behandel word en al die stukke word hiermee dan terug verwys na die Ring van Potchefstroom". Let wel: in die oorspronklike brief staan dit nie in aanhalingstekens nie.

Die bewoording hierbo gekwoteer kan of die sienswyse van die scriba of die voorsitter, of 'n lid van die Sinodale Kommissie (of 'n lid van die Ad hoc-kommissie, wat ook lid van die Sinodale Kommissie is) wees òf dit is **'n besluit** van die Sinodale Kommissie. As dit die sienswyse van die voorsitter of scriba of 'n lid van die Sinodale Kommissie is het ek absoluut niks daarmee te doen nie, en neem ek hoegenaamd nie daarvan notisie nie. As dit 'n besluit van die Sinodale Kommissie is (en hoekom staan dit nie in aanhalingstekens soos die vorige gedeelte nie?) dan sê ek dat ek nie met die Sinodale Kommissie saamstem nie en wel om die volgende redes:

(a) Die Ad hoc-kommissie het nie so 'n aanbeveling gemaak nie. Waarom dit nie weer terug verwys na die Ad hoc-kommissie vir 'n interpretasie van die bevinding nie.

(b) De novo beteken vir my dat die hele saak de novo moet begin d.w.s die klaers moet met 'n nuwe klagstaat kom. Ek stem nie saam met die scriba se interpretasie van de novo soos weergegee in sy brief van 10/5/67 nie. Die skriba redeneer asof daar nie 'n ontvanklike appèl was teen die Ringsbesluit van 2/9/66 nie.

My interpretasie van die Sinodale Kommissie se besluit (wat in aanhalingstekens staan; is dat die Ring wederregtelik en onwettiglik gehandel het op die 8/9/66. En dit beteken dat alle besluite van die Ring wat daarna gevolg het wederregtelik is (let wel ek sê nie my appèl is wederregtelik nie) en let wel nie net wederregtelik omdat die besluite **daarna** gevolg het nie. Daar kon nog duisend en een wederregtelikhede daarna plaasgevind het, en die daaropvolgende wederregtelike besluite het die saak nog meer wederregtelik gemaak.

As de novo beteken dat die Ring nou my klagtes teen die Ringskommissie moet aanhoor soos die scriba in sy briewe beweer dan sê ek dat ek daarmee hoegenaamd nie kan saamstem nie. Die scriba kan nie **de facto** so redeneer nie: „al wat gehandel is na ontvangs van jou klag teen die ring moet beskou word as nie geskied nie". So kan hy teoreties redeneer as daar net 'n **klag** was en nie 'n ontvanklike **appèl** nie.

(c) Onteenseglik is my beswaar teen die Ringsbesluit van 8/9/66 ten nouste verbind met my appèl teen die Ringsbesluit van 22/9/66. Die Sinodale Kommissie het egter my beswaar gehandhaaf maar my appèl nie. Die gevolg is dat die Sinodale Kommissie die verhouding, die relasie, die verbintenis tussen die gehandhaafde beswaar en die nie gehandhaafde appèl alternatiewelik van mekaar skei en verkeerdelik verbind net soos dit die Sinodale Kommissie pas.

(d) Gestel ek het nie op die 2/9/66 die Ringskommissie by die Ring aangekla nie en die bevinding van die Ring op 22/9/66 was dieselfde, en ek het geappelleer na die Sinode dan moes u my appèl teen Ringsbesluit van 22/9/66 ontvanklik verklaar het en dan moes u besluit het of my appèl gehandhaaf word al dan nie.

My appèl teen die Ringsbesluit van 22/9/66 gaan oor die materie, die inhoudelike van die saak wat begin het op 14/5/66 wat Br. Dippenaar betref en die 16/5/66 wat Br. Weber betref. In die loop van die behandeling van hierdie saak het hierdie klag van my teen die Ringskommissie gekom. Die Ring het die klagtes as onontvanklik verwerp. As ek toe beswaar gemaak het en die Ring dadelik aangekla het, en die Sinodale Kommissie sou my beswaar gehandhaaf het,

ja, dan kon die Sinodale Kommissie sê die Ring moet eers my klagtes aanhoor voordat hulle verder gaan.

Anders gestel: was dit 'n gewone hofsaak dan het ek 'n interdik by die hof aangevra om die verhorende liggaam te belet om met die saak voort te gaan voordat my klagtes teen 'n kommissie van die verhorende liggaam nie aangehoor is nie.

Maar nou het die Ring my klagtes verwerp op 8/9/66, die klagtes op 22/9/66 teen my verhoor en uitspraak gedoen. Die Sinodale Kommissie egter handhaaf my beswaar teen die Ringsbesluit van 8/9/66 **en verwerp my appèl** teen Ringsbesluit van 22/9/66, hetsy dat die Sinodale Kommissie my appèl geïgnoreer het, of die handelinge van die Ring van 22/9/66 as wederregtelik beskou, of as vervalle beskou, of my appèl as vervalle beskou (oor laasgenoemde handel ek later) en sê dat die saak nou de novo behandel moet word, en de novo beteken die Ring moet nou my klagtes teen die Ringskommissie aanhoor. Die scriba skryf: „Daar is omtrent die tweede punt slegs genotuleer: Dit verval, die rede is nie aangegee nie." (10/5/67.)

(e) Hoe moet die Ring my verhoor: Die personeel van die Ring van die 8ste September 1966 (8/9/66) was totaal anders as die personeel van die 22ste September 1966 (22/9/66). Nie een van die afgevaardigdes wat op beide hierdie ringsittings sitting gehad het kan my verhoor nie. Nie een van hierdie Ringe was onbevooroordeeld nie. Sal hierdie ring nou onbevooroordeeld wees?

(f) Gestel die ring gee my gelyk in my klagtes, dan is die besluit van 22/9/66 onwettig. Verval daardie besluite van 22/9/66 dan en word ek vrygespreek?

(g) Gestel ek slaag nie in my klagtes nie teen die Ringskommissie by die Ring, word daardie besluite van 22/9/66 dan gehandhaaf, en word ek dan weer verhoor op die klagtes teen my?

(h) Of ek slaag of nie slaag nie wat word van die besluite van 22/9/66?

(i) U kan onmoontlik nie hierdie weg bewandel nie, dit is die grootste onsin wat ek nog ooit in my bediening teengekom het.

(j) In plaas daarvan dat u die reg handhaaf doen u my onreg aan, die onreg van vernedering en lyding wat ek moes deurmaak deur die handelswyse en optrede van hierdie ring. En wil u hê ek moet WEER HIERDIE WEG BEWANDEL? (Sien die brief van die scriba van die 10/5/67.)

2. TWEEDENS „APPÈL TEEN RINGSBESLUIT VAN 22/9/6

Die aanbeveling van die Ad-hoc kommissie in sy verslag aan die Sinodale Kommissie oor die onderhawige saak lui soos volg:

„Dit blyk volgens die stukke voor die vergadering van die Ad-Hoc Kommissie dat die appelant (moet wees appellant — korreksie van my) nie volgens besluit 100 gehandel het nie, naamlik dat hy nie binne vier weke kennis van appèl gegee het nie en dat die appèl daarom nie ontvanklik is nie."

Teen hierdie aanbeveling maak ek ten sterkste beswaar, en veral teen die besluit van die Sinodale Kommissie soos genotuleer : **„Dit verval"** (as die Sinodale Komiisssie so besluit het) en beroep ek my op die sinode, net soos met die eerste saak nl. my beswaar. Wil u vir my sê dat dit die wyse is waarop die reg sy loop het in die Kerk van Jesus Christus? As die Sinode hierdie onreg nie herstel nie sal die reg tussen die sinode en my onverbiddelik staan.

Ek maak beswaar om die volgende redes:

(a) Die Ad hoc kommissie het tog seker al die stukke wat betrekking het op die saak ten minste 'n week voor die vergadering gekry waarop hulle die saak sou bespreek het. Op die vergadering van die Ad-Hoc kommissie gehou op 28/3/67 is ds. I. F. Retief as voorsitter verkies. Maar hy was deur die Dagbestuur as sameroeper aangewys. Vandat hy die stukke ontvang het was hy nie bewus daarvan dat die kennisgewing kragtens besluit 100 ontbreek nie? Waarom het hy nie navraag gedoen by die scriba voor die 28/3/67 nie? En die ander lede waarom hulle nie? En ds. Beukes waarom nie voor die 28/3/67 nie. Waarom het die voorsitter my nie gebel nie? Het die Ad-Hoc kommissie dan nie die stukke wat betrekking het op hierdie saak van die Ringscriba aangevra nie? En is die Ring nie betrokke by hierdie saak nie?

Maar die scriba dan, terwyl hy geweet het dat my kennisgewing van appèl teen die Ringsbesluit van 22/9/66 ontbreek, het hy dan nie genoeg tyd gehad om die stuk te soek en aan te stuur nie? Van die 28ste Maart tot die 12de April het hy tyd gehad om daardie stuk te soek. Die notule van die Ad-Hoc kommissie weerspreek die scriba op hierdie punt in sy brief van 3/5/67. In elk geval hier is gefouteer, maar u kan my nie kwalik neem as ek sê dat ek nie onreg kan verduur deur die foute van ander nie. Vir baie kan hierdie aangeleentheid as niksbeduidend voorkom. Maar u moet onthou my naam en my eer is op die spel. So 'n prosedurefout soos daar gemeen is wat ek sou gemaak het, sal ek deur die genade van die Here nooit maak nie, anders moet ek ophou om te wees wat ek is.

(b) My kennisgewing gedateer 24 Oktober 1966 is gestuur per aangetekende pos en per spoedpos op 25/10/66 (datumstempel) vanaf die Poskantoor Potchefstroom. Die strokienommer is 2/3334 en geadresseer aan dr. F. H. J. Kriel, Andries Pretoriusstraat 11, Standerton. Dr. Kriel erken die ontvangs daarvan in sy brief gedateer 3 Mei 1967, en is onder die lys van stukke wat hy op 6/5/67 aan my gestuur het nl. nommer 31.

(c) Die scriba skryf hieroor die volgende: „In die onderhawige saak wat u aanhangig gemaak het by die Sin. Kom. het daar juis as gevolg hiervan 'n lelike fout ingesluip wat die ad-hoc kommissie tot 'n geheelenal verkeerde gevolgtrekking laat kom het." En verder: „Nou het ons die posisie dat die ad-hoc kom. klaarblyklik weens hulle verkeerde gevolgtrekkings i.v.m. besluit 100 die appèl teen die Ringsbesluit nie behandel het nie". Die scriba bevestig dit in die derde paragraaf van sy brief van die 10/5/67.

Die Ad-hoc kommissie het as gevolg van die ontbreking van my brief van die 24/10/66 besluit dat my appèl nie ontvanklik is nie. Die fout egter dat my brief ontbreek het, is op die Sin. Kommissievergadering van of 12 of 13 April 1967 deur die scriba reggestel. Maar wat maak die Sinodale Kommissie toe? Pleks dat hulle dit weer terugverwys na die Ad-hoc kommissie met die oog op verslag en aanbeveling handel die Sinodale Kommissie dit self af. Die tweede aanbeveling van die Ad-hoc kommissie se verslag soos reeds gekwoteer het verval en in die plek daarvan het niks gekom nie. Die scriba sê: Dit verval: die rede is nie aangegee nie." Brief 10/5/67.

(d) Soos die aanbeveling van die Ad hoc kommissie nou daar staan vloei logies-konsekwenterwyse daaruit dat my appèl wel ont-

vanklik is En dit moes die Sinodale kommissie ook verklaar het, maar hulle het nie.

(e) Wat het daar dan gebeur op die Sin. Kommissievergadering toe die scriba sy fout herstel het i.v.m. die kennisgewingsbrief? Die scriba antwoord: „Toe die eerste punt aanvaar is — die besluit wat ek u in my laaste brief aangestuur het — het ek gevra wat van die res van hulle advies en dit is gesê: **Dit verval dan.**"

Hierdie woorde: „Dit verval dan" het die voorsitter dit gesê, het 'n lid van die Ad hoc kommissie dit gesê, het 'n lid van die Sin. kommissie dit gesê? Indien enige van hulle dit gesê het het ek niks daarmee te doen nie. Ek het niks met die sienswyses van enkelinge te doen nie. As die Sin. Kommissie so besluit het (en volgens brief 10/5/67 blyk dit so) dan sê ek dat hulle wederregtelik gehandel het. Wat het verval? Die aanbeveling van die Ad-hoc kommissie? Ja, dit kan verval, en daar moes 'n ander aanbeveling in sy plek gekom het. Het al die besluite van die Ring op 22/9/66 as wederregtelike besluite verval? Ja dit kan verval en het verval. Kan my appèl verval? Nee, duisendmaal nee, my appèl wat ontvanklik is kan nimmer as te nooit verval nie. Ek eis nou dat u my appèl as ontvanklik sal verklaar, en versoek u om my appèl te handhaaf.

(e) Daar kan geredeneer word: wat na die 8/9/66 gevolg het is onwettig, maar alles wat daarna gevolg het hoef nie daarom (omdat die handelinge daarna gevolg het) onwettig te wees nie. Hulle kan om baie ander redes ook nog onwettig wees. Dit maak dit nog erger. Dit is daarom dat ek vantevore gesê het dat die Sinodale Kommissie die samehang en die verbintenis tussen die gehandhaafde beswaar teen Ringsbesluit van 8/9/66 en die nie gehandhaafde appèl teen Ringsbesluit van 22/9/66 willekeurig bepaal soos dit die Sinodale Kommissie pas.

(f) As die Sinodale Kommissie so sou redeneer soos ek dit hierbo uiteengesit het, waarom het die Ad-hoc kommissie dan ook nie so geredeneer nie? Dan moes die Ad hoc kommissie mos ook gesê het: in elk geval al is die appèl van die appellant nie ontvanklik nie, alles wat na 8/9/66 plaasgevind het verval. Nee, broeders, nee, hierdie soort van regspraak strek die Here nie tot eer nie. U moet die reg sy loop laat hê.

(g) Of die Ad-hoc kommissie ingegaan het op die materie of die inhoudelike van my appèl weet ek nie. Die scriba sê in sy brief van die 10/5/67 dit is nie behandel nie. En uit die notule van die Ad-hoc kommissie kan dit nie vasgestel word nie. In elk geval eis ek dat op die inhoudelike ingegaan wal word en versoek ek u om my appèl te handhaaf. U het my beswaar gehandhaaf u moet my appèl handhaaf om twee redes: (i) regstegnies soos beliggaam in u besluit i.v.m. my beswaar teen Ringsbesluit van 8/9/66 en (ii) om die materie of die inhoudelike van my appèl teen die Ringsbesluit van 22/9/66. En as u dit dan verkies stuur dan maar die stukke terug en sê vir die Ring om alles weer de novo te begin. Maar dit sou sinneloos wees.

Ingeslote vind u die volgende stukke:

(1) Brief van scriba aan my gedateer 18/4/67 met briefdatumstempel 21/4/67 wat ek op 25/4/67 ontvang het.

(2) Brief van my aan die scriba synodi gedateer 26/4/67.

(3) Brief van die scriba synodi aan my gedateer 3/5/67.

(4) Brief van scriba synodi aan my gedateer 6/5/67.

(5) Verslag van die Ad-hoc kommissie sonder datum (asook oorspronklike stuk).

(6) Notule van Ad-hoc kommissie 28/3/67 (asook oorspronklike stuk).

(7) Brief van scriba synodi aan my gedateer 10/5/67.

Die ander 34 stukke genoem in u brief van 6/5/67 sal ek later onder aparte omslag aan u stuur.

Hoogagtend, uwe in Sy diens,
M. J. P. OLIVIER.

---

GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

22 Mei 1967.

Die Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
Standerton.

Waarde Broeder,

Indien dit ontvanklik is sou ek baie graag 'n datum in my skrywe van 13/5/67 wil korrigeer. Inderhaas het ek 'n tikfout begaan. Ek sou graag op p.2 paragraaf (b) aan die einde van hierdie eerste paragraaf die datum van 18/4/67 wil korrigeer om te lees 3/5/67. Die sin tussen hakies om so te lui: (sien die briewe van die scriba van 3/5/67 en 10/5/67 i.v.m. sy interpretasie).

Hoogagtend, uwe in Sy diens,
M. J. P. OLIVIER.

---

GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

9 Maart 1968.

Dr. F. H. J. Kriel,
Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
Standerton.

Seergeagte dr. Kriel,

Sal u so goed wees en aan my 'n uittreksel uit die goedgekeurde en ondertekende notule van die Sinodale Kommissie se vergadering van 12 April 1967 en volgende dae te stuur, en spesifiek die gedeelte wat handel oor my beswaar en appèl soos vervat in die verslag van die Ad-hockommissie wat voor die Sinodale Kommissie gedien het.

Onder aparte omslag stuur ek aan u die 34 stukke genoem in u brief van 6/5/67 en wat ek belowe het om aan u te stuur (sien p.7 van my appèl van 13/5/67). Al hierdie stukke is afskrifte behalwe stuk 31 (gedateer 24 Oktober 1966) wat 'n oorspronklike stuk is.

Ek wil u daarop wys dat tussen stukke 23 en 24 ontbreek die brief van die ringscriba aan my gedateer 31/8/66 re besluit van die Ringskommissie 30/8/66.

Hoogagtend, die uwe,
M. J. P. OLIVIER.

---

DIE SUID-TRANSVAALSE SINODE VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Kantoor van die Scriba,
Die Pastorie,
Posbus 203,
STANDERTON.
14/3/68.

Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM, Tvl.

**U brief van 9 Maart j.l.**

L./br.,

(i) Wat in die goedgekeurde en ondertekende notule staan is slegs die volgende:

pt. 31: **Verslag Ad Hoc Appèl M. J. P. Olivier teen Ring van Potchefstroom**

Die actuarius word aan die woord gestel.

Punt 1. Aanvaar.

Punt 2. Verval.

Die hele aangeleentheid word na die Ring van Potchefstroom terugverwys.

(Pt. 1. van die Ad Hoc komm. het soos volg gelui: Die Ad Hoc Komm. is van oordeel dat die klag van 2/9/66 van ds. Olivier teen die Ringskomm. van die Ring van Potchefstroom wel ontvanklik was en in behandeling moes geneem gewees het voordat die Ring op 22/9/66 oor die klag teen ds. Olivier uitspraak gegee het.)

Ek kan nie aflei uit u laaste paragraaf of u wil hê ek moet die brief van die Ringskomm. van 31/8/66 moet aanstuur nie. Ek is wel in die besit daarvan. Indien u dit wil hê, laat weet maar a.u.b.

Ek is min of meer klaar met beskrywingspunte — a.s. week maak ek D.V. die kommissierapporte persklaar en daarna die appèlle.

U br. in Chr.,

F. H. J. KRIEL (Scriba Synodi).

---

DIE SUID-TRANSVAALSE SINODE VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Kantoor van die Scriba,
Die Pastorie,
Posbus 203,
STANDERTON.
8/3/68.

Ds. M. J. P. Olivier,
Potchefstroom.

**Re Druk van Stukke in Appèlsaak**

L. Br.,

Ek is nou besig om al die beskrywingspunte en ander sake reg te kry vir die drukkers. Onder hulle is daar die appèlsake uit Potchefstroom. Dis sover die grootste straf wat my getref het dat ek daardie magtige dissertasie — wat alleen 'n boekvol is, en bestaande uit bandopnames van in baie opsigte sinnelose gesprekke vir die drukkers gereed te maak en in die wete dis nou my kerk wat so oopgevlek word voor sy vyande — want hulle sal dit lees — dit word in druk uitgegee — en dit oor nietighede. Ek skryf aan jou weer as

'n vriend en nie as scriba van die Sinode nie. Jy het geen hoop om die saak te wen nie — onthou in 'n appèlsaak sal die Sinode jou nie eers aanhoor nie — dit gaan alles oor die skriftelike stukke (en watter **stukke** is dit) — maar gestel jy wen die saak, die punt wat jy maak dat jou appèl teen die uitspraak van die Ring deur die Sin. Komm. moes behandel gewees het al was die Ringskomm. wat n.b. die liggaam is wat die saak voor die Ring gebring het, skuldig aan jou klag — en die Sinode sou die Sin. Komm. in ongelyk stel in sy kontensie dat van weë die prosedurefout die hele saak van die Ring se tug verval en dat dit de novo behandel moet word — dan is die posisie **dat jy nog net staan waar jy gestaan het.**

Jy sal absoluut niks beter af wees nie as wat jy nou is al wen jy die saak teen die Sinodale Komm.

Verloor jy dit egter br. dan kan jou posisie heelwat slegter af wees — dan sal gebeur wat jy reeds gedreig het, nl. dat jy jou verhouding tot die N.G. Kerk in hersiening sal neem, wat net een ding in my opinie kan beteken nl. dat jy sal oorgaan na die Geref. Kerk.

Ek gaan al hierdie **stukke** van jou appèl apart laat druk in 'n pamflet. Elke afgevaardigde sal dit kry as bylae by die agenda. Ons ruim 'n dag van die Sinode se tyd daarvoor in, vgl. die Komm. van Orde se opdrag. Verloor die Sin. Komm. dit betaal die Sinodale fonds dit; verloor jy dit egter sal jy die drukkoste, scribakoste en die dag se daggelde moet betaal, vgl. besl. 101 (e), vgl. besl. 99. Ek skuld jou dit nog as jou vriend om op al hierdie konsekwensies te wys. Ek dink dit was baie onvriendelik van jou om waar die Sinod. Komm. jou in die gelyk gestel het, en die saak nou al lankal plaaslik opgelos kon gewees het, ons met hierdie magtige hoop werk op te laai. Maar soos ek in die verlede aan jou geskryf het Dit gaan om jouself. Jy het 'n sekere posisie in die verlede beklee. Ek raai jou as vriend, los hierdie ou sakie en doen jouself geen kwaad nie.

Jou Br.,

F. H. J. KRIEL.

---

## Kort verduideliking na aanleiding van die Appèl van ds. M. J. P. Olivier teen die besluit van die Sinodale Kommissie op 12 en 13 April 1967

Hoogeerwaarde heer en broeders,

In opdrag van die Dagbestuur van die Sinodale Kommissie van Suid-Transvaal, wens die ondergetekendes die volgende kort verduideliking na aanleiding van die appèl van ds. M. J. P. Olivier teen die besluit van die Sinodale Kommissie op 12 en 13 April 1967 aan u voor te lê.

Ons gee geensins voor dat dit as 'n verweer namens die Sinodale Kommissie gesien moet word nie, aangesien ons nie sodanige opdrag van die Sinodale Kommissie ontvang het nie. Ons vertrou egter dat die kort uiteensetting tot toeligting van die optrede van die Sinodale Kommissie sal dien en die afhandeling van die saak deur die hoogeerwaarde vergadering van die Sinode sal vergemaklik.

Die Dagbestuur van die Sinodale Kommissie het 'n Ad-hoc komitee benoem om die skrywes van ds. Olivier en alles wat daarmee saamhang te behandel en vir die vergadering van die Sinodale

Kommissie op 12 en 13 April 1967 daaroor 'n rapport en aanbevelings voor te berei. Toe hierdie komitee op 28 Maart 1967 vergader het, was daar twee sake wat deur ds. Olivier aanhangig gemaak is voor hom, t.w.:

(1) Beswaar teen die besluit van die Ring van Potchefstroom op 8.9.1966 en

(2) Appèl teen die besluit van die Ring van Potchefstroom op 22.9.1966.

Die beswaar in 1 het daaroor gegaan dat die Ring besluit het om 'n klag wat ds. Olivier ten opsigte van die Ringskommissie ingedien het, as nie ontvanklik te beskou nie, aangesien die hele saak nog nie afgehandel was nie. Wat hierdie aangeleentheid betref, het die Ad-hoc komitee tot die volgende gevolgtrekking gekom:

(1) „Die Ad-hoc Kommissie is van oordeel dat die klag van 2.9.1966 van ds. Olivier teen die Ringskommissie van die Ring van Potchefstroom wel ontvanklik was en in behandeling moes geneem gewees het voordat die Ring op 22.9.1966 oor die klag teen ds. Olivier uitspraak gegee het."

Die appèl in 2 het oor 'n skuldigbevinding van ds. Olivier deur die Ring van Potchefstroom op 22.9.1966 gegaan. Toe die Ad-hoc Komitee hierdie saak in behandeling geneem het, is 'n formele punt aanhangig gemaak, nl. dat die appellant nie volgens die eis van Besluit 100 betyds kennis van appèl gegee het nie. Omdat so 'n fout vir die komitee onwaarskynlik voorgekom het, is die voorsitter versoek om die scriba van die Sinode op te bel ten einde te verneem of daar nie nog ontbrekende stukke is nie. Die scriba het die voorsitter die versekering gegee dat alle betrokke stukke tot die beskikking van die komitee gestel is.

Hierdie feit, t.w. dat daar nie aan die eis van Besluit 100 voldoen is nie, wat die komitee dus voor hom gehad het, het na sy mening alle verdere oorweginge onnodig gemaak en gevolglik het die komitee tot die volgende aanbeveling gekom:

(2) „Dit blyk volgens die stukke voor die vergadering van die Ad-hoc Kommissie dat die appellant nie volgens Besluit 100 gehandel het nie nl. dat hy nie binne 4 weke kennis van appèl gegee het nie en dat die appèl daarom nie ontvanklik is nie."

Die Sinodale Kommissie het hom met punt 1 van die verslag van die Ad-hoc Komitee vereenselwig. Toe punt 2 van die verslag aan die orde gekom het, het die scriba van die Sinode 'n brief van ds. Olivier, wat hy per abuis verlê het, voorgelees waaruit geblyk het dat ds. Olivier wel aan die vereistes van Besluit 100 voldoen het.

Dit het toe die motivering van die Ad-hoc Komitee in punt 2 laat verval, maar die Sinodale Kommissie het geoordeel dat die appèl van ds. Olivier teen die besluit van die Ring van Potchefstroom op 22.9.1966 nie behandel hoef te word nie, aangesien die Ring as gevolg van die besluit van die Sinodale Kommissie in verband met die beswaar van ds. Olivier teen die besluit van die Ring op 8.9.1966, in elk geval ten minste 'n deel van sy verrigtinge sou moes herhaal en as gevolg daarvan moontlik tot 'n ander resultaat sou kom as sy besluit van 22.9.1966.

Die appèl van ds. Olivier teen die eerste deel van die besluit van die Sinodale Kommissie, waarin ds. Olivier se beswaar gehandhaaf

is, is vir ons begryplik. Hy skrywe in sy brief van 13 Mei 1967 aan die Scriba Synodi as volg: „Met hierdie skrywe gee ek kennis van appèl kragtens besluit 101 van die kerkorde teen die besluite van die Sinodale Kommissie in verband met my beswaar teen die Ringsbesluit van 8.9.1966 en my appèl teen die Ringsbesluit van 22.9.196 en beroep ek my hiermee op die Sinode." Dit kom ons voor dat hy daarteen appelleer dat die Sinodale Kommissie hom in die gelyk gestel het.

Oor die fout wat daar i.v.m. punt 2 van die Ad-hoc Komitee se rapport ingesluip het, is ons baie jammer, maar is tog van oordeel dat dit wesenlik niks aan die saak verander nie, aangesien die Sinodale Kommissie nie 'n appèl kon behandel teen 'n besluit van 'n Ring was as gevolg van 'n prosedurefout eintlik ongeldig geword het nie. Ons gee dit dus beskeidenlik aan die hoogeerwaarde vergadering van die Sinode in bedenking dat die Sinodale Kommissie gelyk gegee sal word en die appèl van ds. Olivier op albei punte verwerp sal word.

wg. I. M. RETIEF, D. P. M. BEUKES.

**Naskrif:** Met die oorweging met bogenoemde aangeleenthede is daar nie ingegaan op die baie belangrike en interessante kerkregtelike vrae of ons kerkorde en besluite wel voorsiening vir appèl teen die besluite van kerklike Kommissies maak nie, en of 'n persoon of instansie na luid van Art. 18—23 van ons kerkorde hoogstens kerklike vergaderings kan versoek om hom met bepaalde rapporte, aanbevelings of besluite van sy kommissie nie te vereenselwig nie.

Let in hierdie verband bv. op besluit 63 C. Die Sinodale Kommissie het tot opdrag om **onder verslag** aan die volgende Sinode die volgende te verrig:

2. Die **voorlopige hantering**... met dien verstande dat **alle beslissings** van die Sinodale Kommissie deur die Sinode **goed- of afgekeur** moet word.

wg. I. M. RETIEF, D. P. M. BEUKES.

# Versameling van stukke insake

# APPÈL KERKRAAD POTCHEFSTROOM-SUID

# teen Uitspraak Ring van Potchefstroom

(Bl. 128 tot 150)

SSA-9

GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

24 Oktober 1967.

Dr. F. H. J. Kriel,
Scriba Suid-Transvaal Sinode,
Andries Pretoriusstraat 11,
STANDERTON.

Waarde Heer,

Namens en in opdrag van die Kerkraad van Potchefstroom-Suid gee ek kennis van appèl teen die besluit van die Ring van Potchefstroom i.v.m. die versoek van Br. F. J. Dippenaar soos vervat in 'n skrywe van die Scriba van die Ring van Potchefstroom gedateer 29.9.67 punt (i) wat ek ontvang het op 3.10.67 met poskantoordatumstempel 2.10.67.

Die besluite van die Kerkraad lui soos volg:

„Die Kerkraad van Potchefstroom Suid besluit om te protesteer teen die besluit, beswaar aan te teken teen die besluit, te appelleer teen die besluit i.v.m. die versoek van br. F. J. Dippenaar en die Ring aan te kla by die Sinode.

„Kennis word deur die Saakgelastigde namens en in opdrag van die Kerkraad beide aan die Scriba van die Ring en Scriba van die Sinode gegee binne vier weke nadat die uitspraak van die Ring ontvang is, dat die Kerkraad van Potchefstroom-Suid op sy vergadering gehou op die 20ste Oktober 1967, appèl aanteken teen die besluit van die Ring van Potchefstroom gehou te Eerste Vesting op 25 en 26 September 1967 nl.

„,Die Ring beskou dit as 'n billike versoek van die broer dat daar rakende die betrokke saak 'n bevinding oor br. Dippenaar gedoen moet word en dat dit so spoedig moontlik aan hom bekend gemaak sal word. Die Ring besluit dat die Kerkraad van Potchefstroom-Suid na luid van hierdie besluit moet handel.' "

Hoogagtend, die uwe,
M. J. CRONJE, Saakgelastigde.

---

18 November 1967.

Dr. F. H. J. Kriel,
Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
STANDERTON.

Seergeagte dr. Kriel,

**re Appèl van Kerkraad teen Ringsbesluit**

Op 'n Gewone en Gekombineerde Kerkraadsvergadering gehou op Vrydag die 17de November 1967 het die Kerkraad soos volg besluit:

„Die Kerkraad aanvaar die appèlskrif soos deur die Kommissie opgestel en deur die Kommissie onderteken en keur dit goed vir deursending na die Scriba Synodi."

Hoogagtend, die uwe,
M. J. CRONJE, Saakgelastigde.

---

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
9 November 1967.

Dr. F. H. J. Kriel,
Scriba Synodi,
Andries Pretoriusstraat 11,
STANDERTON.

Seergeagte dr. Kriel,

In opvolging van 'n skrywe van die saakgelastigde gedateer 24.10.67 waarin kennis gegee is van 'n appèl van die Kerkraad van Potchefstroom Suid teen die besluit van die Ring van Potchefstroom gehou te Eerste Vesting op 25 en 26 September 1967 nl.

„Die Ring beskou dit as 'n billike versoek van die Broer dat daar rakende die betrokke saak 'n bevinding oor br. Dippenaar gedoen moet word en dat dit so spoedig moontlik aan hom bekend gemaak sal word. Die Ring besluit dat die Kerkraad van Potchefstroom-Suid na luid van hierdie besluit moet handel."
wil die Kerkraad van Potchefstroom-Suid hiermee appelleer teen hierdie besluit, maar wil die Kerkraad tegelykertyd sy sterkste protes en beswaar teen so 'n besluit en handeling van die Ring van Potchefstroom uitspreek en hulle daarby tegelykertyd aankla dat hulle teen alle beginsels van reg en geregtigheid so 'n besluit geneem het.

Die appèlskrif behels die volgende:

1. Historiese verloop van die hele aangeleentheid.

2. Die gronde van die Kerkraad se appèl en die beredenering daarvan.

3. 'n Opsomming van alle konfidensiële stukke wat tot beskikking van 'n Kommissie van die Sinode of die Sinode gestel sal word.

4. Opsomming van alle bylaes by hierdie appèl.

Op 'n gewone en 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering gehou op die 20.10.67 het die Kerkraad van Potchefstroom-Suid soos volg besluit:

„3(b)vi. Die kerkraad besluit om te appelleer teen die uitspraak van die Ring na die Sinode en wel om die volgende redes: (SIEN BYLAE WAARIN GRONDE VIR DIE APPÈL VOLLEDIG OMSKRYF WORD.)

vii. Die voorstel word sonder enige amendement of teenvoorstel deur die kerkraad aanvaar met br. J. J. Joubert as voorsteller en br. F. C. J. van Rensburg as sekondant.

viii. Op grond van die voorstel van br. Joubert gesekondeer deur br. Van Rensburg besluit die kerkraad verder soos volg:

a. Om te protesteer teen die besluit, beswaar aan te teken teen die besluit, te appelleer teen die besluit i.v.m. br. Dippenaar se versoek en die Ring van Potchefstroom by die Sinode aan te kla.

b. 'n Kommissie word aangestel om die appèl op te stel behelsende die historiese verloop van die aangeleentheid, die beredenering o.a. van die reeds genoemde en aan die kerkraad voorgelegde en ander gronde vir appèl en alle ander tersaaklike inligting wat die Kommissie nodig ag en belangrik beskou en alle inligting wat die Sinode verlang.

c. Die Kommissie sal bestaan uit die volgende lede: Ds. M. J. P.

Olivier, ouderling S. L. J. Jacobs, M. G. M. Boshoff, diakens F. C. J. van Rensburg en A. F. le Roux.

d. Die Kommissie kry volmag om die appèlskrif op te stel in opdrag en namens die Kerkraad en die appèlskrif saam met die reeds aanvaarde gronde en ander gronde vir appèl, as bylae by die notule te voeg.

e. Kennis word deur die saakgelastigde namens en in opdrag van die kerkraad beide aan die Scriba van die Ring en Scriba van die Sinode gegee binne vier weke nadat die uitspraak van die Ring ontvang is dat die kerkraad van Potchefstroom Suid op sy vergadering gehou op 20.10.67 appèl aanteken teen die besluit van die Ring van Potchefstroom gehou te Eerste Vesting op 25 en 26 September 1967 nl. ‚Die Ring beskou dit as 'n billike versoek van die broer dat daar rakende die betrokke saak 'n bevinding oor br. Dippenaar gedoen moet word en dat dit so spoedig moontlik aan hom bekend gemaak sal word. Die Ring besluit dat die Kerkraad van Potchefstroom-Suid na luid van hierdie besluit moet handel.'

f. Hierdie appèlskrif moet binne vier weke vanaf die datum van die kennisgewings in die hande van die Scriba van die Sinode wees." (Sien Bylae 24)

1. **Die historiese verloop van die hele aangeleentheid:**

Op Sondagaand die 24ste April 1966 deel die kassier die leraar mee dat br. Dippenaar by die kassier sonder stortingskaarte inbetaal. Die eerste inbetaling was die 14.6.64 en die laaste inbetaling 13.3.66. Sien in bylae 2 die datums waarop die inbetalings geskied het en die bedrae inbetaal. Wat die stortingskaarte betref is net twee deur hom onvolledig ingevul en ook nie deur hom onderteken nie. Die kassier het by Diaken/Ouderling „F. J. Dippenaar" tweekeer geteken (14.6.64 en 20.9.64). Dan is daar 'n derde stortingskaart deur hom onvolledig ingevul met net die getal huisgesinne nl. 20, die lys van persone wat bygedra het en wat nie bygedra het nie. Die totale bedrag is R297.25. Dis al stortingskaarte wat ingehandig is. (Bylae 1).

Aanleiding tot die navraag in verband met hierdie stortingskaarte was 'n navraag van 'n lidmaat van die wyk gedurende Desember 1965 in verband met 'n bydrae van hom. En in Mei 1966 is daar 'n ander lidmaat wat navraag doen in verband met bydraes.

Op 24 Junie besluit die Kerkraad dat br. F. J. Dippenaar sy kwitansieboek moet inlewer daar hy nie bydraekaarte voltooi nie. Ook is besluit dat dit weer aan hom teruggegee sal word. (Sien bylae 3). Die saakgelastigde dra die opdrag van die Kerkraad aan hom oor telefonies en bevestig dit skriftelik met 'n skrywe gedateer 8 Julie 1966 (Sien bylae 4).

Op 2 Augustus ontvang die Kerkraad 'n skrywe van die ouditeurs Newton Walker, Venter en Vennote waarin al die kwitansieboeke van die diakens sowel as hulle stortingslyste/of stortingskaarte opgeëis word vir insae. (Sien bylae 5). 'n Skrywe op 3 Augustus 1966 word deur die saakgelastigde gerig aan alle diakens met die oog op die inhandiging van alle sodanige vereiste stukke by die kerkkantoor (Sien bylae 6). Br. Dippenaar was van die laaste wat die vereiste stukke ingehandig het.

Die Kerkraad ontvang 'n skrywe van die ouditeurs gedateer 7 September 1966 met as opskrif „Aanvullend tot ons ouditeursverslag gedateer 31 Augustus 1966: U Finansiële Jaar geëindig 30 Junie 1966", gerig aan die Voorsitter van die Kerkraad en geadresseer aan die Voorsitter van die Kerkraad. (7) Ook ontvang die Voorsitter van die Kerkraad 'n konfidensiële rapport van die ouditeurs, die woord „Konfidensieel" deur die ouditeurs in rooi bo-aan die rapport aangebring en as sodanig as konfidensieel gekwalifiseer. Op 'n spesiale kerkraadsvergadering van die 8ste September 1966 meld die Voorsitter aan die Kerkraad dat twee rapporte van die ouditeurs ontvang is. Hy deel die vergadering mee dat die algemene rapport later voor die Kerkraad sal dien. Die Kerkraad besluit om die konfidensiële rapport na 'n spesiale kommissie te verwys. (Sien bylae 8).

Op die 15de September 1966 besluit die Kerkraad in verband met die konfidensiële ouditeursrapport soos volg: „Die Kerkraad verleen aan die Kommissie wat op 'n vorige vergadering gekies is om die saak te hanteer die reg om persone op te roep." (Bylae 9).

Op die kerkraadsvergadering van die 8ste September 1966 is per abuis die naam van die Voorsitter uitgelaat en op die kerkraadsvergadering van 23 September 1966 is besluit dat die Voorsitter ook op die Kommissie dien. (Sien bylae 10).

Die Algemene Ouditeursrapport van 7 September 1966 is saam met die finansiële state by die Ring van Potchefstroom ingehandig. Die Ring het vergader te Ventersdorp Oos op die 19de en 20ste September 1966. In verband met hierdie ouditeursrapport word op die 28.9.66 deur die Scriba van die Ring die volgende besluite van die Ring onder die aandag van die Kerkraad van Potchefstroom-Suid gebring:

(a) „dat die Kerkraad versoek word om onmiddellik ernstige aandag te skenk aan die sake wat in die ouditeursverslag gerapporteer word;

(b) dat die Kerkraad so gou as moontlik aan die Ringskommissie sal rapporteer watter maatreëls getref is om die moontlike onreëlmatighede uit te skakel." (Sien bylae 1).

In die notule van die 28ste Oktober 1966 punt 14 besluit die Kerkraad om aan die Ringskommissie soos volg te rapporteer: „Die kerkraad is besig om aandag te gee aan die wenke vervat in die ouditeursverslag. Einde van die maand sal die aanbevelings in werking tree." (12) (En op die Ringsvergadering op die 25ste en 26ste September 1967 te Eerste Vesting word nog in die verslag van die **Ringscriba** nog in die verslag van die **Ringskommissie** 'n enkele woord oor hierdie hele aangeleentheid gerep). Hierdie besluit word deur die saakgelastigde aan die Ringscriba oorgedra in 'n skrywe gedateer 1 Desember 1966 en word die volgende belangrike woorde bygevoeg: „Ons kan net meld dat in die verlede die hantering en boekhouding van geld tussen die gemeentelid en die kassier nie gekontroleer is nie, maar slegs dié van die kassier af verder. (Bylae 13).

Die Kerkraad ontvang twee skrywes van br. F. J. Dippenaar gedateer 19.12.66 en 17.3.66 en wil hy weet wat die verslag van die ondersoekkommissie was en wat die Kerkraad se uitspraak oor hierdie spesifieke saak was. (Bylae 14 en 15).

Op 'n Kerkraadsvergadering gehou op die 17de Maart 1967 be-

sluit die Kerkraad dat die antwoord van die Kerkraad op die skrywe van br. F. J. Dippenaar soos volg sal lees: „Kragtens opdrag van die Kerkraad is ondersoek ingestel en afgehandel en is besluit om nie aan die Kerkraad te rapporteer nie." (Sien Bylae 16).

In 'n brief gedateer 23 Maart 1967 word deur die saakgelastigde hierdie besluit van die Kerkraad op die skrywes van br. Dippenaar meegedeel. (Sien Bylae 17).

Op die 20ste Oktober 1967 deel die Voorsitter die Kerkraad mee dat 'n sekere lidmaat persoonlike dreigbriewe asook dreigbriewe van n prokureur van br. Dippenaar ontvang het.

Op Maandag 25 September 1967 word die skrywe van br. Dippenaar gedateer 23.9.67 as 'n laat ingekome stuk deur die Ring na 'n Kommissie verwys om die vergadering te bedien met 'n beredeneerde voorstel. (Sien bylaes 18, 19 en 21). Op Dinsdag 26 September is die Kommissie se verslag aan die Ring voorgelê. (Bylae 20).

Op die Kerkraadsvergadering van 20 Oktober 1967 het die leraar die vergadering meegedeel dat hy vir die Ringsafgevaardigdes by die behandeling van hierdie aangeleentheid gesê het dat die brief van br. Dippenaar onjuisthede bevat en as die broeder iemand of 'n Kommissie of die Kerkraad wil aankla moet hy die ordelike weg bewandel sodat die reg sy loop mag hê. Die aanbeveling van die Kommissie het besluit van die Ringsvergadering geword.

'n Skrywe van die Ringscriba in verband hiermee gedateer (B. 22) 29.9.67 is op die 3.10.67 ontvang en die ontvangs van hierdie skrywe is deur die saakgelastigde erken op 4 Oktober 1967. (Sien bylae no. 23).

Op die 20ste Oktober is die besluit van die Ring deur die Kerkraad in behandeling geneem en is besluit om te appelleer, teen hierdie uitspraak van die Ring. Kennis is aan die Scriba van die Ring en die Scriba van die Sinode gegee op 24.10.67. (Bylaes 24 en 25).

**2. Die Gronde van die Kerkraad se appèl en die beredenering daarvan:**

(a) Die brief van br. Dippenaar behels implisiet klagtes en die besluit van die Ring behels implisiet 'n tughandeling.

(i) Hy het klagtes teen 'n lidmaat van die gemeente wat onwaarhede sou verkondig het en hom sou belaster het.

(ii) Hy het klagtes teen die leraar van hierdie gemeente:

a. dat die leraar op 'n onordelike wyse 'n konfidensiële rapport wat deur die ouditeurs as KONFIDENSIEEL bestempel is, self as Konfidensieel bestempel het;

b. dat die leraar as Voorsitter op sy eie versoek persone voor die Kommissie laat verskyn het;

c. dat deur die onordelikheid van die leraar nie eksplisiet maar implisiet voorgegee word dat daar 'n onderlinge ooreenkoms was tussen die leraar en sodanige persoon wat voor die Kommissie verskyn het.

(iii) Hy het klagtes teen die Kommissie:

a. dat hulle hom as beskuldigde en aangeklaagde voor die Kommissie laat verskyn het;

b. dat hulle besluit verkeerd is dat hulle 'n bevinding moes doen; skuldig of onskuldig.

(iv) Hy het 'n klagte teen die kerkraad dat die kerkraad genoeë

neem met die besluit van die Kommissie, dit aanvaar en deur die kerkraad se besluit bekragtig.

Hy kan tog onmoontlik nie al hierdie klagtes in sy brief impliseer en dan word daar deur die Ring nie geleentheid gegee aan die beklaagdes om hulleself te verweer nie. Gestel dat dit waar is wat br. Dippenaar beweer dat hy 'n beskuldige voor die Kommissie was dan moes hy nadat hy die besluit van die Kerkraad ontvang het, binne vier weke na die ontvangs van brief gedateer 23.3.67 na die Ring geappèlleer het en dit het hy nie gedoen nie. Ses maande het verloop voordat hy met sy sogenaamde „aansoek" na die Ring gekom het.

Maar die uitspraak van die Ring behels ook implisiet 'n tughandeling. Op grond van hierdie eensydige verhoor doen die Ring 'n uitspraak in verband met hierdie sogenaamde „aansoek" van br. Dippenaar wat in wese nie 'n aansoek is nie maar 'n reeks van implisiete klagtes, en is die uitspraak nie net 'n toestaan van sy „aansoek" nie, maar 'n tughandelende uitspraak. Weliswaar word die besluit van die Kerkraad nie direk kragteloos gemaak nie maar die Ring wil die Kerkraad van Potchefstroom-Suid met sy meerdere gesag dwing om te handel na luid van die besluit van die Ring. Eerwaarde Sinode, beskeidenlik wil die Kerkraad van Potchefstroom-Suid u daarop wys dat die Ring van Potchefstroom die wesenlike in die reg aantas en die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg oorboord gooi.

(b) Die brief van br. Dippenaar bevat onjuisthede en misleidende bewerings.

(i) Hy sê „Daar is 'n rapport ingestuur deur die ouditeure wat die leraar as konfidensieel beskou het". Dit is 'n onjuistheid en 'n misleidende bewering. Die ouditeure kwalifiseer dit as konfidensieel, die Kerkraad aanvaar dit as konfidensieel en natuurlik konsekwenterwyse aanvaar die leraar as lid van die Kerkraad dit ook so. Dit is 'n onjuistheid en 'n misleidende bewering.

(ii) Hy sê: „Sekere sake is toe ondersoek en verduidelikings is aanvaar". Die ondersoekkommissie het sake ondersoek en het die verduidelikings aangehoor maar of die Kommissie dit aanvaar het, dit is totaal 'n ander saak. Dit is 'n onjuistheid en 'n misleidende bewering.

(iii) Hy sê: „Toe roep ds. Olivier sy ma in om sekere getuies te kom lewer teen my". Die Kerkraad het aan die Kommissie die reg gegee om persone op te roep en die Kommissie het die Voorsitter die reg gegee om alle betrokkenes op te roep. Dit is 'n onjuistheid en 'n misleidende bewering.

(iv) Hy sê: „Die bewering van mevr. Olivier dat ek veertig Rand van haar sou ontvang het en nie 'n kwitansie daarvoor uitgereik het nie, ook nie inbetaal het by die kerk nie, kon nie voortgespruit het uit die ouditeursverslag nie. Hulle het geen kennis daarvan gedra nie". Hierdie bewering is misleidend en onjuis want alle persone wat voor die Kommissie verskyn het, het direk of indirek te doen met navrae wat deur die ouditeure of deur die lidmate gedoen is.

(c) (i) Die Ring het fouteer deur van die standpunt uit te gaan dat die broeder beskuldig was en dus geregtig is op 'n uitspraak terwyl die feit is dat daar alleenlik 'n ondersoek gehou was en dat die ondersoekkommissie besluit het om geen beskuldigings te maak nie,

en ook wat hierdie bepaalde geval betref geen beskuldigings te maak nie omdat die weergawe daarop neergekom het dat een man se woord teen 'n ander moes geneem word. Die broeder is ook skriftelik in kennis gestel dat die ondersoekkommissie as gevolg van sy ondersoek geen aanbevelings tot die Kerkraad gaan rig nie.

(ii) Die broeder was nooit aangekla nie en is derhalwe nie geregtig op uitspraak en die Kommissie kan nie verplig word om uitspraak te gee op 'n saak wat hulle nie verhoor het nie.

(iii) Navraag is deur ouditeure gedoen en navraag is deur lidmate gedoen in verband met finansiële aangeleenthede.

(iv) Alle persone wat voor die Kommissie verskyn het, het direk of indirek te doen met navrae wat deur die ouditeure of deur lidmate gedoen is.

(v) Die Kommissie het ondersoek ingestel, navraag gedoen aan en informasie verkry van alle persone wat voor die Kommissie verskyn het.

(d) Dit is binne die goeie reg van enige organisasie en by name hierdie kerkraad om ondersoek in te stel en navraag te doen in verband met sy finansiële aangeleenthede. Meer nog, die Kerkraad was onder verpligting om ondersoek in te stel kragtens dieselfde Ring se besluit „i.s. Beheer van Gemeente-Finansies" soos vervat in die skrywe van die Scriba van die Ring van Potchefstroom aan die Scriba van Potchefstroom-Suid gedateer 28.9.66. (Sien bylae 11).

Dit is vir die Kerkraad van Potchefstroom-Suid onbegryplik dat in September 1966 was die Beheer van Gemeente-Finansies vir die Ring 'n baie, baie ernstige saak soos blyk uit die besluite van die Ring maar in September 1967 was dit nie meer so of glad nie ernstig nie, veral as daarop gelet word dat hiervan in geen Ringsverslag 'n woord gerep word nie.

(e) Daar is geen Kerkorde-artikel of 'n besluit in die Kerkorde wat aan die Ring die reg verleen om sodanige EENSYDIGE besluit te neem nie. Die Ring beroep hom in sy verslag op Art. 31 van die Kerkorde maar hy het alleen die reg om hom op hierdie of enige ander artikel of besluit te beroep mits hy hom hou aan reg en geregtigheid. En reg en geregtigheid geskied tog nie om op eensydige wyse net een kant van die saak aan te hoor (nl. die van br. Dippenaar met sy enkele brief) en die Kerkraad van Potchefstroom-Suid met sy kant van die saak totaal te ignoreer en so 'n eensydige besluit te neem nie.

Die Kerkraad versoek die Sinode baie dringend en beleefd om die besluit van die Ring van Potchefstroom ter syde te stel en die besluit van die Kerkraad geneem op sy vergadering van die 17de Maart 1967 nl. „Kragtens opdrag van die Kerkraad is ondersoek ingestel en afgehandel en is besluit om nie aan die Kerkraad te rapporteer nie." te handhaaf.

Daarom protesteer die Kerkraad ten sterkste en maak hy ten sterkste beswaar teen hierdie besluit van die Ring van Potchefstroom en is dit 'n harteklag van die Kerkraad dat die Ring van Potchefstroom teen alle beginsels van reg, billikheid en geregtigheid so 'n besluit kon neem.

3. **Opsomming van alle konfidensiële stukke wat tot beskikking van 'n Kommissie van die Sinode of die Sinode gestel sal word.** (U moet dadelik laat weet wanneer u dit wil hê):

(a) Alle notules van die ondersoekkommissie.
(b) Verslag van die Ondersoekkommissie met finale besluit.
(c) Konfidensiële Ouditeursrapport.
(d) Kwitansies ens., deur lidmate oorhandig.
(e) Kwitansieboeke van diaken.
(f) Skriftelike antwoord van Kassier op vrae van ouditeure.

4. **Opsomming van alle bylaes by hierdie appèl:**

1. Drie bydraekaarte.
2. Lys van datums en bedrae van inbetalings by kassier.
3. Uittreksel Notule van 24 Junie 1966.
4. Brief van Saakgelastigde aan Dippenaar re kwitansieboek, 8 Julie 1966.
5. Brief ouditeure aan Voorsitter re ouditering van boeke, 2.8.66.
6. Brief Saakgelastigde aan diakens re inhandiging van boeke en dokumente, 3.8.66.
7. Ouditeursrapport (aanvullend) 7 September 1966.
8. Uittreksel uit Kerkraadsnotule 8 September 1966.
9. Uittreksel uit Kerkraadsnotule 15 September 1966.
10. Uittreksel uit Kerkraadsnotule 23 September 1966.
11. Brief Ringscriba aan Kerkraad i.s. Beheer van Gemeente-Finansies, 28.9.66.
12. Uittreksel uit Kerkraadsnotule van 28 Oktober 1966.
13. Brief van Saakgelastigde aan Ringscriba re Beheer van Gemeente-Finansies, 1 Desember 1966.
14. Brief Dippenaar aan Kerkraad 19.12.66.
15. Brief Dippenaar aan Kerkraad 17.3.67.
16. Uittreksel uit Kerkraadsnotule 17 Maart 1967.
17. Brief Saakgelastigde 23.3.67 aan Dippenaar re Kerkraadsbesluit, 17.3.67.
18. Brief F. J. Dippenaar aan Ring 23.9.67.
19. Uittreksel uit Notule Ringsvergadering (25 en 26 September 1967) pag. 3. Laat ingekome stukke.
20. Verslag tydelike kommissie i.s. aansoek van br. Dippenaar (ongedateerd het op 26.9.67 voor Ring gedien).
21. Uittreksel uit notule van Ringsvergadering (ongedateerd — is besluit op 26.9.67 deur die Ring).
22. Brief van Scriba van Ring aan Kerkraad 29.9.67, i.v.m. besluit van die Ring.
23. Brief gedateer 4.10.67 van Saakgelastigde aan Ringscriba re erkenning van brief gedateer 29.9.67.
24. Uittreksel Notule Kerkraadsvergadering 20.10.67.
25. Gronde vir Appèl (Bylae by notule van Kerkraadsvergadering 20.10.67).

Biddende u Gods seën en leiding toe, uwe in Sy diens, namens en in opdrag van die Kerkraad van Potchefstroom-Suid.

GETEKEN: M. J. P. OLIVIER, S. L. J. JACOBS, M. G. M. BOSHOFF, F. C. J. VAN RENSBURG, A. F. LE ROUX.

11

Bylae 1

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE — POTCHEFSTROOM-SUID

Wyk [illegible] Aantal Gesinne ........ Maand Junie 1964

| | Kwitansie | Huisgesin/Lidmaat | Bydrae | Boufonds | Voorligter | Orrelfonds |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 04448 | D. Horn | R 2-00 | | | |
| 2 | | | | | | |
| 3 | | | | | | |
| 4 | | | | | | |
| 5 | | | | | | |
| 6 | | | | | | |
| 7 | | | | | | |
| 8 | | | | | | |
| 9 | | | | | | |
| 10 | | | | | | |
| 11 | | | | | | |
| 12 | | | | | | |
| 13 | | | | | | |
| 14 | | | | | | |
| 15 | | | | | | |
| 16 | | | | | | |
| 17 | | | | | | |
| 18 | | | | | | |
| 19 | | | | | | |
| 20 | | | | | | |
| 21 | | | | | | |
| 22 | | | | | | |
| 23 | | | | | | |
| 24 | | | | | | |
| 25 | | | | | | |
| 26 | | | | | | |
| 27 | | | | | | |
| 28 | | | | | | |
| | | TOTAAL | | | | |

Groot Totaal R2-00 Diaken/Ouderling [illegible signature]

Bogemelde bedrag ontvang deur [signature] Kassier

Kwit. No. 3644 Datum 14/6/64

12

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE — POTCHEFSTROOM-SUID

Wyk: Wdeysboom Aantal Gesinne ........ Maand 19 / 9 / 1964

| | Kwitansie | Huisgesin/Lidmaat | Bydrae | Boufonds | Voorligter | Orrelfonds |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | ~~de Beer~~ | ~~R 10.00~~ | | | |
| 2 | 04452 | Horn, O | R 4.00 | | | |
| 3 | 04450 | J Blom | R 20.00 | | | |
| 4 | 04454 | J.H. Grobler | R 8.00 | | | |
| 5 | 04451 | J.H. Wessels | R 10.00 | | | |
| 6 | 04453 | J.H. Wessels | R 10.00 | | | |
| 7 | 04449 | A.J.C. Pavel | R 50.00 | | | |
| 8 | 04455 | F.J. Oppenaar | R 10.00 | | | |
| 9 | | | | | | |
| 10 | | | | | | |
| 11 | | | | | | |
| 12 | | | | | | |
| 13 | | | | | | |
| 14 | | | | | | |
| 15 | | | | | | |
| 16 | | | | | | |
| 17 | | | | | | |
| 18 | | | | | | |
| 19 | | | | | | |
| 20 | | | | | | |
| 21 | | | | | | |
| 22 | | | | | | |
| 23 | | | | | | |
| 24 | | | | | | |
| 25 | | | | | | |
| 26 | | | | | | |
| 27 | | | | | | |
| 28 | | | | | | |
| | | TOTAAL | R 112.00 | | | |

Groot Totaal R 112-00 Diaken/Ouderling [illegible]

Bogemelde bedrag ontvang deur ........ Kassier

Kwit. No. 5745 Datum 20/9/64

## Huisgesinne of Lidmote nie deur my besoek nie.

| Naam | Adres | Rede of Omstandighede |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

ALGEMENE OPMERKINGS

Waar is D. J. Olivier se bydrae?
Waar is C. de Beer se bydrae?
Waar is F. Weber se bydrae?

Enslins.—7579

13

# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE — POTCHEFSTROOM-SUID

Wyk 12 Aantal Gesinne 20 Maand ........ 196....

| | Kwitansie | Huisgesin/Lidmaat | Bydrae | Boufonds | Voorligter | Orrelfonds |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | C J de Jager | | | | |
| 2 | | J.H. Grobler | R 11.00 | | | |
| 3 | | J H Wessels | R 40.00 | 1? | | |
| 4 | | A. J v Zyl | R 1.20 | | | |
| 5 | | P P S Harris | R 14.00 | | | |
| 6 | | J.R.J. Walters | | | | |
| 7 | | P.J. Kruis | R 34.00 | | | |
| 8 | | H. Ferreira | | | | |
| 9 | | J M Reynolds | | | | |
| 10 | | F.J. Bergmann | R 70.00 | | | |
| 11 | | P J Olivier | R 21.00 | | | |
| 12 | | F C V Wiehe | | | | |
| 13 | | C E de Beer | | | | |
| 14 | | P J C Pretorius | R 30.00 | | | |
| 15 | | J M Scholtz | | | | |
| 16 | | J.E Botes | | | | |
| 17 | | W J. v.d. Berg | | | | |
| 18 | | J. E Erasmus | R 6.00 | | | |
| 19 | | W. J. van Zyl | R 6.00 | | | |
| 20 | | Bergmann | | | | |
| 21 | | L.C. Blom | R 30.00 | | | |
| 22 | | | | | | |
| 23 | | | | | | |
| 24 | | | | | | |
| 25 | | | | | | |
| 26 | | | | | | |
| 27 | | | | | | |
| 28 | | | | | | |
| | | TOTAAL | R 297.25 | | | |

Groot Totaal .................... Diaken/Ouderling ....................

Bogemelde bedrag ontvang deur .................... Kassier

Kwit. No. .................... Datum ....................

BYLAE 2.

**Uittreksel uit Kwitansieboeke**

| | | |
|---|---|---|
| 14.6.64 | — | R2.00 |
| 20.9.64 | — | R112.00 |
| 24.1.65 | — | R73.25 |
| 14.3.65 | — | R74.00 |
| 28.6.65 | — | R189.00 |
| 12.9.65 | — | R65.00 |
| 17.10.65 | — | R67.00 |
| | — | R143.26 |
| 13.3.66 | — | R45.00 |
| | | R770.00 |

---

BYLAE 3.

**Notule van 24 Junie 1966:**

10.I.(a) **Maandstaat:**

Die Voorsitter meld dat wyke 6(a) en 6(b) niks inbetaal het nie. Br. F. Oosthuizen word gevra om met br. J. A. van Niekerk in verbinding te tree of 'n aparte diaken vir die studente noodsaaklik is. Nadat die staat wyk vir wyk deurgegaan is, word dit met dank aanvaar. Daar is besluit dat br. F. J. Dippenaar sy kwitansieboek moet inlewer daar hy nie die bydraekaarte voltooi nie. Dit sal weer aan hom teruggegee word en verder is besluit dat alle reeds ontvange geld voor of op 26 Junie 1966 inbetaal moet word.

---

BYLAE 4.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

**Leraar:**
Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 6534.

**Saakgelastigde:**
Mev. M. J. Cronje,
Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 7939.

8 Julie 1966.

Mnr. J. J. Dippenaar,
Posbus 167,
POTCHEFSTROOM.
Insake kwitansieboek.

Hiermee bevestig ek my telefoongesprek van 1 Julie 1966 met mev. Dippenaar waarin ek die opdrag van die kerkraad aan haar oorgedra het, nl. dat u u kwitansieboek onmiddellik by die kerkkantoor moet inhandig.

Die uwe,
(Get.) M. J. CRONJE.
SAAKGELASTIGDE.

---

BYLAE 5.

NEWTON WALKER, VENTER EN VENNOTE
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
Geoktrooieerde Rekenmeesters

H. Newton Walker
O. T. Venter
G. W. L. Bezuidenhout
W. R. Daly
V. van Aswegen

Ons 301 Verw.

Tel. 288, 768, 2662.
Posbus 142, 281.
Calderbank-gebou,
Kerkstraat 148,
POTCHEFSTROOM,
2 Augustus 1966.

Die Eerwaarde Voorsitter,
Die Kerkraad,
Nederduitse Gereformeerde Kerk
Potchefstroom-Suid,
P/A Ds. M. J. P. Olivier,
Kokstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

Weleerwaarde heer,

OUDITERING VAN BOEKE

Ten einde ons in staat te stel om die ontvangste van u Kerkraad te bevestig, sal ons dit hoog op prys stel as ons die volgende boeke en dokumente ook ter insae kan hê:-

nl. Al die kwitansie boeke van die diakens sowel as hulle stortingslyste en/of stortingskaarte.

Hoe gouer ons die gemelde boeke en dokumente kan ontvang, hoe gouer kan ons die oudit finaliseer. Ons gaan intussen aan met die ander boeke en dokumente in ons besit.

Met Hoogagting, die uwe,
(Get.) NEWTON WALKER, VENTER EN VENNOTE.

---

BYLAE 6.

N.G. GEMEENTE — POTCHEFSTROOM-SUID

Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
3 Augustus 1966.

Geagte meneer,

'n Skrywe is van die ouditeursfirma, Newton Walker, Venter en Vennote, ontvang waarin gemeld word dat al die diakens se kwitansieboeke dringend benodig word ten einde die gemeente se ontvangste te bevestig.

U word gevolglik versoek om genoemde boeke sowel as al die uitstaande funksielyste sonder versuim by die kerkkantoor in te handig. Die kwitansieboeke sal so spoedig moontlik terugbesorg word.

Die uwe,
(Get.) M. J. CRONJE.
SAAKGELASTIGDE.

---

BYLAE 7.

NEWTON WALKER, VENTER & PARTNERS

H. Newton Walker
O. T. Venter

Telephone 4281/2/3,
P. O. Box 142 & 281.

REF.:
Our: 301/989.

Calderbank's Building,
148, Kerk Street,
POTCHEFSTROOM,
7 September 1966.

Die Eerwaarde Voorsitter,
Die Kerkraad,
Nederduitse Gereformeerde Kerk,
Potchefstroom-Suid,
P/a Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.

Weleerwaarde heer,

Aanvullend tot ons ouditverslag gedateer 31 Augustus 1966:
U Finansiële Jaar geëindig 30 Junie 1966.

Met die nagaan van u Kerk se boeke het daar sekere aspekte navore gekom, wat ons pertinent onder u aandag wil bring, nl.:

1. Dat die interne kontrole en beheer van u Kerkfinansies veel te wense oorlaat, veral t.o.v. die volgende —

(a) Geen kruisverwysings tussen diakens kwitansies en kassierskwitansies kan gekry word nie. Ontvangs van gelde van diakens word op laaste kwitansie uitgereik, erken. Geen aanduiding van kassierskwitansie nommer word gegee nie. Op die kassierskwitansies is ook geen melding gemaak van watter diakenkwitansies die bedrag geld ontvang, verteenwoordig.

(b) Talle kwitansies uitgereik deur diakens is nog in die kwitansie boek en nie aan lidmate oorhandig nie.

(c) Verskeie kwitansie boeke het nog een of meer ongebruikte kwitansie oor. Hierdie ongebruikte kwitansies moet gekanselleer word om ongemagtigde gebruik te voorkom.

(d) Deurslagpapier word nie in alle gevalle gebruik en dis moeilik te bepaal of die afskrif wat andersins uitgeskryf is, 'n ware afskrif van die oorspronklike is.

(e) Kwitansies moet volledig uitgemaak word in die ruimtes waar voorsiening voor gemaak is, veral t.o.v. die volgende —

(i) Naam van wie ontvang.
(ii) Datum wanneer ontvang (b.v. nie net Nov. maar 1 Nov. 1965).
(iii) Wyknommer indien van toepassing.
(iv) Bedrag in woorde.
(v) Bedrag in syfers.
(vi) Waarvoor gelde ontvang is, b.v.
Gemeentelike Bydrae,
Boufonds, Dankoffer, ens.
Kruisverwysings indien van toepassing.

(f) Verder moet vir alle gelde ontvang **onmiddellik** 'n kwitansie uitgereik word en aan die gewer van die gelde oorhandig word. Daar is gevind dat gelde ontvang word van lidmate vir sending, Christelike Lektuurfonds en ander bydraes waarvoor die lidmate nie 'n kwitansie ontvang het nie.

(g) Gekanselleerde kwitansies moet in die kwitansieboek gehou word.

(h) Alle gelde ontvang is nie binne 'n redelike tyd gebank nie.

Soos u uit bogenoemde kan sien, is dit aspekte wat tot onreelmatighede kan ly, en sal ons genoodsaak wees, om indien die aangeleenthede nie u aandag geniet nie, die algemene ouditrapport in die toekoms dien ooreenkomstig te kwalifiseer.

2. Vergun ons egter die geleentheid om 'n paar aanbevelings te doen:

(a) 'n Kwitansie boek register moet aangeskaf word waarin alle nuwe kwitansieboeke volgens hulle nommers ingeskryf of gelys word. Sodra so 'n kwitansieboek uitgereik word, moet die persoon wat dit ontvang, daarvoor teken. So 'n kwitansieboek kan meer as eenmaal uitgereik word. As die betrokke diaken sy gelde stort moet sy kwitansieboek tesame met sy stortingslys aan die saakgelastigde oorhandig word. Die diaken sal dan in die register teken dat hy die kwitansieboek aan die saakgelastigde oorhandig het. Die saakgelastigde sal dan 'n ander kwitansieboek aan die diaken oorhandig, wat weer daarvoor sal teken. (Sien aangehegte voorbeeld van die kwitansie register). Hierdie is baie belangrik en ons kan net meld dat die ongebruikte kwitansieboeke agter slot en grendel gebêre moet word ten einde ongemagtigde gebruik te voorkom.

(b) **Bydraekaarte** — aangesien die bydraekaarte nie volledig voltooi was nie, was dit moeilik om na te gaan en het as kontrole medium nie aan die vereiste voldoen nie.

Graag wens ons 'n voorstel van stortings lyste te maak. (Voorbeeld aangeheg.)

Die betrokke diaken voltooi die stortingslys in drievoud. Hy hou een afskrif vir sy eie rekords en dien die ander twee afskrifte in tesame met sy kwitansieboek en geld sodra hy stort. Die saakgelastigde kontroleer die stortingslys met die diakens kwitansieboek en reik dan 'n kassierskwitansie uit vir die bedrag geld ontvang.

Die saakgelastigde hou een afskrif vir die Kerk rekords en die ander afskrif tesame met 'n opsomming gaan na die Kerkraad vir opvolging.

Die stortingslyste moet maandeliks tesame met die kwitansieboek voor 'n bepaalde datum (hierdie datum moet u self bepaal) ingedien word — al het die betrokke diaken niks gekollekteer nie. Dit is absoluut noodsaaklik dat dit geskied vir effektiewe kontrole.

(c) Soos reeds gemeld moet alle gelde ontvang so gou doenlik gebank word en daar moet veral op gelet word dat die bank deposito ooreenstem met bedrag geld ontvang. Dit is baie belangrik. Verder alle onbetaalde tjeks moet in die kasboek getoon word en indien so 'n tjek weer vir betaling aangebied word moet dit op 'n afsonderlike deposito strokie ingeskryf word en gemerk word „Herdeposito", ten einde die verskillende bedrae te kan optel.

(d) Ten laaste wens ons aan te beveel dat u van tyd tot 'n kommissie van u Kerkraad benoem om toe te sien dat die voorskrifte van u Kerkraad t.o.v. u finansies wel deeglik uitgevoer word.

Met hoogagting, die uwe,
(Get.) NEWTON WALKER VENTER EN VENNOTE.

---

**Notule van 8 September 1966:**
Punt 6: Die Voorsitter meld dat daar twee rapporte van die Ouditeurs ontvang is. Die algemene rapport sal later voor die kerkraad dien. Die konfidensiële rapport word na 'n spesiale kommissie verwys, nl.: Brs. S. L. J. Jacobs, M. G. M. Boshoff, F. C. J. van Rensburg en A. F. le Roux. Goedgekeur.

---

BYLAE 9.

**Notule van 15 September 1966:**
6. **OUDITEURSVERSLAG:**
Die kerkraad verleen aan die kommissie wat op 'n vorige vergadering gekies is om die saak te hanteer die reg om persone op te roep.

---

BYLAE 10.

**Notule van 23 September 1966:**
3(b). **Notule van 8 September 1966:**
Punt 6: Voeg by: Voorsitter is ook op die Kommissie.

---

BYLAE 11.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Potgieterstr. 119,
POTCHEFSTROOM,
28/9/66.

Die Skriba,
Potchefstroom-Suid,
P.a. Kockstr. 123,
POTCHEFSTROOM.

i.s. **Beheer van Gemeente-Finansies**

Geagte broeder,

Op die pas afgelope vergadering van die Ring van Potchefstroom het die ring besluit om die volgende skrywe na u kerkraad te stuur:

1. dat die kerkraad versoek word om onmiddellik ernstige aandag te skenk aan die sake wat in die ouditeursverslag gerapporteer word.
2. dat die kerkraad so gou as moontlik aan die Ringskommissie sal rapporteer watter matreëls getref is om die moontlike onreëlmatighede uit te skakel.

Vertrouende dat u my 'n spoedige antwoord sal stuur.

Met agting,
(Get.) G. C. HATTINGH.
(RINGSKRIBA).

BYLAE 12.

**Notule van 28 Oktober 1966:**

14. **BRIEF — RINGSCRIBA:** Insake Beheer van Gemeente Finansies.

Die kerkraad is besig om aandag te gee aan die wenke vervat in die ouditeursverslag. Einde van die maand sal die aanbevelings in werking tree.

---

BYLAE 13.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

**Leraar:**
Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM,
Telefoon 6534.

**Saakgelastigde:**
Mev. M. J. Cronje,
Posbus 192,
POTCHEFSTROOM,
Telefoon 7939.

1 Desember 1966.

Die Ringscriba,
Potgieterstraat 119,
Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.

Geagte Ds. Hattingh,

INSAKE BEHEER VAN GEMEENTE-FINANSIES.

Die kerkraad is besig om aandag te gee aan die wenke vervat in die ouditeursverslag. Aan die einde van Oktober het hierdie aanbevelings in werking getree.

Ons kan net hier meld dat in die verlede die hantering en boekhouding van geld tussen die gemeentelid en die kassier nie gekontroleer is nie, maar slegs dié van die kassier af verder.

Die uwe,
(Get.) M. J. CRONJE.
SAAKGELASTIGDE.

---

BYLAE 14.

Posbus 167,
POTCHEFSTROOM,
19.12.66.

Die Voorsitter en Kerkraad,
N. G. Gemeente Potchefstroom-Suid,
Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.

Geagte Broeders,

Na aanleiding van 'n ondersoek gehou op 31 Okt. 1966 in die konsistorie van die Potchefstroom Suid Kerk deur 'n spesiale komitee van die kerkraad is ek ook gevra om daar teenwoordig te wees om sekere sake te ondersoek i.v.m. 'n ouditeursrapport.

Daar was toe sekere bewerings teen my as persoon gemaak deur mev. D. J. Olivier wat ek in 'n baie ernstige lig beskou. Ek het aan mev. Olivier twee briewe geskryf waarvan die eerste brief op die 3 Nov. en die tweede op die 22 Nov. 1966 was. Beide briewe was geregistreer maar beide briewe het sy geïgnoreer tot op datum.

Aangesien die kommissie uit die kerkraad gekies is en aan die kerkraad verslag moet doen van die ondersoek, wil ek graag weet

wat die uitslag van die kommissie was en wat die kerkraad se uitspraak oor hierdie spesifieke saak is.

In die lig van diė erns van hierdie aantygings versoek ek u vriendelik dog ernstig op 'n spoedige antwoord.

Met vriendelike groete,
(Get.) F. J. DIPPENAAR.

---

BYLAE 15.

Posbus 167,
POTCHEFSTROOM,
17/3/67.

Die Kerkraad,
N.G. Gemeente Potchefstroom-Suid,
Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.

Geagte Broeders,

Graag sal ek verneem om welke rede my brief van 19/12/66 wat aan die voorsitter en kerkraad gerig was en geregistreer was nog nie beantwoord is nie? Aangesien ek gevra het dat die saak spoedig beantwoord moet word.

Met vriendelike groete,
(Get.) F. J. DIPPENAAR.

---

BYLAE 16.

**Notule van 17 Maart 1967:**

16.(a)(ii)i. **OUDITEURSRAPPORT:** Brief F. J. Dippenaar.

Antwoord sal lees: „Kragtens opdrag van die Kerkraad is ondersoek ingestel en afgehandel en is besluit om nie aan Kerkraad te rapporteer nie." Goedgekeur.

---

BYLAE 17.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

**Leraar:**
Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 6534.

**Saakgelastigde:**
Mev. M. J. Cronje,
Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 7939.

23 Maart 1967.

Mnr. F. J. Dippenaar,
Posbus 167,
POTCHEFSTROOM.

Geagte mnr. Dippenaar,

Met verwysing na u skrywe van 19.12.1966 en 17.3.1967 wens ek u soos volg (in opdrag van die Kerkraad) te rapporteer:

„Kragtens opdrag van die Kerkraad is ondersoek ingestel en afgehandel en is besluit om nie aan die Kerkraad te rapporteer nie."

Die uwe,
(Get.) M. J. CRONJE.
SAAKGELASTIGDE.

BYLAE 19.

**Notule van Ringsvergadering:** bl. 3.

**LAAT INGEKOME STUKKE:**

(i) Twee briewe van br. F. J. Dippenaar i.s. die optrede van die kerkraad van Potchefstroom-Suid i.s. finansiële aangeleenthede, en die weiering van die kerkraad om aan hom verlof te verleen om sy kind in 'n ander gemeente te laat doop, word gelees en daarna na 'n komitee, bestaande uit (JFB AOdB) di. Viljoen en Jordaan verwys om die vergadering te bedien met 'n beredeneerde voorstel.

---

BYLAE 20.

VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE I.S. AANSOEK VAN BR. DIPPENAAR.

I.v.m. die skrywe van br. Dippenaar oor die optrede van 'n kommissie van Potch.-Suid se kerkraad, oordeel u kommissie dat die Ring kragtens Art. 31 van die Kerkorde die reg van opsig het oor die gemeentes binne sy ressort en dat daardie opsig ook die toegang insluit tot enige saak of rapport, konfidensieel of andersins, van daardie gemeentes, 'n Kerkraad wat die Ring hierdie reg ontsê, onttrek hom aan die kerkverband.

Ná bestudering van die korrespondensie, bevind u Kom.:

1. Dat br. Dippenaar in die kommissie-vergadering van sekere sake beskuldig is.
2. Dat die Br. die reg het om te weet wat die bevinding van die kommissie was, aangesien hy beskuldig gestaan het.
3. Dat die Br. die hulp van die Ring vra om die kommissie te verplig om 'n uitspraak i.v.m. die saak te gee en aan die kerkraad te rapporteer.

U Kommissie beveel aan:

Die Ring beskou dit as 'n billike versoek van die Br. dat daar rakende die betrokke saak 'n bevinding oor br. Dippenaar gedoen moet word en dat dit so spoedig moontlik aan hom bekend gemaak sal word. Die Ring besluit dat die kerkraad van Potchefstroom-Suid na luid van hierdie besluit moet handel.

(Get.) P. J. JORDAAN.

---

BYLAE 21.

**Notule van die Ringsvergadering:**

29. Verslag van die tydelike kommissie i.s. die briewe van **br. F. Dippenaar:**

(a) Brief ged. 23/9/67 i.s. versoek dat die Ring toesien dat die kommissie van die kerkraad van Suid, voor wie betrokkene beskuldig sou wees, terug rapporteer aan die kerkraad t.o.v. sy bevinding en dat skrywer daarvan verwittig word;

Die aanbeveling van die kommissie word besluit van die Ring:

„Die Ring beskou dit as 'n billike versoek van die Broer dat daar rakende die betrokke saak 'n bevinding oor br. Dippenaar gedoen moet word en dat dit so spoedig moontlik aan hom bekend gemaak sal word." Die Ring besluit dat die kerkraad van Potchefstroom-Suid na luid van hierdie besluit moet handel."

BYLAE 22.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
RING VAN POTCHEFSTROOM

Hoffmanstraat 84,
POTCHEFSTROOM,
29/9/67.

Die Voorsitter en Kerkraad,
N.G. Gemeente Potchefstroom-Suid,
Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Heer en Broeders,

Op sy pas afgelope sitting het die Ring van Potchefstroom twee briewe van br. F. J. Dippenaar uit u gemeente in behandeling geneem. Ek het opdrag van die Ring om die besluite van die Ring in die verband aan u oor te dra:

i) I.S. die versoek van die broeder dat die Ring toesien dat die kerkraadskommissie voor wie hy van sekere ongerymdhede beskuldig sou gewees het, aan die kerkraad terug rapporteer en dat hy dan van die bevinding verwittig word:

Die besluit lui as volg: „Die Ring beskou dit as 'n billike versoek van die Broer dat daar rakende die betrokke saak 'n bevinding oor br. Dippenaar gedoen moet word en dat dit so spoedig moontlik aan hom bekend gemaak sal word. Die Ring besluit dat die kerkraad van Potchefstroom-Suid na luid van hierdie besluit moet handel."

(ii) I.s. Aansoek van br. Dippenaar om sy kindjie in Potchefstroom-Noord te laat doop:

„Aangesien die Ring nie oor volledige informasie beskik nie, en daar blykbaar meer op die spel is as wat uit die kennisgewing van die Kerkraad aan br. Dippenaar blyk, word die aansoek van die Broer terugverwys na die Kerkraad vir verdere afhandeling, met dien verstande dat die Kerkraad so spoedig moontlik aan die Ringskommissie sal rapporteer."

Ons vertrou dat u beide hierdie sake spoedig, in die gesindheid van Christus, en na die beste belange van die broeder, u gemeente en die Koninkryk van God sal oplos.

Heilbiddend, die uwe,
(Get.) J. F. BOTHA.
RINGSCRIBA.

BYLAE 23.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL
GEMEENTE POTCHEFSTROOM-SUID

**Leraar:**
Ds. M. J. P. Olivier,
Kockstraat 123,
POTCHEFSTROOM,
Tel. 1328.

**Saakgelastigde:**
Mev. M. J. Cronje,
Posbus 192,
POTCHEFSTROOM.
Tel. 7939.

4 Oktober 1967.

Die Ringscriba,
Hoffmanstraat 84,
POTCHEFSTROOM.

Waarde Heer,

U skrywe van 29.9.1967 namens die Ring van Potchefstroom in verband met die twee briewe van br. F. J. Dippenaar, het ek ontvang op 3.10.1967 met poskantoordatumstempel van 2.10.67.

Die uwe,
(Get.) M. J. CRONJE.
SAAKGELASTIGDE.

---

BYLAE 18.

Posbus 167,
POTCHEFSTROOM,

23/9/67.

Die Voorsitter,
Eerwaarde Ring POTCHEFSTROOM.

Geagte Broeder,

Dit spyt my dat ek weer u kosbare tyd in beslag moet neem, maar ek voel bitter seergemaak deur sekere bewerings wat voor 'n kommissie van die kerkraad gemaak is. FJD

Daar is 'n rapport ingestuur deur die ouditeure wat die Leraar as konfidensieel beskou het en wat nie voor die kerkraad gedien het nie. Daar is toe 'n kommissie gekies om die saak te ondersoek. Ek is toe kennis gegee om op 31/10/66 voor die kommissie te verskyn wat ek toe gedoen het.

Sekere sake is toe ondersoek en verduidelikings is aanvaar. Toe roep ds. Olivier sy ma in om skere getuies te kom lewer teen my wat ek as lasterlik beskou. Op grond hiervan het ek aan die kerkraad 'n brief geskryf waarin ek gevra het wat die kommissie se bevinding is, waarop die kerkraad aan my 'n brief gerig het om my mee te deel dat die kommissie besluit het om nie aan die kerkraad terug te rapporteer nie en word die saak as afgehandel beskou.

My beskeie mening is dat die kommissie wat uit die kerkraad gekies is, deur die kerkraad, terug moet rapporteer aan die kerkraad. Die bewering van mev. Olivier dat ek veertig Rand van haar sou ontvang het en nie 'n kwitansie daarvoor uitgereik het nie, ook nie inbetaal het by die kerk nie, kon nie voortgespruit het uit die ouditeursverslag nie. Hulle het geen kennis daarvan gedra nie.

Graag wil ek die eerwaarde ring vra om die kommissie te verplig om 'n uitspraak i.v.m. hierdie saak te gee en terug te rapporteer aan die kerkraad.

Die uwe,
(Get.) F. J. DIPPENAAR.

---

## VERWEER NAMENS RING VAN POTCHEFSTROOM

Kantoor van die Scriba van die Ring,
Hofmanstraat 84,
POTCHEFSTROOM.

Aan die Scriba Synodi,
Posbus 203, STANDERTON.
26.4.68.

Geagte Broeder,

**I/s. Appèl Kerkraad Potchefstroom-Suid teen Ringsbevinding**

Verwysende na u brief van 14 deser deel ek u graag mee dat nie een van die Ringskommissielede bewus was van die geleentheid — noodsaaklikheid — om vooraf skriftelik in verweer te bied in verband met die appèl, kerkraad van Potchefstroom-Suid se beslissing geneem te Eerste Vesting op 25/26 September 1967 nie.

Ons voldoen egter aan u versoek deur u 'n afskrif van die brief met die oorspronklike klag te stuur waaruit die agtergrond van die saak duidelik blyk met opnuut die beslissing van die ring. Ek vertrou dit sal voldoende wees.

U broeder in Christus,

J. F. BOTHA,
Scriba van die Ring.

**Byvoeging 1: Afskrif brief Dippenaar**

---

Posbus 167, POTCHEFSTROOM.
23/9/67.

Die Voorsitter van die Ring van Potchefstroom.

Geagte broer,

Dit spyt my dat ek weer u kosbare tyd in beslag moet neem, maar ek voel bitter seergemaak deur sekere bewerings wat voor 'n kommissie van die Kerkraad gemaak is.

Daar is 'n rapport ingestuur wat die leraar as konfidensieel beskou het en wat nie voor die kerkraad gelees is nie.

Daar is toe 'n kommissie gekies om die hele saak te ondersoek, ek is toe kennis gegee om op 31/10/66 voor die kommissie te verskyn wat ek toe gedoen het. Sekere sake is toe ondersoek en verduidelikings is aanvaar. Toe roep ds. Olivier sy ma in om sekere getuienis te kom lewer teen my wat ek as lasterlik beskou. Op grond hiervan het ek aan die kerkraad 'n brief gerig waarin ek gevra het wat die kommissie se bevinding is, waarop die kerkraad 'n brief gerig het om my mee te deel dat die kommissie besluit het om nie aan die kerkraad terug te rapporteer nie, en word die saak as afgehandel beskou.

My beskeie mening is dat die kommissie wat uit die kerkraad gekies is deur die kerkraad terug moet rapporteer aan die kerkraad. Die bewering van mev. Olivier dat ek veertig rand van haar sou ontvang het en nie 'n kwitansie daarvoor uitgereik het nie, ook nie inbetaal het by die kerk nie, kon nie voortgespruit het uit die ouditeursverslag nie; hulle het daar geen kennis van gedra nie.

Graag wil ek die eerwaarde kerkraad vra om die kommissie te verplig om 'n uitspraak in verband met die saak te gee en terug aan die kerkraad te rapporteer.

Die uwe,
F. J. DIPPENAAR.

**Byvoeging 2: Besluit van die ring reeds hierbo aangegee.**